# KORREKTIEWE INSTITUSIONALISERING:

# ‘n PROFIEL VAN DIE

# SUID AFRIKAANSE GEVANGENE.

deur

**ANDRIES PETRUS WEYERS**

Voorgelê luidens die vereistes

vir die graad

**DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE**

in die vak

**PENOLOGIE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID AFRIKA.**

**Promotor: Prof. C.H.CILLIERS.**

**NOVEMBER 2012.**

# DANKBETUIGING.

Vir die afhandeling van ‘n  navorsingstaak soos hierdie gaan die eer en dank eerstens aan die Hemelse Begeleier wat op soveel verrassende wyses Sy betrokkenheid  daarby getoon het,  soos in onskuldige opmerkings wat ander maak tydens doodgewone gesprekke wat meteens ‘n nuwe insig gebring het. Wanneer jy in die middel van die nag wakker word en dit wat jy reeds daelank mee worstel is meteens duidelik soos daglig, dan besef jy Wie dit aan jou duidelik laat word het. Hiervoor al die lof en eer aan ons Hemelse Vader.

Ook is die navorsingspad geen eensame pad nie. Daar is ‘n skare wat in verskillende mate betrokke is daarby, van die stilswyende belangstellende tot die een wat jou te enige tyd sal skakel om net gou te gesels oor iets waaraan hy gedink het.

Heel voor in hierdie ry verdien my promotor, Prof. C.H.Cilliers, spesiale vermelding. Natuurlik vir sy sinvolle leiding en positiewe insette wat hy so gewilliglik gelewer het, maar veral ook vir sy gewilligheid om in te gryp wanneer administratiewe frustrasies dreig om die oorhand te kry. Wanneer mens eers die M.A.-pad en daarna die Doktorale pad saamgeloop het, dan is dit met ‘n vreemde soort van heimwee dat mens besef dat jy die verrykende gesprekke sal mis. Nogtans is daar soveel rykdom om saam te neem op die pad vorentoe. Dis net jammer dat dit onmoontlik is om al 26 letters van die alfabet in die woordjie DANKIE ingepas te kry. Mag u en u huis elke dag die wonderlikste seêninge van die Allerhoogste ondervind.

Indien ek myself sover kan kry om in die toeval te glo, kan ek së dat ek een middag ‘toevallig’  op ‘n gesprek tussen die bekende Opra Winfrey en ‘n Dr. Bruce Perry van die Child Trauma Academy inHouston, Texas ingeskakel het. Hierdie Dr. Perry se navorsingswerk met verwaarloosde kinders het uiteindelik die ruggraat van my navorsing geword. En op sy kenmerkende onbaatsugtige manier het hy my in verbinding gebring met Dr. Joël Dvoskin , ‘n trauma-spesialis van die Staatsuniversiteit van Arizona in Tucson, (Az) . Hieruit het ‘n verdere stroom inligting en verwysings ten opsigte van trauma gevolg. Aan hierdie twee kenners ‘n besondere woord van dank.

Terug  aan die tuisfront wil ek ook my dank oordra aan my familielede wat op verskillende wyses my voortdurend ondersteun het: My dokter-broers, Hennie, Bertie en Fanie wat nie net mediese inligting met my gedeel het nie, maar ook gehelp het om te verseker dat my  interpretasies juis en korrek is. Ook Niekie daar ver in Mpumalanga vir letterlik daaglikse oproepe en belangstelling.

My kinders Dalene (in Amerika), Ansa en Nico en hul gesinne vir hul volgehoue belangstelling en bemoediging , en veral vir die opgewondenheid met die afhandeling hiervan. Dan verdien Salomé vermelding vir haar geduld en die baie eensame dae wanneer ek voor die rekenaar vasgeval het,  Salomé (jnr) en Vida, haar dogters vir die belangstelling en aanmoediging. Dankie ook aan Monique vir die tegniese versorging van die elektroniese kopie van hierdie werk.

Ek mag nie nalaat om die onidentifiseerbare gevangenes te vermeld wat bereid was om  die mees intieme aspekte van hul lewens met my te deel nie. Indien ons

gesprekke net ‘n klein verandering in hul lewens kon bring, sal ek die  Hemelse Vader ewig dankbaar bly.

**Aan God al die eer!**

Opgedra aan Kotie, my maatjie wat my so skielik ontneem is.

Studentenommer: 0242-748-6

Ek verklaar hiermee dat

**KORREKTIEWE INSTITUSIONALISERING: 'n PROFIEL VAN DIE SUID AFRIKAANSE GEVANGENE**

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

.............................. 9.04.2013

(Handtekening) (Datum)

A.P.Weyers

# SAMEVATTING:

Titel van Proefskrif: **KORREKTIEWE INSTITUSIONALISERING:**

**'n PROFIEL VAN DIE SUID AFRIKAANSE GEVANGENE**

Deur: **A.P.Weyers**

Graad**:** **D.Litt et Phil**

Vak: **Penologie**

Promotor: **Prof. C.H.Cilliers**

## OPSOMMING:

Misdaad is so oud soos die mensdom. Dit het begin met diefstal binne die Paradys en moord daarbuite. Verskeie teorieë is deur dekades geformuleer ten einde die misdaadverskynsel te probeer verklaar. Wat egter wag om raakgesien te word, is die feit dat in alle vorme van trauma èèn sentrale faktor aanwesig is: **Beheer** – of eerder: **die gebrek daaraan !**

Verlies van persoonlike beheer lei tot spanning; spanning lei tot desperaatheid; desperaatheid lei tot onverantwoordelikheid. Hiermee is die weg na misdaad gebaan! Dit wil egter nie suggereer dat die verlies aan persoonlike beheer noodwendig tot misdaad lei nie.

Om die oortreder te kan begryp, is dit imperatief dat hy teen sy persoonlike agtergrond begryp sal word. Daar is 'n onmiskenbare verband tussen die trauma van die kinderdae en misdaad. Dit was nie seksuele misbruik wat die oortreder na moord gedryf het nie, net soos aanranding in die kinderdae hom nie na eiendomsmisdaad gedryf het nie.

Dit is voorts belangrik om raak te sien dat hierdie traumas in die kinderdae ‘n negatiewe effek kan hê op die breinontwikkeling van die kind. Indien die effek van hierdie traumas nie betyds geìdentifiseer en aangespreek word deur sinvolle ingrypings nie, kan selfs gevangenisstraf nie die siklus van beheerverlies, frustrasie en uiteindelik misdaad by die jeugdige en volwassene breek nie. Hierin is die sleutel tot die verskynsel van residiwisme opgesluit.

In die bestuur van verandering (rehabilitasie) moet rekening gehou word met die invloed wat gemelde traumas op die breinontwikkeling van die kind kon hê. Dit is sinneloos om deur rehabilitasiepogings van hoogstens een uur per week te poog om die negatiewe geheuebeelde uit die kinderdae, wat geskep is deur ontelbare herhalings van negatiewe prikkels oor jare, te probeer teenwerk. Ook is dit onhaalbaar om met ‘n rasionele aanslag te poog om die emosionele wanbalans by die oortreder reg te stel. Om hierdie rede hou die Neuro-opvolgende Terapeutiese Metode groot belofte in met die oog op bestuur van verandering en uiteindelik die bekamping van residiwisme.

* * * * *

## **Sleutelbegrippe.**

Gevangesetting; Verlies van beheer; Omstandigheidstrauma ; Ontwikkelingstrauma ; Abnormale breinontwikkeling ; Seksuele misbruik ; Globale verwaarlosing ; Mishandeling ; Geheelinstituut ; Misdaadteorieë ; Institusialisering ; Neuro-opvolgende ontwikkeling ; Veg-of-vlug reaksie ; Dissosiatiewe reaksie ; Reaksiewisseling.

Student number: 0242-748-6

I declare that

**CORRECTIONAL INSTITUTIONALISATION: A PROFILE OF THE SOUTH AFRICAN PRISONER**

is my own work and that all the sources that I have used or quoted have been indicated and acknowledged by means of complete references.

..................................... 9.04.2003

(Signature) (Date)

A.P.Weyers

## ABSTRACT:

Title of thesis: **"CORRECTIONAL INSTITUTIONALISATION:**

**A PROFILE OF THE SOUTH AFRICAN PRISONER."**

By: **A.P.Weyers.**

Degree: **D.Litt et Phil.**

Subject: **Penology.**

Promotor: **Prof. C.H.Cilliers.**

## SUMMARY:

Crime is as old as mankind. It started with an incident of theft inside Paradise and a murder outside. In order to understand the phenomenon of crime several theories were formulated over time. One fact should be recognized: All forms of trauma can be reduced to a single common factor: **Control** – or better said: **a lack of control.** A lack of personal control causes tension; tension leads to desperation; desperation leads to irresponsibility. Then the door to crime is unlocked. Fortunately all irresponsibilities doesn't lead to crime.

In order to understand the offender it is imperative to understand his background. The relationship between childhood trauma and crime cannot be denied. It is a fact that childhood traumas can lead to abnormal brain development in early childhood. For this reason special attention is paid to the processes involved in brain development, both in

normal children and in maltreated ones. If not identified and intervened in time, it can lead to a situation where the cycle of frustration and desperation, and eventually crime, cannot be interrupted - not even by prisonization.

Management of change (rehabilitation) must reckon with the influence of said traumas on the brain development of children. Efforts to rehabilitate the offender becomes senseless if applied for an hour once a week. Such efforts cannot repair the damage done by negative influences repeated thousands of times over many years. In the same vein it is fruitless to aim therapeutic interventions on the reason of man hoping to repair the emotional damage of his childhood. For this reason the Neurosequential Method of Therapeutics holds promise in the quest for the rehabilitation of the offender and in the fight against crime.

* * * * *

**Key Terms:**

Prisonization ; Loss of control ; Situational Trauma ; Developmental trauma : Abnormal Brain Development ; Sexual Abuse ; Global Neglect : Maltreatment ; Total Institute ; Crime Theories ; Prisonization ; Neurosequential Development ; Fight-or-flight reaction ; Dissociative reaction.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK EEN:

## TERREINVERKENNING


1.1. Inleiding 1
1.2. Keuse van die onderwerp 2
1.2.1. Die oortuigings van die navorser 2
1.2.2. Beskikbaarheid van gegewens 3
1.2.3. Noodsaaklikheid van die studie 4
1.3. Leidende vrae in die navorsing 7
1.4. Doelstellings van die navorsing 10
1.5. Afbakening van die studieterrein 13
1.6. Rasionaal vir die navorsing 14
1.7. Geldigheid en betroubaarheid 16
1.8. Ontwerp van die navorsing 17
1.9. Loodsstudie en monsterneming 19
1.10. Die hipotese 20
1.11. Metodologie 21
1.12. Literatuurstudie 21
1.13. Definiëring van terme 23
1.14. Beperkings van die navorsing 26
1.15. Struktuur van die proefskrif 27
Bronnelys 31


* * * *

## HOOFSTUK TWEE:

## DIE ONTWIKKELING VAN GEVANGENISSE


2.1. Inleiding 36

2.2. Gevangesetting as straftoemeting 37

2.2.1. Straf vanuit Skriftuurlike perspektief 40

2.2.2. Die Middeleeue en daarna 43

2.2.3. Die Amerikaanse toneel 46

- Die Wall Street gevangenis 47
- Die Auburn stelsel 49
- Die Pennsylvania stelsel 50

2.2.4. Die negentiende eeu 52

2.2.5. Komtemporêre ontwikkeling 55

2.2.5.1. Die mediese model 56

2.2.5.2. Die aanpassingsmodel 57

2.2.5.3. Die herintegrasiemodel 58

2.2.5.4. Die geregtigheidsmodel 59

2.2.5.5. Die neo-utilistiese model 60

2.3. Die ontwikkeling van die perpektief van eenheidsbestuur 64

- Argitektuur 68
- Direkte toesig 69
- Gevallebestuur 69
- Gedesentraliseerde programbestuur 70

• Menseregte en menswaardigheid 70

2.4. Omskrywing van gevallebestuur 71

2.5. Ontwikkeling van gevallebestuur in gevangenisse 73

2.6. Doel en doelstellings van gevallebestuur 76

2.7. Gevolgtrekkings 82

Bronnelys 83

**HOOFSTUK DRIE**

**MISDAADTEORIEë.**

3.1. Inleiding 90

3.2. Misdaadteorieë 91

3.2.1. Differensiële assosiasie-teorie 91

3.2.2. Redelike keuse-teorie 99

3.2.3. Maatskaplike disorganisasie-teorie 101

3.2.4. Maatskaplike beheerteorie 104

3.2.5. Subkultuurteorie 106

3.2.6. Spanningsteorie 108

3.2.7. Maatskaplike leerteorie 112

3.2.8. Etiket-teorie 115

3.2.9. Teorie van psigo-seksuele fiksasie 117

3.2.10. Teorie van demoniese besetting 122

3.3.Samevatting 125

Bronnelys 126

## HOOFSTUK VIER

## DIE PROBLEME EN TRAUMA

## VERBONDE AAN GEVANGENISSTRAF


4.1.Inleiding 129

4.2. Agtergrond 130

4.3. Die probleem van gevangesetting. 134

4.3.1. Historiese beskouings 134

- Ervi ng Goffman 134
- D. Clemmer 136
- Craig Haney 137

4.3.2. Die gevangenis as instituut 143

4.3.3. Die gevangenis as organisme 146

4.3.4. Institusialisering 152

4.4. Die trauma van gevangesetting 154

4.4.1. Wat is trauma? 154

- Omstandigheidstrauma 155
- Ontwikkelingstrauma 155

4.4.2. Die simptome van trauma 156

- Fisiologiese behoeftes 158
- Veiligheidebehoeftes 159
- Liefdes- en behorensbehoeftes 159
- Behoefte aan agting en erkenning 160
- Selfverwesenliking 160

4.4.3. Voorwaardes vir basiese behoeftebevrediging 162

4.4.4. Graad van fiksasie van behoeftes 163

4.5. Ontbering van behoeftes by gevangenes 163

4.5.1. Omstandigheidstrauma by die gevangene 165

- Universele strewe van totalistiese instellings 167
- Metodiek van breinspoeling 171
- Breinspoeling in die gevangenis 176

4.5.2. Ontwikkelingstrauma by die gevangene 180

- Fase 1: Skok en ontkenning 184
- Fase 2: Woede 185
- Fase 3: Depressie 186
- Fase 4: Onderhandeling 187
- Fase 5: Aanvaarding 188

4.5.3. Reaksie op trauma in die gevangenis 188

4.6. Samevatting 193

Bronnelys 194

* * * *

**HOOFSTUK VYF**

**ONTWIKKELING VAN DIE MENSLIKE BREIN**

5.1. Inleiding 199

5.2. Agtergrond 200

5.3. Die struktuur van die brein 201

5.3.1. Makrostruktuur 201

- Die breinstam 206
- Die diënsefalon 208
- Die limbiese sisteem 208
- Die neokorteks 209

5.3.2. Mikrostruktuur 210

5.3.3. Die proses van neuro-ontwikkeling 212

- Neurogenese 212
- Migrasie 213
- Differensiasie 213
- Apoptose 214
- Vertakking 214
- Sinaptogenese 214
- Sinaptiese vorming 215
- Miëlienbedekking 215

5.4. Funksies van die brein 220

5.4.1. Waarneming 220

5.4.2. Prosessering 222

5.4.3. Berging 222

5.4.4. Handeling 223

5.5. Biologiese relatiwiteit 224

5.5.1. ‘In utero’ breinontwikkeling 225

5.5.2. Breinontwikkeling in die vroeë kinderjare 226

5.6. Samevatting 230

Bronnelys 232

* * * *

## HOOFSTUK SES

## ABNORMALE BREINONTWIKKELING BY DIE KIND

6.1. Inleiding 234

6.2. Die brein en liggaamsontwikkeling 235

6.3. Breinontwikkeling by die getraumatiseerde kind 238

6.4. Breinontwikkeling by die verwaarloosde kind 246

6.5. Breinontwikkeling by die bedreigde kind 253

6.6. Breinontwikkeling by die mishandelde kind 256

6.7. Breinontwikkeling by die seksueel-misbruikte kind 263

6.7.1. Nie-kontak misdrywe 263

6.7.2. Kontak misdrywe 264

6.8. Samevatting 267

Bronnelys 268

## HOOFSTUK SEWE

## AGTERGRONDSTUDIE VAN OORTREDERS

7.1. Inleiding 273

7.2. Agtergrond 274

7.2.1. Hegting 274

7.2.2.Selfregulering 275

7.2.3. Affiliëring 276

7.2.4. Bewustheid 277

7.2.5. Verdraagsaamheid 278

7.2.6. Respek 279

7.3. Gevallestudies: Suid Afrikaanse misdaad 281

7.3.1. Studies deur persoonlike onderhoude 283

- Gevangene A 283
- Gevangene B 287
- Gevangene C 289
- Gevangene D 293

7.3.2. Studies uit ander bronne 297

- Geval A: Stewart (Boetie Boer) Wilken 297
- Geval B: Frans du Toit en Theunis Kruger 302
- Geval C: Moses Sithole 306
- Geval D: Charmaine Phillips 309
- Geval E: Jannie Brandt 313
- Geval F: André (Baby) Venter se bende 319
- Geval G: Angelique en Lawrence 326
- Geval H: Theuns Christiaan Olivier 331
- Cézanne (Advokaat Barbie) Visser 334

7.4. Samevatting 342

Bronnelys 345

*    *    *    *

## HOOFSTUK AGT

## RESIDIWISME EN BESTUUR VAN VERANDERING (REHABILITASIE)

8.1. Inleiding 347
8.2. Wat is residiwisme? 348
8.3. Wat is bestuur van verandering? 353
8.4. Herstellende geregtigheid 354
8.4.1. Agtergrond van herstellende geregtigheid 355
8.4.2. Toepassing van herstellende geregtigheid 356
8.4.3. Kommentaar 359
8.5. Terapeutiese ingryping 365
8.5.1. Historiese evaluering 365
8.5.2. Funksionele evaluering 367
8.5.3. Beplanning 367
8.6. Samevatting 369
Bronnelys 372

## HOOFSTUK NEGE

## SAMEVATTING EN AANBEVELINGS


9.1. Inleiding 375

9.2. Samevatting 375

9.2.1. Waar IS die gevangene? 376

9.2.2. Waar WAS die gevangene? 378

9.2.3.Waarheen MET die gevangene 386

Bronnelys 397


* * * *

## BYLAES


**Bylae Een**: Mediese terminologie 398

**Bylae Twee**: Kortikale moduleringsverhoudings 404

**Bylae Drie**: Hiperskakels en Sakeregister 408


## DIAGRAMME


**Diagram 1**: Voorbeeld: Struktuuranalise 18

**Diagram 2**. Uitleg van die studie 18

**Diagram 3**: Vergelyking Maslow/ Sykes 133

**Diagram 4**: Traumatiese reaksie 154

**Diagram 5**: Maslow se behoefte-hiërargie 157

**Diagram 6**: Omstandigheidstrauma 165

**Diagram 7**: Ontwikkelingstrauma 180

**Diagram 8:** Die uitgebreide smartsikus 182

**Diagram 9**: Drieledige breinverdeling 202

**Diagram 10:** Piramiede van breinontwikkeling 204

**Diagram 11:** Kompleksiteit/plastisiteit van brein 205

**Diagram 12**: Kompleksiteit van breinfunksie 206

**Diagram 13**: Vergelyking brein-en liggaams-
ontwikkeling 236

**Diagram 14**: Hormonale reaksies 240

**Diagram 15:** Reaksiepatrone 244

**Diagram 16:** Lokalisering van geheuevorms 248

## TABELLE

**Tabel 1**: Teoretiese modelle 62

**Tabel 2:** Simptome van trauma 156

**Tabel 3:** Die drieledige breinmodel 201

## FIGURE

**Figuur 1**:  Die  Panopticon 54

**Figuur 2**:  Die Millbank gevangenis 54

**Figuur 3**: Legkaart  van eenheidsbestuur 68

**Figuur 4:** Inisiatiewe van gevallebestuur 81

**SKETSE**

**Skets 1**: Sisteme van die brein 203

**Skets 2**: Die refleksboog 207

**Skets 3:** Die neuron 211

**Skets 4:** Aksiepotensiale 218

**Skets 5:** Sinaptiese oordrag 219

**FOTO**

**Foto 1:**  Breinskandering 253

* * * *

# HOOFSTUK EEN.

# TERREINVERKENNING.

## 1.1. Inleiding.

Die kern van hierdie studie is opgesluit in een eenvoudige woord: **Beheer.** Beheer is sekerlik die mees universele strewe van die ganse mensdom – van die jongste persoon tot by figure soos Adolf Hitler wat, as leier van die Nazi-party so behep was met die idee van beheer dat hy in sy outobiografie “Mein Kampf” kon verklaar dat die Ariese ras die plig het om die wêreld te beheer. (Adolf Hitler: Autobiography)

Haas elke vorm van trauma kan geïdentifiseer word onder die gemeenskaplike deler van beheer, die verlies daarvan of gebrek daaraan. Dit het Perry reeds by die getraumatiseerde kind gevind wat neig om in ‘n psigologiese en selfs fisiese ‘vries-en-oorgee’- reaksie te gaan omrede hy ervaar dat hy beheer oor sy omstandighede verloor het. (Perry, BD. 1993. 30)

Om beheer te verloor lei altyd tot spanning. Hierdie spanning kan lei tot desperaatheid. Desperaatheid kan lei tot onverantwoordelike optrede, afhangend van die agtergrond van die dader en die omstandigheid waaroor beheer verloor is. Hierdie verskeidenheid van moontlike reaksies op trauma en die gepaardgaande verlies van persoonlike beheer word deur Paul Valent getipeer as ‘oorlewingsstrategieë” waar onderskei kan word tussen ‘suksesvolle’ (bv. verantwoordelik/altruïstiese) en ‘onsuksesvolle’ (bv. onsuksesvolle/egoïstiese) reaksies. (Valent . 1998: 115-123).

In die geval van die gevangene is dìt faktore wat dikwels uit oog verloor word. Juis daarom wil hierdie studie die gevangene in alle aspekte van sy menswees, hetsy

fisies, emosioneel of andersins, besien vanuit die oogpunt van sy beheer oor sy omstandighede en dit in penologiese perspektief plaas.

## 1.2. Keuse van die onderwerp:

In die keuse van die onderwerp vir hierdie studie het drie faktore 'n bepalende rol gespeel:

- Die oortuigings van die navorser.
- Die beskikbaarheid van relevante gegewens.
- Die noodsaaklikheid van die ondersoek.

### 1.2.1. Die oortuigings van die navorser:

Die navorser was jarelank as leraar en pastor in die N.G.Kerk ook betrokke by gevangenes, eers as kapelaan in die Mafekingse Gevangenis en jare later as beroeps-opleier in diens van die Group 4 Maksimum Sekuriteit Gevangenis te Bloemfontein. Tydens hierdie blootstelling het die navorser weereens tot die besef gekom dat die mens inherent goed geskape is. Maar net soos die eerste mensepaar het ook die gevangene die pad byster geraak, hoofsaaklik as gevolg van invloede van buite homself. Hierby moet egter rekening gehou word met sekere interne menslike eienskappe. Daarom stel die Skrif in Jak. 1:14 en 15 die verval van die mens voor na analogie van die proses van bevrugting en geboorte: "Maar elkeen word versoek as hy

deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word . Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.”

Maar net soos die duisternis nie in staat is om die kleinste liggie uit te doof nie, net so kan geen omstandighede die mens inherent sleg maak nie, mits hy net weer die beheer oor sy lewe kan herwin. So was die navorser getuie daarvan dat geharde misdadigers – byvoorbeeld moordenaars – met trane in die oë staan en kyk na die twee klein kwikstertjies in hul nessie in die groentetuin van die Mangaung Korrektiewe Sentrum te Bloemfontein tydens opleiding gedurende 1995 .

Dit het die vraag na vore gebring: Wat het hierdie ‘sagte’ wesens laat verhard tot gevoellose moordenaars?  En hoe kon twee klein voëltjies onbewustelik trane in die oë van sulke mense bring? Die antwoord moet iewers gesoek word – waar anders as in hul verlede!

### 1.2.2. <u>Beskikbaarheid van relevante gegewens.</u>

Die beskikbaarheid van relevante gegewens het dikwels tot groot frustrasie gelei. Wanneer ‘n navorser soek na persoonlike inligting rondom misdadigers is die eerste plek waar hy sal aandoen sekerlik die hoflêers. Hier was die eerste teleurstelling. Na weke se bestudering van die lêers van die Hooggeregshof in Bloemfontein kon geen bruikbare  inligting rondom die omstandighede van die kinderdae van enige beskuldigde gevind word nie. Uit navrae hieromtrent  het dit geblyk dat tydens die verhoor van beskuldigdes faktore soos hierdie nie as relevant tot die ondersoek beskou word nie.

Dit moet egter aangemerk word as ‘n ernstige leemte in die bestaande stelsel aangesien hierdie inligting uiters relevant is tot die verstaan van die motiewe agter die oortreding.

Voorts was dit die ideaal van die navorser om ‘n aantal gestruktureerde onderhoude met ‘n groep langtermyn-gevangenes te kon voer, afgesien van die onderhoude wat hy reeds vroeër tydens sy dienstermyn gevoer het. Hiervoor is gedurende 2011skriftelik aansoek om toestemming gedoen by die kantoor van die Provinsiale bestuurder van die Departement van Korrektiewe Dienste in die Vrystaat streek, waarop geen antwoord verkry is nie. Dieselfde aansoek om toestemming is gedurende 2011 uit desperaatheid tweemaal gedoen by die hoof van Navorsing vanDepartement van Korrektiewe Dienste se kantoor te Pretoria. Ook hierop is nooit enige antwoord ontvang nie.

Die navorser het selfs by die Psigologiese afdeling van die Suid Afrikaanse Polisiediens aangeklop om inligting – sonder sukses. Uiteindelik is bronne soos deur bekende misdaadskrywers, Internet inligting en selfs populêre bronne soos tydskrifte en koerantverslae geraadpleeg. Hieruit het inligting na vore gekom wat duidelike lyne van ooreenstemming tussen die agtergrond en traumatiese ervarings uit die kinderdae van gevangenes getoon het.

### 1.2.3. <u>Noodsaaklikheid van die studie.</u>

Vir die wederregtelike gedrag van mense is geen eenvoudige verklaring moontlik nie. Geen enkele faktor, of selfs groep van faktore, kan as verklaring uitgesonder word nie. Feit is egter dat die slag van die regter se hamer op veel meer dui as dat die vonnis uitgespreek is. Dit dui ook aan dat nog ‘n menselewe misluk het! Waarom? “Kriminoloë erken dat misdadige gedrag die uitvloeisel is van ‘n komplekse veroorsakingsproses wat uit ‘n wisselwerking tussen die indiwidueel-menslike en omgewingsfaktore bestaan.” (Venter, 1972: 38.)

In sy professorale intreerede het Prof. G.Cronjé van die Universiteit van Pretoria dit gestel dat “alles wat in die samelewing plaasvind, elke verandering en ontwikkeling, deur konstante faktore reëlmatig teweeggebring word en dat daar in die gemeenskaps- en sosiale prosesse ‘n bestendige veroorsaking bestaan.” (Cronjé, 1937: 17) In hierdie proses onderskei hy drie komplekse van veroorsakende faktore, t.w. indiwidueel-menslike faktore, maatskaplike omgewingsfaktore en natuur-omgewingsfaktore. Vanuit ‘n sameloop van hierdie faktore word die misdaadverskynsel dan besien.

Belangstelling in die misdaadverskynsel is egter nie beperk tot ondersoeke na die kousaliteit van die verskynsel nie. Remediërende alternatiewe is bestudeer en ontleed. Dit sluit in studies soos dié rondom die verskynsel van residiwisme wat wêreldwyd gedoen is. In die jongste tyd het die konsep van Herstellende Geregtigheid sterk op die voorgrond getree. Hier kom name soos D. Van Nessen en M. Liebmann van die Verenigde Koninkryk, M.S. Umbreicht van New York en plaaslike navorsers soos A. Skelton en M. Batley na vore. (Plaatjies, . 2008: 326 vv.)

Ook die Departement van Korrektiewe Dienste het tot hierdie veld toegetree met die finale Witskrif op Korrektiewe Dienste van 2005 deur in Artikel 17 te verklaar dat die

Departement  oortuig is dat Bestuur van verandering (rehabilitasie) en die voorkoming van residiwisme ten beste bereik kan word deur regstelling en ontwikkeling in plaas van straf en behandeling. Die Witskrif verklaar dat die Departement sy benadering baseer op die oortuiging dat elke mens daartoe in staat is om te verander en te transformeer indien die geleentheid en die middele daartoe hom aangebied word.  (Witskrif, 2005: p9)

Dis egter teleurstellend dat die voormalige  Minister van Korrektiewe Dienste, Nosiviwe Mapisa-Nqakula, voor die Sewende Nasionale Kongres van POPCRU moes erken  dat die Departement se organisasie, fasiliteite, personeel en prosesse grootliks ongeskik is om die ideale van die Witskrif te verwesenlik. Volgens haar sal die nuwe beleid binne ses jaar nie veel bereik indien dit uitgevoer moet word deur ‘n sisteem wat nie daarvoor ontwerp is nie.  (Sabinet: 30/06/2011)

Met doelgerigte beplanning kan organisatoriese wysigings egter op ‘n koste-effektiewe wyse aangebring word, personeel kan opgelei word in die implementering van ‘n nuwe stelsel, selfs binne die raamwerk van bestaande fasiliteite.

Die navorser ag hierdie studie noodsaaklik en ook wenslik ten einde meer lig te werp op die rol van die ouerhuis in die vorming van die jong kind tot ‘n verantwoordelike volwassene. Hiermee kan ‘n bydrae gelewer word tot die ontwikkeling van die prosesse nodig vir die bestuur van verandering (rehabilitasie) van gevangenes soos deur die finale Witskrif  op Korrektiewe Dienste van 2005 in Hoofstuk 9 in die vooruitsig gestel. Hierdie besef is versterk deur die bestudering van die werk wat onder ontwrigte kinders gedoen word deur die Child Trauma Academy van Dr. Bruce Perry van Houston,

Texas. Hieruit het die navorser tot die besef gekom hoeveel kinders uit swak ouerhuise nooit die vlak van eie beheer oor hul eie lewens bereik nie, en derhalwe aan afwykende gedrag blootgestel word.

**1.3. <u>Leidende vrae in die Navorsing</u>:**

Volgens de Vos en Fouche (1998: 115-116) is navorsing gebaseer op sekere vrae wat roep om beantwoording,. Terselfdertyd is sulke vrae daarop gemik om antwoorde te vind op geïdentifiseerde leemtes in die navorsingsveld.” (Plaatjies, 2008: 7) Mouton maak hier ‘n onderskeid tussen empiriese en nie-empiriese vrae en verklaar dat navorsingsvrae meermale geformuleer word as ‘n manier om op die navorsingsprobleem te fokus. (Mouton, . 2011: 53.)

Om empiriese vrae te beantwoord moet òf nuwe data ingewin word, òf bestaande data ontleed word. Hierin onderskei Mouton dan ‘ondersoekende’ vrae (Wat is die geval?), ‘beskrywende’ vrae ( Hoeveel?), ‘kousale’ vrae (Waarom?), ‘evaluerende’ vrae (Wat was die uitkoms van x?) ‘voorspellende’ vrae (Wat sal die effek wees van x op y?) en ‘historiese’ vrae (Wat het daartoe aanleiding gegee?). (Mouton, 2011: 53 - 54).

Hierteenoor omvat nie-empiriese vrae die volgende: ‘meta-analitiese’ vrae (Wat is die huidige toedrag van sake?), ‘konseptuele’ vrae (Wat is die betekenis

van hierdie begrip?), ‘teoretiese‘ vrae (Wat is die mees oortuigende beskouing oor die saak?) en ‘normatiewe’ vrae (Het diere ook sekere regte?). (Mouton, 2011: 54 – 55.)

Die volgende vrae bepaal die rigting van hierdie navorsing:

- Historiese Vrae:

Waarom is dit dat sommige kinders reeds van kleins-af neigings tot sosiaal-afwykende gedrag vertoon? Is dit omrede daar in die vroeë kinderdae iets verkeerd geloop het – iets wat die normale ontwikkelingsgang van die kind versteur het? Dit is hierdie vrae wat gelei het tot ‘n belangstelling in die huislike agtergrond van die gevangenes in die verskillende gevallestudies.

- Meta-analitiese vrae:

Is daar ‘normale’ en ‘abnormale’ patrone aanduibaar in die vroeë menslike ontwikkeling? Indien dit wel moontlik is, kan dit lei tot die vroeë identifisering van moontlike gevaartekens by sommige kinders?

In ‘n telefoniese gesprek met Prof. D.A.P. Louw van die Vrystaatse Universiteit gedurende 2011 het die navorser gevind dat daar sielkundiges is wat die oortuiging huldig dat daar geen verband aan te toon is tussen traumas van die vroeë kinderjare

en misdadigheid nie.  As bewys hiervan word dan aangevoer dat sodanige ‘verband’ nie kan verklaar waarom by twee kinders wat onder soortgelyke omstandighede grootword, die èèn sal neig tot misdadigheid en die ander nie.

Wat egter uit die oog verloor word, is dat misdadigheid nie die enigste vorm van afwykende gedrag teen sodanige agtergrond is nie. Perry meld dat traumatiese ervarings gedurende die kinderdae kan lei tot ‘n verhoogde risiko van sosiale probleme soos tiener swangerskappe, adolessente dwelmmisbruik, viktimisering en anti-sosiale gedrag. (Perry,  1999: 1)

Waarom is dit dat by twee kinders uit dieselfde huislike agtergrond die een neig tot seksueel-afwykende gedrag en die ander nie? Waarom word die een kind ‘n straatboef en sy broer ‘n predikant? Waarom neig die een kind tot kleptomanie en die ander nie? Indien hierdie “geen effek’-argument enigsins geldig is, moet daar gekonkludeer word dat ontwrigting in die kinderdae geen nagevolge vir volwassenheid inhou nie. Hierteenoor verklaar die Skrif in Spreuke 22:6:  “Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie.”

Daar moet egter rekening gehou word met die feit dat geen twee kinders, al is hulle deel van dieselfde huishouding, eenders beïnvloed sal word deur dieselfde huishoudelike trauma nie. Daarom kon Wolman verklaar: “In brief, the damage caused by shelling depends not only upon the gunfire, but also on the strength of the walls or protective armor” (Wolman (ed).1965: 1136)

- Voorspellende vrae:

Hoe belangrik is dit om in rehabiliteringswerk rekening te hou met die feit dat die moordenaar self as kind die slagoffer van geweld was? Of het die kind in sy ervaring van gesinsgeweld dalk geleer dat dit die aanvaarde manier is waarop volwassenes hul sin kry ?

Is dìt nie miskien die ontbrekende sleutel wat lei tot die mislukking van soveel goed-bedoelde pogings tot bestuur van verandering (rehabilitasie) nie?

Die soeke na bevredigende antwoorde op hierdie vrae het gelei tot 'n bestudering van die werk wat onder kinders met afwykende gedrag deur die Child Trauma Academy van Dr. Bruce D. Perry van Texas gedoen word. Hieruit het die besef gespruit dat die moontlikheid om gevestigde gedragspatrone te wysig deur middel van kortikale modulering beslis aandag verdien.

## 1.4. <u>Doelstellings van die Navorsing</u>:

Die hoofdoelstelling van hierdie navorsing is om ‘n profiel daar te stel van die deursnee gevangene – ‘n studie wat poog om die gevangene in sy totale menswees te verstaan. Om egter te fokus op die essensiële aspekte van sodanige profielstudie word die volgende spesifieke doelstellings nagestreef:

- Die navorsing beoog om vas te stel hoedanig die omstandighede is waaronder

die gevangene hom op die huidige tydstip in die gevangenis bevind. Aan watter invloede en traumas wat met gevangesetting gepaardgaan is hy daagliks blootgestel? En tot watter mate word hy deur hierdie invloede die beheer oor sy eie lewe ontneem?

- Voorts is dit die strewe om vas te stel wat daartoe aanleiding gegee het dat die oortreder in misdadige gedrag verval het. Wat was die omstandighede waaronder die oortreder grootgeword het? Kan die oorsaak van die wangedrag daar gevind word? Aan die hand van die geval van ‘n verwaarloosde agttienjarige seun wat twee jong meisies verkrag en vermoor het, wys Perry daarop dat geringe ontwrigtings in die vroeë kinderjare verskriklike gevolge in die latere lewe kan hê. Hy tipeer die verskynsel (na aanleiding van ‘n weerkundige uitdrukking) as ‘n “butterfly effect” en omskryf dit: “..as the example goes – if a butterfly flutters its wings at the wrong instant in Brazil, it can trigger a series of events that may ultimately result in a tornado that devastates a small town in Texas.” (Perry ea. 2006: 16). Dieselfde gedagte word uitgedruk deur N.P.van Wyk Louw in sy bekende gedig “Die Beiteltjie” waar hy dit wil tuisbring dat ‘n oënskynlik-geringe daad kataklismiese gevolge kan hê:

“en op ‘n dag sien ek die nag
daar anderkant gaan oop
met ‘n bars wat van my beitel af
dwarsdeur die sterre loop.”

(Van Wyk Louw, 1990: 172).

Dit is ‘n ongelukkige feit dat die impak van traumatiese ervarings by jong kinders

meermale afgemaak word as van verbygaande aard – en dit terwyl die jong kind juis op die kwesbaarste stadium van sy lewe is. (Perry ea. 1995a: 1)

- In diens van die korrektiewe opset het die navorser die indruk gekry dat daar tussen twee 'soorte' gevangenes onderskei kan word: die **tipiese** gevangene (wat selfs sy misdadigheid binne die gevangenis voortsit) en die **a-tipiese** gevangene (wat op die 'verkeerde tyd op die verkeerde plek' was). Hierdie benamings is bloot geskoei op die lees van die populêre beskouing oor misdadigers. Indien hierdie onderskeiding egter geldig is, is dit nodig om daarvan kennis te neem in die skepping van 'n profiel van die gevangene.

- Voorts wil die navorser probeer verstaan waarom dit wil voorkom asof daar 'n kategorie van gevangenes is wat juis in die gevangenisopset blyk 'tuis' te wees terwyl die gevangeniservaring op sigself traumaties is. Is dit moontlik omrede hul hier (en dan binne die struktuur van die subkulture) ervaar dat hulle in beheer van hul lewens is en erkenning verkry? Kan dit wees dat hulle hier ervaar dat hul 'iets in die lewe bereik het', al is dit 'n rang en aansien binne 'n onwettige organisasie ? Dus iets is wat hulle nog nooit was nie?

- Voortvloeiend hieruit wil die navorser vasstel of oorsaakgerigte bestuur van verandering (rehabilitasie) die moontlikheid inhou om die oortreder na die gemeenskap terug te stuur as 'n volwaardige en verantwoordelike burger en sodoende residiwisme aan bande te lê.

## 1.5. Afbakening van die Studieterrein:

Volgens Silverman (2000: 88) beteken afbakening die redusering van ‘n groep of verskynsel wat bestudeer gaan word tot ‘n meer hanteerbare eenheid. Om die ‘gevangene’ in Suid Afrikaanse gevangenisse bloot te klassifiseer as “wit, swart en bruin” is nie net ‘n oorvereenvoudiging van die situasie nie, maar eerder ‘n miskenning van die kompleksiteit daarvan. Die bevolking in Suid Afrika word verteenwoordig deur elf amptelike landstale. Bring hierby in berekening dat daar verskillende bevolkingsgroepe is wat dieselfde taal gebruik, soos Indiërs, Grieke, Portugese, Jode, ens, wat hulself hoofsaaklik van Engels bedien, en groepe soos die Kleurlinge, Griekwas, ens. wat grotendeels Afrikaans as spreektaal gebruik, en die bevolkingsprentjie raak al meer gekompliseerd.

Hou verder rekening met die feit dat elkeen van hierdie bevolkingsgroepe sy eie kultuuragtergrond en gewoontes het. Voeg daarby dat die gevangene-komponent verder verdeel kan word in ‘manlik’ en ‘vroulik’, en die prentjie raak al donkerder. Om ruimte te probeer skep vir al hierdie onderskeidings in ‘n studie van hierdie aard sou alleen reg laat geskied aan die bekende Engelse uitdrukking: ‘You can’t see the woods for the trees”.

Om hierdie rede het die navorser die speelveld vernou tot die ‘deursnee’ gevangene waaronder indiwidue uit al bogenoemde onderskeidings inbegrepe is sonder verdere kwalifisering. Per slot van rekening beleef elkeen, ongeag ras, kleur, kultuuragtergrond of geslag, gevangesetting en die verlies van vryheid as ‘n traumatiese ervaring.

## 1.6. **<u>Rasionaal vir die Navorsing</u>:**

Statistieke toon dat misdaad oral voorkom, en in baie lande toeneem. In die verslag van die World Prison Population List (9de Uitgawe) berig Roy Walmsley 'n styging in die gevangenis-bevolking in 87% van die 218 lande en landstreke. Gedurende die tydperk vanaf einde 2008 tot die begin Mei 2011 het die volgende stygings voorgekom:

71% in die Afrika-lande.

82% in die Amerikas

80% in Asië

74% in Europa

80% in Oseanië.

Hiervan is die oorvol korrektiewe fasiliteite die logiese uitvloeisel. Ten opsigte van die gevangenisopset in die Verenigde Koninkryk word berig dat 59% van die gevangenisse oorbevolk is, en dit ten spyte daarvan dat twee nuwe gevangenisse opgerig is. (Prisonreformtrust) Hierteenoor is alle staats- en federale gevangenisse in die Verenigde State oorbevolk – in sommige gevalle tot 33%. (Crime.about.com) In Kalifornië is verskeie fasiliteite reeds vir jare tot byna 100% oorbevolk. (Motherjones.com)

In Suid Afrika is die prentjie ietwat rooskleuriger in die sin dat statistieke 'n effense afwaartse kurwe toon: Op 31. 08. 2004 het die die land 'n gevangenisbevolkingssyfer

van 413 per 100,000 van die bevolking getoon (Prison Population: 6de Ed.) Teen 1 April 2012 het die syfer verlangsaam tot 316 per 100,000 (Prison Population: 9de Ed.)

Waar lê die fout? Skort daar iets met die benadering tot misdaad? Skort daar iets met die strafstelsels – hetsy die howe, hetsy die korrektiewe stelsels? Nie noodwendig nie. Om deel te neem aan hierdie uiters belangrike gesprek beoog hierdie studie om ‘n aksentverskuiwing voor te stel: ‘n verskuiwing vanaf die “hoe” en die “wat” van misdaad na die “waarom”.

Elke volwassene is die produk van sy kinderdae. In die woorde van William Wordsworth: “The child is father of the man.” Of anders gestel: “Humanity was created in childhood”. (Perry, Ongedateerd: ) En al is dit ‘n genadige waarheid dat nie alle verontregte kinders kriminele word nie, is daar tog diesulkes wat wel die pad byster raak.

As aanvullende getuienis dien die hoë voorkoms van residiwisme. Dit laat die vraag ontstaan: Is die benadering tot bestuur van verandering werklik ‘oorsaak’-gerig? Om hierin ‘n antwoord voor te stel, benader die navorser die oortreder vanuit ‘n ander oogpunt – nie op grond van sy misdaad nie, maar veel eerder op grond van sy agtergrond wat aanleiding gegee het tot die misdaad. Die navorser het tydens ongestruktureerde onderhoude met maksimum-sekuriteit gevangenes herhaaldelik opgemerk dat dit die seksueel-gemolesteerde kind is wat later as volwassene ander molesteer. Dit is die mishandelde kind wat later ander mishandel en selfs doodmaak. Hierin was die navorsingswerk van Dr. Bruce D. Perry van die Child Trauma Academy van Texas van onskatbare waarde.

## 1.7. Geldigheid en Betroubaarheid:

Hieromtrent verklaar Plaatjies ( 2008: 13): “Validity is established amongst others, when the research report is clear, simple, meaningful, correct and logical” . Geldigheid en betroubaarheid verwys na die akkuraatheid en toepaslikheid van die meetinstrumente waardeur data versamel word. Volgens Mouton verwys die term ‘meetinstrument’ in die geesteswetenskappe onder andere na instrumente soos vraelyste, waarnemingsskedules, skedules vir onderhoudvoering en sielkundige toetse. (Mouton, 2011: 100)

Maar hoe word dit aangewend in die versameling van data? Daar is twee moontlikhede: Eerstens kan van bestaande meetinstrumente gebruik gemaak word. Hier is die vraag of die bedoelde instrumente wel geldig is vir dit wat gemeet behoort te word. Voorts is dit nodig om die betroubaarheid daarvan vas te stel. Is die betrokke instrument nie dalk verouderd nie? ‘n Meetinstrument wat ‘n aantal dekades gelede ontwerp is, was moontlik ontwerp teen bv. ‘n heel verskillende kultuuragtergrond en kan dus nie meer relevante en betroubare resultate lewer nie. Tweedens kan eie meetinstrumente ontwikkel word om aan spesifieke behoeftes te voldoen. Hieruit spruit die geldigheid en betroubaarheid van die inligting vervat in die navorsingsverslag.

In ‘n studie van hierdie aard is geen bestaande meetinstrumente beskikbaar nie as gevolg van die persoonlike aard daarvan. Binne die raamwerk van die korrektiewe opset was dit ook nie moontlik om gevangenes in ‘n spreekkameropset te woord te

staan nie.Daarom moes hoofsaaklik gesteun word op ongestruktureerde onderhoude wat oor ‘n langer tydperk gevoer moes word.. Hierin was die navorser verplig om te steun op ervaring opgedoen as pastor in die hantering van die probleme van lidmate. Die betroubaarheid van die verkreë data is voortdurend getoets deur die stel van parallelle vrae op ‘n latere tydstip. Dit is gedoen om te verseker dat die gevangene nie poog om antwoorde en inligting te verskaf wat hy meen die navorser graag sou wou hoor nie. Daar moes egter ook gewaak word teen die gevaar van suggestie. Deur verkeerde vraagstelling kon die suggestie bv. geplant word dat daar wel gesinsgeweld in die ouerhuis voorgekom het, terwyl dit nooit die geval was nie. Na elke gesprek is die besonderhede daarvan noukeurig opgeteken.

**1.8. <u>Ontwerp van die Navorsing</u>:**

In die beplanningsfase van hierdie studie het die navorser diep onder die indruk gekom van die gekompliseerdheid van die misdaadverskynsel en die daarmee gepaardgaande proses van gevangesetting. Dit het die besef gebring dat ‘unieke omstandighede ‘n unieke benadering vereis!’. Ten einde te ontkom aan die gevaar van ‘n Babelse verwarring van feite en gegewens omtrent die gevangene en sy agtergrond, omstandighede en probleme het die navorser teruggeval op sy teologiese agtergrond, en spesifiek op sy kennis aangaande ‘n unieke benadering tot Bybel-interpretasie bekend as “Struktuur-analise”. Van hierdie ‘strukture’ in die teks van die Bybel word in die Voorwoord van die “Companion Bible” gesê: “They give, not a mere *Analysis* evolved from the Text by human ingenuity, but a *Symmetrical Exhibition* of the Word

itself, which may be discerned by the humblest reader of the Sacred Text...".

(Companion Bible, Ongedateerd: viii.) Ter illustrasie:

**Psalm 117.**

Vs. 1: Loof die Here, alle nasies! Prys Hom, alle volke.

Vs. 2: (*a*) Want Sy goedertierenheid is geweldig oor ons, (*b*) en die trou van die Here is tot in ewigheid. (*c*)Halleluja!

**Struktuur-analise:**

**A**. vs. 1: Lofprysing.

**B**. vs. 2a. Sy goedertierenheid. } → Motivering

**C**. vs. 2b. Sy trou.

**D**. vs. 2c. Lofprysing.

Diagram 1: Voorbeeld: Struktuuranalise

Langs soortgelyke lyne is hierdie studie beplan om die volgende basiese struktuur te vertoon:

A. **Hfst.2**: Inleiding: Ontwikkeling van gevangenisse

B. **Hfst. 3 en 4**: Waar IS die gevangene?

C. **Hfst. 5, 6 en 7**: Waar WAS die gevangene? } Studiekern

D. **Hfst. 8**: Waarheen MET die gevangene

E. **Hfst. 9:** Samevatting & aanbevelings

Diagram 2. Uitleg van die Studie.

Dit val dan ook op dat die kern van hierdie studie (B, C en D hierbo) ooreenstem met die driedeling in die benadering van die Child Trauma Academy se Neuro-sequential Model of Therapeutics (NMT) wat later op bladsy 354 breedvoerig bespreek word. Dit volg vanself dat Hoofstuk 9: "Samevatting en Aanbevelings" dieselfde lyne sal volg.

## 1.9. Die Loodsstudie en Monsterneming:

Volgens de Vos en Fouche(1998: 178) is 'n loodsstudie 'n voorvereiste vir die suksesvolle uitvoering van 'n navorsingsprojek. Gesien teen die agtergrond van die gevangenisopset was die navorser verplig om met die loodsstudie gebruik te maak van toevallige monsterneming. Die voorneme was om die monstergrootte met die verloop van die studie te vergroot, maar as gevolg van die probleme tydens die studie, soos uiteengesit in **1.2.2. Beskikbaarheid van Gegewens** op bls. 3 hierbo, was dit nie moontlik nie.

Met die opening van die Group 4-Maksimum Sekuriteit Gevangenis in Bloemfontein gedurende die middel van 2001 is gevangenes vanoor die hele land daarheen gestuur. As gevolg van hierdie nuwe gevangenisopset moes die metode van toevallige monsterneming verder verfyn word tot die metode bekend as 'sneeubal monsterneming' (snowball sampling). Sneeubal monsterneming begin waar iemand wat aan die kriteria van die ondersoek voldoen, geïdentifiseer word. Die persoon word dan gevra om

iemand aan te beveel wat, volgens sy opinie, aan die kriteria sal voldoen. Alhoewel dit beswaarlik kan lei tot 'n verteenwoordigende monster, is dit soms die beste metode beskikbaar. (Socialresearchmethods: 2006)   Volgens Schurink (1998: 254) verseker sneeubal monsterneming 'n holistiese begrip van die onderwerp deurdat die perspektiewe van indiwidue relevant tot die onderwerp verkry word

In die geval van hierdie studie is 'n verteenwoordigende monster egter nie ter sprake nie omrede dit gaan om persoonlike inligting. En binne die korrektiewe opset hou dit die voordeel in  dat gevangenes wat hierin die moontlikheid van persoonlike gewin sien, outomaties uitgeskakel word.

**1.10. <u>Die Hipotese</u>:**

'n Hipotese kan gesien word as 'n voorlopige of tentatiewe verduideliking of onbewese stelling waardeur die navorser te kenne wil  gee wat die verwagte uitkoms van die navorsing kan wees. Dit is dus 'n rigtinggewende 'skoot in die donker'. (Hypothesis)

Die formulering van hipoteses is egter nie altyd gebiedend noodsaaklik in ondersoekende navorsing nie, en kan soms selfs nie baie wenslik wees nie. In hierdie studie kon die formulering van 'n formele hipotese die gevaar inhou van 'n suggestiewe manipulering van die betrokke gevangene. Daar moes meermale  gebruikgemaak word van leidende vrae  om die gesprek met die gevangene gefokus te hou op veral twee belangrike stadiums in sy lewe: sy vroeë kinderdae en die  tyd rondom sy verval in misdaad.

## 1.11. Metodologie.

In hierdie studie word hoofsaaklik gebruikgemaak van die kwalitatiewe navorsings-benadering. Kwalitatiewe navorsing is 'n navorsingsmetode wat in verskillende akademiese dissiplines aangewend word, maar tradisioneel tuishoort in die geesteswetenskappe. Dit word veral ook aangewend in marknavorsing en verwante kontekste. Dit verskil van kwantitatiewe navorsing in die geesteswetenskappe in die opsig dat kwalitatiewe metodes aangewend word ter verkenning of die verklaring van verwarrende kwantitatiewe resultate. In teenstelling hiermee word kwantitatiewe navorsingsmetodes gebruik om hipoteses te toets. Hiermee poog navorsers om 'n dieper insig te verkry in menslike gedrag en die faktore wat sulke gedrag beheers. Die kwalitatiewe metode ondersoek die '*hoekom*' en die '*hoe*' van besluitneming – nie net die '*wat*', die '*waar*' en die '*wanneer*' nie. Om hierdie rede is die kleiner, gefokusde monsters te verkies bo die groter monsters. (Socialresearchmethods: 2006)

## 1.12. Literatuurstudie.

Cresswell (2003: 29-33) onderskei die volgende funksies van 'n literatuurstudie:

- Dit gee 'n aanduiding dat die navorser bestaande en relevante literatuur bemeester het.
- Dit help met die bepaling van die ooreenkomste en verskille tussen bestaande navorsing en die nuwe navorsing.
- Dit verskaf 'n basis waarvolgens die bydrae van die nuwe ondersoek tot

bestaande kennis bepaal kan word.

- Dit gee die grondslag van ‘n konseptuele raamwerk vir ‘n beplande ondersoek.

Ten einde meer relevante inligting te bekom rakende die huislike omstandighede en traumatiese ervarings in die vroeë kinderdae van oortreders het die navorser as vertrekpunt 'n soektog na relevante literatuur onderneem. (Brown en Curtis. 1987: 9) Die doel hiervan was om vas te stel watter literêre bronne vir die studie beskikbaar is. Terselfdertyd was dit nodig om kennis te dra van enige relevante studies op die gebied van die voorgenome studie. Hierdeur kon nie alleen onnodige duplisering voorkom word nie, maar ook konsekwentheid in die betekenis van terminologie verkry word. Voorts hou sodanige literêre verkenningstog die voordeel in dat dit die navorser op hoogte bring met die jongste navorsingsresultate op die betrokke gebied. Hierdeur word ook alreeds aanduidings verkry van die rigting wat die navorsing behoort in te slaan. (Mouton . 2011: 87)

Hierdeur het ook sekere leemtes aan die lig gekom, waaraan spesifieke aandag gegee kon word. Die werk van Dr. Bruce Perry van die Child Trauma Academy te Texas verdien spesiale vermelding, aangesien weinig plaaslike studie op hierdie vlak opgespoor kon word.

Ook die Internet het maklike toegang tot verdere oorsese studies moontlik gemaak, waardeur die resultate van die jongste studies en navorsing op hierdie gebied bekom kon word. Verder het verskeie boeke, relevante staatspublikasies, rapporte, en ongepubliseerde skripsies en proefskrifte bygedra tot die inligting nodig vir hierdie navorsing.

## 1.13. <u>Definiëring van Terme.</u>

Konsepte word omskryf om te verseker dat alle lesers dieselfde betekenis daaraan heg. Hierdeur word verwarring en misverstand uitgeskakel. Om hierdie rede het die navorser ook gestreef na die gebruik van erkende terminologie. Die navorser het telkens te staan gekom voor die probleem van Engelse terminologie waarvoor hy geen bevredigende Afrikaanse ekwivalent kon vind nie, en was derhalwe genoodsaak om die volgende terminologie te skep vir doeleindes van hierdie studie

*Total Institution* ***– Geheelinstituut.***

*Prisonization* **–** ***Institusialisering***

*Neurotransmitte****r – Neuro-oordraer***

*Hyper-arousal* ***– Hiperreaktief***

*Neurosequential* ***–Neuro-opvolgend.***

In enige vakgebied bestaan 'n sekere vaktaal waardeur gesprekvoering grootliks van misverstande gesuiwer word. Dit is ook vir die navorser van belang om in hierdie studie die leser telkens op dieselfde betekenisvlak te kan ontmoet. Daarom word die volgende terme en woorde in die aangeduide betekenisse gebruik:

**Geheelinstituut** *(Total Institute)***:**

Dis 'n term geskep deur Goffman en dui op 'n inrigting waarin persone/pasiënte vir 'n tydperk, afgesonder van die buitewêreld, weerhou word van die onderhouding van

gemeenskapsbande met familie en vriende. Kenmerkend van die persoon in ‘n geheelinstituut is dat hy die beheer oor sy eie lewe verloor het. (Goffman, 1961)

**Institusialisering *(Prisonisation)*:**

Die vader van die term ‘prisonisation’, D. Clemmer, sien ‘Institusialisering’ as ‘n proses waardeur die gevangene die norme, sedes en algemene gebruike van die gevangenis aanneem en internaliseer. (Clemmer , 1940: 299)

Opvallend in hierdie proses van internalisering is dat dit weer aan die gevangene die gevoel gee dat hy (ten minste in ‘n mate) beheer oor sy lewe verkry het.

**Neuro-oordraer** (*Neurotransmitter)***:**

Dit dui op een van verskeie chemiese stowwe wat in die senustelsel, en by name in die sinaptiese spleet tussen neurone voorkom. Die funksie daarvan is, eenvoudig gestel, om as ‘n tydelike ‘geleier’ op te tree om die oordrag van die elektriese impuls tussen neurone moontlik te maak. (Perry. 2000: 19)

**Hiperreaktief** *(Hyper-arousal)***:**

Dit dui op ‘n aggressiewe wyse waarmee sommige persone, veral manspersone, geneig is om te reageer op prikkels wat interpreteer word as bedreigend. Dit word getipeer as ‘n “veg-of-vlug” reaksie. (Perry, Pollard, e.a. 1995b: 1.)

**Neuro-opvolgende ontwikkeling** *(Neurosequential Development)***:**

Reeds vanaf konsepsie is die mens - trouens enige lewende wese – onderworpe aan ‘n sekere ordelike groeiproses. So is ook die brein aan sodanige ordelike ontwikkelingsproses onderworpe. Funksioneel beskou ontwikkel die  Breinstam eerste, dan die Diënsefalon. Hierna ontwikkel die Limbiese Sisteem en daarna die Neokorteks. Vanselfsprekend sal die brein dus op sekere gegewe tye (wat genoem word “kritieke” en “sensitiewe” tye) in sy ontwikkeling gereed wees vir die ontvangs van sekere vorms van stimulering. Die term dui dus op die ‘trapsgewyse’ ontwikkeling van die brein.

**Bestuur van verandering (rehabilitasie)** *(Management of Change)***:**

Dit dui op die herstelling van ‘n persoon (of saak) tot ‘n vorige, gewoonlik meer gewenste, toestand. (Kernwoordeboek: 421)

**Herstellende geregtigheid** *(Restorative Justice)***:**

Dit verwys na ‘n beskouing en proses waardeur die oortreder verantwoordelik gehou word vir die gevolge van sy dade, nie alleen teenoor die slagoffer nie, maar ook teenoor diegene wat sekondêr daardeur geraak word, asook die gemeenskap self.(Plaatjies. 2008: 1.)

**Oortreder** *(Offender)***:**

Dit verwys na ‘n persoon wat in stryd met die aanvaarde norme van die samelewing en/of wetlike voorskrifte teenoor ‘n ander (hetsy ‘n persoon of die gemeenskap) opgetree het. (Kernwoordeboek.  374) Om as oortreder beskou te word, hoef ‘n persoon nie reeds deur ‘n regbank skuldig bevind en gevonnis te wees nie.

Die Departement van Korrektiewe Dienste verkies egter om die term ‘oortreder’ oorkoepelend te gebruik om ook gevangenes in te sluit. (Witskrif, 2005: Hf.7,  47)

**Gevangene** *(Inmate)***:**

Dit verwys na ‘n persoon wat hom skuldig gemaak het aan oortreding van die wet en reeds deur ‘n hof skuldig bevind en gevonnis is. (Witskrif. 2005: Hf.10.5, 78.)

**Gevangenis** *(Correctional Centre)***:**

Dit dui op die inrigting wat spesiaal ontwerp en opgerig is om veroordeelde persone aan te hou in terme van die vonnis oor hul uitgespreek. Alhoewel die term ‘tronk’ vroeër as aanhoudingsplek vir verhoorafwagtendes en vir mindere oortredings gebruik is,  verkies die Departement van Korrektiewe Dienste om te verwys na die meer positiewe term “korrektiewe sentrums”. (Witskrif, 2005: Hf.10.2, 76)

## 1.14. <u>Beperkings van die Navorsing</u>:

Tydens hierdie studie kon die navorser geen vergelykbare studies op eie bodem opspoor ten opsigte van die breinstudies soos deur Dr. Bruce Perry en die Child Trauma  Academy uitgevoer nie.  Dr. Perry, ‘n Amerikaanse neurofarmakoloog en kinderpsigiater, was ook die eerste navorser wat brein-ondersoeke in die vorm van M.R.I.-skanderings op verwaarloosde kinders uitgevoer het. Vir hierdie deel van die navorsing was die navorser dus grootliks aangewese op hierdie en ander relevante

oorsese studies. Dit kan egter nie gesien word as ‘n beperkende faktor nie, aangesien dit die weg gebaan het tot ‘n beter begrip van wat veral in ontwikkelde lande soos Amerika gedoen word ten opsigte van die behandeling van getraumatiseerde kinders.

### 1.15. Struktuur van die Proefskrif:

Dit is die beskouing van die navorser dat een van die metodes waardeur die wetenskap sigself kan verryk is deur die onderwerp van navorsing vanuit verskillende vakkundige oogpunte te benader. Om hierdie rede het die navorser ryklik geput uit sy eie akademiese agtergrond. Beskouings gebaseer op die Teologie, Sielkunde, Sosiologie asook die Kriminologie en selfs die Mediese wetenskap is in hierdie studie bygehaal.

**Hoofstuk Een** word gewy aan ‘n verkenning van die studie-terrein. Hierin word belangrike aspekte van die studie bespreek, soos die beplanning, ontwerp, metodes gevolg tydens die studie, probleme wat ondervind is, ens.

In **Hoofstuk Twee** word die ontwikkeling van gevangenisse  as agtergrondstudie onder die loep geplaas. Veral in ‘n studie soos hierdie is dit belangrik om te begryp hoe gevangenisstraf  as toemeting van straf deur die eeue ontwikkel het.

**Hoofstuk Drie** dien as algemene oriëntering tot die onderwerp. Hierin word die aandag gevestig op die verskillende misdaadbeskouings gebaseer op Sosiologiese, Sielkundige en Kriminologiese studies uitgevoer deur die jare.

**Hoofstuk Vier** laat eerstens die klem val op die fisiese omstandighede waarin die gevangene homself daagliks bevind. In die gevangenis word daar daagliks eise aan hom gestel van beide die kante van die owerheid (wat van hom verwag om 'n 'model-gevangene' te wees) en van die subkulture (teenoor wie hy 'n gehoorsame lid moet wees). Om hierdie rede word die onderskeid gemaak tussen die gevangenis as Instituut en as Organisme, om daardeur die verskillende invloede wat lei tot die trauma van gevangesetting te identifiseer en te ontleed. Hier is dit belangrik om te verstaan tot welke mate die gevangene fisiese beheer oor sy lewe verloor het.

Voorts word aandag gegee aan die trauma wat deur gevangesetting ervaar word. Die trauma-verskynsel word ontleed vanuit die oogpunt van verlies aan persoonlike, psigiese beheer. Dit word verduidelik aan die hand van studies soos uitgevoer deur Abraham Maslow, Elizabeth Kùbler-Ross en Cristina Josè-Kampfner.

Hoofstukke Vyf en Ses is van die uiterste Penologiese belang. In 'n profielstudie is nie alleen die 'wat' van die onderwerp van belang nie, maar veral die 'waarom' is deurslaggewend. Om die verskynsel van 'abnormale' breinontwikkeling te begryp, is 'n begrip van 'normale' breinontwikkeling vooraf nodig.

In **Hoofstuk Vyf** verskuif die aksent na die ontwikkeling van die menslike brein as die setel van die mens se denke, emosies en handelinge. Die fondament vir die verstaan van die Neuro-opvolgende Metode van Terapie (N.M.T.) word reeds hier gelê in die

vorm van ‘n vierfasige funksionele beskrywing van breinontwikkeling, tw. die ontwikkeling van die breinstam, diënsefalon, limbiese sisteem en uiteindelik die neokorteks. Relevante inligting soos die funksies van die brein en senuweegeleiding word ook bespreek.

**Hoofstuk Ses** laat die klem val op verskillende vorms van abnormale breinontwikkeling. Breinontwikkeling by die getraumatiseerde, die verwaarloosde, die bedreigde, die mishandelde en die seksueel-misbruikte kind kom onder die soeklig. Hieruit blyk duidelik hoedanig die kind in elkeen van die traumas beheer oor sy lewe verloor – of nooit verkry nie.

**Hoofstuk Sewe** is eintlik ‘n verlengstuk van die vorige twee hoofstukke en word gewy aan gevallestudies rondom verskillende gevangenes en hul misdade. Hierdie gevallestudies word in twee dele aangebied. Eerstens word gevalle waarmee die ondersoeker onderhoude kon voer, bespreek. Daarna volg ‘n aantal gevallestudies waarvan die inligting verkry is uit primêre, sekondêre en populêre bronne verkry is. Daar word spesifiek aandag gegee aan die omstandighede en traumas uit die kinderdae in ‘n soeke na die verband met hul latere afwykende gedrag. Die invloed van verlies aan persoonlike beheer word uitgelig.

In **Hoofstuk Agt** word die verskynsel van Residiwisme gemeet teen die ideaal van bestuur van verandering . Vrae wat aan die orde kom sentreer rondom die sukses of mislukking van pogings tot bestuur van verandering (rehabilitasie). Hier speel die mate

waarin die gevangene beheer oor sy lewe verkry het, ‘n sentrale rol. Ook verskillende beskouings oor die moontlikheid van Herstellende geregtigheid as ‘n aanvullende ingryping vir bestuur van verandering kom ter sprake. Ten slotte word die N.M.T.-metode van Perry en die Child Trauma Academy bespreek.

**Hoofstuk Nege** gee ‘n sinopsis van die studie en daarmee saam ‘n aantal aanbevelings met die oog op die bestuur van verandering van oortreders en daardeur die bekamping van misdaad.

Die studie word afgesluit deur verskillende bylaes.

In **Bylae 1** word verskillende tersaaklike mediese terme verduidelik.

**Bylae 2** illustreer die proses van Kortikale Modulering.

Die vermoë om frustrasie, impulsiwiteit en aggressie te beheer hou verband met ouderdom. Namate die kind in sy vroeë jare blootgestel word aan verskillende ervarings, ontwikkel die hoëre breinsisteme die vermoë om gemelde funksies van die laere breinsisteme te beheer. Vier ontwikkelingsomstandighede word geïllustreer.

**Bylae 3.** Om die direkte soeke na spesifieke onderwerpe te vergemaklik, word ‘n lys van hiperskakels heel aan die einde bygevoeg. Omrede hiperskakels alleen van waarde is in elektroniese afskrifte van ‘n dokument, word hierdie lys aangevul met die betrokke bladsynommers om te dien as ‘n sakeregister.

## BRONNELYS:


**Adolf Hitler: Autobiography:** Op *www.spartacus.schoolnet.co.uk/GERhitler.htm.*

**Brown, S.E en Curtis, J.H. 1987:** *"Fundamentals of Criminal Justice Research".* Cincinnati, Ohio. Anderson Publishing Company

**Clemmer, D. 1940: "***The Prison Community".* Boston, Christopher. Herdruk in 1958. Tweede oplaag 1960. Rinehart & Company, New York.

**Companion Bible, Ongedateerd**: Voorwoord tot*"The Companion Bible. Part 1: The Pentateuch"* Gedruk deur Oxford University Press, London, New York, Toronto and Melbourne.

**Cresswell, J.W. (2003):** *"Research Design: Qualitative, Quantitative and Mixed Methods Approaches".* Sage Publications. Kalifornië.

**Crime**.**about.com:** Op *"Crime.about.co./od/***prison***/a/bjs040720.htm."*

**Cronjé, G. (1937)**: "*Die Deterministiese Standpunt in die Sosiologie."* Universiteit van Pretoria, Pretoria.

**De Vos & Fouche (1998):** *"General Introduction to Research Design , Data Collection Methods and Data Analysis" i*n De Vos, A.S. (Ed): "Research at Grass Roots: A Primer for the Caring Professions"*. Van Schaik Uitgewers, Pretoria.*

**Die Naslaanbybel (1963 uitgawe):** Die Bybelgenootskap van Suid Afrika, Kaapstad.

**Goffman E. 1961**: "*Asylums: Essays on the Social Situation of Mental Patients and Other Inmates*. NY: Anchor Books.

**Hypothesis:** Op www.nmmu.ac.za/robert/reshypoth.html.

**Kernwoordeboek, p :** "*Kernwoordeboek van Afrikaans".*M.De Villiers (Red.) Nasionale Boekhandel Beperk,Elsiesrivier. Ongedateerd.

**Motherjones:** Op *"http://www.motherjones.com/slideshows/2011/05.*

**Mouton, J.H**. **2011**: *"How to succeed in your Master's and Doctoral Studies".* A South African Guide and Resource Book. (Vyftiende Druk) Van Schaik Uitgewers, Pretoria.

**Perry, BD. 1993:** *"Neurodevelopment and the psychophysiology of trauma II: Clinical work along the alarm-fear-terror continuum."* APSAC Advisor, 6:2,

**Perry, BD. 1999:** *"Maltreated Children: Experience, Brain Development and the Next Generation."* W.W.Norton& Company, New York.

**Perry, BD.2000**: *"Brain Structure and Function: Basics of Organization." Ontleen aan: Perry.BD: ' Maltreated Children: Experience, Brain Development and the Next Generation' (W.W.Norton & Company, New York.*

**Perry, BD. Ongedateerd:** *"Biological Relativity: Time and the Developing Child"* op *www.scholastic.com/BrucePerry*.

**Perry, B.D. ea. 2008:** *"The Boy who was raised as a Dog".* Basic Books. Philadelphia, PA.

**Perry, B.D., Pollard, R.A., Baker, W.L., Sturges, C., Vigilante, D. & Blakley, T.L. (1995a):** *"Continuous heartrate monitoring in maltreated children (Abstract).*Annual Meeting of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry, New research.

**Perry, BD. , Pollard,R. Blakely,T. Baker,W. Vigilante, D. 1995b:** "*Childhood Trauma, the neurobiology of adaptation and 'use-dependent' development of the brain. How States become Traits."* Infant Mental Health J. 16(4): . 1995

**Plaatjies, M.F. (2008):** *"A Model for Implementation of Restorative Justice in the South African Correctional System."* Ongepubliseerde D.Litt et Phil. proefskrif. Unisa, Pretoria.

**Prison Population (6th Ed): "***World prison Population List.26/09/2007"*.

**Prison Population (9th Ed.**): "*World prison Population List. 01/04/2012".*

**Prison Reformtrust:** Op "*http://www.prisonreformtrust.org.uk/PressPolicy/News.*

**Sabinet, 30/06/2011:** *"Correctional Services 'Unsuitable' for Supporting Policy Objectives of 2005 White Paper."* aangehaal op *www.sabinetlaw.co.za › Defence and Security › Articles*

**Schurink, E.M. (1998):** *"Deciding to use the qualitative research approach." In A.S.de Vos: Research at grass roots: A Primer for the caring professions.* Pretoria. Van Schaik.

**Silverman,D. (2000):** *"Doing Qualitative Research: A Practical Handbook.* (Eerste Uitgawe). Sage Publications. Londen.

**Socialresearchmethods: 20 Okt. 2006**: Op *www.socialresearchmethods.net>Home>Sampling*

**Valent, P. 1998:** *"From Survival to Fulfillment: a framework for the life-trauma*

*dialectic."* Philadelphia: Brunner/Mazel.

**Van Wyk Louw, N.P. (1990):** *"Die Beiteltjie".* Groot Verseboek D.J.Opperman. Sagtebanduitgawe, 1990. Tafelberg Uitgewers Beperk., Kaapstad.

**Venter, H. (1972):** *"Kriminologie".* Wallachs Drukkery Edms, Bpk, Pretoria.

**Witskrif, 2005:** "*White Paper on Corrections in South Africa*"

**Wolman, B.B. (ed.) (1965):** *"A Handbook of Clinical Psychology'.* McGraw-Hill Book Company, New York.

* * * *

# HOOFSTUK 2:

## Die Ontwikkeling van Gevangenisse.

### 2.1. Inleiding:

In hierdie hoofstuk, as die vertrekpunt van hierdie studie, kom die filosofie, oorsprong en dinamika van gevallebestuur onder die vergrootglas. Die mens is eenvoudig die produk van sy omgewing. Om die dilemma en nood van die oortreder in sy gevangenskap te begryp, is dit noodsaaklik om te verstaan wat gevallebestuur omvat. Gevallebestuur  is voor alles die bestuur of hantering van ‘n geval – in hierdie scenario die oortreder. Vanselfsprekend was dit nie altyd sò nie. In die verlede was die oortreder nie geken by sy naam nie, maar aan sy nommer. Gevallebestuur beweeg egter weg van die tradisionele bestuursisteme omrede dit die klem verskuif na die menswaardigheid van die oortreder.

Om hierdie stelsel van gevallebestuur te begryp is dit nodig om die gevangenisstelsel op sigself te verstaan. Oortreders word na skuldigbevinding onder andere gevangenisstraf opgelê vir die pleeg van misdade soos omskryf deur die Staat en die gemeenskap. Dit het gelei tot die behoefte aan gevangenis-geriewe en die daarmee gepaardgaande behoefte aan die ontwikkeling van sisteme om met hierdie oortreders te handel. Gevangenisse is wêreldwyd eenders. Dit bestaan uit geboue/strukture waarbinne een groep mense deur ‘n ander groep hul vryheid ontneem word. Dit kan geskied op òf ‘n  brutale en gevoellose wyse,

òf met sorg en menslikheid. Laasgenoemde is alleen moontlik deur ‘n doeltreffende bestuurstelsel.

**2.2. Gevangesetting as Straftoemeting:**

Die uitwissing van misdaad is die hoogste doelwit van enige strafstelsel. Omrede dit egter, prakties gesproke, onmoontlik is, moet alle bestaande strafstelsels berus by ‘n poging om dit te onderdruk. Misdade word deur mense gepleeg; derhalwe kan dit onderdruk of voorkom word deur ‘n onderdrukkende mag of invloed op diegene  wat die misdaad pleeg.

Reeds vanaf die vroegste tye is misdadige gedrag gestraf, en gevangesetting was maar een van verskeie wyses waarop straf toegemeet is. Gevangesetting as strafmetode is as sulks ‘n relatief nuwe verskynsel. Alhoewel gevangenisse en gevangesetting reeds gedurende die Middeleeue bekend was, was dit aangewend om die misdadiger aan te hou as verhoorafwagtende.  Marvin Wolfgang (Wolfgang, 1960: 148 ; Barnes en Teeters, 1959: 329) meld dat vele misdadigers vir spesifieke oortredings  tronkstraf opgelê is in die Florentynse Le Carceri Delle Stinche-gevangenis, wat in 1300 opgerig is.

Reeds in die jaar 1927 vC. was die Hammurabiese *‘Wet van Vergelding’* geskoei op die lees van “ *‘n oog vir ‘n oog en ‘n tand vir ‘n tand’*.  Hierdie wet, volgens Cilliers en Cole (1996: 155), was een van die vroegste geskrewe bronne van strafvoorskrifte en ‘n gesistematiseerde poging om ‘n sosiaal-ideologiese doel te

bereik deur spesifieke tegniese prosedures. Die brutaliteit van hierdie wet was kenmerkend van alle kontemporêre strafmetodes en het as onderliggende strafbeginsel gedien vir die daaropvolgende eeue.

Gevangenisse as straf-inrigtings was in die vroeë jare onbekend en het diens gedoen as inrigtings waar verhoor-afwagtendes, skuldenaars en politieke onrusstokers aangehou is. In sy *De Legibus* in die vyfde eeu vC. spreek Plato hom as volg uit: "*Let there be three prisons in the city—one for the safe-keeping of persons awaiting trial and sentence; another for the amendment of disorderly persons and vagrants, those guilty of misdemeanors, to be called a sophronesterion (that is, a house of correction, a place for teaching wisdom and continence), which should be visited, especially at night, by the magistrates called sophronestoi; a third, to be situated in the country, away from the habitations of men, and to be used for the punishment of felons." (UNSDRI, 1975: 13)*

In sy Digest (533 nC) verwys Keiser Justinianus na 'n beginsel geformuleer deur die juris Ulpianus: "*Carcer ad continendos homines, non ad puniendos haberi debet". '*Gevangenisse moet slegs aangewend word vir aanhouding, en nie as straf nie'*.* Hierdie beginsel het Justinianus tot wet verklaar. Gevangesetting was dus nie ongehoord in die Romeinse Ryk nie, maar as straf wel onwettig onder die Romeinse en Burgerreg.

Griffiths (1894: 7) meld: *"Imprisonment, it is to be feared, has never, even in its*

*most enlightened forms, gone far to achieve its two avowed and most obvious aims. These are: first to cure the actual and then to deter the potential criminal."*

Die konsep van gevangesetting skakel nou aan by diè van straf, terwyl die konsep van straf nou skakel met diè van orde. Wanneer die kriminele optrede van indiwidue die veiligheid van die gemeenskap bedreig, moet diesulkes tot orde geroep word deur een of ander vorm van straf, soos byvoorbeeld gevangesetting. Hierdie soort van straf vertoon, volgens Coyle (1994: 10), vyf hoof-elemente:

- Die indiwidu aan wie straf toegemeet word, moet lyding ondervind. Straf sonder lyding of tenminste ongerief, bestaan nie. Die straf aan die oortreder toegemeet, moet onaangenaam wees.
- Die oortreding moet bewys word, asook dat die betrokke persoon daarvoor verantwoordelik was. Die straf moet opgelê word vir 'n wetlik verbode handeling of versuim deur die oortreder.
- Straf moet aan 'n indiwidu toegemeet word en nie aan 'n groep van persone nie. Dus moet die oortreder homself gestraf word.
- Straf moet deur 'n ander persoon opgelê word, omrede natuurlike gevolge nie as straf gereken kan word nie. Straf moet dus 'n menslike handeling wees, want die oortreder kan homself nie wetlik straf nie.
- Enige persoon wat straf oplê of toepas moet die wetlike outoriteit daartoe besit. Straf moet toegemeet word deur 'n gesagdraer binne die raamwerk van die kriminele reg, byvoorbeeld deur die howe. Straf is geen sinoniem

vir weerwraak nie.

‘n Kenmerk van die vroeëre gevangenisse was die afwesigheid van ‘n beleid ten opsigte van die gevangesetting van die veroordeelde oortreder, of wat die funksies van gevangesetting behels (Cilliers, 1998: 3).

**2.2.1. Straf vanuit Skriftuurlike Perspektief:**

In die Bybel word verskillende strawwe vir verskillende oortredings vermeld. Die eerste kriminele daad en straf daarop kom voor in die boek Genesis, waar Kaïn sy broer Abel gedood het. Sy straf vir hierdie moord was uitbanning uit die samelewing. ( Gen. 4: 11)

In die Ou Testament was buitengewone swaar strawwe vir bepaalde oortredings voorgeskryf. So kom die konsep van retribusie na vore in die *lex taliones* van Ex. 21: 23-25: “... *dan moet jy gee lewe vir lewe, oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet, brandplek vir brandplek, wond vir wond, kwesplek vir kwesplek*.”

**Steniging:** Die gewone manier om die doodstraf te voltrek was deur die veroordeelde te stenig. Dit het buitekant die stad plaasgevind. Die getuies het die eerste klip gegooi. In die Misjna-traktaat “Sanhedrin” word presies beskryf hoe

die steniging moes plaasvind. Die veroordeelde is op ‘n hoogte geplaas. Een van die getuies het hom agteroor daarvan afgegooi. As hy dan nog nie dood was nie, het die tweede getuie ‘n klip op sy hart gegooi. As hy dan nog nie dood was nie, het die hele Israel hom gestenig.” (Bybelse Ensiklopedie: 1959: 404)

**Ophang:** Ook was die ophang van die veroordeelde aan ‘n paal bekend. Jos.8:29 vermeld: “*En die koning van Ai het hy aan ‘n paal opgehang tot die aand toe, maar teen sonsondergang het Josua bevel gegee en hulle het sy lyk van die paal afgehaal....*”. Die bopunt van ‘n paal is skerpgemaak en die veroordeelde is op sy maag bo-op die paal gesit. Sy liggaamsgewig het die paal stadig deur sy liggaam gedryf.

**Verbranding:** So het verbranding (Lev. 20: 14; 21: 9) ook voorgekom. Doding deur die swaard, en by name onthoofding, géseling en kruisiging het eers in die Romeinse tyd voorgekom.

**Lyfstraf:** Die Israeliete het ook lyfstraf vir sekere oortredings geken. Van die voorgeskrewe veertig slae (Deut. 25:1-3) het hul later een weggelaat om te verseker dat hierdie maksimum nie oorskry word nie.

**Vergoeding:** In die agtste gebod word diefstal uitdruklik verbied. In Ex.22:1- 4 kom verdere strafbepalings vir diefstal voor. “*As iemand ‘n bees of ‘n stuk kleinvee steel en dit slag of verkoop, moet hy vyf beeste vir ‘n bees vergeld en vier stuks*

*kleinvee vir ‘n stuk kleinvee.”* Die Wet van Hammurabi stel dit nog hoër - wisselend tussen dertig maal en tien maal soveel, afhangend van die vraag van wie dit gesteel was.

**Provisionele Arres:** Verskeie prominente Ou Testamentiese karakters was om verskillende redes in die gevangenis. Lev. 24: 10-12 lewer ‘n voorbeeld van provisionele arres: *“En die seun van ‘n Israelitiese vrou – maar hy was die seun van ‘n Egiptiese man – het uitgegaan tussen die kinders van Israel in; en die seun van die Israelitiese vrou en ‘n Israelitiese man het met mekaar geveg in die laer.Toe het die seun van die Israelitiese vrou die NAAM gelaster en gevloek. Daarom het hulle hom na Moses gebring. En die naam van sy moeder was Sèlomit, die dogter van Dibri, van die stam van Dan. En hulle het hom in die gevangenis gesit, dat hulle ‘n beslissing kon verkry volgens die uitspraak van die Here.”*

**Dwangarbeid:** Die geskiedenis van Simson lewer ‘n voorbeeld van gevangesetting met dwangarbeid. Rigters 16: 21 vermeld: *“Daarop het die Filistyne hom gegryp en sy oë uitgesteek en hom afgebring na Gasa en met koperkettings gebind; en hy moes maal in die gevangenis.”*

**Verswarende Omstandighede:** So word ‘n voorbeeld van verswarende omstandighede tydens gevangesetting aangehaal in 2 Kron. 18: 26: *“So spreek die koning: Sit hierdie man in die gevangenis en spysig hom met brood van*

*verdrukking en water van verdrukking totdat ek behoue terugkom."*

In die vroeë geskiedenis word weinig melding gemaak van gevangenisse. Tog blyk dit uit die geskiedenis van Josef in Egipte dat persone in die gevangenis dikwels vir jare daar vergeet was. *"En die voorman van die skinkers het nie aan Josef gedink nie, maar hom vergeet." (Gen.40: 23)*

Een van die kenmerke van gevangesetting in Bybelse tye was die wyse waarop gevangenes aangehou is. Daar was geen enkelselle nie, en die gevangenes was saamgehok in een groot ruimte. Hulle was ook verantwoordelik vir hul eie lewens-onderhoud en het weinig vryheid van beweging gehad. (Hallema, 1958: 10)

**2.2.2. Die Middeleeue en daarna:**

Straf in die vroegste tye en die Middeleeue (gewoonlik aangedui as die tydperk tussen ongeveer 500 n.C. en 1500 n.C.) was brutaal en gekenmerk deur onmenslike dade in die naam van waarheid en geregtigheid. Dit het meestal die vorm aangeneem van marteling en selfs verminking. In die Middeleeue was kasteel-gevangenisse berug vir hul *"...ghastly cells, dungeons and oubliettes in which thousands of prisoners were killed or left to die in misery"* (UNSDRI. 1975: 13). 'n Uitstaande kenmerk hiervan was dat dit almal maksimum-sekuriteit gevangenisse was waar brutaliteit teenoor gevangenes aan die orde van die dag

was.

Hierdie tipe gevangenis was ook in gebruik in Suid-Afrika. Met die bou van die Kasteel in die Kaap die Goeie Hoop in 1679 was alle selle, genoem ‘gevangenhuizen’, in die Katzenellenbogen en Leerdam bastionne geplaas. Die martelkamer bekend as die “donker gat” was geleë in Katzenellenbogen. Dit was koud, donker en klam met swak ventilering en is aangewend om erkennings uit gevangenes te kry (Van Wyk, 1964: 92).

Van die middel van die sewentiende eeu het ‘n geleidelike kentering in die tradisionele beskouings oor strafoplegging gekom. Dit het saamgeval met die era bekend as die Aufklärung. Die Europese Aufklärung het sy oorsprong in die Empirisme van Bacon en Newton.

*“Empirisme is een filosofische stroming waarin gesteld wordt dat kennis uit de ervaring voortkom”* (nl.wikipedia). Hierdie nuwe denkrigting het van Engeland na die vasteland oorgewaai.

Een van die uitstaande figure op die gebied van die hervorming van die kriminele reg was die Italiaanse skrywer Cesare Beccaria (1738- 1794). In sy “Essay on Crime and Punishment” (1764) meen Beccaria dat die ware doelwit en regverdiging van wetlike straf in die beginsel van openbare nut, d.w.s. die beveiliging van die gemeenskap deur die voorkoming van misdaad behoort te wees. Hy het nege beginsels neergelê vir die suksesvolle bekamping van

misdaad. Om misdaad te voorkom moet die gemeenskap:

- verseker dat wette duidelik en eenvoudig is,
- verseker dat die ganse bevolking verenig is in die verdediging daarvan,
- verseker dat die wette nie gerig is teen groepe of klasse nie, maar op die indiwidu,
- verseker dat die indiwidu die wet vrees,
- geen twyfel hê oor die uitkomste van misdaad nie,
- oor kennis beskik, want hierdie verligting bring vryheid,
- deug beloon,
- opvoeding verbeter, en
- verseker dat die regsbeoefening gerig is op die gehoorsaamheid aan die wette eerder as die oortreding daarvan.

Op die vasteland is oortreders vir minder ernstige oortredings tronk toe gestuur vir ‘n korter of langer termyn – dus ‘n fisieke beperking eerder as ‘n poging tot voorkoming. Vir ernstige misdaad was oortreders gevonnis tot verpligte werk op paaie, klipgroewe, ens. Die derde vorm van ontbering van vryheid was deur gevangesetting in korrektiewe fasiliteite.

Op die vasteland het hierdie verskillende vorms van gevangesetting momentum verkry op drie wyses. Eerstens was die leerstelling van *poena extraordinaria*. Volgens hierdie beskouing was die gevestigde bepalings van die kriminele wet met die gepaardgaande tradisionele strawwe van toepassing op veronderstelde normale misdaad. Derhalwe sal enige wysiging van die wet op sigself, of die

skuldige gewete of selfs onvoldoende getuienis die hof in staat stel om ‘n ‘buitengewone“ vonnis na goeddunke op te lê. Tweedens was die prerogatief van die heerser wat homself die reg toegeëien het  om vonnisse te verswaar of the versag. Derdens het wetgewing die nuwe strafvorms met ‘n mate van huiwering aanvaar. (Grünhut, 1948: 26).

**2.2.3. Die Amerikaanse toneel:**

Dit was eers rondom die begin van die negentiende eeu dat die Nuwe Wêreld  tot die toneel van strafhervorming toegetree het. Sedert 1676 was die Delaware distrik onder die wette van die Hertog van York – ‘n Puriteinse weergawe van die sewentiende-eeuse Engelse wet. Onder William Penn het die invloed van die Kwaker-gemeenskap in die strafstelsel deurgewerk. ‘Offences against God’ soos vloek, lieg, dronkenskap is op dieselfde vlak beskou as moord en ander misdade, want *“the wildness and looseness of the people provoke the indignation of God against a country.”* (Grünhut, 1948:  43)

Die doodstraf is in hierdie tyd vervang met gevangenisstraf. In plaas van die doodstraf moes dit moontlik wees vir die oortreder om vir sy misdaad te kompenseer, indien nodig deur te werk as slaaf in ‘n gewone gevangenis of armegestig. Slegs moord was tot halsmisdaad verklaar volgens die Goddelike wet. Hierin was reeds die kiem van herstellende geregtigheid aanwesig en het

Penn strafhervorming met meer as ‘n eeu vooruitgeloop. Hierdie wetgewende eksperiment het egter nie sy ontwerper oorleef nie.

- **Die Walnut Street gevangenis:**

Gedurende die laaste dekade van die agtiende eeu was Caleb Lownes in beheer van die Philadelphia gevangenis. Hy het ‘n gedeelte van die Walnut Street gevangenis omskep tot ‘n ‘gevangenis binne ‘n gevangenis’. Die nuwe seksie het bekendgestaan as die “*Penitentiary House”. Dit het beskik oor drie besondere eienskappe soos deur Howard aanbeveel, nl. ‘n booggang, al sestien selle was kelders en elke sel het beide ‘n traliedeur en ‘n houtdeur gehad.* (Freeman, 1978: 31).

Hierbinne het twee parallelle vorms van dissipline bestaan:

- As plaasvervanger vir die doodstraf is wreedaardige gevangenes in eensame afsondering geplaas vir ‘n groot gedeelte van hul vonnisse. Hul was ook nie toegelaat om te werk of besoekers te ontvang nie.
- Gevangenes gevonnis vir mindere oortredings en misdadigers het, na afloop van hul tyd van afsondering, in groepe gewerk, hetsy in hul eie ambagte of in die tradisionele gevangenisberoepe soos klip- en houtbewerking.

Van penologiese belang is die feit dat hierdie die eerste gevangenis is wat gebruik gemaak het van ‘n klassifikasie-sisteem tesame met gevangenis-arbeid. Hierdie arbeid het in die selle plaasgevind en gevangenes is beloon vir hul arbeid. Die geslagte was geskei en ‘n beleid van ‘*gentleness and kindness’* is gevolg, eerder as om uitsluitlik te konsentreer op straf (Barnes en Teeters, 1959: 336).
Die nuwe ‘sellulêre’ gevangenisse is met groot opgewondenheid in Europa ontvang, behalwe deur een besoeker – die skrywer Charles Dickens. Hy het die aandag gevestig op die negatiewe effek wat jare van eensame opsluiting op die gees van die gevangene kan hê. “*With the imagination of a poet he developed a psychology of solitary confinement, tracing the changing stages from the first initial shock, through depression, over-sensibility, and detachment from reality, up to the helpless state of mental derangement on the final day of release”* (Grünhut, 1948: 48).

Vanaf 1790 het die Walnut Street gevangenis en Penitentiary House bekendgestaan as model gevangenisse en is hul uitleg en programme dwarsoor Europa aangewend (Freeman, 1978: 31) Aan die begin van die 1800’s het sekere tekortkominge egter na vore getree. Oorbevolking van selle het die voortsetting van werk in enkelselle onmoontlik gemaak en terselfdertyd was daar nie genoeg werk vir die aantal gevangenes nie. Alhoewel die Walnut Street gevangenis nie kon slaag nie as gevolg van oorbevolking, gebrekkige fondse, politieke onsekerheid en ‘n gebrek aan opgeleide personeel, is dit steeds bekend as die geboorteplek van die gevangenisstelsel soos dit vandag bestaan, nie alleen in

die verenigde State nie, maar dwarsoor die ganse wêreld. (Reid, 1994: 603; Pretorius, 2002: 51).

- **Die Auburn Stelsel:**

Gedurende 1817 is ‘n nuwe gevangenis, bekend as die Auburn Gevangenis, opgerig. Die toepassing van afsondering sou bekendstaan as die Auburn stelsel. Hierdie was ‘n genadelose stelsel wat gebruik-gemaak het van enkelselle en die minimum kommunikasie tussen indiwidue. Gevangenes het wel saamgekom om te eet en te werk, maar volgens die reels was dit verbode om te gesels of selfs na mekaar te kyk.

In 1836 het Mittermaier in hierdie verband opgemerk: Gevangenes moet eerder toegelaat word om saam te kom, verplig word om saam deel te hê aan nuttige oefeninge as om soos wilde diere in hokke aangehou te word. Saam kan hulle goeie gewoontes aanleer en morele besmetting deur streng toesig voorkom word. Die stiltereël het selfondersoek bevorder terwyl die gevangene leer om die wet as ‘n heilige voorskrif te eerbiedig. Verbreking hiervan beteken regverdige en wettige straf *.* (Flanagan, Marquart & Adams, 1998: 25) Omrede die oortreders saamwerk, styg hul produktiwiteit en sodoende word die nywerheid meer effektief en lonend. Roth (Carlson & Garrett, 1999: 9) is van mening dat die ondersteuners van die Auburn stelsel oortuig is dat die streng roetine oortreders sal transformeer in wetsgehoorsame burgers. Deur die harde werk, isolasie, godsdiensonderrig,

berou en dissipline sal die oortreders hul weë verlaat en nuttige, produktiewe burgers word. Volgens Lombardo (1981: 36) leer korrektiewe personeel gou om die oortreders onder hul bewaking uit te ken en te waardeer, en dat die oortreder volgens indiwiduele optrede beoordeel moet word, en nie as stereotipes nie.

- **Die Pennsylvania Stelsel:**

In Amerika het die Wet van 5 April 1790 bepaal dat die meer geharde en wreedaardige oortreder in eensame afsondering geplaas word. Hierin is die oorsprong geleë van wat later bekend sou staan as die Pennsylvania Stelsel van gevangenisdissipline. Hierdie wet het die oprigting van enkelselle genoodsaak. Dit het bestaan uit 'n drie verdieping konstruksie met selle 1,8 meter wyd, net meer as 2 meter in lengte en ongeveer 2,3 meter hoog. Die Cherry Hill gevangenis, opgerig in 1829, was die eerste gevangenis in die staat van Pennsylvania en die stelsel is hier toegepas.

Hierdie stelsel het ook gebruik gemaak van enkelselle. Die verskil was dat die oortreder in eensame afsondering en absolute isolasie geplaas is. Hy het in absolute isolasie gewerk, geëet en geslaap. Hy was alleen toegelaat om te kommunikeer met personeel en geselekteerde besoekers.  Hierdie afsondering het gelei tot psigologiese probleme – in sommige gevalle tot kranksinnigheid. Die produkte gemaak deur die oortreders was onvoldoende om die kostes van die inrigting, wat aansienlik hoog was, te dek. Volgens Roth ( Carlson & Garrett, 1999: 9) was die Pennsylvania Stelsel gebaseer op die oortuiging dat interaksie met ander oortreders die proses van rehabilitasie  mag belemmer. Bestuur van

verandering (rehabilitasie) as doel kon ten beste bereik word deur isolasie, bepeinsing, stilte en gebed. Van hierdie stelsel sê Mittermaier in 1836: Wanneer die gevangene alleen in sy  sel verkeer,is hy aan homself uitgelewer. Hy betree die diepte van sy gewete en ondervind die ontwaking van 'n moraliteitsgevoel. Die mure is die straf op sy misdaad; die sel konfronteer hom met sy ware self:; hy is verplig om te luister na sy gewete. (Flanagan, Marquart & Adams, 1998: 25).

Die hoofverskil tussel die Auburn en Pennsylvania stelsels is opgesluit in die argitektuur. In die Auburn stelsel was twee rye selle rug aan rug geplaas met 'n gang daar rondom. Die enigste lig en ventilasie het gekom vanaf tralie-vensters in die buitemure. Daarom was na die selle verwys as 'binneselle' (Cilliers, 1998: 12). Hierteenoor het die Pennsylvania stelsel bestaan uit 'n ronde kern waaruit sewe vleuels soos speke straal. Die selle met buitemure het 'n uitsig na buite gehad en was bekend as 'buiteselle'.

Daar was ook ooreenkomste tussen die twee stelsels. So was die minimum kommunikasie met ander oortreders toegelaat. In die Pennsylvania stelsel was die oortreders in eensame opsluiting terwyl oortreders in die Auburn stelsel , bekend as die '*silent system'* te alle tye stil moes wees (Reid, 1981: 152; Luyt, 1996: 101)

Gedurende die jaar 1831 het Gustave de Beaumont en Alexis de Tocqueville die Verenigde State besoek en die volgende opgemerk rakende die gevangenis-stelsel, waarby die Auburn en Pennsylvania stelsels inbegrepe was:

*“In locking up criminals, nobody thinks of rendering them better, but only of taming their malice; they are put in chains like ferocious beasts; and instead of being corrected, they are rendered brutal’* (De Beaumont en de Tocqueville soos aangehaal by Toch, 1996: 497). Nogtans het Europa die Pennsylvania stelsel in hul gevangenisse geïmplementeer nadat ‘n afvaardiging die Verenigde State besoek het om die beste gevangenisstelsel te vind.

Volgens Morris en Rothman (1995: 117) was beide die Auburn en Pennsylvania stelsels gerig op die moontlikheid van bestuur van verandering (rehabilitasie) van die oortreder. In beide stelsels was die oortuiging dat die roetines wat beplan is vir elke oortreder sou bydra tot sy rehabilitasie  en hom daardeur tot ‘n wetsgehoorsame burger sou omskep. Die doel van gevangesetting was dus geleë in hervorming, en nie in voorkoming nie.

**2.2.4. Die Negentiende Eeu:**

Kenmerkend van die einde van die agttiende eeu was die deportering van gevangenes  van Brittanje na oorsese lande soos Australië. Hieraan het selfs Suid-Afrika nie ontkom nie. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog is groot getalle boere-krygsgevangenes verban na afgeleë plekke soos Bermuda en Ceylon.  Die regering het egter besluit om die verlies aan mannekrag te staak. *“......instead of being sentenced to transportation or even death, (the prisoner) might be sentenced to a term of hard labour which would consist of clearing and cleaning*

*the River Thames of soil and gravel"* (Steyn, 1959: 24).

Net voor die afskaffing van die transportasie-sisteem aan die begin van die negentiende eeu het Brittanje die potensiaal van bestuur van verandering besef. Dit het gelei tot die oprigting van die Millbank gevangenis soos ontwerp deur Jeremy Bentham. Millbank was opgerig volgens Bentham se Panopticon ontwerp en voltooi in 1821 (UNSDRI, 1975: 21) Hierdie benaming onderstreep die kern van die nuwe voorstel: 'n gebou en 'n gevangenisbestuur gebaseer op die beginsel van 'n alomteenwoordige inspeksie. Verskeie verdiepings van selvleuels in sirkelvorm moet rondom die inspekteurslosie geplaas word. Elke sel is na die middelpunt afgesluit met 'n ysterhek en 'n verlig deur 'n venster in die buitemuur sodat die inspekteur te enige tyd na willekeur in enige sel kan kyk. (Grünhut, 1948: 50).

Die oorspronklike idee van Bentham word in onderstaande skets geïllustreer. Bentham het later hierdie idee prysgegee weens die enorme koste verbonde daaraan. *"Instead Bentham suggested 'a mitigated seclusion by divisions': small groups of two, three or four and even six inmates in every cell"* (Grünhut, 1948: 47 en 50).





Fig. 1: Bentham se 'Panopticon'

Vir 'n tydlank was Millbank die grootste gevangenis in Londen. Die ringmuur was gebou in 'n oneweredige agthoek waarbinne ses eenhede soos die speke van 'n wiel gerangskik is.



Figuur 2: Die Millbank Gevangenis in Londen.

(Bron: Onbekend, gekopiëer van 'Model by the Clerk of Works', ongedateerd. In Richardson J : *London and its People,* 1995.)

Die konsep van enkelselle was gedurende die negentiende eeu deur die bekende

Elizabeth Fry ondersteun. Onder haar invloed het Keiser Frederik Wilhelm IV van Pruise ‘n stelsel ontwerp waarin die indiwiduele behandeling van oortreders toegepas is. Op daardie tydstip het die stelsel egter nie geslaag nie, omrede dit reeds te gevorderd was. Dit het egter ook bewys dat die afsondering van oortreders in enkelselle geen voordeel inhou nie, tensy dit gepaardgaan met ‘n positiewe bydrae van die kant van die korrektiewe personeel (Cilliers, 1998: 15). Die gebruik van enkelselle en indiwiduele behandeling vorm een van die basiese beginsels van eenheidsbestuur en gevallebestuur.

Teen 1830 was beide die Auburn en Pennsylvania stelsels goed bekend buite die grense van die Verenigde State. Gedurende die daaropvolgende tien jaar het afgevaardigdes van verskeie lande Amerika besoek. Gevolglik het bykans die ganse Europa die Pennsylvania stelsel aanvaar (UNSDRI, 1975: 22).

**2.2.5. Kontemporêre Ontwikkeling:**

Volgens Du Preez (1999: 18 van 7) is die dinamika op korrektiewe terrein toe te skrywe aan die mobiele aard daarvan. Die ontwikkeling van gevangenisse sentreer hoofsaaklik rondom die bestuur van verandering (rehabilitasie) van oortreders (Cilliers, 1998: 25). In die navolging van hierdie ideaal is verskeie teorieë aangewend en korrektiewe beplanning en behandeling het verskeie stadia en modelle deurloop. Hierdie modelle in gevangenisbestuur het dan ook ‘n deurslaggewende rol gespeel in die ontwikkeling van die konsep van

gevallebestuur. Korrektiewe behandeling en beplanning is betekenisvolle rolspelers in die bestuur van verandering (rehabilitasie) van die gevangene en vorm die basis van gevallebestuur. ‘n Kort oorsig van die verskillende modelle dien om die hedendaagse bestuurstelsel toe te lig.

**2.2.5.1. Die Mediese Model:**

Francis Allen (Bartollas, 1985: 26) identifiseer die volgende vertrekpunte vir die mediese model:

- Menslike gedrag is die gevolg van gebeure uit die indiwidu se verlede.
- Dis die taak van die terapeut om hierdie faktore bloot te lê.
- Kennis aangaande hierdie faktore stel die terapeut in staat om menslike gedrag te beheer.
- Maatreëls wat aangewend word om die oortreder te behandel behoort gerig te wees op sy welstand en geluk.

Dit is die oortuiging van die aanhangers van die mediese model dat die oorsaak van kriminele gedrag diagnoseerbaar, isoleerbaar en derhalwe suksesvol behandelbaar is. Aangesien die oortreder tydens sy oortreding nie die vermoë besit het om alternatiewe optrede vryelik te kon kies nie, behoort hy nie gestraf te word nie. In hierdie geval lei straf alleen tot ‘n negatiewe selfbeeld. *“Offenders do not have the ability to exercise freedom of choice between behavioural alternatives and should not be punished as this would only contribute to loss of*

*self-esteem"* (Neser, 1997: 233)

Die gewildheid van die mediese model het teen die einde van die 1960's begin taan. Empiriese studies het getoon dat institusionele behandeling nie die voorkoms van residiwisme kon verminder nie. Die besef dat die gevangenis met sy kunsmatige omgewing en negatiewe subkulture nie die geskikste plek was om die beginsels van behandeling toe te pas nie, het geleidelik begin posvat. (Neser, 1997: 230).

**2.2.5.2. Die Aanpassingsmodel:**

Ondersteuners van die mediese model was steeds oortuig dat oortreders anders was as wetsgehoorsame burgers. Volgens Neser (1997: 234) het die mate waartoe oortreders verantwoordelik was vir hul gedrag en dus vir die neem van wetsgehoorsame besluite, begin toeneem.

Die aanpassingsmodel is gebou op die volgende beginsels:

- Die oortreder is daartoe in staat om 'n wetsgehoorsame lewe te lei indien die beginsel aanvaar word dat hy verantwoordelik is vir sy dilemma, en dus nie skuil agter sy probleme uit die verlede as verskoning vir sy huidige gedrag nie.
- Oortreders het hulp nodig om aan die eise van die gemeenskap te voldoen.
- Om die oortreder se kriminele gedrag te begryp is 'n begrip van sy

interaksie met andere en sy verhoudingslewe in die gemeenskap imperatief.

- Alternatiewe wetsgehoorsame gedragspatrone kan aangeleer word.

In plaas daarvan dat die ‘siekte’ van die oortreder en die behandeling daarvan beklemtoon word, soos in die mediese model,  poog die aanhangers van die aanpassingsmodel om die oortreder te lei tot ‘n sosiaal-aanvaarbare aanpassing in die gemeenskap. (Neser, 1997: 234)

### 2.2.5.3. Die Herintegrasie-model:

Die filosofie van die herintegrasie-model is gebaseer op die volgende beginsels:

- Die probleme van die oortreder behoort binne die gemeenskap aangespreek te word.
- Die gemeenskap het ‘n verantwoordelikheid teenoor die oortreder insoverre dit sy herintegrasie in die gemeenskap aangaan. Daar moet dus geleenthede aan hom gebied te word om sosiaal-aanvaarbare gedrags-patrone te ontwikkel en te implementeer.
- Die gemeenskap het ‘n verpligting om ondersteuningstelsels daar te stel om die ideale van herintegrasie moontlik te maak.
- Gevangesetting is slegs ‘n alternatief wanneer die veiligheid van die gemeenskap ter sprake is.

Die herintegrasie-model is gebaseer op klein gemeenskap-gesentreerde

instellings met weinig klem op sekuriteit en toesighouding.

Dit ondersteun programme wat die oortreder toelaat om die gevangenis te verlaat en vryelik te assosieer met die gemeenskap. In hierdie proses van gemeenskapsintegrasie verkry bystand en werkverskaffing voorkeur.

**2.2.5.4. Die Geregtigheidsmodel:**

Hierdie model is ontwikkel in die vroeë 1970's en volgens David Fogel (1979: 184) kan die kern hiervan kortliks as volg saamgevat word:

*"......properly understood, the justice perspective is not so much concerned with the administration of justice as with the justice of administration".* Bestuur van verandering het onder verdenking gekom, en behandeling is gesien as 'n masker vir brutaliteit en die onregverdige behandeling van oortreders. Behandeling van oortreders behoort met respek vir en behoud van die waardigheid van die indiwidu te geskied, want hulle is ook verantwoordelike mense met 'n eie wil.

Volgens Fogel (1979: 206) impliseer hierdie uitgangspunt dat:

- alle besluite rakende die oortreder op regverdigheid gebaseer word,
- oortreders deel in beperkte mate in die bestuur van die gevangenis deurdat hulle seggenskap verkry in sake wat hul daaglikse lewens raak,
- oortreders het seggenskap in die keuse van gevangenis-programme,
- oor klagtes van onregverdige behandeling word deur 'n administratiewe

paneel beslis, en

- sekere regte word aan oortreders toegeken volgens vasgelegde wetlike voorskrifte.

**2.2.5.5. Die Neo-utilistiese Model:**

Hierdie model het ontwikkel uit die klassieke skool van kriminologie gedurende die agtiende eeu onder die stigters Bentham en Beccaria. Hierdie filosofie het straf geregverdig op grond van die maatskaplike voordele wat dit inhou, maar is gedurende die 1930's uitgefaseer. In 1975 het Wilson en Van Den Haag na vore gekom met 'n argument waarop die neo-utilistiese filosofie gebaseer is. Hul het geredeneer dat, indien behandeling nie kan bydra tot die rehabilitasie van 'n oortreder nie, dan moet hy in gevangesetting bly om daardeur voornemende oortreders af te skrik (Neser, 1997: 243).

Volgens Cilliers (1998: 28) en Neser (1997: 243) is die filosofie van neo-utilitarisme gebaseer op die volgende veronderstellings:

- Dis die taak van die regering om 'n ordelike gemeenskap te handhaaf waarbinne burgers veilig en gelukkig kan voel.
- Die hoofdoel van straf is om die orde te handhaaf.
- Die algemene opvatting is dat straf kriminele gedrag ontmoedig. Derhalwe is straf beide moreel en opvoedkundig regverdigbaar.

- Die oortreder het uit rasionele oorwegings en uit vrye wil besluit om ‘n misdaad te pleeg.
- Straatmisdade soos diefstal, motordiefstal en moord word in ‘n ernstiger lig beskou as byvoorbeeld witboordjie-misdade, omrede dit ‘n atmosfeer van vrees en geweld skep waardeur die gemeenskap bedreigd voel.
- Oortreders kan alleen van misdaad ontmoedig word indien hulle besef dat dit lei tot gevangesetting.
- Rakende bestuur van verandering ondersteun die ‘niks help’-filosofie die gebrek aan empiriese bewyse dat Bestuur van verandering (rehabilitasie) residiwisme kan verminder.
- Gevangenisse is nie veronderstel om vyfster-hotelle te wees nie, maar instellings waarheen oortreders gestuur word as straf.

Die neo-utilistiese strafmodel word gesteun deur sy gewildheid, omrede die gemeenskap die reg het op beskerming teen oortreders. Straf is ‘n regverdige, praktiese en doeltreffende manier om die maatskaplike orde te handhaaf en die probleem van misdaad te beheer. Bartollas (1985: 71) redeneer teen hierdie model en wys daarop dat die veronderstelling dat oortreders die voor- en nadele van misdaad opweeg, te simplisties is en nie die toets van die tyd kan deurstaan nie.

In onderstaande tabel, ontleen aan Bartollas (1985: 75) word ‘n vergelyking getref tussen die belangrikste aspekte van drie komtemporêre teoretiese raamwerke waarvolgens met oortreders gehandel word, te wete die moderne Bestuur van

verandering (rehabilitasie)filosofie, die geregtigheidsmodel en die neo-utilistiese model:

| | **Moderne Bestuur van verandering (rehabilitasie) filosofie** | **Geregtigheids-model** | **Neo-utilistiese strafmodel** |
|---|---|---|---|
| **Benadering tot verantwoordelikheid van oortreder** | Deterministies | Indeterministies | Indeterministies |
| **Doel van straf** | Gedragsverandering en selfverbetering | Geregtigheid en verdiende loon | Sosiale voordele soos deur afskrikking |
| **Tipes straf** | Onbepaalde vonnisse volgens oordeel van regter | Bepaalde vonnisse volgens voorskrifte | Verpligte en bepaalde vonnisse |
| **Gevangenis-programme** | Gerig op etiologiese faktore. Verpligte deelname. | Regverdige behandeling. Vrywillige deelname gerig op selfverbetering. Betrokke by programkeuse | Gekant teen programme. Gereken as ondoeltreffend en gevaarlik. Oortreders word vertroetel. |
| **Besluitneming t.o.v. vrylating.** | Volgens diskresie van administratiewe liggaam | Onvoorwaardelike vrylating met remissie van straf. Geen diskresie. | Onvoorwaardelike vrylating met moontlike na-vonnis aksie. |
| **Strategieë vir misdaad-beheer.** | Elimineer veroorsakende faktore deur terapeutiese ingryping. Verbeter gevangenisprogramme. | ‘n Regverdige bedeling vir oortreders, amptenare en slagoffers van misdaad. | Verklaar oorlog teen gemeenskapsvyande. Min genade vir oortreders |

Tabel 1: ‘n Vergelyking tussen drie kontemporêre teoretiese modelle.

Uit hierdie tabel blyk dit dat die doel van die straf, die tipe straf, gevangenis-programme, besluitneming ten opsigte van vrylating en misdaadbeheerstrategieë bepaal word deur die beskouing oor die verantwoordelikheid van die oortreder. Hierdie verantwoordelikheid word bepaal deur die deterministiese of indeterministiese uitgangspunt van die betrokke model. Volgens Neser (1993: 21) plaas die indeterministiese uitgangspunt die verantwoordelikheid vir kriminele

gedrag op die wilsvryheid van die indiwidu. Hierteenoor, volgens die deterministiese uitgangspunt, bepaal die indiwidu nie vooraf sy gedragspatroon nie, en derhalwe val sy optrede buite sy vrye wil.

Die doel van straf vir elke model is gebaseer op die deterministiese of indeterministiese beskouing van die betrokke model. Dit het ‘n direkte invloed op die straftipes soos voorgestaan deur elke model. Daarom is die beskouing van die moderne bestuur van verandering (rehabilitasie)-filosofie dat die gedrag van die deterministiese oortreder gewysig kan word. Hierteenoor meen die geregtigheidsmodel sowel as die neo-utilistiese model dat die oortreder straf verdien. Omrede die oortreder deterministies opgetree het, moet die regter sy eie diskresie gebruik met vonnis-oplegging. Die oortreder het sy daad uit eie vrye wil gepleeg en behoort daarom gestraf te word volgens vasgelegde riglyne.

Die invloed van die indeterministiese benadering is duidelik dat, omrede die oortreder die misdaad willens en wetens gepleeg het, daarom kan hy nie verander nie en daarom is die neo-utilistiese model gekant teen enige programme. By die geregtigheidsmodel is deelname aan programme vrywillig. Omrede die oortreder in sy misdaad deterministies was, bestaan die moontlikheid dat hy rehabiliteerbaar is, en met daardie doel voor oë word programme aangebied.

In die moderne bestuur van verandering- model word wye ruimte gelaat vir diskresie in die besluitneming oor die vrylating van ‘n oortreder. Hierdie besluit

sal beïnvloed word deur die vlak van rehabilitasie sowel as die oortreder se deelname aan programme gedurende sy straf. Volgens die geregtigheidsmodel sal ‘n oortreder nie onvoorwaardelik vrygelaat word nie, maar slegs volgens sekere riglyne. In die neo-utilistiese model sal ‘n oortreder alleenlik vrygelaat word na voltooiing van sy hele vonnis, en dan bestaan die moontlikheid van ‘n ná-vonnis optrede.

Die misdaadbeheerstrategie by die moderne bestuur van verandering (rehabilitasie-model is gebaseer op die rehabilitasieprogramme wat aangebied word as poging om die veroorsakende faktore te elimineer. Die strategie van die neo-utilistiese model is om die oortreder uit die gemeenskap te weer – ‘n minder simpatieke vorm van behandeling. Die geregtigheidsmodel se strategie is geleë in die regverdige behandeling van al die betrokkenes by die misdaad.

**2.3. Die Ontwikkeling van die Perspektief van Eenheidsbestuur:**

Daar bestaan bewyse van eensame opsluiting reeds in die vroeë Europa en Amerika, en in Kanada was gevangenes voor 1940 aangehou in uiters klein, afsonderlike vensterlose selle (Teeters & Shearer, 1957: 5). Gedurende die 1970’s was verskeie gevangenissisteme wêreldwyd genoodsaak om hul bestuurstelsels en administratiewe prosedures onder die loep te plaas. Gebaseer op vroeëre eksperimente het die United States Bureau of Prisons die benadering van eenheidsbestuur begin implementeer met die hoofdoel om volle beheer oor

hul stelsel te verkry. Ander het hierdie roete begin volg.

Volgens Houston (1995: 84) is eenheidsbestuur nie ‘n program nie, maar ‘n meer effektiewe metode om programme te bestuur.Daarom is die hart van eenheidsbestuur opgesluit in die desentralisering van bestuur. Bayens (1997:  32) sien eenheidsbestuur as beide ‘n filosofie en ‘n ontwerp. Dit  gebruik die gebou om die korrektiewe beampte in staat te stel om die gevangenisbevolking meer effektief te bestuur. Eenheidsbestuur word huidiglik in die mees suksesvolle gevangenisse ter wêreld toegepas, naamlik die United States Federal Bureau, die Kanadese, Nederlandse en Sweedse sisteme.

Eenheidsbestuur is ‘n bestuursbenadering waardeur personeel bemagtig word om soveel verantwoordelikheid te aanvaar as wat hul nodig ag. Dit lei tot ‘n verbintenis aan die kant van personeel en bevorder die voordele van eenheidsbestuur. Eenheidsbestuur maak die prestasies van ondergeskiktes herkenbaar vir eenheidsbestuurders. Sodanige herkenning lei tot beloning. Personeel raak betrokke by die prosesse van besluitneming en beleidsvorming. Personeel se betrokkenheid  in die funksionering van die instelling lei tot groter werkstevredenheid (Houston, 1995: 260). Gevangenisse waarin eenheids-bestuur toegepas word, is ook beter georganiseer. Sulke gevangenisse is veiliger, meer menslik en beter aangepas vir korrektiewe programmering. Daarom is die eenheidsbestuursbenadering die ideale ondersteuningsmodel vir gevallebestuur.

Volgens Carter, Glaser & Wilkins (1985: 343) is die hoof doelstellings van eenheidsbestuur:

- Om ‘n veilige en menslike omgewing daar te stel om sodoende die skadelike effek van gevangesetting teen te werk, en
- Om ‘n verskeidenheid sosiale geleenthede, berading, opvoedkundige en beroepsopleiding beskikbaar te stel om die oortreder te lei tot suksesvolle reïntegrasie in die gemeenskap.

Farmer (1992: 28) onderskei sewe essensiële komponente van eenheidsbestuur:


- ‘n Eenheid bestaan uit vyftig tot honderd oortreders.
- Hul word saamgevoeg op grond van een of ander gemeenskaplike eienskap, bv. ouderdom, persoonlikheidstipe, vorige rekord, duur van vonnis of enige dergelike eienskap geïdentifiseer gedurende die waarnemings- of klassifiseringsfase.
- Hierdie oortreders is onder die toesig van ‘n multidissiplinêre, relatief permanente span korrektiewe personeel. Sodanige span bestaan uit ‘n eenheidsbestuurder, minstens een sekretaris of sekretaresse, ‘n gevallebestuurder, maatskaplike werkers, korrektiewe berader, korrektiewe beamptes, ‘n opvoeder en ‘n geestelike werker.
- Vergeleke met ‘n gesentraliseerde model vertoon die eenheidsbestuur-model ‘n meer afgeplatte organisatoriese struktuur.

- Die korrektiewe beampte se verantwoordelikhede binne die eenheid word bepaal deur die geldende beleid en prosedures.
- Korrektiewe beamptes binne die eenheid beskik oor die outoriteit om besluite rakende die oortreders in daardie eenheid te neem.
- Binne so ‘n eenheid is die ideale personeel:oortreder verhouding tussen 1:5 en 1: 10.

Dit is duidelik dat gevallebestuur ‘n integrale deel van eenheidsbestuur sal uitmaak.

Luyt (1998: 26) meld dat eenheidsbestuur gebou is op drie pilare, tw. gevallebestuur, argitektuur en direkte toesig. Hierby kan ook gedesentraliseerde programbestuur as ‘n vierde pilaar – wat deel vorm van die oortreder se rehabilitasie – gevoeg word. Dus kan gesê word dat eenheidsbestuur saamgestel word uit vier legkaartstukke, naamlik gevallebestuur, argitektuur, direkte toesig en gedesentraliseerde programbestuur.

Menseregte




Menswaardigheid

**Figuur 3 . Die Legkaart van Eenheidsbestuur.**

Elke deeltjie van die legkaart dra op die volgende wyse by tot die groter geheel:

- **Argitektuur:**

Die essensie van eenheidsbestuur is opgesluit in die oortuiging dat oortreders rasionele mense is wat reëls sal gehoorsaam solank daar in hul basiese behoeftes voorsien word. Die argitektuur van die gevangenis behoort sodanig te wees dat dit 'n omgewing sal skep waardeur in die menslike behoeftes aan veiligheid, privaatheid, persoonlike ruimte, kontak met familie, sosiale verhoudings en ontspanning voorsien word. Zupan (1991: 96) verklaar dat argitektuur alleen nie oortreders kan omvorm tot wetsgehoorsames nie, maar dit vorm die

omgewing in so ‘n mate dat pogings om die omgewing te manipuleer vroegtydig ontdek kan word. Die behoefte aan normaliteit tydens gevangesetting is wel ‘n belangrike aspek wat aangespreek kan word deur die argitektuur van die gevangenis.

- **Direkte Toesig:**

Zupan (1991: 105) is van mening dat die wyse waarop toesig oor oortreders gehou word, die mees kritieke komponent van eenheidsbestuur uitmaak. Toesig beoog om die spanning wat met gevangesetting gepaardgaan, te verlig en om beheer oor die gedrag van oortreders uit te oefen.Direkte toesig beteken dat die korrektiewe beampte die hele dag in kontak sal wees met die oortreders onder sy sorg (Nelson, 1988: 2-3).

- **Gevallebestuur:**

Gevallebestuur is bedoel om die toesig toe te spits op die probleme van die oortreder. Die National Institute of Corrections in die Verenigde State het die ‘model sisteem’ van gevallebestuur in 1980 ontwikkel. Aanvanklik is gevallebestuur aan ‘n proeftydperk onderwerp, maar het later beleid geword vanweë die noodsaaklikheid om, in samewerking met oortreders, hul persoonlike behoeftes te identifiseer en om bewus te wees van bronne en programme wat dit moontlik sou maak om in daardie behoeftes te voorsien (Doherty & Ekstedt,

155; Luyt, 1999: 127).

- **Gedesentraliseerde Programbestuur:**

Die gevangenis speel ‘n belangrike rol in die lewens van oortreders deur hulle te help om wetsgehoorsame burgers te word. Behandelings- en ontwikkelings-programme is voortdurend nodig om meer permanente gedragsverandering teweeg te bring. Daarom moet ontwikkelingsprogramme voortdurend gemik wees op die behandeling van probleme wat kan verhoed dat die oortreder op aanvaarbare wyse in die gemeenskap optree. Gevallebestuur bied die ideale geleentheid vir die aanbieding van sodanige programme op ‘n gedesentraliseerde wyse.

- **Menseregte en Menswaardigheid:**

Een van die oogmerke van gevallebestuur is om die beheer oor die gedrag van oortreders te verbeter. Sodanige beheer is in lyn met die oogmerk van gevangesetting, naamlik die positiewe ontwikkeling van die oortreder, met erkenning van sy menswaardigheid. In vergelyking met tradisionele gevangenisse verskaf gevangenisse waar gevalle-bestuur in gebruik is, meer erkenning aan die oortreder se menswaardigheid. Waar gevallebestuur nougeset toegepas word, sal die menswaardigheid van die oortreder derhalwe beskerm word. En aangesien geen twee dele van die legkaart oorvleuel nie, beteken dit dat elke komponent

afsonderlik kan funksioneer.

## 2.4. Omskrywing van Gevallebestuur:

Die Merriam-Webster Collegiate Dictionary (190) omskryf ‘n geval *(“case”)* as: ‘*A situation requiring investigation or action (as by the police)’.*
Dieselfde woordeboek omskryf bestuur *(‘manage’)* as: *‘To handle or direct with a degree of skill: as to work upon or try to alter for a purpose’*.

Saamgevoeg kan ‘gevallebestuur’ dus omskryf word as “die ondersoek of hantering van ‘n situasie deur ‘n kundige met die oogmerk om dit vir ‘n doel geskik te maak”.

Enos (Enos & Southern, 1996: 1) definiëer bevallebestuur  binne die korrektiewe opset as: *“Correctional case management is a systematic process by which identified needs and strengths of offenders are matched with selected services and resources in corrections”.* Volgens Heser (1991: 45) kan gevallebestuur omskryf word as “*the development of an assignment  and result driven method and a form of organisational development.”*

Parker-Jimenez (1997: p48; Vardon, 1997: 126) meld dat, ongeag die terrein, die gebruik van die term ‘gevallebestuur’ ‘n model van mensebestuur veronderstel wat uit ‘n aantal elemente bestaan:

- Iedere persoon word behandel as indiwidu en nie as lid van ‘n groep nie.
- Gevallebestuursprogramme word ontwikkel rondom indiwiduele behoeftes.
- Programme omvat duidelik-gedefiniëerde doelstellings.
- Positiewe gedrag word vereis vir doelbereiking.
- Die stelsel vergoed positiewe doelbereiking.
- Iedere persoon dra by tot sy program.
- Gereelde gesigkontak tussen indiwidue en die ko-ordineerder word as belangrik beskou.
- Hulp met voorbereiding op die terugkeer na die gemeenskap is ‘n hoë prioriteit.
- Die oortreder:personeel verhouding is hoog.
- Oortreders ontvang ondersteuning op verskillende wyses, bv. in opvoeding, beroepsopleiding, konsultering en behandeling.
- Klem word gelê op die antisipasie en voorkoming van probleme, eerder as op die latere genesing daarvan.
- Voortdurende akkurate rekordhouding met die oog op monitering van vordering en terugrapportering is noodsaaklik.

Deur te fokus op die voorkoming van residiwisme, die herintegrasie van die oortreder in die gemeenskap en die monitering van sy vordering poog gevallebestuur om in die behoefte aan verandering, bestuur van verandering (rehabilitasie) en toesig en gemeenskapsbetrokkenheid te voorsien. Dit kan ook

gesien word as ‘n uitreiking deur die korrektiewe beampte om hulp te verleen ten opsigte van die veelvuldige en komplekse probleme van die indiwiduele gevangene.

### 2.5. Ontwikkeling van Gevallebestuur in Gevangenisse:

Waar kom gevallebestuur vandaan? Is dit dalk ‘n ou konsep wat net vroeër onder ’n ander naam bekend was? Volgens Enos en Southern (1996: 23) is die sleutel-elemente van gevallebestuur opgesluit in die begrippe ‘eiehulp’ en ‘ondersteuningsnetwerke’. En dit was nog altyd deel van die Westerse kultuurgeskiedenis. Dit word net nou as sulks herken (Froland, Pancoast en Parker, 1983: 45). Hierdie ondersteuningsnetwerke het bestaan uit vriende, families en verteenwoordigers uit ander sosiale groepe van wie hulp verkry kon word. Enos en Southern (1996: 23; Wilensky & Lebaux, 1958: 25) meen dat die term ‘*helping networks’* verwys na die begin van maatskaplike welsyn. Laasgenoemde verwys na netwerke bestaande uit formele en informele ondersteuningstelsels, waardeur die aard van privaat en welsynsbenaderings beklemtoon word.

Die hoof-fokus van gevallebestuur is op indiwiduele behandeling met die oog op die bestuur van verandering (rehabilitasie) van die oortreder. Die klassieke beskouing oor strafoplegging voorsien vier wyses waardeur die doel van

misdaadvoorkoming bereik word, t.w. vergelding (of retribusie), ontmoediging, voorkoming deur middel van inkapasitasie en bestuur van verandering (rehabilitasie). Volgens Palmer (1992: vii) is retribusie straf terwille van straf, ontmoediging is meer instrumenteel deur aan die oortreder te toon dat die prys van misdaad hoër is as die wins, inkapasitasie word bereik deur gevangesetting en bestuur van verandering (rehabilitasie) poog om die oortreder sodanig te verander dat hy die begeerte tot misdaad verloor. Dus is die term 'Bestuur van verandering ' direk gekoppel aan gevallebestuur.

Volgens Enos & Southern (1996: 111) omvat die rehabilitasie van oortreders drie waardes:

- Die oorgrote meerderheid oortreders beskik oor die potensiaal om sy gedrag te verander.
- Persoonlike verandering kan geskied deur indiwiduele berading deur 'n korrektiewe beampte.
- Gevangesetting sowel as gemeenskap-korrektiewe opsette kan meer menswaardig wees en sodoende terapeutiese milieus word.

Die oogmerk van gevangesetting is huidiglik nie alleen om kriminele af te skrik nie, maar gevangesetting kan ook help in die beheer van misdaad en die rehabilitasie van oortreders in die gevangenis. Die filosofie van gevallebestuur bestaan uit 'n sisteem van fundamentele oortuigings, konsepte en houdings in verband met die verhouding tussen die korrektiewe beampte en die oortreder.

Sodoende kan die rol van die beampte teenoor die oortreder gedefiniëer word. Hieruit kan alle reëlings, prosesse en prosedures binne die eenheid voorgeskryf word.

Gevallebestuur is gefokus op die behoeftes en belangstellings van die oortreder. Daarom kan programme ontwikkel word om indiwiduele behoeftes te akkomodeer. Enos & Southern (1996: 1) omskryf gevallebestuur as 'n sistematiese proses waardeur geselekteerde dienste en bronne gepaar word met die behoeftes van oortreders. Omrede meeste oortreders eventueel in die gemeenskap vrygelaat sal word, verskaf korrektiewe gevallebestuur die moontlikheid om residiwisme te verminder, en terselfdertyd word 'n rykdom van behandelingsopsies aan oortreders gebied.

Die navorsing van Froland, Pancoast, Chapman en Kimbodo (1981) toon 'n verband tussen die terme 'gevallebestuur' en 'ondersteuningsnetwerke'. Hul konkludeer dat informele hulpaktiwiteite verskerp moet word ten einde 'n skakel te vorm tussen informele en formele sisteme van hulpverlening en die ontvangs van ondersteuning. Dus is gevallebestuur 'n brug en netwerksisteem wat lei tot die koördinering en distribusie van beide informele en formele dienste ten behoewe van diegene in nood.

Kortliks kan gevallebestuur omskryf word as 'n perspektief op of benadering tot die indiwiduele geval – dus die oortreder. Gevalle-bestuur is 'n metode

waarvolgens die vordering van die oortreder tydens sy termyn van gevangesetting georganiseer word (Bruyns, Jonker & Luyt, 2000: 76; Luyt, 1999: 127). Derhalwe is gevallebestuur die primêre struktuur wat alle aktiwiteite van die personeel en oortreders aaneenskakel in die korrektiewe opset.

**2.6. Doel en Doelstellings van Gevallebestuur:**

Gevallebestuur is ‘n proses wat deel vorm van ‘n bestuursbenadering genaamd ‘eenheidsbestuur’. Eenheidsbestuur is ‘n humanitêre bestuursbenadering ontwerp om voordeel te trek uit die verwagte voordele van desentralisasie en outonomie in organisasies. Kanter (1987: 258) identifiseer hierdie voordele as: groter selfvertroue in die werk, verhoogde werksbevrediging, werkstoewyding, moreel en houding teenoor die bestuur en verbeterde kommunikasie tussen departemente.

Dat gevallebestuur deel vorm van eenheidsbestuur impliseer geensins dat dit nie op sigself kan funksioneer nie. Met die regte implementering behoort gevallebestuur aan ‘n spesifieke doel te beantwoord. Hierdie doel behoort rigtinggewing en die koördinering van aktiwiteite wat verband hou met die bestuur van die oortreder se vonnis te omvat (Correctional Services of Canada, 1996: 3).

Die doel van gevallebestuur kan kortliks as volg saamgevat word (Bruyns, Jonker & Luyt, 2000: 78: Luyt, 1999: 182):

- Gevallebestuur moet die rigtinggewing en die koördinering van alle aktiwiteite wat verband hou met die bestuur van die vonnis van oortreders voorsien.
- Oortreders moet die geleentheid gebied word vir verandering en verbetering. Dit is moontlik deur die oortreder se eie pogings sowel as die dienste tot sy beskikking.
- Die fokus van toesig moet gerig wees op die probleme van oortreders.
- Om die verlangde verandering by oortreders teweeg te bring en die voorkoms van residiwisme te verminder en sekuriteit te verhoog, moet ‘n voortgaande proses van betrokkenheid bly.
- Die terugplasing van die indiwidu in die gemeenskap moet ‘n proses wees wat reeds vroegtydig beplan word.
- Goeie verhoudings moet tussen die oortreder en personeel ontwikkel word.
- Realistiese beplanning en implementering van programme moet gedoen word nadat indiwiduele behoeftebepalings voltooi is.
- Gemelde beplande programme vir elke indiwidu moet gereeld gemonitor word.
- Gevallebestuur moet poog om die vonnis van die oortreder so produktief moontlik te maak.
- Behandelingsprogramme moet, indien nodig, gereeld hersien word.
- Die vaardighede van personeel kan verskerp word deur die verryking van gewone pligte.

- Die belangrikste aspek van gevallebestuur is die beplanning van die vonnis.
- Dokumentasie moet gereeld op datum gebring word, aangesien dit die enigste bron van inligting ten opsigte van elke oortreder is. Dit vereis streng kontrole.

In verband met die bogemelde realistiese beplanning en implementering van programme meld Neser: “Ten einde die program-behoeftes van die gevangene te bepaal is daar grade van behoefte-assesering nodig, d.w.s. programseleksie en programprioriteitsbepaling vir elke gevangene. Drie vlakke van behoefte-assesering is essensiël, naamlik opname-assesering, disposisionele assesering en intensiewe assesering.

- Gedurende opname-assesering word deur middel van behoefte-asseseringsinstrumente besluit watter gevangenes, bo en behalwe die universele programme, ook by subhanterings-, probleem- georiënteerde en indiwiduele programme ingeskakel moet word.
- Gedurende disposisionele assesering word daar vanuit die beskikbare gegewens aangaande die gevangene se funksionering ‘n analise van sy disposisies gemaak waarvolgens besluit word watter spesifieke programme, bo en behalwe die universele program, op hom van toepassing is.
- Gedurende die intensiewe assesering word prioriteitsareas vir elke gevangene se behoeftes geïdentifiseer, en word daar indiwiduele behandelingsprogramme geformuleer” (Neser, 1989: 252).

In hierdie verband identifiseer Neser (253) die volgende vier programkategorieë:

- Universele programme
- Subgroephanteringsprogramme
- Probleem-geörienteerde programme
- Indiwiduele programme.

Volgens Doherty & Ekstedt (156) behoort die voorbereiding op die terugplasing van die oortreder in die gemeenskap nie tot die einde van die vonnis uitgestel te word nie, maar dit kan ‘n vroegtydig-beplande proses word deur die gebruik van gevallebestuur. Gevallebestuur is derhalwe ‘n voortgaande proses. Dit bring ‘n voortgaande betrokkenheid by die personeel deur die aanwending van spesifieke kennis en vaardighede om daardeur die gewenste verandering by die oortreder teweeg te bring. Sodoende kan residiwisme verlaag en sekuriteit verbeter word.

Luyt (1999: 128) omskryf die doelstellings van gevallebestuur soos volg:

- Om te verseker dat die fokus op die indiwidu gerig is.
- Om die rol van die korrektiewe beampte meer doeltreffend te maak.
- Om ‘n doeltreffende sekuriteitsisteem op te bou.
- Om doeltreffende verhoudings met oortreders op te bou deur die uitklaring van rolle en verwagtings.
- Om probleemareas en behoeftes by oortreders te identifiseer.

- Om realistiese programme te ontwikkel, te koördineer en te implementeer om in daardie behoeftes te voorsien.
- Om gemelde vonnisbeplanning gereeld te monitor en te hersien.
- Om die vonnis van die oortreder so produktief moontlik te maak.

Enos & Southern (1996: 2) meld dat die basiese doelstelling van gevallebestuur die volgende behoort in te sluit:

- Die voorkoming van residiwisme.
- Die reïntegrasie van die oortreder by die gemeenskap en samelewing.
- Die sistematiese monitering van indiwiduele vordering en die uitkomste van programme. Dit is essensieel ten einde professionele verantwoordelikheid, openbare veiligheid en gedragsverandering by die oortreder te verseker.

Die doel van gevallebestuur is dus om te fokus op die indiwidu op so 'n wyse dat aan alle behoeftes en aspekte gedurende sy termyn aandag gegee word tot die beste vermoë van die korrektiewe beampte aan wie se sorg hy toevertrou is. Gevallebestuur is die proses waardeur al die relevante elemente rakende die oortreder se hantering as gevangene aaneengeskakel word.

Dit is ook duidelik dat personeel wat in 'n eenheid werksaam is, ook meer blootgestel sal word aan multidissiplinêre take. Die term 'gevallebestuur' verwys na die verskillende inisiatiewe wat geneem moet word om te verseker dat die

vonnis so doeltreffend en produktief moontlik deur die oortreder uitgedien word. Hierdie inisiatiewe word in die volgende diagram geïllustreer:





Fig. 4: Inisiatiewe van Gevallebestuur.

Die implementering van die filosofie van gevallebestuur in gevangenisse het waarskynlik ‘n groter impak gehad op die rol van die korrektiewe beampte as wat verwag is. Voorheen het die beampte weinig interaksie met die gevangene gehad, maar volgens die eise van gevallebestuur word van die beampte verwag om meer gereelde kontak te hê met ‘n kleiner groepie gevangenes vir wie hy dan ook verantwoordelik is. Hierdie kommunikasie is tegelykertyd formeel en informeel. Dit beteken dat die beampte met die oortreder kontak maak, selfs wanneer hy nie aan diens is nie, maar ook tydens ‘n persoonlike onderhoud minstens eenkeer per maand.

### 2.7. Samevatting:

Die voorafgaande bied ‘n oorsig van die geskiedenis van gevangesetting sowel as die beginsels en filosofie van gevangenisbestuur. Met die klem op die indiwidu was gevallebestuur, as deel van die geskiedenis van gevangenisbestuur, in die vroeër jare aangewend vir die doel van bestuur van verandering (rehabilitasie).

Die Auburn en Pennsylvania stelsels was die beginpunt van die hedendaagse stelsels. Dit het gebruikgemaak van enkelsel-afsondering met die doel om die oortreder op sò ’n wyse te rehabiliteer. Die gebruik van nuwe-generasie gevangenisse en gevallebestuur toon ‘n herlewing van dieselfde benadering.

Ook is die doel en plek van gevallebestuur binne die raamwerk van eenheidsbestuur beklemtoon, alhoewel dit ook onafhanklik kan funksioneer. Gevallebestuur behoort, met die korrekte implementering, die doel van rigtinggewing en koördinering van alle aktiwiteite rakende die bestuur van die veroordeelde oortreder te bereik.

*    *    *    *

**<u>Bronnelys:</u>**

**Barnes, H. E. & Teeters, N. K. 1959.** "*New Horizons in Criminology".* (Derde Druk). Verenigde State van Amerika: Prentice-Hall.

**Bartollas, C. 1985.** "*Correctional treatment: theory and practice".* New Jersey: Prentice-Hall.

**Bayens, G. J., Williams, J. J. & Smykla, J. O. 1997.** *"Jail Types Makes a Difference: Evaluating the Transition From a Traditional to a Modular, Direct Supervision Jail Across Ten Years".* American Jails: May/June.

**Bradford, W. [1793] 1972**. "*Reform of criminal law in Pennsylvania: Selected inquiries 1787-1819"* New York: Arno.

**Bruyns, H., Jonker, J. & Luyt, W. 2000**. "*Unit Management and Legal Principles in Prisons".* Florida: Technikon SA.

**Bybelse Ensiklopedie, (Derde Druk) 1959:** Verenigde Protestantse Uitgewers (Edms.) Bpk. Kaapstad.

**Carlson, P. M. & Garrett, J. D. 1999**. "*Prison and Jail Administration. Practice and Theory".* Maryland: Aspen Publishers, Inc.

**Carter, R. M., Glaser, D. & Wilkins, L. T. 1985**. "*Correctional Institutions",* (Derde Druk). New York: Harper & Row, Publishers, Inc.

**Cilliers, C.  1998.**  "*Unit Management in Prisons".*  Roodepoort:  Open Learning Academy Group.

**Cilliers, C. H. & Cole, J.  1996**.  "*Gevangenesetting – die Werkesel van die Strafreg.  Die Landdros".*  Desember 1996.

**Cole, G.  1989**.  "*The American criminal justice system".*  Pacific Grove: Brooks/Cole.

**Correctional Services of Canada.  1996**.  *Case Management for Management Services Staff.*   Vancouver.

**Coyle, A.  1994**.  "*The Prisons We Deserve".*  London: Harper Collins Publishers.

**De Wet, J. C. & Swanepoel, H. L**.  1975.  "*Strafreg".*  Durban: Butterworths.

**Die Naslaanbybel, 1963 uitgawe**. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

**Doherty, D. & Ekstedt, J. W.**  "*Conflict, Care and Control:  The History of the Corrections Branch in British Columbia".*  Toronto: Simon Fraser University Institute for Studies in Criminal Justice Policy.

**Drűcker , P. 1954**:  "*The Practice of Management*"  aangehaal  op en.wikipedia.org/wiki/**Management_by_objectives.**

**Du Preez, N.  1999**.  Development of Corrections in South Africa.  In Basic Training Module 1 (Technikon SA and Department of Correctional Services).

**Du Toit, E. 1981:** *"Straf inSuid-Afrika". Kaapstad, Juta.*

**Enos, R. & Southern, S. 1996**. "*Correctional Case Managemen"t.* Cincinnati, OH: Anderson Publishing Co.

**Farmer, J. F. 1992**. "*Assessing the effects of decentralized unit management: A comparison of organizational climates in two medium security Massachusetts prisons".* Ongepubliseerde Doktorale Proefskrif. Boston: Boston University.

**Flanagan, T. J., Marquart, J. W. & Adams, K. G. 1998.** "*Incarcerating Criminals. Prisons and Jails in Social and Organizational Context*". New York: Oxford University Press, Inc.

**Fogel, D. 1979.** *"… We are the living proof." The justice model for corrections.* Second edition. Cincinnati: Anderson.

**Freeman, J. C. 1978**. "*Prisons Past and Future"*. London: Heinemann.

**Froland, C., Pancoast, D. L. & Parker, P. 1983.** "*Rediscovering Self-Help".* Beverly Hills, CA: Sage Publications.

**Froland, C., Pancoast, D. L., Chapman, N. J. & Kimboko, P. J. 1981.** "*Helping Networks and Human Services".* Beverly Hills, CA: Sage Publications.

**Griffiths, A. 1894**. "*Secrets of the prison-house".* London: Chapman and Hall, Ltd.

**Grünhut, M. 1948.** "*Penal Reform. A Comparative Study".* Oxford: Clarendon Press.

**Grupp, S. 1971**. "*Theories of punishment".* London: Indiana Press

**Hallema, A.  1958.**  "*Geschiedenis van het Gevangeniswezen hoofdzakelijk in Nederland".*  'S-Gravenhage: Staatsdrukkerij en Uitgeverijbedrijf.

**Heser, K. E. H.  1991**.  "*Case management in de jeugdhulpverlening".*  Utrecht: SWP

**Houston, J.  1995.**  "*Correctional Management: Functions, Skills and Systems".* Chicago: Nelson Hall.

**Kanter, R. M. 1987**.  "*Men and Women of the Corporation Revisited: Interview with Rosabeth Moss Kanter".*  Human Resource Management.  Vol. 26, number 2: 257 – 263.

**Kernwoordeboek van Afrikaans** : Nasou Beperk, Kaapstad.

**Kroon, J. (ed.) 1995**.  "*General Management".*  (Tweede Druk).  Pretoria: Kagiso Tertiary.

**Lombardo, L. X. 1981**.  "*Guards Imprisoned: Correctional Officers at Work".* New York:  Elsevier.

**Luyt, W. F. M.  1996.**  "*'n Penologiese studie rakende maksimumgevangenisse".* Ongepubliseerde M- verhandeling. Pretoria: Unisa.

**Luyt, W. F. M.  1998**.  "*Unit Management in Prisons: What the Future Holds!* " The Keeper's Voice.  Volume 19, Number 3.  Fall.

**Merriam-Webster Collegiate Dictionary.  2003:** (Elfde Uitgawe). Springfield, Massachussetts.

**Morris, N. & Rothman, D. J. 1995.** "*The Oxford History of the Prison. The Practice of Punishment in Western Society".* New York: Oxford University Press.

**Nelson, W. R. 1988**. "*Cost Savings in New Generation Jails: The Direct Supervision Approach".* Washington DC: National Institute of Justice.

**Neser, J. J. (ed.) 1993**. "*Penitentiary Penology*". (Tweede druk, Eerste Uitgawe). Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

**Neser, J. J. (ed.) 1997**. "*Penitentiary Penology".* (Tweede druk, Tweede uitgawe) Johannesburg: Lexicon Publishers.

**nl. *Wikipedia*** *http://nl.wikipedia.org/wiki/Empirisme*

**Palmer, T. 1992**. "*The Re-emergence of Correctional Intervention".* United States of America, California: SAGE Publications, Inc.

**Parker-Jimenez, J. 1997.** "*An offender's experience with the criminal justice system".* Federal Probation. Volume 61 (1). 47-52.

**Phillips, R. L. & McConnell, C. R. 1996.** "*The Effective Corrections Manager: Maximizing Staff Performance in Demanding Times".* Gaithersburg, Mary Land: Aspen Publishers, Inc.

**Pretorius, A. 2002.** "*Super Maksimum Gevangenisse".* Ongepubliseerde DLitt et Phil- proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

**Rabie, M. A. & Strauss, S. A. 1985**. "*Punishment. An Introduction to Principles".* (Vierde druk.). Johannesburg: Lex Patria Uitgewers.

**Reichel, P. L. 2001**. "*Corrections. Philosophies, Practices and Procedures".* Boston: Allyn and Bacon.

**Reid, S. T. 1994**. "*Crime and Criminology"*. (Sewende druk). Dubuque: Brown & Benchmark.

**Reid, S. T. 1981**. "*The Correctional System: An Introduction".* New York: Holt, Rinehart & Winston.

**Snyman, C. R. 1995**. Criminal Law. (Derde Druk). Johannesburg: Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk.

**Steyn, D. G. 1959**. "*Die Suid-Afrikaanse Gevangeniswese. 'n Uiteensetting en beoordeling van die Gevangenisorganisasie en –beleid".* Pretoria: Unie-Boekhandelaars.

**Teeters, N. K. & Shearer, J. D. 1957.** "*The Prison at Philadelphia: Cherry Hill".* New York: Columbia University Press.

**Toch, H. 1996**. "*Prison reform in a federalist democracy".* Prison Journal, 76(4), 495-501.

**United Nations Social Defence Research Institute (UNSDRI). 1975.** "*Prison Architecture. An international survey of representative closed institutions and analysis of current trends in prison design".* London: The Architectural Press Ltd.

**Van Wyk, M. 1964.** "*Die ontwikkeling van die gevangeniswese in die Kaapkolonie vanaf 1806 tot en met Unifikasie 1910". Ongepubliseerde* MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

**Vardon, S. 1997***. Are prisoners clients?* Australian Journal of Public Administration. Volume 56 (1). 125-129.

**Wilensky, H. L. & Lebeaux, C. N. 1958.** "*Industrial Society and Social Welfare".* New York, NY: Russell Sage Foundation.

**Wolfgang, M. 1960***: Studies in the Renaissance* The University of Chicago Press.

**Zupan, L. L. 1991**. "*Jails: Reform and the New Generation Philosophy*". Cincinnati: Anderson.

* * * *

# **HOOFSTUK 3:**

# **MISDAADTEORIEë.**

## 3.1. **Inleiding:**

Wat is misdaad? Waar kom dit vandaan? Die Merriam-Webster Collegiate Dictionary omskryf misdaad as: "*an act or the commission of an act that is forbidden or the omission of a duty that is commanded by a public law and that makes the offender liable to punishment by that law."* (Merriam-Webster, 11de Uitgawe, p.296).

Hierdie dubbele aanduiding van 'n 'daad' of 'versuim' kom treffend na vore in 'n onderskeiding van die twee kern-elemente van die woord 'mis – daad', dus: 'n daad of versuim wat die doel daarvan mis. Elke wet, elke norm is 'n gedragsbepaling wat die belang van die indiwidu en/of gemeenskap ten doel het. Daarom impliseer 'misdaad' (hetsy 'n daad, hetsy 'n versuim) 'n benadeling van die regte van die indiwidu en/of die gemeenskap. Dit het beide sosioloë en kriminoloë deur dekades gelei tot verskillende verklarings vir die misdaad-verskynsel.

In die bespreking van die verskillende misdaadteorieë wat volg, word meermale verwys na die Anomie-teorie van Emile Durkheim. Sonder om hierdie teorie afsonderlik te bespreek, word die hooflyne daarvan hier kortliks weergegee:

Die term 'Anomie' het sy oorsprong in die Grieks '*à nomos*' wat letterlik 'sonder wet' beteken. Emile Durkheim omskryf die term as 'n toestand waar sosiale en/of

morele norme verward, onduidelik, of doodgewoon afwesig is. Durkheim meen dat hierdie gebrek aan norme – of vooraf-aanvaarde begrensinge van gedrag in die gemeenskap – aanleiding gee tot afwykende gedrag. “If the rules of conjugal morality loses their authority, and the mutual obligations of husband and wife become less respected, the emotions and appetites ruled by this sector of morality will become restricted and uncontained, and accentuated by this very release; powerless to fulfill themselves because they have been freed from all limitations, these emotions will produce a disillusionment which manifests itself visibly…” (Aanhaling by Giddens, 1972: p173)

## 3.2. MISDAADTEORIEë:

In die bespreking van die volgende misdaadteorieë word ter illustrasie meermale verwys na spesifieke gevallestudies soos dit voorkom onder **7.2: Gevallestudies:Suid Afrikaanse Misdaad** op p. 266 en verder.

### 3.2.1. Differensiële Assosiasie-teorie.

Die Differensiële Assosiasie-teorie word gereken tot die krediet van Edwin H. Sutherland in 1939. In die vierde uitgawe van sy werk ***Principles of Criminology*** (1947) redeneer Sutherland dat, net soos sosiale norme aangeleer word deur sosiale interaksie en waarneming, so ook maatskaplike afwykings. Sy Differensiële Assosiasie-teorie is gebaseer op die vertrekpunt dat, omrede ‘n persoon met meer

lede van ‘n groep, wat ten gunste van afwykende gedrag is, assosieer as met hulle wat die sosiale norme respekteer, daarom toon daardie persoon ‘n groter geneigdheid tot sulke afwykende gedrag. Sutherland se benadering suggereer dat daar eerder gelet moet word op faktore veel wyer as net etniese herkoms, klas en ras. Hy onderskei nege beginsels wat hy aandui as ‘n ‘genetiese verklaring van kriminele gedrag’:

- **Kriminele gedrag is aangeleerde gedrag:**

*“Criminal behavior is learned”* (Sutherland, 1960: p77.)

Soos met die meerderheid sosiale leerteorieë gaan die Differensiële Assosiasie-teorie uit van die standpunt dat gedrag van die indiwidu beïnvloed en gevorm word deur die persone met wie hy assosieer. Die primêre verwysingsgroep is die nukleus-familie waarin die indiwidu leef en grootword. Hierbinne word die kind se begrip van die gemeenskapsnorme gevorm. In die studie rondom Gevangene A op p.271 word die feit na vore gebring dat die kind binne die raamwerk van sy ouerhuis geleer het die volwassene sy sin kry deur geweld. Daarom was dit dan ook die logiese weg wat hyself as volwassene sou inslaan.

- **Kriminele gedrag word aangeleer deur interaksie met andere:**

*“Criminal behavior is learned in interaction with others in a process of communication”.* (Sutherland, 1960: p 77-78.)

Reeds vanaf geboorte word die kind deur die norme van die samelewing gekondisioneer. Hy leer bv. die verskillende geslagsrolle deur interaksie met die ouers en waarneming van die geslagsspesifieke gedragspatrone. Net so is interaksie en waarneming die prosesse waardeur kriminele gedrag aangeleer word.

- **Kriminele gedrag word aangeleer in die primêre groepe (familie, vriende, gelykes, ander intieme maats) :**

*Learning criminal behavior occurs within primary groups (family, friends, peers, their most intimate, personal companions".* (Sutherland, 1960: p78.)

Gedrag word primêr beïnvloed deur die onmiddellike familie- en vriendekring. "The principal part of the learning of criminal behavior occurs in intimate personal groups". (Sutherland, 1960: p78.) Die negatiewe invloed van die vriendekring word treffend geïllustreer in die geval van Gevangene D soos op p. 279 bespreek. Sy aggressiwiteit het hom reeds vroeg in sy lewe in die verbeterskool laat beland. Hier het hy by die ander kinders nuwe dinge geleer wat sy lewe na die misdadige laat omswaai het.

- **Die aanleer van kriminele gedrag omvat die aanleer van die tegnieke, motiewe, dryfvere, houdings en gepaardgaande rasionaliserings:**

*"Learning criminal behavior involves learning the techniques, motives, drives, rationalizations, and attitudes".* (Sutherland, 1960: p78.)

Kriminele is nie inherent afwykend nie; hulle leer afwykende gedrag aan. Hulle leer om dit wat hul vroeër as afwykend beskou het, te rasionaliseer tot aanvaarbare gedrag. Die geldigheid hiervan blyk ook uit die lewe van Gevangene D op p. 278-280. In sy ouerhuis is die neiging tot aggressiwiteit gevorm , terwyl sy afwykende gedrag later in die verbeterskool sowel as in die gevangenis finaal aangeleer is. "When criminal behavior is learned, the learning include (a) techniques of committing the crime, which are sometimes very complicated, sometimes very simple; (b) the specific direction of motives, drives, rationalizations and attitude." (Sutherland, 1960: p 78.)

- **<u>Die gerigtheid van motiewe en houdings word aangeleer vanuit die definiëring van geldende kodes as aanvaarbaar/ onaanvaarbaar:</u>**

*"The specific direction of motives and attitudes is learned from definitions of the legal codes as favorable or unfavorable."* (Sutherland, 1960: p78.)

Hierdie beginsel is veral van toepassing wanneer die kulturele variasies en interpretasie van geldende kodes ter sprake is. Dis veral in 'n multi-kulturele land soos Suid-Afrika van toepassing. In die geval van Gevangene B op p. 285 vv., 'n swart plaaskind, word die gerigtheid van sy motiewe en houdings bepaal deur die geldende kulturele beskouings. Daarom word sy woede gerig deur sosio-politieke oortuigings.

- **<u>'n Persoon neig makliker tot kriminele gedrag in 'n omgewing waar die</u>**

**oorwegende beskouing ten gunste van die verbreking van die norme is:**

*"A person becomes delinquent because of an excess of definitions favorable to violation of law over definitions unfavorable to violation of law."* (Sutherland: 1960: p78.)

Hierin is die primêre uitgangspunt van die Differensiële Assosiasie-teorie opgesluit. Wanneer indiwidue hul tot misdaad wend is dit omrede hul blootgestel is aan kriminele gedrag en terselfdertyd omrede hul geïsoleerd is van wetsgehoorsame gedrag. (Sutherland, 1960: p78.) Hierdie bevinding van Sutherland word bevestig deur die optrede van Tanya Oosthuizen en die vier seunslede van die berugte bende van André (Baby) Venter . (Sien p.317 vv.) Tanya was die eerste slagoffer om betrek te word in die misdaadnet van André Venter. Hiervandaan was dit vir haar maklik om die ander vier seuns daarby te betrek, soos uit die latere bespreking sal blyk.

In sy werk, "Images of Deviance and Social Control" (1994) meen Pfohl dat die waarskynlikheid van afwykende gedrag bereken kan word deur die verskil tussen gunstige en ongunstige assosiasies te bepaal. (Pfohl, 1994, p303.)

- **Differensiële Assosiasies varieer in frekwensie, duur, voorkeur en intensiteit:**

*"Differential associations vary in frequency, duration, priority, and intensity."* ( Sutherland, 1960: p78.)

Verwysend na die skakeling wat nodig is tussen die indiwidu en die proponent van kriminele gedrag suggereer hierdie beginsel ‘n variërende maar direkte verhouding wat bepaal hoe gereeld, vir welke tydsduur, hoe belangrik en hoe intens afwykende gedrag voorkom. Hier geld die Skriftuurlike beginselvan Spreuke 27:17: “Yster slyp yster; so slyp die een mens die persoon van ‘n ander”.  In die geval van Frans du Toit en Theuns Kruger (sien p 300vv.)  was dit Theuns wat op so ‘n wyse ‘opgesien’ het na Du Toit en deur hom gelei is dat hy (Theuns) uiteindelik die een is wat later ‘n lewenslange vonnis opgelê is.

- **<u>Die leerproses ten opsigte van kriminele gedrag omvat al die elemente betrokke by enige ander leerproses</u>:**

*“The process of learning criminal behavior by association with criminal and anti-criminal patterns involves all the mechanisms involves in any other learning.”* (Sutherland, 1960: p79.)

Hierdie beginsel impliseer  dat kriminele gedrag, soos enige aangeleerde gedrag, nie alleen deur waarneming bemeester word nie, maar deur ‘n verskeidenheid metodes. So kan bv. dwang en misleiding aanleiding gee tot afwykende gedrag. Eweseer kan kriminele gedrag toegeskryf word aan spontane handelinge.

Cezanne Visser ( beter bekend as ‘Advokaat Barbie’ – sien p.332vv.) was sò deur Dirk Prinsloo gemanipuleer en gedwing (selfs onder doodsdreigemente) tot seksuele perversie dat sy later willens en wetens jong meisies vir Dirk se

doeleindes in hul sorg laat plaas het.

- **<u>Alhoewel kriminele optrede as ‘n uitdrukking van algemene behoeftes en houdings gesien kan word, kan dit nie daardeur verklaar of verskoon word nie</u>:**

*“While criminal behavior is an expression of general needs and values, it is not explained by those general needs and values since non-criminal behavior is an expression of the same needs and values.”* (Sutherland, 1960: p79)

Dit is per slot van rekening dieselfde behoeftes en houdings wat nie-kriminele optrede verklaar. Nie-kriminele is onderworpe aan dieselfde algemene behoeftes as kriminele, maar sonder om in afwykende gedrag te verval. Dit bring weereens dieselfde vraag na vore wat reeds op p.8 gestel is: ‘Waarom is dit dat die een persoon in misdaad verval terwyl ‘n tweede onder dieselfde omstandighede hom nie tot misdaad wend nie?’ Sutherland gebruik die voorbeeld van diewe wat steel om geld te bekom. Die nie-krimineel werk en spaar om dieselfde doelwit te bereik.

Met sy teorie het Sutherland gepoog om sekere fasette na vore te bring wanneer afwykende gedrag onder die soeklig geplaas word. Die belangrikste hiervan is die oorweging dat wanneer ‘n persoon meer blootgestel word aan die sosiale aanvaarding van afwykende gedrag as aan die teenkanting, sodanige persoon makliker tot die kriminele sal neig.

Verskeie besware is teen die teorie van Differensiële Assosiasie ingebring, waaronder:

- Dit laat geen ruimte vir die rol van die vrye wil nie.
- Dit ignoreer die rol van die slagoffer.
- Die teorie slaag nie om te verklaar waarom sommige in afwykende gedrag verval en ander nie.
- Dit verklaar nie die oorsprong van misdaad nie.
- Dit bring nie biologiese faktore in berekening nie.
- Dit is te omvattend omrede dit ook die nie-krimineel insluit.

Na Sutherland het Burgess en Akers hierdie teorie verder uitgebou tot hul Differensiële Versterkingsteorie. Teenoor Sutherland se mening dat afwykende gedrag in die primêre familiegroep aangeleer word, suggereer hul teorie dat kriminele gedrag aan nie-sosiale faktore toegeskryf kan word. As voorbeeld dien die effek van dwelms op die psigologiese en fisiologiese toestand van die persoon. Differensiële Versterkingsteorie weerspieël die beginsel soos gevind in die Redelike Keuse-teorie, nl. dat ‘n indiwidu sal steun op vorige ervarings wanneer toekomstige gedrag bepaal moet word.

* * * *

### 3.2.2. Redelike Keuse-teorie:

Die ‘Redelike Keuse’-teorie het sy ontstaan rondom die gedagte dat alle handelinge fundamenteel “rasioneel” van aard is en dat mense die waarskynlike koste en voordele van enige handeling bereken voordat tot die handeling oorgegaan word. Die feit dat die mens ‘n rasionele wese is, is natuurlik reeds lankal as sulks deur sosioloë erken, maar die rasionaliteit van hul handelinge was parallel met ander vorms van handeling gesien. Sodoende is beide rasionele en irrasionele elemente as deel van menslike handeling gesien. Dit was langs hierdie lyne dat invloedryke figure soos Max Weber (1920) en Talcott Parsons (1937) tipologieë daargestel het wat uiteindelik deel geword het van die sosiologiese hoofstroom.

Wat die Redelike Keuse-teorie egter onderskei van hierdie en ander denk-rigtings is dat dit die bestaan van enige ander soort handeling as die suiwer rasionele en berekende misken. Alle sosiale handelinge, word geredeneer, kan gesien word as rasioneel-gemotiveerd, as instrumentele handeling, afgesien of dit mag voorkom as irrasioneel of selfs nie-rasioneel.

Fundamenteel aan alle vorme van Redelike Keuse-teorie is die veronderstelling dat komplekse sosiale verskynsels verduidelik kan word in terme van die elementêre indiwiduele handelinge waaruit dit saamgestel is. Hierdie standpunt, bekend as ***metodologiese indiwidualisme,*** veronderstel dat die mees basiese eenheid van sosiale lewe in die indiwiduele menslike handeling setel. Sosiale instellings en

maatskaplike verandering ontstaan as gevolg van die aksie en interaksie tussen indiwidue. (Elster, 1989, p.13).

In Redelike Keuse-teorieë word die indiwidu gesien as gemotiveer deur die behoeftes of ideale waardeur hul voorkeure uitdrukking vind. Hul handel binne die raamwerk van spesifieke beperkinge en volgens hul inligting rakende die toestande waaronder hul optree. Aangesien dit nie vir die indiwidu moontlik is om alles waarna hy strewe te bekom nie, impliseer dit dat keuses gemaak moet word met betrekking tot beide sy doelstellings en die wyse waarop dit bereik kan word. Indiwidue moet dus die verwagte uitkomste van verskillende handelinge antisipeer en bepaal watter weg die beste resultaat sal lewer.

Hieruit volg noodwendig dat die verskillende handelingsmoontlikhede ook sal verskil in koste sowel as beloning. Goedere aangekoop in die winkel beteken noodwendig dat sommige van die geld in besit van die koper daarvoor prysgegee moet word, maar dit hou die beloning van besit in. Diefstal van ‘n motor daarenteen hou die beloning van verryking en erkenning deur ander motordiewe in, maar die prys is gevangesetting en sosiale afkeur met skuldigbevinding.

Verskillende besware, veral vanuit Sosiologiese oogpunt, is ingebring teen hierdie teorieë. Dat die indiwidu daagliks rasionele besluite moet neem en keuses ten opsigte van sy optredes en handelinge moet maak, is vanselfsprekend. Vanuit Penologiese oogpunt gesien, slaag die teorie egter nie daarin om te verklaar

waarom sekere persone rasioneel besluit op handelinge wat in stryd is met die heersende norme nie, terwyl ander se optredes deur dieselfde norme gereguleer word.

*     *     *     *

### **3.2.3. Maatskaplike Disorganisasie-teorie:**

Hierdie belangrike teorie wil ‘n verband sien tussen ‘n hoë voorkoms van misdaad en die ekologiese eienskappe van die woonbuurt. Thomas en Znaniecki (1918-1920) het die gedagte na vore gebring dat die die denk-prosesse en houdings van die indiwidu die resultaat is van die interaksie tussen sy omstandighede en sy gedrag.

Houdings is nie aangebore nie, maar eerder die resultaat van die proses van akkulturasie. Gedrag is van sosiale betekenis vir die indiwidu omrede dit verband hou met die situasie waarin hy moet optree, terwyl dit ook die resultaat is van die ervarings van ‘n leeftyd. Hierdie beskouing is gebaseer op die “vier wense” van die sg. ‘Thomas teorema’, geformuleer deur die sosioloog W.I.Thomas: “If men define situations as real, they are real in their consequences”. Die gemelde vier wense is:

- Die begeerte vir nuwe ervarings.
- Die begeerte vir erkenning.
- Die begeerte vir dominansie.
- Die begeerte vir sekuriteit.

In 1925 het R.E.Park en E.W.Burgess ‘n teorie van stedelike ekologie ontwikkel waarin aangedui word dat stede omgewings is vergelykbaar met omgewings in die natuur. Daarom dat die Darwinistiese beginsel van kompetisie ook hier geld. Wanneer ‘n stad gebore word, drom mense en hul aktiwiteite saam in ‘n bepaalde area. Dit word die proses van “**konsentrasie**” genoem. Namate die gebied oorbevolk raak, beweeg mense en hul aktiwiteite weg van die middestad en word ‘voorstede’ gevorm. Dit is bekend as die proses van “**verspreiding**”.

Park en Burgess het gevind dat, met verloop van tyd, die kompetisie vir grond en ander skaars kommoditeite daartoe lei dat die stedelike gebied onderverdeel in ekologiese sones waar mense dieselfde sosiale eienskappe deel omrede hul onderworpe is aan dieselfde ekologiese druk. Namate die gebied meer aantreklik raak, beweeg mense met hul ondernemings in daardie gebied in ‘n proses wat hul beskryf as ‘**suksessie**’. Nuwe intrekkers beweeg in om die ruimte te vul. Dit bring ‘n verandering in die normatiewe struktuur van die gemeenskap wat mag aanleiding gee tot afwykende gedrag. Dus, alhoewel die stad ‘n fisiese organisasie is, bevat dit ook sosiale en morele strukture wat omvergewerp kan word.

Hierdie model, bekend as die “Konsentriese Sone Teorie” was oorspronklik gepubliseer in “*The City”* in 1925. Hierin het hulle voorspel dat stede uiteindelik uit vyf konsentriese sirkels sal bestaan. Gebiede van sosiale en fisiese verval sal sentreer rondom die middestad, terwyl florerende gebiede aan die buitewyke sal voorkom. Hulle het die metode van kartering aangewend om die ruimtelike verspreiding van sosiale

probleme aan te toon asook om die vergelyking tussen gebiede moontlik te maak. Hul kartografiese benadering was egter skerp gekritiseer as simplisties omrede dit die sosiale en kulturele dimensies van die stadslewe, die politieke en ekonomiese impak van industrialisasie en aspekte soos klas, ras, geslag en etnisiteit buite rekening laat.

Edwin Sutherland het die konsep van sosiale disorganisasie aangewend om die toename in misdaad wat gepaardgaan met die transformasie van landbouer-gemeenskappe na die stadsgemeenskap te verklaar. Hy was ook van mening dat die mobiliteit, kompetisie en ideologie van die kapitalistiese en industriële ontwikkeling die gesinslewe en homogene woonbuurte laat disintegreer het as agente van sosiale beheer. Omrede die gemeenskap georganiseer is rondom indiwiduele en kleiner belangegroepe, maak die gemeenskap self die voortbestaan van misdaad moontlik.

Clifford Shaw en Henry D. McKay (1942) het die gedagtes van Sutherland toegepas en bevind dat misdadigheid nie op die indiwiduele vlak ontstaan nie, maar wel as ‘n normale reaksie deur normale mense op abnormale omstandighede. Hul het aangetoon dat sosiale disorganisasie endemies is aan diè stedelike gebiede wat die enigste areas was waar nuwelinge kon bekostig om te woon. Hierdie gebiede word gekenmerk deur ‘n hoë wisseling in die inwonertal (residensiële onstabiliteit) en vermenging van kulture (etniese diversiteit).

Verskeie besware is ingebring teen die teorie van Shaw en McKay. Die beklemtoning van sosiale disorganisasie negeer die belangrikheid van etniese en kulturele faktore. Die oortuigings van sommige etniese groepe mag misdadigheid

bevorder deurdat sulke gedrag nie as misdadig of onaanvaarbaar beskou word nie. Van Penologiese belang is die kritiek dat hul teorie nie aantoon waarom nie-misdadigheid wel voorkom in erkende misdadige gebiede nie.

### 3.2.4. MAATSKAPLIKE BEHEERTEORIE:

Die konsep van maatskaplike beheer het sy sterkste voorstander in Travis Hirschi. Fundamenteel aan die teorie van maatskaplike beheer is die aanname dat persone sal verval in misdadige gedrag wanneer hul sosiale verbintenis (social bond) met die gemeenskap verswak het. Hirschi se konsep van 'sosiale verbintenis' omvat die volgende vier elemente:

- **Hegting**. (Attachment):

Persone met 'n sterk en stabiele verbintenis met andere sal minder geneig wees om die sosiale norme te verbreek.

- **Gebondenheid** (Commitment):

Vir Hirschi bestaan daar 'n verband tussen die vlak van betrokkenheid by die gemeenskap en die geneigdheid tot afwykende gedrag. Persone wat tyd, energie en materiële bronne bestee het aan die konformering aan sosiale norme en verwagtings, sal minder geneigd wees om die spoor byster te raak as hulle wat geen sodanige 'belegging' gemaak het nie.

- **Betrokkenheid**: (Involvement)

Volgens Hirschi word die beskikbare tyd vir afwykende gedrag grootliks verminder namate meer tyd bestee word aan sosiaal-aanvaarbare handelinge. Dit beteken eenvoudig dat 'n persoon wat aktief betrokke is by konvensionele aktiwiteite soos arbeid minder tyd en geleentheid beskikbaar het vir onaanvaarbare gedrag soos dwelm-misbruik. Hierteenoor het die werklose meer tyd om by misdaad betrokke te raak.

- **Oortuigings**. (Beliefs)

Hiermee verwys Hirschi na die indiwidu se oortuiging ten opsigte van die morele geldigheid van die heersende sosiale waardes en norme. Diegene wat die geldigheid van sodanige norme bevraagteken – of selfs aanvegbaar vind – toon 'n groter geneigdheid tot afwykende gedrag. Dit impliseer dat die onderhouding van die proses van sosialisering self-beheer skep en die geneigdheid tot sosiaal-onaanvaarbare gedrag verminder.

Ivan Nye (1985) onderskei vier tipes van beheer:

- **Direkte beheer**: Waar straf toegepas word vir onaanvaarbare gedrag, maar aanvaarbare gedrag beloon word deur ouers, familie en gesagdraers.
- **Interne beheer**: Waar 'n persoon onaanvaarbare gedrag vermy deur die gewete of super-ego.

- **Indirekte beheer**: Deur identifikasie met persone wat gedrag beïnvloed omrede sy optrede hul mag teleurstel.

- **Beheer deur behoefte-bevrediging:** Waar geen behoefte bestaan nie, is daar geen sin in misdaad nie.

* * * *

## 3.2.5. SUBKULTUURTEORIE:

(Sub Cultural Theory)

Hierdie teorie is eerste ontwikkel deur Albert Cohen en is ‘n verdere ontwikkeling van Robert K. Merton se anomie model van misdaad. Laasgenoemde het hoofsaaklik drie vrae onbeantwoord gelaat:

- Waarom is afwykende gedrag so dikwels ‘n kollektiewe eerder as ‘n indiwiduele verskynsel?
- Hoe moet afwykende gedrag wat nie deur monetêre sukses gemotiveer is nie, verklaar word?
- Waarom pleeg verskillende persone verskillende afwykende handelinge?

Cohen wou verklaar waarom die oorgrote meerderheid afwykende handelinge nie deur die geldmotief gemotiveer is nie, soos Merton beweer het. Hy het tot die

slotsom gekom dat sodanige afwykende gedrag veel eerder die resultaat is van die druk van dominante waardes. Wanneer adolessente uit die werkersklas in die middestad nie presteer op skool nie, begin hulle twyfel aan hulle vermoë om in die samelewing te presteer, en ervaar dus 'n ***sosiale status-frustrasie***. Dit lei tot die vorming van subkulture wat wel die norme van die breëre samelewing aanneem, maar dan in omgekeerde vorm. Diefstal en vandalisme word in die subkulture hoog aangeslaan. Derhalwe bied dit nie alleen aan die oortreders 'n weerwraak op die gemeenskap waardeur hulle verwerp is nie, maar verleen ook status in die oë van die portuurgroep. Hierdie siening verklaar die eerste twee van genoemde vrae ten opsigte van die Anomie-model van Merton.

Richard Cloward en Lloyd Ohlin bevind dat Cohen die rol van die skool oorskat en het voorgestel dat afwykende gedrag drie subkulture insluit, tw.

- **Kriminele Subkulture**: Hierin word Merton se Anomie-teorie onderskryf deurdat adolessente misdaad aanwend vir materiele gewin.

- **Konflik Subkulture**: By gebrek aan beskikbare onwettige strukture ontstaan botsende subkulture.

- **Onttrekkende Subkulture**: Hierdie subkulture bestaan gewoonlik uit diegene wat Cloward en Ohlin bestempel as 'double failures', d.w.s. hulle wat geen tuiste kan vind in òf die wetsgehoorsame groepe òf in enige

van die ander twee groepe nie.

Cloward en Ohlin was van mening dat afwykende gedrag, soos Merton beweer het, die resultaat is van adolessente se frustrasie met hul gebrekkige 'geld-sukses'. Hierdie teorie is egter funksionalisties van aard. Dit aanvaar dat alle indiwidue gedryf word deur die strewe na finansiële sukses.

Dit was egter die sosioloog, Claude Fischer, wat in die vroeë 1970's voorgestel het dat die grootte, bevolking en heterogeneïteit van die stede die vorming van sosiale groepe en, veral subkulture, bevorder. Fischer omskryf die subkultuur as 'n groot groep mense wat 'n gemeenskaplike eienskap besit, met mekaar assosieer, lede is van instellings wat verband hou met die gemeenskaplike kenmerk, 'n spesifieke stel waardes en kulturele oortuigings handhaaf en deel het aan gemeenskaplike lewensstyl. (Fischer, 1995:  p 544). Teen enige ander agtergrond sou die  vorming van sò 'n subkultuur haas onmoontlik wees.

* * * *

## 3.2.6. **<u>SPANNINGSTEORIE:</u>**

<u>(Strain Theory)</u>

Hierdie teorie poog om te verklaar waarom indiwidue misdade pleeg. Hiervolgens word misdaad gesien as 'n resultaat van laer-klas frustrasie en woede. Die

toenemende spanning wat veroorsaak word deur die onvermoë om sekere sosio-ekonomiese doelwitte te bereik, gee aanleiding tot misdaad. (Siegel, p 192). Robert Merton het, in uitbreiding op Emile Durkheim se teorie van anomie, die oorspronklike definisie van anomie aangepas om in te skakel by die huidige sosio-ekonomiese kondisies van die samelewing. Hy het vier afwykende wyses van aanpassing geskep (naas die normale, nie-afwykende wyse) waarvolgens hy indiwidue wil kategoriseer: (Lilly, p65)

- Die eerste afwykende tipe is ***innovering.*** Dit kom voor by diegene wat gebruikmaak van onwettige metodes wanneer hul wettige metodes in die verkryging van ekonomiese gewin nie resultate lewer nie. As voorbeeld dien die witboordjie- misdadiger. (Lilly, p66).

- Vervolgens is daar die ***ritualis*** wat hom skik volgens ‘n geinstitusionaliseerde raamwerk soos ‘n godsdienstige ritueel terwyl die kulturele eise ten opsigte van sukses geïgnoreer word. (Lilly, p66)

- Die derde tipe ***onttrek*** sigself van en verwerp die ganse gemeenskap. Hieronder resorteer die alkoholis, dwelmslaaf en droster. (Lilly, p67)

- Ten slotte is daar die tipiese ***rebel.*** Hy verwerp die samelewing, maar wil dit terselfdertyd verander. (Lilly, p67.)

Die teorie slaag egter nie om te verklaar waarom bv. twee indiwidue hul tot verskillende misdade sal wend nie (bv. aanranding teenoor gewapende roof) terwyl andere, soos bv. verveelde, welgestelde persone hul sal wend tot nietige misdade soos winkeldiefstal.

In ‘n werk genaamd ***Crime and the American Dream*** ontwikkel Steven Messner en Richard Rosenfeld hul Institusionele Anomie-teorie. Hul onderskei drie redes waarom die samelewing anomies is:

- Eerstens word  weinig waarde toegeken aan nie-ekonomiese rolle in die moderne kultuur.

- Tweedens volg dit dat, wanneer konflik na vore tree, die gemelde nie-ekonomiese rolle ondergeskik gestel word aan die ekonomiese rolle.

- Ten slotte word elke aspek van die lewe deurtrek met ekonomiese terminologie.

Hierby is die gemelde nie-ekonomiese rolle, soos die huishoudelike lewe, ingesluit. Navorsing deur Mitchell Chamlin en John Cochrane dui aan dat sterk institusionele bande soos kerke en die familie bydra tot ‘n afname in anomie, en gevolglik in die voorkoms van misdaad.

Robert Agnew het die Algemene Spanningsteorie ontwikkel, waardeur hy die Spanningsteorie op indiwiduele basis analiseer. Hy onderskei drie tipes spanning wat lei tot afwykende gedrag op die indiwiduele vlak:

- Onvermoë om doelwitte te bereik.

- Verlies van positiewe stimuli. Dit kan insidente wees soos die verlies van ‘n persoon se besittings, hetsy deur diefstal of as straf op ‘n verkeerde handeling.

- Konfrontasie met negatiewe stimuli. Dit kan beskryf word as verbale of fisiese mishandeling.

Hy beskou misdaad as ‘n ‘aanpassing by stres’ op die indiwiduele vlak. (Akers, p159). Die Algemene Spanningsteorie maak ‘n duidelike onderskeid in die ekonomiese status tussen gebiede met ‘n hoë en ‘n lae voorkoms van misdaad.

Een tekortkoming van hierdie teorie is egter die onvermoë om te verklaar waarom omstandighede soos die onvermoë om op skool te presteer en ongewildheid nie met dieselfde reëlmaat tot misdaad aanleiding gee as bv. fisiese aanranding nie. ‘n Groter tekortkoming is geleë in die teorie se onvermoë om die invloed van geslagsverskille in die voorkoms van misdaad te verklaar.

*    *    *    *

### 3.2.7. MAATSKAPLIKE LEERTEORIE:

(Social Learning Theory)

Die Maatskaplike Leerteorie, soos voorgedra deur Albert Bandura, is gebaseer op die basiese konsepte van die tradisionele leerteorie. Tog glo Bandura dat direkte versterking nie alle leervorme kan verklaar nie. In sy teorie voeg hy ‘n sosiale komponent by. Die mens kan nuwe inligting en gedragspatrone bemeester deur ander dop te hou. Hierdie vorm van leer, bekend as ‘leer deur waarneming’ kan ‘n wye verskeidenheid gedragspatrone verklaar. Indien mens uitsluitlik moes steun op hul eie ervaring sou die leerervaring nie alleen uiters moeisaam wees nie, maar terselfdertyd ook gevaarlik. Gelukkig is die meerderheid menslike handelinge aangeleer deur waarneming van andere; deur waar te neem lei mens af hoe sekere handelinge uitgevoer moet word. Op ‘n latere tydstip dien hierdie waarneming dan as riglyn. (Bandura, 1977. p22).

Basiese konsepte van die  Maatskaplike Leerteorie:

- **Mens leer deur waarneming**: Bandura onderskei drie basiese modelle van waarnemingsleer:

- ‘n Lewende model: Gedrag word fisies gedemonstreer.
- ‘n Verbale instrukteur: Gedrag word deur beskrywings en verduidelikings gedemonstreer.
- ‘n Simboliese model: Hierby is lewende of fiktiewe karakters betrokke wat gedrag in boeke, films, TV programme, ens. illustreer.

➢ **Geestestoestand speel ‘n belangrike rol in die leerproses.**

Hiervoor gebruik Bandura die term ‘***intrinsieke versterking***’ (“intrinsic reinforcement”) wat hy omskryf as ‘n soort van innerlike vergoeding soos trots, tevredenheid, ‘n gevoel van prestasie.

➢ **Leer lei nie noodwendig tot ‘n gedragsverandering nie**.

Nie alle waarnemingsleer is ewe effektief nie. Aan beide die kant van die model en die leerder is faktore wat die sukses van die leerproses beïnvloed. Bandura onderskei die volgende essensiële fases in die leerproses:

- **Aandag:** Enigiets wat die aandag aftrek, beïnvloed die proses van waarnemingsleer. Indien die optrede van die model interessant is, word die aandag van die leerder makliker behou.

- **Retensie:** Die vermoë om te onthou en later die inligting te kan herroep, is van kardinale belang in die leerproses.

- **Reproduksie:** Nadat die optrede van die model waargeneem en geberg is, moet dit uitgeleef word. Oefening in die aangeleerde gedrag is dus noodsaaklik.

- **Motivering:** Indien die leerder nie gemotiveerd is om die gedrag te internaliseer en aan te wend nie, dien die waarnemingsleer geen doel nie. Deur egter te sien hoedat 'n ander leerder beloon of gestraf word, kan dien as stimulus vir gedragsverandering.

"Virtually all learning phenomena resulting from direct experience occur on a vicarious basis by observing other people's behavior and its consequences." (Bandura, 1977: p 12)

* * * *

### 3.2.8. <u>ETIKET-TEORIE:</u>

(Labelling Theory)

Die Etiket-teorie plaas die klem op die neiging by meerderheidsgroepe om negatiewe etikette om die nek van minderhede of diegene wat afwykende gedrag toon, te hang. Die vader hiervan was die sosioloog Howard S. Becker. Die teorie is gemoeid met die wyse waarop die self-identiteit en gedrag van indiwidue bepaal of beïnvloed kan word deur die etikette waarmee hul beskryf of geklassifiseer word.

Ook hierdie teorie het sy oorsprong in die werk van Emile Durkheim wat bevind het dat misdaad nie soseer ‘n verbreking van die strafkode is nie as ‘n handeling wat die afkeur van die gemeenskap uitlok. Die teorie suggereer dat persone geëtiketteer word volgens hoe andere hul gedrag en neigings beoordeel. Elkeen is bewus van hoe ander hom beoordeel omdat hy reeds in verskillende sosiale rolle geleer het hoe ander hom sien. En al is hierdie ‘n subjektiewe selfwaarneming, mag dit ‘n her-evaluering verg namate ander by die indiwidu se lewe betrokke raak. So sal familie en vriende anders oordeel oor ‘n persoon as bv. die landdros of polisie-beampte.

Die Etiketteorie is nie gemoeid met die normale gedragspatrone nie, maar met daardie spesiale gedragspatrone wat deur die gemeenskap as afwykend gesien word. ‘n Sosiale gedragspatroon is die verwagting wat ons koester ten opsigte van sekere optredes. Hierdie gedragspatrone is noodsaaklik vir die organisasie en funksionering van die gemeenskap of groep. Afwykende gedrag kan beide kriminele en nie-kriminele

gedrag insluit.

Die etikettering van afwykende gedrag funksioneer as ‘n tipe van sosiale stigma. Dit word gesien as ‘n soort van besmetting waardeur die dader van die res van die groep of gemeenskap onderskei word. Dit word deur die gemeenskap aangewend om afwykende gedrag te kontrolleer en te beheer. Die erns waarmee sodanige oortreding bejeën word, sal afhang van die belang van die betrokke morele kode. So sal egbreuk bv. gesien kan word as ‘n verbreking van ‘n informele kode of dit kan gekriminaliseer word, afhangend van die status van die huwelik, moraliteit en godsdiens in die betrokke gemeenskap.

In sy werk “Outsiders” skryf Becker: sosiale groepe skep afwyking deur reëls te maak waarvan die afwyking ‘n afwyking daarstel. Hierdie reëls word dan toegepas op spesifieke mense wat dan as oningewydes gebrandmerk word. (Becker, 1963: p9.) Gesien vanuit hierdie oogpunt is afwykende gedrag nie ‘n kwaliteit van die daad deur die persoon gepleeg nie, maar eerder ‘n uitvloeisel van die toepassing van die reëls en sanksies op die oortreder. Die ‘afwykende’ is derhalwe iemand aan wie die etiket suksesvol geheg is. Afwykende gedrag is dus gedrag wat deur mense as sulks geëtiketteer is.

* * * *

### 3.2.9. TEORIE VAN PSIGOSEKSUELE FIKSASIE

Hierdie teorie is geformuleer deur Pistorius wat worstel met dieselfde vrae as menige navorsers: Indien twee kinders onder dieselfde ongunstige omstandighede grootword, waarom word beide nie reeksmoordenaars nie? Indien geweld en disfunksionele ontwikkelingsjare aanleiding gee tot reeksmoorde, waarom is daar nie veel meer reeksmoordenaars nie?

Sy meen om die antwoord te vind in die indiwidu se interne reaksie op hierdie ongunstige omstandighede, eerder as in die omstandighede self. Hiervoor gaan sy dan die psigo-analitiese teorieë van Sigmund Freud aanwend. Haar teorie is kortliks gebou op die uitgansgpunt dat ‘n reeksmoordenaar in een van die psigo-seksuele fases gefikseerd geraak het. Hierdie fiksasie is die wortel waaruit sy fantasieë in die onderbewuste spruit. Die reeksmoordenaar sosialiseer nie soos ander kinders nie en ontwikkel ook geen gewete nie. As gevolg van hierdie gebrek aan gewete kom hierdie fantasieë uit die onderbewuste op na die bewuste. Wanneer die reeksmoordenaar se selfrespek bedreig word, leef hy hierdie fantasie uit om daardeur die geestes-homeostase te herstel. Daar is geen gewete om hierdie uitlewing aan bande te lê nie. (Pistorius, 2000. 235)

Pistorius vind die oorsprong van die reeksmoordenaar se fantasieë in die psigoseksuele ontwikkelingsfases soos deur Freud voorgehou. Hiervolgens gaan elke

indiwidu deur vyf sulke fases, nl. die ORALE fase, die ANALE fase, die Oedipus-fase (ook genoem: die FALLIESE fase), die LATENTE fase, en die GENITALE fase.

- **Die ORALE fase**:

Dit is die fase van borsvoeding en strek van geboorte tot ongeveer twee-jarige ouderdom. "All the infant's needs - such as survival, hunger, love and security – are satisfied orally by the mother's milk." (Pistorius, 2000: 236.) Hierdie orale fase word onderskei in twee stadia, tw. die oraal-erotiese (wanneer die kind suig om voeding te verkry) en die oraal-sadistiese (wanneer die kind neig om die moeder te byt). Fiksasie in hierdie fase gebeur as gevolg van òf te min òf te veel melk. Wanneer die kind voel datr hy nie genoeg melk kry nie, ervaar hy dat sy behoeftes nie bevredig word nie. Hierdie kind sal ontwikkel in 'n volwasene wat voortdurend daarna sal streef om sy behoeftes vervuld te kry, en mag selfs oorgevoelig raak vir verwerping . Indien hy egter ervaar dat hy te veel melk kry, sal hy ontwikkel in 'n volwassene wat van die hele wêreld verwag om onmiddellik aan sy behoeftes aandag te gee. (Pistorius, 2000: 236)

Vroeë seksuele en aggressiewe fantasieë is die twee basiese instinkte waarmee die mens gebore word.

- **Die ANALE fase**:

Ook bekend as die ‘Beheer’-fase omrede die kind nou leer om sy liggaams-funksies te beheer deur die aanleer van toilet-gewoontes. Dit strek vanaf ongeveer die tweede tot die vierde jaar. Nie alleen leer die kleuter om sy eie liggaamsfunksies te beheer nie, maar ook sy omgewing asook die ouers, veral die moeder. Die kleuter is nou betrokke in ‘n magsstryd met sy primêre versorger – gewoonlik die moeder – wat poog om toiletgewoontes aan te leer. “He can sit on the potty for hours and either ‘give’ or ‘retain’ faeces which he perceives to be a product of his own body and of which he is very proud.” (Pistorius, 2000: 236)

Fiksasie kan voorkom wanneer die kleuter verplig word om die potjie te gebruik voordat hy daarvoor gereed is, of hy kan fikseer op ‘n magsgevoel. Die seksuele en aggressiewe fantasieë in die onderbewuste raak meer gedefinieerd namate die kleuter leer praat en simboliek begryp.

- **Die OEDIPUS of FALLIESE fase**:

Dit strek van ongeveer die vierde tot die sesde lewensjaar. In hierdie fase raak die jongeling onbewustelik op die moeder verlief en begin die vader verafsku. Hy vorm onbewustelik seksuele fantasieë rondom die moeder asook onbewustelike aggressiewe fantasieë rondom die vader.

In hierdie fase begin kinders ook belangstelling toon in die onderskeie

geslagsdele. Die klein seuntjie ontdek dat die dogtertjie geen opvallende uitwendige geslagsdele het nie en kan hom nie voorstel dat sy sò gebore is nie. Onbewustelik beskou hy haar as gekastreer. Hieruit volg dat hy begin vrees om self gekastreer te word. ‘n Toestand van fiksasie tree in wanneer die seun sy vader oorwin in die stryd om die moeder se liefde, of wanneer hy homself begin beskou as geestelik gekastreer deur een van beide ouers. Uiteindelik besluit die seuntjie dat dit veiliger is om te identifiseer met die vader sodat hy ook eendag mag trou met een soos sy moeder. Die gevolg van hierdie identifikasie met die vader asook die feit dat hy skoolgereed is, is dat ‘n *gewete* of *superego* (in Freudiaanse taal) ontwikkel. (Pistorius, 2000: 237)

- **Die LATENTE fase**:

Dit omvat die tydperk tussen ongeveer die sesde tot die twaalfde lewensjare. Alle seksuele gedagtes en onbewustelike fantasieë word onderdruk aangesien sosialisering en die ontwikkeling van empatie teenoor andere nou vooropstaan. Die belewing van morele en etiese waardes met andere lei tot die ontwikkeling van die interne gewete of superego. Fiksering in hierdie fase lei tot gebrekkige sosialisering en empatie, en die primitiewe seksuele en aggressiewe fantasieë word nie onderdruk nie. Hy ontbeer die ontwikkeling van ‘n gewete. Fiksasie kan ook ontwikkel wanneer die gewete oorontwikkel. In hierdie geval sal die seun ontwikkel in ‘n volwassene wat deur skuldgevoelens geteister word. (Pistorius, 2000: 237-8)

- **Die GENITALE fase**:

Dit bestaan hoofsaaklik gedurende die tienerjare. Die seun raak weereens seksueel georiënteerd, maar met die verskil dat hy nou in hetero-seksuele verhoudings betrokke raak. Hierdie is die laaste geleentheid om enige fiksasie uit vorige fases te oorkom.

Pistorius gaan verder deur aan die hand van gevallestudies aan te toon hoedat spesifieke reeksmoordenaars in sekere fases gefikseerd geraak het. Hierdeur meen sy om die verskynsel van reeksmoord te verklaar. Sy onderskei reeksmoordenaars as òf *egodistonies* òf *egosintonies.*

Egodistoniese reeksmoordenaars besit ‘n geringe gevoel van gewete en kan hulself nie identifiseer met die doodslag van ander mense om daardeur hul eie lyding te verlig nie.Veral na hulle gearresteer is, mag hul geringe tekens van skuldgevoelens toon, maar dit is onvoldoende om hul van moord te weerhou.

Egosintoniese reeksmoordenaars het geen gewete hoegenaamd nie en openbaar derhalwe geen tekens van skuldgevoelens nie. (Pistorius, 2000: 241)

Streng gesproke is hierdie geen misdaadteorie nie, maar eerder ‘n funksionele benadering tot ‘n enkele aspek van geweldsmisdaad. Die veralgemenings waartoe Pistorius kom, is gebaseer op waarnemings by ‘n baie beperkte monstergrootte. Die vorming van sodanige afleidings is egter in stryd met die perspektiewe van die Kwalitatiewe Navorsings-metodologie waarvan sy gebruikmaak. “Qualitative methods

produce information only on the particular cases studied, and any more general conclusions are only hypotheses (informative guesses)."  (Qualitative Research)

Pistorius wil die grondoorsaak van die misdadige optrede van die reeksmoordenaar terugvoer na 'n fiksasie in 'n bepaalde fase in die psigoseksuele ontwikkeling van die indiwidu. Die vyf fases wat sy - aan die hand van Freud – onderskei, impliseer opeenvolging. Fiksasie word deur die Merriam-Webster Woordeboek omskryf as *"arrested at a pregenital level of psychosexual development."* (Merriam-Webster:   474)

In die geval van Stewart Wilken  (sien bls. 297 vv.) kom sy tot die teenstrydige gevolgtrekking dat hy tegelykertyd gefikseerd is in DRIE fases, tw. die orale, anale en latente fases.

*    *    *    *

**3.2.10. DIE TEORIE VAN DEMONIESE BESETTING:**

Pistorius verwys hierna wanneer sy skryf: "The theory of demonic possession has also been explored in the context of the origin of serial homicide. But, no matter how horrendous their deeds, serial killers are not possessed by the Devil." (Pistorius, 2000: 232) Om twee redes kan dit egter nie gesien word as 'n 'teorie' nie, maar hoogstens as 'n 'beskouing': Eerstens is dit haas onmoontlik om wetenskaplik

getoets te word as gevolg van die subjektiewe aard van die verskynsel. Verder is hierdie ‘teorie’ slegs toepaslik op ‘n mikroskopiese gedeelte van groter misdaadspektrum, naamlik op sekere seksmisdade.

Pistorius fouteer wanneer sy nalaat om die onderskeid tussen demoniese besetting en Satanisme duidelik te maak. Wanneer sy skryf: “Symptoms of demonic possession are a radical change of personality, blasphemy, dissociative states, voice changes and auditory or visionary hallucinations of demons,” (Pistorius, 2000: 232 - 3) dan verwar sy hierdie simptome. Verwysend na Skrifgedeeltes soos Matt. 10:32; Mark. 1:26; Mark. 9: 17 – 22; Luk. 13: 11 – 17 dui Ouweneel die simptome van demoniese besetting aan as “...doofheid, blindheid en stomheid, lichamelijke misvorming, toevallen en selfmoordneigingen.” (Ouweneel, 1978: 348) So is bv. godslastering veel meer deel van Satanisme as van demoniese besetting. Sy gaan verder deur die twee één te maak wanneer sy verklaar: “Another important difference between Satanists and serial killers is that Satanists will commit murder in honour of the Devil, but serial killers commit murder for their own subconscious psychological gain.” (Pistorius, 2000: 233)

Satanisme is ‘n kultus: demoniese besetting is ‘n geestestoestand. Die verskil is geleë in ‘n wilsbesluit: Anton LaVey, die sogenaamde ‘Swart Pous’, het gekies om tot die kultus toe te tree – die Besetene van Gadara het geen keuse gehad nie! Die Satanistiese kultus toon bv. ‘sakramentele’ handelinge: “Het ‘hoogtepunt’ van de zwarte mis is het bloedige offer van een kuiken of bij voorkeur van een pasgedoopt kind, waarvan men het bloed laat vloeien in een kelk die door de

aanwezigen wordt gedronken, al of niet vermengd met andere lichaams-vloeistoffen." (Ouweneel, 1978: 256)

Die beskouing van demoniese besetting vind ons reeds terug in die vroegste tye. Verwysings hierna vind ons ook in die geskrifte van kerkvaders soos Augustinus en Thomas Aquinas. Die geloof was dat spesifieke bose geeste, genaamd **inkubusse** met slapende vroue geslagsgemeenskap gehad het. Omgekeerd het die vroulike bose geeste (genaamd **sukkubusse**) met slapende mans geslagsgemeenskap gehad. Die woord 'inkubus' kom van die Latynse 'incubo' wat beteken "om bo-op te lê." Dit is reeds gedeeltelik bespreek onder die Differensiële Assosiasie-teorie op bls. 91 vv. Dit word verder bespreek in die gevallestudie rondom die twee moordenaars Frans du Toit en Theunis Kruger op bls.302 vv.

'n Moontlike verklaring hiervoor is dat verkragters hul dade kon toeskryf aan sodanige 'bose geeste' om daardeur rekenskap vir hul dade te kon ontkom. Vermeende slagoffers van 'inkubi' kon moontlik die slagoffers wees van seksuele aanranding deur lewende persone. So kon verkragters die verkragting van slapende vroue toeskryf aan demone om daardeur straf te ontduik. So kon 'n vriend of familielid haar in haar slaap aangeval het. Die slagoffers (en in sommige gevalle die kerk) kon sodanige aanval dalk makliker afmaak as van bonatuurlike oorsprong as om te aanvaar dat dit dalk gepleeg is deur 'n persoon in 'n vertrouensposisie. ("Incubi")

* * * *

## 3.3. Samevatting:

Hierdie hoofstuk belig die wetenskaplike soektog na die verklaring van die misdaadverskynsel. Verskillende navorsers het gepoog om die verskynsel vanuit verskillende vertrekpunte na te vors. Tog kan geen teorie as die absolute uitgewys word nie. Die wye verskeidenheid standpunte is juis die bewys van die gekompliseerdheid van die misdaadverskynsel.

Ten spyte van al die kritiek wat ingebring is (en kan word) teen die voormelde misdaadteorieë bly daar èèn aspek van afwykende gedrag wat nêrens uitgelig word nie: die invloed van die huis waarin die 'afwykende' moes grootword. Juis dìt is die objek van hierdie studie, want daarin is die antwoord op menige (let wel: nie alle) besware te vinde.

* * * *

## BRONNELYS:

**Agnew, R. (1992):** "Foundation for the General Strain Theory" in *Criminology, 30(1*). P 47-87.

**Akers, R. (2000):** *'Criminological Theories: Introduction, Evaluation and Application."* Roxbury, Los Angeles.

**Bandura, A**. **(1977):** *"Social Learning Theory".* Prentice-Hall Inc. Englewood Cliffs, New Jersey.

**Becker, H**. **(1963) Hersien 1973:** *"Outsiders".* Free Press. New York.

**Die Naslaanbybel, 1963 uitgawe**. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

**Elster, J. (1989):** *"The Cement of Society".* Cambridge University Press. Cambridge. p 13. Aangehaal deur: Scott, J: *"Understanding Contemporary Society:* Theories of The Present". (Ed.) G. Bing, A.Halcli en F.Webster. Sage Publications. (2000).

**Fischer, C. (1995):** *"The Subcultural Theory of Urbanism: A Twentieth Year Assessment."* American Journal of Sociology 101 (3).

**Giddens, A. (1972):** *"Emile Durkheim: Selected Writings".* Cambridge University Press, London.

**"Incubi":** "*Origins- Ancient and Religious Descriptions*" in *en.wikipedia.org/wiki/incubus*

**Lilly, J. Robert; Cullen, Francis T.; Ball, Richard, A.:** "CriminologicalTheory – Conflict and Consequences" in *Studies in Crime, Laws and Justice,* Vol. 5. Sage Publications, 1989, London.

**Merriam-Webster Collegiate Dictionary, 11th Ed. (2008):** Merriam-Webster Inc. Springfield, Massachusetts.

**Messner S. en Rosenfeld, R. (1994):** *"Crime and the American Dream."* Belmont: Wadsworth.

**Ouweneel, W.J. (1978):** "*Het Domein van de Slang."* Buijten en Schipperheijn. Amsterdam

**Parsons, T. (1937):** *"The Structure of Social Action".* Mc Graw-Hill. New York.

**Pfohl, S. (1994):** "*Images of Deviance and Social Control*". McGraw-Hill Inc. New York.

**Pistorius, M. (2000):** *"Catch me a Killer. – Serial Murders: A Profiler's True Story".*

Penguin Books, Johannesburg.

**Qualitative Research:** "*Qualitative Research"* in *en.wikipedia.org/wiki/**Qualitative_research***

**Shaw, C. R. en McKay, H. D. (1942):** *"Juvenile Delinquency in Urban Areas"* University of Chicago Press, Chicago.

**Siegel, Larry, J.:** Criminology. 8th Edition. Thomson Learning, 2003. Canada.

**Sutherland, E. H. en Cressey, D. (1960): "***Principles of Criminology."* *6th Ed.* J.P. Lippencott Co. New York.

**Weber, M (1920):** *"Conceptual Exposition".* In 'Economy and Society'. (ed.) G. Roth en C. Wittich (1968).

**Wikipedia:** "*Qualitative Research"* in *en.wikipedia.org/wiki/**Qualitative_research***

*   *   *   *

# HOOFSTUK 4.

## DIE PROBLEME EN TRAUMA VERBONDE AAN GEVANGENISSTRAF:

### 4.1. INLEIDING:

Gedurende die tydperk van arrestasie, die verhoor en die uiteindelike vonnis-oplegging van die oortreder was elke stadium gekenmerk deur trauma en onsekerheid. Wat sal die uitslag hiervan wees? Maar wanneer die veroordeelde vir die laaste maal met die trappies afgaan na die hofselle betree hy ‘n eiesoortige wêreld met eiesoortige traumas en probleme.

In hierdie hoofstuk verskuif die klem na die wêreld binne die gevangenis. Die gevangene bevind hom vanaf die eerste oomblik van sy opname tussen ander gevangenes. Hy is deel van ‘n groter geheel. Binne die raamwerk van hierdie groter geheel is daar daagliks probleme, persoonlik sowel as interpersoonlik. En hierdie probleme kan nie vermy word deur ‘n fisiese onttrekking van die res van die gevangenisgemeenskap nie.Daarom word die eerste deel van hierdie hoofstuk gewy aan die probleme rondom gevangesetting. Om die eise wat enersyds van owerheidsweë en andersyds van die kant van die subkulture aan die gevangene gestel word te verduidelik, word ‘n onderskeid gemaak tussen die gevangenis as instituut en

die gevangenis as organisme. Hierdie onderskeid word dan volledig behandel op bls. 156vv.

Maar sodanige profieltekening berus nie alleen op persoonlike en interpersoonlike probleme waardeur die gevangene daagliks moet worstel nie. Daarom word vervolgens die verskillende fasette van die traumas verbonde aan gevangesetting onder die soeklig geplaas: Wat beleef ‘n selfstandige persoon wat met die klank van ‘n staaldeur wat agter hom toegaan omvorm word tot ‘n uitgeworpene van die samelewing? Watter vernedering is dit om verplig te word om naak te staan om deursoek te word? Watter blywende psigologiese littekens dra die deursnee gevangene na ontslag vir die res van sy lewe? Hierdie hoofstuk beoog om stap vir stap ook hierdie traumas te deurvors en die implikasies daarvan byeen te bring in ‘n verteenwoordigende profiel van die gevangene. Ook word aandag gegee aan die verskillende wyses waarop gevangenes reageer op hierdie traumas.

## 4.2. AGTERGROND:

In ‘n baanbrekerstudie rondom die probleem van gevangesetting het Sykes gepoog om die ‘gemeenskap van gevangenes’ te besien vanuit die oogpunt van die gevangene homself. Die objek van hierdie studie was die gevangenes aan die New Jersey State Prison, ‘n maksimum sekuriteit gevangenis. (Sykes: 1958). Hoewel dit duidelik was dat gevangenes nie meer onderworpe was aan fisiese lyding soos in gevangenisse in die verlede nie, beteken dit nie dat gevangenes nie meer blootgestel was aan trauma nie. Hierdie ontberings of frustrasies van die moderne gevangenis mag wel die

aanvaarbare en onvermydelike implikasies van gevangesetting wees, maar dit kan nie ontken word dat dit ewe pynlik kan wees as die fisiese mishandeling van eertydse gevangesetting nie. Sykes het aangedui dat daar sommige frustrerende situasies bestaan wat sig voordoen as 'n ernstige aanslag op die persoonlikheid , as 'n bedreiging vir die lewensideale van die indiwidu, sy verdedigingsmeganismes, sy selfbeeld of vir sy sekuriteitsgevoel. (Sykes, 1958: 64) Hierom het Sykes dan die trauma van gevangesetting omskryf as "the pains of imprisonment".

Sykes het vyf sodanige 'pains' (of 'deprivations') geïdentifiseer:

- **Die ontbering van vryheid**.

Hierdie is die mees opsigtelike ontbering. Die gevangene moet sy lewensruimte inperk binne die grense van die gevangenis. Hierbinne word sy vryheid van beweging verder beperk deur 'n streng sisteem van toestemmings, 'n militaristiese stelsel van beweging in groepe vanaf een punt na 'n volgende binne die grense van die instelling en die vereiste dat hy binne die grense van sy sel moet bly tot toestemming verleen word om anders op te tree. Kortliks kom dit daarop neer dat die gevangene 'n dubbele verlies ly – eerstens deur beperk te word **deur** die instelling, en tweedens 'n beperking **binne** die instelling. (Sykes, 1958: 65)

- **Die ontbering van besittings en dienste.**

Dit is vanselfsprekend dat die lewensstandaard van die gevangene onvergelykbaar is met diè in die vrye gemeenskap. Hoe anders moet die feit verstaan word dat die vloerbedekking binne 'n sel gewoonlik uit 'n stuk van 'n verslete kombers bestaan en dat selfs hierdie luukse deur die owerheid verbied word? Watter waarde het 'n kledingstuk indien dit 'n gevangenis- uniform is met strepe en 'n nommer daarop gestensil? ...... Die deursnee gevangene bevind hom in 'n ongenaakbare omgewing wat hy ervaar as pynlik ontberend. (Sykes, 1958: 67v)

- **Die ontbering van hetero-seksuele verhoudings.**

Vergeleke met sommige Latyns-Amerikaanse gevangenisse het die gevangenes in Amerikaanse (en ook Suid-Afrikaanse ! ) gevangenisse nie die voorreg van 'egtelike' besoeke nie. Tydens daardie uiters kort besoektye wanneer die gevangene wel toegelaat is om sy eggenote, meisie of vriendin te sien, is hulle verplig om aan weerskante van 'n glaspaneel te sit en met behulp van 'n telefoon te kommunikeer onder die wakende oog van 'n sekuriteitswag . Indien die gevangene dan, as gevolg van sy gevangenskap, verwerp en verarm word, is hy ook - figuurlik gesproke - ontman deur sy verpligte selibaat. (Sykes, 1958: 70)

- **Die ontbering van persoonlike outonomie.**

Op die oog af mag dit voorkom asof die gevangene se onderwerping aan reëls en opdragte nie van veel belang is nie. Maar, sê Sykes, "Regulation by a bureaucratic

staff is felt far differently that regulation by custom”. (Sykes, 1958: 73) So word die reël dat geen voedsel van die eetsaal na die selle geneem word nie, deur sommige interpreteer as ‘n poging om te voorkom dat iets in die sub-rosa wêreld van smokkelary teregkom. Ander sien dit as ‘n blote irriterende demonstrasie van mag.

- **Die ontbering van sekuriteit.**

Die straf vir die oortreder impliseer dat hy ingedwing word in die geselskap van ander oortreders, sommige waarvan reeds ‘n lang geskiedenis van gewelddadige gedrag het. “The worst thing about prison is that you have to live with other prisoners.” (Sykes, 1985: 77)

Dit is merkwaardig dat hierdie onderskeiding ooreenstem met diè van Maslow in sy latere Hiërargie van Behoeftes, al is dit nie in dieselfde volgorde nie. Onderstaande diagram illustreer:

| **Maslow** | **Sykes** |
|---|---|
| Selfverwesenliking | Outonomie |
| Agting/ erkenning | Besittings en Dienste |
| Liefde/Behorensbehoefte | Hetero-seksuele verhoudings |
| Veiligheid | Sekuriteit |
| Fisiologies | Vryheid |

Diagram 3 . Vergelyking Maslow/Sykes.

Dit word later vollediger bespreek op bls. 158 vv.

## 4.3. <u>DIE PROBLEEM VAN GEVANGESETTING:</u>

### 4.3.1. <u>Historiese Beskouings:</u>

Verskeie ondersoekers het deur die jare hul aandag toegespits op die problematiek van gevangesetting. Ons bepaal ons by enkele van die diepgrypendste studies:

- **<u>Erving Goffman</u>** :

In sy boek ‘Asylums’ het Erving Goffman die term “Geheel-instituut” *(‘total institution’)* geskep. ‘n Geheel-instituut word gedefinieer as ‘n werks- en verblyfplek waar ‘n groot aantal persone, geïsoleerd van die groter gemeenskap vir ‘n korter of langer periode, gesamentlik onder dwang ‘n formeel-gereguleerde lewe moet lei. (Harlambos & Holborn, 1995: 305).

Van gevangenes word vereis om toestemming te vra vir die uitvoering van selfs die mees basiese funksies, soos om na die toilet te gaan. Strawwe vir die verbreking hiervan kan insluit: eensame opsluiting, ‘n brood-en-water dieet sowel as die ontneem van voorregte soos sigarette en ontspanning. (Harlambos & Holborn, 1995: 305)

Volgens Goffman word die gevangene deur die gevangenis as ‘n ‘geheel-instituut’ afgesny van die buitewêreld en weerhou van die vorming en onderhouding van gemeenskapsbande met familie en vriende. Goffman onderskei vyf wyses waarop aanpassing by sodanige instituut bereik kan word:

- ‘n Posisionele onttrekking waardeur gevangenes hul interaksie met ander tot ‘n minimum beperk.

- Dit word gevolg deur ‘n onversoenlike houding waardeur die gevangene ‘n vyandigheid teenoor die instituut toon en enige samewerking met die owerheid weier.

- ‘Kolonisering’ vind plaas waardeur gevangenes geïnstitusionaliseerd raak en ervaar dat die ‘gevangenislewe te verkies is bo die lewe daarbuite’.

- Hierna volg ‘bekering’, waardeur die gevangenes die houding aanneem ‘soos die owerheid dit wil hê’. (Die navorser het dit ondervind dat gevangenes in die gevangenis selfs begin studeer vir ‘n pastoor, omdat ‘dit so ‘n goeie indruk op die Paroolraad maak’.)

- Uiteindelik begin die gevangene om doelbewus ‘uit die moeilikheid’ te bly en hoop om daardeur sy kanse op vrylating te verbeter. (Harlambos & Holborn, 1995: 306)

- **D. Clemmer**:

Clemmer omskryf ‘prisonization’ (institusialisering) as: “…. the taking on in greater or less degree of the folkways, mores, and general culture of the penitentiary”. (Clemmer, 1940: 299). Elkeen wat in die gevangenis opgeneem word, ondergaan institusialisering op een of ander vlak.Die eerste en opvallendste stap het betrekking op sy status en indiwidualiteit. Hy word meteens verander in ‘n naamlose figuur in ‘n ondergeskikte groep. Sy naam word deur ‘n nommer vervang. Hy dra dieselfde klere as die ander lede van die ondergeskikte groep. Hy word ondervra en vermaan. Hy leer dat die bewaarder almagtig is. Hy leer gou om die range, titels en outoriteit van die verskillende beamptes te onderskei. Al sou die nuweling poog om homself eensydig af te sonder van die ander gevangenes, bevind hy homself gou in die posisie waar hy ook na die bewaarders as ‘screws’ verwys., die geneesheer as ‘n ‘croaker’ en die plaaslike byname gebruik om na persone te verwys. Hy volg die voorbeelde van diegene rondom hom. Hy leer om oorhaastig te eet, en gebruik dieselfde metodes as die ander om voedsel te bekom.

.

Nadat die gevangene aangepas het by die inisiëringsproses begin hy om nuwe waardes toe te ken aan daardie dinge wat hy altyd as vanselfsprekend aanvaar het. Die feit dat hy hier voorsien is van voedsel, klere, beskutting en een of ander vorm van werksaktiwiteit het aanvanklik geen indruk gemaak nie. Na ‘n aantal weke of selfs maande ontwikkel ‘n nuwe waardering vir hierdie lewensnoodsaaklikhede.

Hierdie nuwe begrip is daaraan te danke dat hy deur kommunikasie met ander gevangenes besef dat dit die owerheid se verantwoordelikheid is om na sy welstand om te sien. Hierdie geringe verandering is ‘n fundamentele sprong in die proses aangedui as ‘institusialisering’. (Clemmer, 1940: 299)

In gevangenistaal is ‘n ‘goeie werk’ een wat min of meer gerieflik geïsoleerd is, sodat konfrontasie met ander redelik onwaarskynlik is. Manne wat reeds voorheen ‘n vonnis uitgedien het, is geneig om van die begin ‘n begeerte vir ‘n spesifieke soort werk uit te spreek. Nuwelinge in die gevangenisopset word op verskillende ander wyses opgeneem in die bestaande strukture. Hulle leer om te dobbel – of leer nuwe maniere van dobbel aan. Sommige sal vir die eerste maal in hul lewe begin deelneem aan abnormale seksuele praktyke. In navolging van die groter groep leer baie om die beamptes (en selfs mekaar) te haat en te wantrou. Hul raak vertroud met die beskouinge en reëls van die gevangenis. (Clemmer, 1940: 300)

Opsommend kan dus gesê word dat die kern van institusialisering terug te vind is in die **verlies van beheer** oor die persoonlike lewe.

- **Craig Haney**:

Teen 2001 het Craig Haney die psigologiese impak van gevangesetting teen die agtergrond van die verskynsel van ‘institusialisering’ bestudeer. Hy omskryf institusialisering as ‘n proses waardeur gevangenes getransformeer word deur die

institusionele omgewing waarin hulle hul bevind.Binne die korrektiewe opset dui institusialisering op die negatiewe psigologiese effek van gevangesetting. Algemeen gesproke dui 'institusialisering' op die verskynsel dat die norme van die gevangenislewe geïnternaliseer word in die waardestelsel van die indiwidu. (Haney, 2001: 4-5)

Haney het dit beklemtoon dat die psigologiese effek van gevangesetting nie alle gevangenes op dieselfde wyse affekteer nie, alhoewel dit die absolute enkeling is wat wel daardeur onaangeraak bly, omrede gevangenisstraf lyding meebring. Gevangenes ondervind meermale die langtermyn-effek van blootstelling aan hierdie lyding, ontbering en die uiters abnormale lewenspatroon en norme wat saamgaam met die interaksie met ander gevangenes. (Haney, 2001: 4)

Soos alle vorms van geleidelike verandering geskied hierdie proses van institusialisering ook in verskillende stadia. Hoe langer iemand in gevangenskap bly, hoe meer diepgrypend is die aard van institusionele transformasie. (Haney, 2001: 5)

Die gevangene raak geleidelik gewoond aan die beperkings van die gevangenis-lewe. Die verskillende psigologiese meganismes wat die aanpassing moontlik maak raak uiteindelik 'tweede natuur' en tot 'n sekere mate geïnternaliseerd. Die proses van institusialisering verloop gewoonlik uiters subtiel, tot sò 'n mate dat dit moeilik identifiseerbaar kan wees.Gevangenes 'kies' nie om daaraan toe te gee nie. Baie min gevangenes wat wel geïnstitusialiseerd geraak het, is self bewus daarvan. (Haney,

2001: 5)

Die proses van institusionalisering, volgens Haney, toon sommige (of selfs al) die volgende psigologiese aanpassings:

- **<u>Afhanklikheid van institusionele strukture en kontingensies</u>**:

Korrektiewe instellings verwag, onder andere, van gevangenes om hul vryheid en outonomie ten opsigte van besluitneming en keuses prys te gee. Hierdie is vir vele ‘n pynlike aanpassing. Met verloop van tyd begin gevangenes egter om aan te pas by die demping van inisiatief en onafhanklikheid, soos deur die gevangenis verwag, en raak toenemend afhanklik van die institusionele beperkings wat hul vroeër verwerp het. ‘n Ietwat verskillende aspek van die proses van institusialisering behels die ontwikkeling van ‘n afhanklikheid van die instituut om die gevangene se gedrag te beheer. Gevangenes word deur die korrektiewe instelling gedwing tot aanpassing by ‘n komplekse netwerk van grense, waarvan die oortreding vinnig (en dikwels swaar) gestraf word. Die proses van institusialisering binne die korrektiewe opset mag die gevangene so volledig omring met eksterne beperkings, hulle so verswelg in ‘n netwerk van reëls en regulasies en maak hul so gewoond aan ‘n sisteem van sigbare fisiese inperking dat persoonlike beheer verkrummel, of in die geval van jong oortreders, nooit ontwikkel nie. (Haney, 2001: 6)

Die gevolg hiervan is dat sommige so afhanklik raak van hierdie eksterne bedwang dat hul mettertyd die vermoë verloor om persoonlike grense te stel en te eerbiedig.

Wanneer hierdie eksterne struktuur verval (soos met vrylating), ondervind die indiwidu meermale ‘n onvermoë om te onderskei tussen daardie dinge wat opbouend of selfvernietigend kan wees.

- **<u>Hiperwaaksaamheid, interpersoonlike wantroue en suspisie:</u>**

Menige gevangenisse is onbetwisbaar gevaarlike plekke sonder enige uitgang of ontsnappingsroete. Gevangenes leer gou om hiperwaaksaam te wees, om ‘met die een oog oop te slaap’, en dus voortdurend ingestel te wees op enige moontlike tekens van gevaar of persoonlike risiko. Daar is altyd diegene wat daarop ingestel is om elke teken van swakheid of agtelosigheid uit te buit. Baie gevangenes glo dat iemand wat nie die beeld van moontlike gewelddadigheid oortuigend kan uitdra nie, baie waarskynlik die prooi van dominering en uitbuiting vir die duur van sy vonnis kan wees.(McCorkle, 1992: 161)

- **<u>Emosionele onderdrukking, vervreemding en psigologiese verwydering:</u>**

Die skepping van sodanige ‘masker’ verg emosionele selfbeheersing. So ‘n stryd om selfbeheer ontaard geredelik in ‘n emosionele onderdrukking en ‘n algemene gebrek aan spontaneïteit. Enige blyke van kwesbaarheid is potensieel gevaarlik omrede dit uitbuiting kan ontlok. “Prison is a barely controlled jungle where the aggressive and the strong will exploit the weak, and the weak are dreadfully aware of it”. (Keve, 1974: 54)

Die gevangene wat poog om deur emosionele onderdrukking sowel as deur sy houding ‘n ondeurdringbare masker te skep, stel homself bloot aan die gevaar om ‘n permanente en onoorbrugbare kloof tussen homself en andere te vestig..

- **Sosiale onttrekking en isolering:**

Terwille van veiligheid verkies sommige gevangenes om te onttrek in sosiale onsigbaarheid deur so ‘n lae profiel as moontlik te handhaaf. Hierdie self-opgelegde sosiale onttrekking en isolasie impliseer ‘n terugtrekking in sigself, ‘n absolute wantroue in almal en meermale ‘n bestaan in eensame wanhoop wat soms sterk herinner aan kliniese depressie. Dit kom meermale voor by langtermyn-gevangenes. Jose-Kampfner beskryf dit as “… this existential death is unfeeling, being cut off from the outside…”. (Jose-Kampfner, 1990: 110)

- **Aanvaarding van uitbuitende norme van subkulture:**

Behalwe die formele reëls van die gevangenis moet daar ook rekening gehou word met die informele reëls en norme wat deel uitmaak van die ongeskrewe kultuur en kodes van beide die instelling en die subkulture. Sommige gevangenes soek beskerming teen die gevare en ontberings van die omgewing deur alle informele norme aan te gryp, selfs die mees ekstreme waardes van die gevangenislewe – sommige op sodanige wyse dat sy reputasie as roekelose daardeur versterk word. Soms word die

onvermoë om swakheid uit te buit, op sigself as teken van swakheid beskou, en dus as sulks gereken as uitnodiging tot uitbuiting. Tussen manlike gevangenes mag dit ‘n soort van hiper-manlikheid bevorder waar geweld en oorheersing vereer word as noodsaaklike komponente van persoonlike identiteit.

- **Verlaging in eie-waarde:**

Die gevangene word deurgaans sy basiese reg tot privaatheid ontneem. Hy verloor beheer oor daardie aspekte van sy bestaan wat deur die gewone burger as vanselfsprekend aanvaar word. Sy lewensruimte word ingeperk tot die grense van sy sel, wat hy dikwels moet deel met ‘n ander terwyl hy geen beheer daaroor het nie. Dikwels beland hy in ‘n oorvol gemeenskapsel met ontoereikende slaap- en toilet-geriewe. Hy het geen beheer oor wat en wanneer hy mag eet nie. Hierdie en soortgelyke omstandighede mag daartoe lei dat gevangenes kom tot ‘n degradering van die selfbeeld en hulself begin sien as die soort van mens wat hierdie degradering en stigma van gevangesetting verdien.

- **Post-traumatiese stresreaksies met vrylating:**

Die psigologiese impak van gevangesetting kan vir sommige gevangenes sò pynlik wees dat dit aanleiding kan gee tot post-traumatiese stresreaksies na vrylating. Haney bevestig dat daar wel sekere ooreenstemmende faktore is wat die lewens van baie veroordeeldes in die gemeenskap kenmerk. Indien ‘n ‘risiko-faktor’-

model hiervan saamgestel kan word, sal dit grootliks bydra om die komplekse wisselwerking van traumatiese kindheidservarings soos armoede, misbruik, verwaarlosing en ander vorme van verontregting in die lewens van baie oortreders te verstaan.  Die aanwesigheid van hierdie risikofaktore en traumas in die geskiedenis van die kinderdae verhoog die waarskynlikheid van ‘n reeks probleme later in die lewe, veral jeugoortredings en misdaad. (Haney,  2001: 10)

Dat die beskouinge van Goffman, Clemmer en Haney almal saamgevat kan word onder die een gemeenskaplike deler van **Verlies aan Beheer** behoef skaars verdere betoog. Dit bring die vraag na vore: ‘Tot welke mate is die periodieke opstandigheid onder gevangenes die resultaat van ‘n behoefte aan persoonlike beheer of aan selfregulering?

Teen die agtergrond van sy Teologiese en Sielkundige opleiding asook sy diensjare in die Korrektiewe opset, is die navorser egter van mening dat ‘n verdere onderskeiding nodig geword het: ‘n onderskeiding tussen die gevangenis as INSTITUUT, en die gevangenis as ORGANISME.

### **4.3.2. Die gevangenis as instituut**::

Onder die gevangenis as INSTITUUT word  die institusionele karakter van die gevangenis onderskei.  Dit is die gevangenis soos georganiseer onder sy range of ampte en hul funksionering in terme van die voorskrifte en bepalings van die Wet op

Korrektiewe Dienste (Wet 111 van 1998). Dus: die gevangenis soos hy behoort te opereer.

Soos reeds vermeld, het Goffman in sy studie, “Asylums” (sien p.135) die gevangenis – tesame met ander instellings soos hospitale, sielsieke inrigtings, ens. – aangedui as ‘geheelinstitute’ (total institutions). Menige van hierdie geheelinstitute vertoon as menslike skrootwerwe. Hul vertoon sig gewoonlik aan die publieke oog as organisasies wat rasioneel georganiseer is met die oog op die bereiking van sekere toegewyde, amptelik-goedgekeurde en lofwaardige doelstellings. Een van die amptelike doelstellings wat meermale voorgehou word is die transformering van indiwidue tot ‘n ideale standaard. Hierdie teenstrydigheid tussen wat ‘n instelling doen en wat beweer word wat gedoen sou word maak ‘n groot deel uit van die personeel se dagtaak. (Goffman, 1961: 14-48)

In navolging van Goffman het dit algemene praktyk geword om die gevangenis as ‘n geheelinstituut te beskou. So word die gevangenis gesien as verwyderd van die groter gemeenskap en derhalwe geïsoleerd van die invloed daarvan. Met gevangesetting word die gevangene gestroop van sy vorige identiteit en deur ‘n ritueel van ontering bevestig in ‘n nuwe identiteit: dié van ‘gevangene’. (Carroll, 1982).

Dit is egter noodsaaklik om hier te onderskei tussen ‘n ‘geheel-instituut’ en ‘n ‘totalitêre instituut”. Elke instituut het sy omvattende (of ‘geheel’-) neigings, maar nie almal vertoon totalitêre neigings nie. Laasgenoemde is altyd gebou op die almag van

die staat.

In “Prison Issues Overview” (2006) word die volgende onderskeid aangetoon:

| **Geheel-instituut:** | **Totalitêre Instituut** |
| --- | --- |
| 1. Alle aspekte van funksionering vind plaas onder een dak. | 1. Daar is ansolute isolasie van die buitewêreld. |
| 2. Aktiwiteite geskied in groepsverband. | 2. Alle aktiwiteite is uitputtend. |
| 3. Alle aktiwiteite is bepland. | 3. Aktiwiteite is onbepland en skep onsekerheid. |
| 4. Daar is ‘n sisteem van bevoorregting en beloning vir goeie gedrag. | 4. Daar is geen bevoorregting of beloning vir gedrag nie. |
| 5. Daar is ‘n erkende gedragskode en rangstruktuur vir inwoners en personeel. | 5. Daar is voortdurende ontwikkeling van metodes van teistering. |
| 6. Daar is voortdurende aanpassings by omstandighede, soos onttrekking, opstand, ens. | 6. Daar is beplande metodes van mishandeling, ens. |

(Prison Issues Overview, 2006)

Gevangenisse word tradisioneel beskou as “schools of crime”, of die “college of knowledge”. Die gevangenis-ervaring bevorder die opbou van ‘n wrok asook ‘n hele arsenaal van misdaadmetodes wat deur gevangenes na ontslag teruggeneem word na die gemeenskap. Vele oortreders word opgeneem as nie-gewelddadige oortreders en

verlaat die gevangenis as ernstige geweldsmisdadigers. Ernstige geweldsmisdaad word gepleeg deur ‘n sogenaamde ‘revolving door’-groep oortreders waarna verwys word as die 7/70 teorie: 7% van die oortreders is verantwoordelik vir 70% van die oortredings. (Wolfgang, et al. 1972)

**4.3.3. <u>Die gevangenis as organisme</u>**:

Voorts moet die gevangenis as ORGANISME onderskei word, met ander woorde, die gevangenis soos hy sig openbaar in sy daaglikse funksionering. Dit is nie alleen die wyse waarop die owerheid teenoor die gevangene optree wat die daaglikse funksionering van die gevangenis bepaal nie, maar veral ook die invloed van die subkulture. Die gevangene bevind hom daagliks tussen die Scylla en die Charibdes van, aan die eenkant die eise wat deur die owerheid aan hom gestel word, gebaseer op die vereistes van beide die wet en die samelewing, en aan die anderkant die eise aan hom gestel deur die subkulture. En geeneen van hierdie twee is die ander juis goedgesind nie.

Merkwaardig genoeg, die morele eise gestel deur die samelewing is gegrond op die Tien Gebooie. Maar eweseer is die wette van die subkulture gebaseer op hulle eie vertolking van dieselfde Tien Gebooie. Ter illustrasie:

> *Die volgende **agt** wette is die oorkoepelende wette van die 28 bende, net soos die Tien Gebooie die basis vorm van, onder andere, ons regstelsel. Hierdie wette word in vier groepe verdeel, bestaande uit twee wette elk. Die eerste wet in elke*

*groep het betrekking op die lid se verantwoordelikheid teenoor die bende, net soos die eerste tafel van die Tien Gebooie betrekking het op die verhouding tot God. Die tweede wet in elke groep het betrekking op die verantwoordelikheid teenoor die mede-lid, soos die tweede tafel van die Tien Gebooie die verhouding tot die medemens reël. Die woord 'pangela' dui op die wet self, terwyl die woord 'nopangela' die rede vir die wet uitspel. (Vir die betekenis van woorde, sien* Weyers, 2009, Bylae 2, 428)

**<u>DIE EERSTE GROEP WETTE:</u>**

- DIE EERSTE WET ***(PANGELA)***:

**"Jy sal nie maak soos jy wil nie".**

***Die NOPANGELA:*** Vroeër was jy 'n 'frans'. Jy het dus aan geen bende behoort nie. Toe was jy onderworpe aan jou eie wil. Nou het jy as ndoda toegetree tot 'n organisasie. Binne hierdie organisasie bestaan geen ruimte vir eie wil nie, omrede dit die ganse organisasie kan bedreig. Die dissipline binne die organisasie verseker ook jou eie welsyn en voortbestaan. Die respek wat gevra word teenoor mede-lede, en veral seniors, verseker die voortbestaan van die organisasie. (Tydens die inisiasie van die lid word dit uitdruklik aan hom gestel: "Jou krag is gesny in die kamp". *Hierdie uitdrukking beteken dat hy gelykgemaak is met die ander lede deurdat sy " krag" verdeel is tussen die ander lede van*

*die nommer. Daar is dus geen ruimte vir die indiwidualis/sterkman in die bende nie.*

- DIE TWEEDE WET: (**PANGELA) :**

**"Jy mag nie jou broer slamba nie".**

**Die NOPANGELA:** Wanneer jy jou broer vloek, is dit 'n teken van gebrek aan respek teenoor hom. Hierin is reeds die kiem van ondergang van die nommer opgesluit. Gebrek aan onderlinge respek lei tot interne wrywing. Weereens 'n oortreding van die eerste wet!

**DIE TWEEDE GROEP WETTE**:

- DIE DERDE WET: **(PANGELA):**

**"Alles wat jy van bo af chais, sal jy chais met respek".**

**Die NOPANGELA:** Instruksies, bevele, onderrig, ens. word alleen van bò af gegee. Dit impliseer reeds dat elkeen van jou seniors meer ervaring in die Nommer het as jy. Hulle weet baie meer van die Nommer as jy. Jy kan hulle niks leer nie, maar dit is hul taak om jòu te onderrig. Jou dissipline en onderdanigheid verseker die voortbestaan van en goeie orde binne die bende.

- DIE VIERDE WET: **(PANGELA):**

**“Jy mag nie agter jou broer se boots sabela nie.”**

**Die NOPANGELA**: Om agter jou broer se rug van hom te praat, beteken dat jy nie alleen geen respek teenoor hom betoon nie, maar daardeur veroorsaak jy dat ander hom ook nie langer respekteer nie. En dit terwyl hy nie die geleentheid gegun word om homself te verdedig nie. Dit ondermyn die goeie orde in die kamp. Sodanige breuk van respek is veral ook moontlik wanneer bv. inligting aangaande hom aan die owerhede of aan ander bendes oorgedra word. Informant India druk dit goed uit wanneer hy sê: “ Wanneer ek agter my broer se boots sabela, veroorsaak ek dat die ander persoon ook sy respek vir hom verloor. Dit gebeur meermale dat so ‘n persoon dan gewelddadig begin optree, en wie se skuld is dit eintlik?”

Hy noem ook die interessante verskynsel dat ndodas dikwels geneig is om op hierdie wyse op te tree in die teenwoordigheid van ‘franse’. Langs hierdie kanaal word die inligting dan meermale oorgedra aan die betrokke verontregte lid. Daarom kan die waarskuwing nooit ernstig genoeg beklemtoon word nie: “Moenie in die wind praat nie, want die wind kan jou woorde wegwaai….”

## DIE DERDE GROEP WETTE:

- DIE VYFDE WET: **(PANGELA):**

**"Ek sal nie soek wat ek nie forsho nie.”**

**Die NOPANGELA:** Ek sal nie iemand ondersoek om sy kennis te toets deur hom iets te vra wat ek nie self weet nie. Die rede hiervoor is dat, indien hy nie oor die gevraagde kennis beskik nie, is ekself nie in die posisie om hom te onderrig nie. Inligting wat ek dan sou aanbied, sou nie korrek wees nie. Dit sou dus die bende tot nadeel strek omrede valse informasie aangebied word as die waarheid.

- DIE SESDE WET (**PANGELA):**

**"Ek sal nie dala om myself te verdala nie."**

**Die NOPANGELA:** Dit is een van die basiese wette van die nommer dat 'n lid se bloed nie vergiet mag word nie, nie deur 'n broer nie, en ook nie deur eie toedoen nie. Daardeur word die bende self skade berokken.

Wanneer 'n lid dus poog om sy eie lewe te neem, op welke wyse ookal (die mees algemene metode is deur snywonde of deur homself op te hang!) dan is hy strafskuldig voor die nommer. Daarom is dit ook begryplik waarom die bende met soveel geweld kan optree in gevalle waar 'n lid deur 'n ander bende aangerand word. (Interessant is dat indien die lid wat aangerand word, 'n Lig Een (Makoebani) is, dan beteken dit onmiddellik OORLOG. Die rede is nie geleë in enige homoseksuele motief nie, maar omrede Lig Een so 'n besondere rol speel in die Nommer: "Hy moet lig maak wanneer dit in die Nommer donker word." Daarom mag Lig Een self nie 'donker' word nie, want dan word die hele Nommer donker. As voorbeeld: In ±2004 het 'n Lig Een by M.C.C. te Bloemfontein self

‘donker’ geword en ‘n potjie Vaseline gesteel van ‘n lid van Big Five. Hiervoor het die Big Five hom aangeval en geskop. In weerwraak het lede van 28 ‘n Big Five in die Mount Gambier-wooneenheid met toiletskerwe aangeval en vermoor. Dis die berugte geval waar hulle, terwyl die slagoffer nog gelewe het, met stukke van sy ingewande om hul nekke in die woon-eenheid rondgehardloop het en uitgeroep het: “Die vlag van 28 waai weer hoog!”

**DIE VIERDE GROEP WETTE:**

- Die SEWENDE WET: **(PANGELA):**

**“Jy mag nie saam met ‘n ander kamp uit dieselfde dish eet nie”.**

**DIE NOPANGELA:** Om met ‘n ander bende te heul, beteken niks minder nie as blatante verraad. Net soos in enige staatsbestel eis (hoog-) verraad ook hier die hoogste straf.

- DIE AGTSTE WET: (**PANGELA):**

**“Jy sal verdala daar waar jou broer verdala”.**

*(Hierna word meermale kortweg verwys as ‘DIE LAASTE WET’)*

**DIE NOPANGELA:** Jy sal saam met jou mede-bendelid sterwe (natuurlik vir die saak van die bende). Sou jou broer aangeval en gedood word, sal jy nie

op ‘n onverantwoordelike wyse instorm en self jou lewe in gevaar stel nie. Die vraag is nie of jy hom ken nie, maar of jy die nchailo (kennis) het dat hy wel ‘n lid van 28 is (en nie bv. ‘n skietbaan is nie). Indien jy nie oor daardie nchailo beskik nie, sou jy deur sò ‘n optrede die bende skade berokken deur JOU lewens-verlies.

**4.3.4. Institusialisering.**

“Institusialisering” beteken dat die gevangenes binne ‘n bepaalde gevangenis die gevangenis-subkultuur aanneem en internaliseer. Die gevangene wat die beskermende subkultuur verwerp is fisies en psigologies kwesbaar. Die proses waardeur die gevangene sigself losmaak van die subkultuur word dikwels omskryf as ‘hersosialisering’. Dit kom meermale voor kort voor vrylating. Wheeler is van mening dat konformering aan owerheidsverwagtinge aangewend kan word as barometer vir ‘institusialisering’: Hoe laer die konformering, hoe hoër die ‘institusialisering’. ‘n Gevangene aan die begin van sy termyn sal heel anders optree ten opsigte van die subkulture as een wat halfweg of selfs naby die einde van sy vonnis is. (Wheeler, 1961)

Of volledige institusialisering plaasvind of nie hang af van die betrokke indiwidu, van sy vatbaarheid vir ‘n vreemde kultuur.

- Dit sal eerstens bepaal word deur die tipe verhoudingslewe wat hy gelei het

voor gevangesetting, dit wil sê van sy persoonlikheid.

- ‘n Tweede determinant wat volle institusialisering kan beïnvloed het te doen met die soort en mate van verhoudings wat die gevangene nou handhaaf met persone buite die gevangenis.

- ‘n Derde determinant het betrekking op die vraag of die gevangene betrokke geraak het by die subkulture al dan nie. Dit hou ook verband met die eerste twee determinante hierbo.

- ‘n Vierde determinant berus bloot op geluk: ‘n gelukskoot met sy plasing in ‘n werkspan, wooneenheid en saam met watter selmaat.

- ‘n Vyfde determinant hou verband met die vraag of die persoon die dogmas en gedragskodes van die subkulture aanvaar.

- Ander determinante sluit in ouderdom, kriminaliteit, nasionaliteit, ras en kondisionering. Tussen hierdie determinante bestaan ‘n onderlinge verband. (Clemmer, 1940: 300-301)

## 4.4. DIE TRAUMA VAN GEVANGESETTING:

### 4.4.1. Wat is TRAUMA?

Die Kernwoordeboek van Afrikaans definieer trauma as " 'n abnormale gemoeds- of senutoestand wat ontstaan deur 'n hewige skok of deur verwonding". (Kernwoordeboek, 537) Die Merriam-Webster's Collegiate Dictionary omskryf trauma as: "a disordered psychic or behavioral state resulting from severe mental or emotional stress or physical injury." ( Merriam-Webster, 1331.)

Samevattend kan 'trauma' dus omskryf word as 'n 'abnormale gemoeds- of senutoestand wat veroorsaak is deur 'n ervaring of gebeurtenis waaroor die betrokke persoon alle beheer verloor het.'

Die traumatiese reaksie kan as volg voorgestel word:





Diagram 4 . Traumatiese reaksie. (Ontleen aan: Perry, 1999: 2)

Daar kan twee tipes van trauma onderskei word:

- **Omstandigheidstrauma** (*Situational trauma*) wat verband hou met spesifieke gebeurtenisse soos natuurrampe en geweldsmisdade. In die geval van die gevangene is gevangesetting 'n gebeurtenis,'n traumatiese omstandigheid. Dit word meer breedvoerig behandel op 166 vv.

- **Ontwikkelingstraum**a (*Developmental trauma*) wat verband hou met die beweging van een stadium in die lewe na 'n ander. As voorbeelde dien die oorgang van gesondheid na terminale siekte, beserings of oorgang na ander lewenssituasies soos egskeiding, gevangesetting, ens. (Trauma: 2.) Wanneer die gevangene die gevangenis betree, word hy as volwassene van alle selfstandigheid gestroop. Net soos die sterwende moet die gevangene alles 'agterlaat'. Watter effek dit op hom as mens het, word later vollediger onder die loep geneem op bls 181v.

Dit is egter belangrik om kennis te neem van die feit dat alle vorme van trauma èèn gemeenskaplike eienskap openbaar: Dit is die resultaat van 'n verlies aan BEHEER – ongeag die situasie! Dit sal in latere besprekings verder toegelig word.

### 4.4.2. Die simptome van trauma:

Enige toestand wat afwyk van die normale, hetsy dit liggaamlike of geestes-ongesteldheid, ‘n afwykende gemeenskapsverskynsel of wat ookal is, openbaar sekere eienskappe of simptome waaraan dit geïdentifiseer kan word. In die geval van traumatiese ervarings is daar die volgende duidelik-herkenbare simptome op die fisiese, emosionele en kognitiewe vlakke wat dien as waarskuwingsligte.

| **Simptoom.** | **Kenmerke.** |
|---|---|
| **Fisies:** | Eetversteurings<br>Slaapversteurings<br>Seksuele disfunksie<br>Gebrek aan energie<br>Chroniese, onverklaarbare pyne. |
| **Emosioneel.** | Depressie, spontane huil, moedeloos.<br>Angs<br>Paniekaanvalle<br>Vrees<br>Kompulsiewe en obsessiewe gedrag<br>Ervaar verlies van beheer<br>Geïrriteerd, kwaad of verwytend<br>Emosionele gevoelloosheid.<br>Onttrekking van gewone roetines. |
| **Kognitief** | Geheueverlies – veral t.o.v. die trauma<br>Besluiteloosheid<br>Gebrek aan konsentrasie<br>Verwarring. |

Tabel 2. Simptome van Trauma

Die gevangene is, ten spyte van die feit dat hy ‘n veroordeelde is, nog steeds volledig mens. As sulks vertoon hy ook dieselfde behoeftes, drange en begeertes wat hom as mens kenmerk. In ‘n diepgaande studie rondom hierdie instinktiewe menslike behoeftes het Abraham H. Maslow sy bekende ‘Hierargie van Behoeftes’ geformuleer. Hierdie behoeftes het hy as volg saamgevat:





Diagram 5. Maslow se Hiërargie van Behoeftes

Die behoeftes kan in twee groepe verdeel word, tw. die eerste vier as ‘gebreksbehoeftes’ (deficiency needs) en die laaste as ‘ontwikkelingsbehoefte’ (growth needs). Van belang is om daarop te let dat, in die gebreksbehoeftes, elke laer behoefte eers vervul moet word alvorens daar na die volgende behoefte beweeg kan word. Dit sal in die onderstaande bespreking telkens toegelig word.

Hierdie teorie, wat deur Maslow aangedui word as ‘n “holisties-dinamiese teorie” is ‘n

sintese van die funksionalistiese tradisie van James en Dewey tesame met die holisme van Wertheimer, Goldstein en die Gestalt psigologie en die dinamisme van Freud en Adler.

Hy onderskei die volgende basiese behoeftes:

- **Fisiologiese Behoeftes**:

Hieronder resorteer behoeftes soos asemhaling, voedsel, water, slaap, homeostase en ekskresie – almal behoeftes waarsonder die voortbestaan van die spesie bedreig kan word.

Ongetwyfeld is die fisiologiese behoeftes die oppermagtigstes. Indien alle behoeftes onbevredig is en die indiwidu word deur die fisiologiese behoefte oorheers, dan vervaag al die ander behoeftes in die agtergrond of verdwyn geheel en al. (Maslow, 1954: 81)

‘n Honger mens soek bo alles na voedsel. Maar wat gebeur met die mens se behoeftes en begeertes wanneer daar oorvloed van voedsel is? Dan tree ander ( en hoër ) behoeftes op die voorgrond, en sulke behoeftes domineer. Wanneer hierdie nuwe behoeftes egter ook bevredig is, tree verdere nuwe (en nòg hoër) behoeftes na vore, en so hou die proses aan. Dit is waarom Maslow bevind dat die basiese behoeftes in ‘n hiërargie georganiseer kan word. (Maslow, 1954: 83).

‘n Behoefte wat bevredig is, is nie meer langer ‘n behoefte nie. Die indiwidu word slegs gedomineer en sy gedrag georganiseer deur onbevredigde behoeftes. Wanneer

die honger gestil is, raak voedsel voorlopig minder belangrik. (Maslow, 1954:  84)

- **Veiligheidsbehoeftes**:

Nadat die fisiologiese behoeftes bevredig is, kom veiligheidsbehoeftes op die voorgrond. Dit behels die behoefte aan sekuriteit van liggaam, werk, bronne, moraliteit, familie, gesondheid en eiendom. Dan kan die organisme beskryf word as ‘n ‘safety-seeking mechanism’. (Maslow, 1954:  84)

Dan kan die reseptore, die effektore, die intellek en ander kapasiteite gereken word tot instrumente om veiligheid  te verseker. ” (Maslow,  1954:  84)  Alles anders kom voor as van  minder belang. Indien die behoefte aan veiligheid ernstig genoeg is, kan die mens beskou word  as “living almost for safety alone”. (Maslow, 1954: 84).

Die belangrikheid van hierdie behoefte aan sekuriteit vir die indiwidu word op besondere wyse geïllustreer in die lewe van die jong kind. Een rede waarom die reaksie op dreigende gevaar helderder op die voorgrond tree by jong kinders is omrede hul nog nie geleer het om hierdie reaksie te inhibeer nie. In die moderne samelewing het die volwassene geleer om hierdie reaksie ten alle koste te onderdruk.  (Maslow, 1954: 85)

- **Liefdes- en Behorensbehoeftes**:

Na bogenoemde twee behoeftes bevredig is, tree  die liefdes- en behorens-behoeftes op die voorgrond. Hieronder val behoeftes soos diè aan vriendskap,

familiebetrokkenheid en seksuele intimiteit. Die hele siklus soos reeds beskryf, herhaal sigself. Dit is egter van belang om daarop te let dat liefde en seks nie sinonieme is nie!

- **Behoefte aan agting of erkenning:**

Elke mens wil menswaardig voel. Maar menswaardigheid is ten diepste gebou op selfrespek en vertroue. Die mens wil presteer en daardeur die respek van andere wen. Hierdie behoeftes kan onderverdeel word in twee aanvullende groepe.

Eerstens is daar die behoefte aan mag, aan prestasie, aan doeltreffendheid, aan bekwaamheid, aan selfvertroue, aan onafhanklikheid en vryheid. Tweedens is die begeerte vir aansien of prestige, status, oorheersing, erkenning, aandag, belangrikheid of waardering. (Maslow, 1954: 90)

Beverdiging van die behoefte aan eiewaarde lei tot die gevoel van selfvertroue, waardigheid, vermoëndheid en selfvoldaanheid. Wanneer hierdie behoeftes egter gedwarsboom word, het dit gevoelens van minderwaardugheid, swakheid en hulpeloosheid tot gevolg. (Maslow, 1954: 91)

- **Selfverwesenliking.**

Vir Maslow is selfverwesenliking geleë in die aanvaarding van feite, gebrek aan vooroordeel, probleemoplossing, spontaneïteit, kreatiwiteit en moraliteit. “What a man can be, he must be.” (Maslow, 1954: 91)

Dit het die navorser opgeval dat daar tussen die behoeftevlakke ‘n toenemende komplikasie bestaan. By elke vlak – uitgesonderd die laagste en hoogste vlakke – bestaan beide ‘n retrosiperende en ‘n antisiperende komplikasie. Die ‘volgende vlak’ behoefte is altyd ‘n voortsetting van die vorige ‘laer vlak’ behoefte. As voorbeeld: “Sekuriteit’ (finansieël) het ten doel om ‘fisiologiese’ bevrediging permanent te verseker. Inkomste verseker voedsel! Dus: Op elke vlak bestaan daar in die kiem reeds ‘n vooruitgryping op die volgende behoeftevlak om te verseker dat die behoefte nie weer sal voorkom nie. Eweseer is daar reeds in wese op elke vlak ‘n regressiewe teruggryping op die behoeftes van die vorige vlak aanwesig.

In die geval van die laagste vlak (die fisiologiese) bestaan slegs ‘n antisiperende komplikasie, terwyl by die hoogste vlak (selfverwesenliking) slegs die retrosiperende komplikasie bestaan.

Dit kan dus as volg saamgevat word:

**Vlak 1. Fisiologies**: Die behoefte bestaan NOU, maar die moontlikheid bestaan dat dit in die toekoms weer kan voorkom.

**Vlak 2: Sekuriteit**: Sekuriteit verseker dat die behoefte van vlak 1 nie weer sal voorkom nie, maar hiervoor is ‘n sosiale omgewing nodig.

**Vlak 3: Sosiaal**: Hierdeur word die sekuriteitsbehoefte gestabiliseer, maar dit benodig agting vir eie stabiliteit.

**Vlak 4. <u>Agting</u>**: Agting verseker sosiale stabiliteit. Voortgesette agting berus op prestasie.

**Vlak 5**: **<u>Selfverwesenliking</u>:** Hierin is die sekuriteit van agting opgesluit.

### 4.4.3. Voorwaardes vir basiese behoeftebevrediging:

Daar is sekere voorwaardes wat geld as voorvereistes vir behoefte-bevrediging. Bedreiging hiervan word ervaar as direkte bedreiging vir die indiwiduele behoeftes. Voorbeelde hiervan is vryheid van spraak, die vryheid om na goeddunke te handel – solank dit niemand anders benadeel nie – vryheid van uitdrukking, vryheid om inligting te bekom, vryheid om te verdedig, geregtigheid, regverdigheid eerlikheid en ordelikheid. Dwarsboming van hierdie basiese regte lei tot 'n noodreaksie. Sonder hierdie regte is bevrediging van die basiese behoeftes onmoontlik, of ten minste ernstig bedreig. (Maslow, 1954: 92)

### 4.4.4. Die graad van fiksasie van behoeftes.

Hierdie hierargie vorm nie 'n onwrikbaar vaste patroon nie. Daar is uitsonderings ook op hierdie reël. So is daar die kunstenaarstipe vir wie die estetiese die een en al is. Net so is daar bv. die psigopatiese persoonlikheid by wie die liefdes-behoefte bykans nie bestaan nie, ens.

**4.5. <u>ONTBERING VAN BEHOEFTES BY GEVANGENES</u>:**

Die ontbering van basiese behoeftes lei noodwendig tot trauma. In vele studies rondom die behoeftes en noodwendige trauma onder gevangenes is verskillende oorsake en gevolge uitgelig. So was die eertydse stelsel van eensame opsluiting daarop gemik om die gevangene te lei tot die herontdekking van sy ware self en sy eie gewete. (Flanagan, Marquart & Adams, 1998: 25. Sien ook bls. 51) Dit het egter die doel gemis, aangesien dit eerder gelei het tot ongunstige psigologiese resultate by menige gevangenes - gevolge soos delusies, engtevrees, depressie, paniekaanvalle en in menige gevalle selfs psigoses, wat almal simptome is van chronofobie ( meermale genoem 'gevangenisneurose'). Hierdie chronofobie (uit die Grieks 'gronos' > 'tyd' en 'fobos' > 'vrees') is 'n vrees vir tyd, gekenmerk deur paniek, angs en engtevrees. Dis waarskynlik die mees algemene angsversteuring tussen gevangenes, want elke gevangene word op een of ander tyd ontsteld oor die duur van sy vonnis en die stadige verloop van tyd.

Die term 'isolasie' word gebruik wanneer gevangenes afgeskei word van die algemene gevangenisbevolking. Dit geskied gewoonlik onder een van drie omstandighede, te wete dissiplinêre isolasie, administratiewe isolasie en beskermende afsondering. Soos te verwagte sal die vraag hoedanig 'n gevangene psigologies beïnvloed word deur eensame opsluiting afhang van die tydsduur wat hy in isolasie

moes deurbring. (Bartol & Bartol: 1994).

Gevangenisse is meermale die toneel van brutaliteit, geweld en stres. Gevangenes word meermale gekonfronteer met die voorkoms van geweld en is derhalwe voortdurend bekommerd oor hul veiligheid. Dit word dikwels gesê dat jy ‘oë agter jou kop moet hê’. “Many times you have to ‘prey’ on someone, or you will be ‘preyed’ on yourself”. (Tosh: 1982)

Die effek van opsluiting word beperk tot sekere psigologiese ontberings. Dit sluit in die verlies van vryheid waar gevangenes ‘n beperking van beweging ondervind. Daar is ook die ervaring van morele verwerping soos deur opsluiting geïmpliseer . Opsluiting impliseer dat die gevangene nie vertrou of gerespekteer kan word nie. Daarom behoort hy nie toegelaat te word om vryelik tussen ander mense rond te beweeg nie. (Johnson, 1996).

Gevangenes is onderworpe aan reëls terwyl daar beperkings geplaas word op die items wat hulle wanneer in hul besit mag hê. Seksuele ontbering dwing gevangenes tot homoseksualiteit ten einde hul seksuele behoeftes te bevredig. Hieruit spreek ‘n nood vir die kameraadskap van ‘n vrou. Ook die verlies aan outonomie word geaksentueer deur die beheer deur gevangenisbeamptes. Die gevangene is onderworpe aan reëls en word soos kinders behandel. Hierdie psigologiese ontberings lei kumulatief tot die aftakeling van die persoonlikheid. (Johnson, 1995).

Die ontbering van menslike behoeftes hou onweerlegbaar verband met trauma.

In die geval van die gevangene kan beide gemelde tipes van trauma waargeneem word, t.w. Omstandigheidstrauma en Ontwikkelingstrauma.

- **<u>OMSTANDIGHEIDSTRAUMA by die gevangene:</u>**

Omstandigheidstrauma het sy oorsprong in die "Gevangenis as Organisme". Dit is 'n proses waar die hierargie van behoeftes altyd van ONDER af uitgekalwe word, m.a.w. dit is gerig op die ontbering van die basiese behoeftes – dus 'n verlies aan beheer! Hiermee stort die 'hoëre' behoeftes vanself in duie.




Diagram 6. Omstandigheidstrauma

Dit is enersyds toe te skryf aan druk van owerheidsweë, en andersyds druk vanaf subkulture. Van owerheidsweë word druk op die gevangene geplaas om aan die reëls en regulasies van die organisasie te konformeer – om hom soos 'n 'model-gevangene' te gedra. Non-konformering word voortdurend bedreig met moontlike straf soos verlies van voorregte, isolasie, ens.

Andersyds is omstandigheidstrauma terug te voer na die druk wat vanaf die kant van die subkulture uitgeoefen word. Die druk vanaf die subkulture is daarop gemik om die gevangene eerstens af te takel om hom sodoende vir hul doel geskik te maak. Hierdie proses van aftakeling (en latere heropbou) vertoon ‘n merkwaardige ooreenkoms met die proses van breinspoeling soos ontleed deur die Amerikaanse psigiater, Robert Jay Lifton, in sy studie van Amerikaanse krygsgevangenes tydens die Koreaanse oorlog. (Lifton, 1963)

In hierdie studie het Lifton veral gebruik gemaak van twee terme, tw. **Totalism** en **Thought Reform.** Hy het die term “Totalism” geformuleer om dit te onderskei van die bekende verskynsel van “totalitarianism”, wat noodwendig ‘n regeringsmag impliseer. Voorts het hy die term “Thought Reform” in sy werk verkies bo die algemene “Brain Washing”.

Lifton gebruik die term **Totalisme** om daarmee die eienskappe van ideologiese bewegings en organisasies aan te dui wat strewe na algehele beheer oor menslike gedrag en denke. Alhoewel sulke strewes, volgens Lifton, altyd misluk, volg hul tog ‘n herkenbare patroon waardeur voorspelbare psigologiese skade aan indiwidue en gemeenskappe aangerig word. In sulke totalistiese instellings vind Lifton twee algemene motiewe: Eerstens, ‘n vrees vir en ontkenning van die dood, wat gekanaliseer word in geweld teen sondebok-groepe wat, volgens hulle, ‘n metaforiese bedreiging teen oorlewing uitmaak. Tweedens is daar ‘n reaksionêre vrees teen sosiale verandering.

- **DIE UNIVERSELE STREWE VAN TOTALISTIESE INSTELLINGS:**

In Hoofstuk 22 verklaar Lifton: “For in identifying …. features common to all expressions of ideological totalism I wish to suggest a set of criteria against which any environment can be judged “. Hierdie kriteria waarna Lifton verwys bestaan uit agt psigologiese temas wat predominant is. Elk hiervan het ‘n totalistiese karakter, elkeen berus op ‘n ewe absoluut filosofiese aanname in die milieu van breinspoeling en elkeen mobiliseer sekere indiwiduele emosionele neigings, gewoonlik polariserend van aard. Kumulatief skep hulle ‘n atmosfeer wat tydelik opwekkend mag wees, dog terselfdertyd ‘n ernstige bedreiging vir die mens inhou. (Lifton, 1963)

- **Omgewingsbeheer (**Milieu Control):

Omgewingsbeheer is die psigologiese onderstroom waarop die ganse proses van breinspoeling berus. Hierdeur is die strewe nie alleen na beheer oor die subjek se kommunikasie ‘na buite’ (d.w.s. dit wat hy sien, hoor, lees, skryf, ondervind, ens.) nie, maar ook na sy kommunikasie ‘na binne’.

- **Mistieke manipulasie** (Mystical Manipulation):

Die onvermydelike tweede stap is die bewerking van ‘n omvattende persoonlike manipulasie. Hiervoor word enige metode aangewend, ongeag hoe afstootlik ookal. Die strewe agter hierdie manipulering is om gedragspatrone en emosies van ‘n bykans mistieke kwaliteit by die objek te ontlok. Selfs in die gevangenis is verskeie voorbeelde van hierdie mistieke manipulasie te vind. So is daar by die 28 Bende die sogenaamde Datumkwessie, waar die jaartalle 1812, 1824 en 1836 ‘n soort van mistieke rol in die ontstaansgeskiedenis speel. Dit word deur veral senior bendelede geïnterpreteer as ‘n poging om die nuweling te beïndruk met die ‘historisiteit” van sy bende. (Weyers, 2008: 121 vv.).

So is daar by dieselfde bende die mistieke historiese gebeure op die dag toe die oorspronklike bende opgebreek het in wat later bekend sou wees as die 28 en die 27 bendes. Dit word aangedui as “die dag toe die hemel en die aarde geskeur het”. (Weyers, 2008: 164)

Op die vlak van die indiwidu wentel die psigologiese reaksie op hierdie manipulasie tussen die pole van vertroue en wantroue. Van die subjek word verwag om hierdie mistieke manipulerings onvoorwaardelik te aanvaar. Wantroue beteken dat hy deelname aan die ‘hoër doel’ moet ontbeer.

- **Die eis van reinheid:** (Demand for Purity):

Vir die totalistiese instelling is daar ‘n duidelike onderskeid tussen die ‘reine’ en die ‘onreine’, tussen die ‘absoluut goeie’ en die ‘absoluut bose’. Vanselfsprekend is die ‘goeie’ en die ‘reine’ te vinde in die ideologieë, gevoelens en ervarings van die

instelling self, terwyl die ‘bose’ en die ‘onreine’ daarbuite te vinde is. Die implikasie hiervan is dat die subjek, om te ontkom aan die ‘bose’ in sy bestaan, alles wat buite die ideologie van die instelling val, heftig moet afsweer. Vergelyk die obsessie met ‘vuil brandmerke” (d.w.s. tattoeërings van opponerende bendes), ens. in die “Soldaat se Huistoe-kom”. (Weyers, 2009: 177vv.)

- **Belydeniskultus** (Cult of Confession):

In noue aansluiting met die eis om reinheid is die obsessie met persoonlike belydenis. Daar is die eis om belydenis te doen van oortredings – wat gewoonlik nie deur die subjek begaan is nie! Bewyse vir die bestaan hiervan kon nie by die gevangenis-subkulture gevind word nie.

- **Absolute kennis** (The ‘Sacred Science’):

Die totalistiese milieu handhaaf ‘n waas van ‘heiligheid’ rondom hul sentrale dogma. Hierdie ‘heiligheid’ spreek uit die absolute verbod teen bevraagtekening van daardie dogma. By die subkulture in die gevangenis word hierdie ‘heiligheid’ terselfdertyd aangewend as middel tot geheimhouding. Namate die lid vorder in die gesagstruktuur van die subkultuur, word daar meer kennis aan hom geopenbaar – kennis wat alleenlik op daardie vlak in die struktuur vir sy doeleindes noodsaaklik is. (Weyers, 2009: Sien die verskillende range)

- **Taalgeladenheid** (Loading the Language):

Taalgebruik en die geladenheid van begrippe vorm tot ‘n sekere mate deel van enige kulturele of organisatoriese groep. Dit is deels ‘n uitdrukking van onderlinge eenheid en eksklusiwiteit. Hierdie verskynsel kom grootskaals voor onder gevangenis-subkulture. Daar bestaan wel ‘n basiese ‘tronktaal’ bekend as Shalombom, maar elkeen van die verskillende bendes het hul eie uitbreiding en variasies daarop. Ook hier dien dit, behalwe vir die doel van ‘een van ons wees’, ook die verdere doel van geheimhouding. (Weyers, 2009: Bylae 3. 456)

- **Dogma bo indiwidu** (Doctrine over Person):

Hierdie taalgebruik reflekteer ‘n kenmerkende eienskap van die ideologiese totalisme: die ondergeskiktheid van die menslike ervaring aan die eise van die dogma. Hierdie dogmatiese voorvereiste oorheers in die totalistiese benadering tot die verandering van mense : die eis dat beide karakter en identiteit hervorm moet word – nie in lyn met die aard of potensiaal van die indiwidu nie, maar om in te pas by die buitelyne van die dogmatiese model. Dieselfde eis word in die gevangenis deur die subkultuur gestel aan die subjek : om aan te pas by die beeld van die tipiese lid van die betrokke subkultuur. Daarom dat by die inisiasie dit aan die nuweling gestel word : ‘Jou krag is gesny in die Nommer”. (Sien die ‘Eerste Wet’ op bls. 148.) Hier is dus geen ruimte vir indiwidualiteit nie.

- **Beheer oor bestaan** (Dispensing of Existence):

Die totalistiese instelling matig hom die reg aan om te besluit oor wie die reg het om te bestaan en wie nie! Om te bestaan raak dus afhanklik van ondergeskiktheid aan die doelstellings, en bowenal van die eenwording met die instelling. Die subjek word gedurig bewusgemaak daarvan dat afdwaling van die 'weg' mag lei tot die opsegging van sy bestaansreg. Hierdie tendens kom duidelik na vore in die gevangenis-subkultuur se strafstelsel vir geringe tot ernstige misstappe. (Weyers, 2009: 142vv.)

- **<u>METODIEK VAN BREINSPOELING:</u>**

Geen instelling bereik ooit volledige totalisme nie, en sommige redelik gematigde omgewings toon slegs tekens daarvan. Soos aangedui, is daar ook duidelike tekens daarvan in die subkulture in die gevangenisse. Daarom is dit ook van Penologiese belang dat aandag gegee word aan die mate van breinspoeling in hierdie instellings, om daardeur 'n begrip te verkry van die aard en omvang van hierdie omstandigheids-trauma vir die gevangene.

Voordat die proses verder ontleed kan word, is dit eers nodig om daarop te wys dat, vir suksesvolle breinspoeling, die volgende noodsaaklik is:

- 'n Omgewing van isolasie.
- Geestesverwarring (*mind clouding*) deur middel van tegnieke

soos ontbering van slaap en wanvoeding.

- Die konstante moontlikheid van fisiese skade dra by tot die sukses van breinspoeling.

Lifton onderskei drie stappe of fases in die proses van breinspoeling, t.w. aftakeling van die ‘self’; die moontlikheid van redding; die heropbou van die ‘self’. Terwille van duidelikheid word die terme ‘agent’ (die breinspoeler) en die ‘teiken’ (die slagoffer) hier gebruik.

**Fase 1. Aftakeling van die ‘self’:**

Dit geskied in die volgende orde:

- **Aanslag op die identiteit**. “Jy is glad nie wie jy dink dat jy is nie!”

Hier is ‘n sistematiese aanslag op die teiken se selfbeeld (of ego) en sy oortuigings. Die teiken is onder konstante druk vir dae, weke of selfs maande totdat hy uiteindelik deur uitputting verward en gedisorienteerd raak. Nou begin sy oortuigings om te wankel.

- **Skepping van ‘n skuldgevo**el: “Jy is sleg!”

Terwyl ‘n identiteitskrisis by die teiken ontstaan, is die agent besig om ‘n oorweldigende skuldgevoel by die teiken te laat posvat. Hy loods genadelose

aanvalle op enige moontlike "oortredings" wat die teiken kon pleeg – van die boosheid van sy oortuigings tot die manier waarop hy te stadig eet.

- **<u>Selfverraad</u>**: "Stem saam dat jy sleg is!"

Wanneer die teiken gedisorienteerd raak, word hy onder druk geplaas (soms selfs met die dreigement van fisiese geweld!) om sy familie, vriende en almal wat soos hy glo, te verloën.

- **<u>Breekpunt</u>**: "Wie is ek?" Waar is ek?" "Wat moet ek doen?"

Dit is die noodwendige uitkoms van die verwarring en selfverraad: 'n senuwee-ineenstorting! Die teiken het sy begrip van die werklikheid verloor en is nou heel alleen. Nou is hy ontvanklik vir die tweede fase in die proses.

**Fase 2. Die 'Reddende Hand':**

Dit geskied in die volgende orde:

- **<u>Toegewendheid</u>**: "Ek kan jou help!"

Soos enige drenkeling is die teiken in hierdie geval ook gereed om na elke strooihalm te gryp. Die agent mag hom nietighede aanbied soos 'n sluk water, of

hom net ‘n bietjie uitvra oor sy mense tuis. Na die genadelose sielkundige aanval vertoon die kleinste toegewing as iets groots. Hy ervaar die agent nou as sy lewensredder.

- **<u>Gedwonge belydenis</u>**: “Jy kan jouself help!”

Die skrille kontras tussen die aanslag op sy identiteit en die skielike toegeeflikheid skep die behoefte om die guns wat aan hom bewys is, terug te betaal. Op hierdie stadium word die moontlikheid van ‘n belydenis aan die teiken voorgehou.

- **<u>Kanalisering van skuld</u>**:  “Dit is die rede vir jou swaarkry!”

Die teiken weet nie meer wat hy verkeerd gedoen het nie – al wat hy weet is dat hy verkeerd is! Dit skep by hom ‘n soort van ‘n tabula rasa – ‘n kleitablet wat skoongeskraap is en dus geskik is om weer op geskryf te word - waarop die agent slegs die woorde moet invul! Nou koppel die agent die teiken se skuldgevoelens aan die oortuigings wat hy wil vervang.

- **<u>Verligting van skuld</u>**: “Dis nie èk nie, dis my oortuigings!”

Die verwarde teiken is verlig om te verneem dat daar ‘n eksterne oorsaak vir sy eie verkeerdheid is. Dit impliseer dat hy sy verkeerdheid kan ontvlug deur van sy

verkeerde oortuigings te ontvlug. Al wat nodig is, is om alles en almal wat verband hou met sy verkeerde oortuigings, te verloën.

Hiermee het die teiken sy vorige identiteit verwerp en is ontvanklik vir die nuwe identiteit wat aan hom voorgehou gaan word in Fase 3.

**Fase 3. Heropbou van die 'self':**

Dit verloop gewoonlik in twee stappe:

- **Vooruitgang en harmonie**: "Jy kan die goeie kies as jy wil"

Die nuwe oortuigings word deur die agent voorgehou as die 'weg na die goeie'. Hier word alle vorme van aftakeling gestaak en 'n oorvloed fisiese gemak en geesteskalmte aangebied tesame met die nuwe oortuigings. Wanneer die teiken nou 'n bewuste keuse ten gunste van hierdie nuwe oortuigings maak, verkry hy verdere verligting van sy skuldgevoelens: Hy het niemand benadeel nie! Die keuse is geensins moeilik nie!

- **Finale belydenis en 'hergeboorte'**: "Ek het die goeie gekies!"

Hiermee het die teiken die oue finaal verwerp en afgesweer. In hierdie finale fase is daar meermale rituele of seremonies waarmee die nuweling in sy nuwe gemeenskap ingelyf word.

- **<u>BREINSPOELING IN DIE GEVANGENIS:</u>**

Alhoewel breinspoeling in die gevangenis nie ontwikkel is tot 'n wetenskaplike proses nie, verskyn al drie gemelde stappe ook hier. Selfs die voorvereistes vir suksesvolle breinspoeling, tw. isolasie ('isolation'), geestesverwarring ('mind clouding') en fisiese bedreiging (physical threat') kom hier voor. Die volgende illustreer dit aan die hand van gegewens verkry van verskillende gevangenes tydens gestruktureerde onderhoude:

➢ **<u>Die Aftakelingsproses:</u>**

**<u>Gevangene Alfa</u>**:

"Ek was verplig om heeldag op my tak (*slaapplek*) te sit, want ek is 'n 'voëltjie' ( *vry, want ek behoort aan geen bende nie*)  En tog was daar geen sprake van 'vry' wees nie, want ek kon nie eers toilet toe gaan nie, tensy ek daarvoor toestemming kry. Daar op jou tak is jy vir ure lank onder kruisverhoor geneem. Slaap kon jy nie, want jy mag nie sonder toestemming slaap nie. Indien jy wel toestemming kry om te slaap, is dit net vir enkele ure voordat 'n ander 'ou man' jou marteling oorneem. Dan word jy ook gewys waar jy mag slaap – gewoonlik op die betonvloer of selfs in die toilet!"

**<u>Gevangene Bravo</u>**:

"Jy was verplig om die 'oumanne' se klere te was en te stryk, hul selle skoon te

maak en hul toilette te skrop. Soggens moes jy die ‘oumanne’ wakkermaak deur soos ‘n hoenderhaan te kraai. Alles was daarop gemik om jou soos ‘n gek te laat voel!”

**<u>Gevangene Charlie</u>:**

“As ’n frans (*iemand wat nie aan ‘n bende behoort nie*) moes ek die selle en skoene van bendelede skoonmaak. As beloning daarvoor het ek die stokkies wat hulle uit die tabak haal, ontvang. Dan moes ek daarvoor dankbaar wees.”

**<u>Gevangene Delta</u>**:

“Etenstye was die ergste. Jy kon eers eet wanneer jy toestemming daarvoor kry. Jy was alleen toegelaat om pap en groente te eet. Met ontbyt is jou brood eenvoudig gevat. Jy moes met pap en suiker (wat deur die bewaarders daaroor gestrooi is) tevrede wees. Jy kon darem jou koffie behou. Middagete was skoon pap en groente. Jou porsie vleis is summier weggevat. Aandete was dieselfde: Jou brood is gevat en jy moes met die pap klaarkom.”

**<u>Gevangene Echo</u>**:

“Dit is hierdie soort van ding wat mense na die bendes toe dryf. Jy sluit by ‘n bende aan om weg te kom van die slawerny.”

Natuurlik ontbreek die element van fisiese bedreiging ook nie. Meer as een gevangene getuig dat in sommige gevangenisse dit gebeur dat ‘n persoon voor die keuse gestel word om òf aan te sluit by ‘n bende òf verkrag te word deur een wat kennelik met Vigs besmet is. Dit staan bekend as ‘n “slow puncture”.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die aftakelingsproses inderdaad begin met ‘n erodering van die fisiologiese behoeftes. Van die gemelde behoeftes soos asemhaling, voedsel, water, slaap, homeostase en ekskresie (sien Maslow, bls.158) kan die nuwe gevangene slegs nie die funksie van asemhaling ontneem word nie. Dat die deursnee gevangene onder sulke druk uiteindelik swig en selfs ineenstort, is heel begryplik.

- **Die Reddende Hand:**

Die ‘reddende hand’ kan in verskillende gedaantes na vore tree. Wanneer verhoorafwagtendes na die hof vervoer word (of selfs al in die aanhoudingselle by die hof ), is hulle nie geïsoleer van reeds gevonnisde gevangenes wat vir verdere verhoor na die hof gebring word nie. Dit gebeur dikwels in die polisie-voertuig of die hofsel dat een van die ‘oumanne’ die nuwelinge sal begin stroop van persoonlike besittings soos horlosies, ens. ‘n Ander ‘ouman’ sal dan aanbied om die betrokke nuweling se besittings in veilige bewaring te neem, en later aan hom terug te besorg. “Hy sal nie waag om dit by my te vat nie!” Die nuweling sien in hom ‘n “redder’, en stem toe. Later word die besittings wel teruggegee. Die vertrouensband is egter gelê. Wat die nuweling nie weet nie, is dat die ‘redder’ en die ‘stroper’ aan dieselfde bende behoort.

Hierdie is slegs ‘n ‘skelm’ waardeur hy vir die bende gewerf word.

Die ‘reddende hand’ kom ook na vore in die gebruik van ‘rantsoendag’. In die geval van die 28 bende is dit op Vrydag, wanneer rantsoene soos sigarette, dagga, ens. aan lede verskaf word. (Weyers, 2009: 165) Al wat nodig is om hiervoor te kwalifiseer is om aan te sluit!

- **<u>Heropbou van die ‘self’:</u>**

Na die suksesvolle aftakeling van die ‘self’ volg die proses van opbouing om die kandidaat geskik te maak vir sy nuwe rol. Opvallend is dat hierdie opbou-proses weereens geskied volgens die behoefte-hiërargie van Maslow – maar nou binne die raamwerk van die beskouinge van die subkultuur. Dit begin op die fisiologiese vlak wanneer die kandidaat weer beheer verkry oor sy eie behoeftes. Hy kan eet, slaap, ens. soos die gewone gevangene. Die subkultuur word nou sy veilige vesting. Enige bedreiging van die kant van ander subkulture het nou verval. Hy het deel geword van ‘n familie. Ook op die vlak van die behorens-behoeftes het vastigheid ingetree: Hy is nou deel van ‘n groter – en magtiger – geheel. As sulks kan hy reken op volle erkenning en agting van die ander – solank hy natuurlik aan hul vereistes voldoen. Hier is die volle moontlikheid tot selfverwesenliking. Hy kan uitstyg tot die hoogste vlak binne die raamwerk van die subkultuur.

Inlywing in die nuwe kultuur geskied dan ook volgens sekere voorgeskrewe rituele. (Weyers, 2008: 184 vv.)

**4.2.6. ONTWIKKELINGSTRAUMA by die gevangene:**

Ontwikkelingstrauma vind sy oorsprong in die “Gevangenis as Instituut”. Soos reeds aangedui, hou ontwikkelingstrauma verband met ‘n wisseling in lewensfases. Wanneer die gevangene die gevangenis betree, beland hy as juridies-volwassene, as ‘n ‘regspersoonlikheid’, in ‘n situasie waar hy van alle selfstandigheid gestroop word. Die hiërargie van behoeftes word dus van BO afgetakel.




Diagram 7. Ontwikkelingstrauma

Onder die gevangenis as instituut word die gevangene meteens ontneem van beheer oor alles wat hy reeds in die lewe bereik het: sy posisie en die daarmee gepaard-gaande regte en voorregte, sy sosiale status, sy gesinslewe, ens. Hier vind dus ‘n skeiding plaas. En skeiding impliseer verlies aan beheer!

Elke menslike skeiding (hetsy dood, egskeiding, gevangesetting) lei tot ‘n verskynsel in die algemeen bekend as ‘rousmart’. Hierdie verskynsel is oorspronklik nagevors deur die Switserse psigiater, Elizabeth Kübler-Ross. Vir menige jare was die terminale pasiënt ‘n bron van frustrasie vir die medikus. ‘n Pasiënt wat ongeneesbaar was, was die konkrete bewys van die geneesheer se feilbaarheid. In die jare wat gevolg het op

die werk van Kübler-Ross het die besef begin posvat dat hierdie emosionele siklus nie alleen geldig was in die geval van die terminale pasiënt nie, maar ook vir persone wat getref is deur slegte tyding soos verlies van hul werk of dergelike negatiewe verandering. Van belang hier is die feit dat die verandering op sigself nie noodwendig goed of sleg is nie, maar dat dit deur die indiwidu ervaar word as negatief.

In ‘n studie rondom die aanpassingsproses vir langtermyn vroulike gevangenes by die nuwe omstandighede het Cristina Jose-Kampfner die verband tussen die terminale pasiënt en gevangenskap, wat sy – aan die hand van Jean-Paul Sartre - as “existential death” tipeer, beklemtoon. Diè beskouing van Sartre word deur J.A.Heyns as volg omskryf: “My vryheid word deur die dood beëindig.... Dan kan ek nie meer deur my liggaam lèèf en deur my liggaam met die wêreld buite my in kontak kom nie. Met die dood hou alles op, dan het my moontlikhede tot ’n einde gekom en kan ek my nie meer in die toekoms in werp nie. Dan is ek niks meer nie as net ‘n ding.” (Heyns, 1967: 156)

Hoewel die gevangene dieselfde stadia van smart deurleef as die sterwende, ondervind die sterwende die bystand van naasbestaandes en vriende, terwyl die gevangene die weg van ontkenning, woede, angs en depressie alleen deurworstel, want “existential death is unfeeling, … being cut off from the outside world”. (Jose-Kampfner, 1990: 110)

Elizabeth Kübler-Ross het in haar werk, ‘On Death and Dying’, ‘n siklus van vyf emosionele stadia geïdentifiseer waardeur die getraumatiseerde gaan. Hierna word meermale verwys as die ‘smart siklus’ (*‘grief cycle’*). (Kübler-Ross, 1969). Hierdie siklus

is later uitgebrei tot die Uitgebreide Smartsiklus soos hieronder weergegee.





Diagram 8. Die Uitgebreide Smartsiklus

Die volgende val op by noukeurige bestudering van hierdie uitbreiding van die oorspronklike 'smart siklus':

- Dis 'n wipplank tussen aktiwiteit en passiwiteit namate die persoon worstel om die verandering te probeer ontduik.
- Volgens die oorspronklike fases soos geïdentifiseer deur Kübler-Ross is dit slegs die twee fases van 'Immobilisering' (as gevolg van die aanvanklike skok!) en 'Toetsing' wat hier duideliker belig word. Dit is tog dikwels waardevol vir die begrip van die verandering.
- Die siklus begin met 'n aanvanklike kalmte en stabiliteit.
- Immobilisering of skok: 'n Gevoel van magteloosheid tree in by die aanhoor

van die tyding. Die persoon besef dat hy besig is om beheer te verloor.

- Ontkenning: Dis ‘n poging om die onvermydelike te probeer ontduik; dus ‘n poging om weer beheer te verkry.
- Woede: Die ingehoue emosies kon nou tot uitbarsting.
- Onderhandeling: Dis ‘n desperate poging om ‘n ontsnappingsroete te vind.
- Depressie: Dit is die resultaat van ‘n besef van die onvermydelike.
- Toetsing: Dis ‘n desperate soektog na realistiese oplossings.
- Aanvaarding: Berusting in die onvermydelike.

Dit is voorts belangrik om daarop te let dat hierdie onderskeiding geensins impliseer dat al die gemelde fases by alle getraumatiseerdes voorkom en in dieselfde orde nie. Meermale raak mense in een of ander bepaalde fase gefikseer (al is dit dan net tydelik) sonder om aan te beweeg en uiteindelik tot aanvaarding te kom. So mag ‘n persoon stagneer in bv. die fase van ontkenning. ‘n Ander mag verval in ‘n soort van ‘n permanente woede (wat op sigself reeds ‘n vorm van ontvlugting van die realiteit is). Wat egter opval is dat dit makliker is om in die passiewe fases te stagneer as in die aktiewe fases, al is laasgenoemde nie uitgesluit nie. Om vas te val in bv. depressie, is meer algemeen.

‘n Verdere probleem kom voor wanneer ‘n persoon voortbeweeg na ‘n volgende fase sonder dat die vorige fase volledig deurgewerk is. Dit lei daartoe dat die persoon later regresseer na die vorige fase en dan vorige emosies en handelinge repeteer. So mag

‘n persoon bv. vind dat ‘onderhandeling’ geen resultate lewer nie, en dan terugval in ‘woede’ of ‘ontkenning’. (Kubler-Ross, 1969).

Ten einde die ontwikkelingstrauma by die gevangene te ontleed, word ‘n vergelyking getref met die sterwenstrauma by die terminale pasiënt. Hierin word gebruik gemaak van die oorspronklike vyf-fasige ontleding deur Kübler-Ross:

Die smartsiklus begin altyd met die bewuswording dat ‘iets aan die verander’ is. Omrede hier nog nie van ware ‘smart’ sprake is nie, word dit nie onderskei as ‘n “fase” nie. Al het die sieke moontlik reeds begin wonder of ‘iets nie dalk verkeerd is’ nie, skep die afwagting op wat die dokter wil sê, reeds spanning. Al het die misdadiger sy misdaad hoe noukeurig beplan, tref die werklikheid hom eers as die ‘lyk’ voor hom lê. Die bewuswording lei noodwendig tot spanning.

**<u>Fase 1:</u> Skok en Ontkenning:**

Die menslike reaksie op groot spanning is een van geskokte ongeloof. Hy is nie in staat om te begryp dat ‘dit met my’ kan gebeur nie! Omdat dit eenvoudig nie ‘moontlik’ is dat hý beheer kan verloor nie, lei dit tot ONTKENNING – om die self te beskerm. Kubler-Ross tipeer ontkenning as die aanvanklike ervaringsfase waardeur die sterwende gaan. Tussen die tweehonderd sterwendes met wie sy onderhoude gevoer het, het die meerderheid met die bewuswording van ‘n terminale siekte aanvanklik gereageer met: “Nee, nie ék nie! Dit kan nie waar wees nie!” “One of our patients described ‘a long and extensive ritual’, as she called it, to support her denial. She was

convinced that the x-rays were mixed-up.”  (Kubler-Ross,  1969)    Omdat dit tè pynlik is, blokkeer ons dit eenvoudig uit die bewussyn!  Ontkenning is egter nie volkome nie: Die persoon mag begin om dinge te isoleer: Hy sal praat oor sy siekte en gesondheid asof dit tweeling-broers is. Hy kan ook selektief wees in die uiting van sy ontkenning: slegs in geselskap van persone by wie hy ‘veilig’ voel.

Ook by die misdadiger tref die werklikheid met ‘n skok: “Wat nou?”  Dit lei tot ‘n poging tot selfbeskerming: ONTKEN die feite! “Dit kan nie wees dat hy dood is nie!” Môre sal bewys dat dit nie regtig gebeur het nie!  Ook hierdie ontkenning is selektief van aard: Teenoor homself ontken hy die feit – want dis net in sy eie geselskap dat hy ‘veilig’ voel. Hy sal homself ook isoleer van ander – hy sal homself dus onttrek terwille van sy veiligheid.

Is hierdie onttrekking/ontkenning nie ook reeds te bespeur in sy pleit in die hof nie?   “ONSKULDIG, Edelagbare!”

**<u>Fase 2:</u>  Woede:**

Woede volg gewoonlik op ontkenning: “Waarom ek?” Dit is die eerste en hoogste piek in die aktiwiteitsgolf volgens die “Uitgebreide Smartsiklus”. Woede mag gerig wees teen die hospitaal-personeel wat nie hul werk kan doen nie, teen die dokters wat nie weet waarvan hul praat nie, selfs teenoor familielede weens vermeende onregte, ens. Hierdie is tekens van onderdrukte woede. Baie dinge begin hom irriteer.

Die misdadiger se woede is gewoonlik gerig op die polisie wat onbekwaam is, of teen die ganse regstelsel wat poog om ‘van alle mense kriminele te maak’, die regters of landdroste wat wil god speel oor menselewens, ens.

**<u>Fase 3</u>: Depressie:**

Wanneer die woede uitgebrand het, kom ‘n groot depressie gewoonlik na vore. Hierdie depressie is die teenpool van die woedefase in die sin dat dit die diepste laagtepunt in die passiewe golf van die ‘Uitgebreide smartsiklus” uitmaak. Wanneer die terminale pasiënt nie sy toestand langer kan wegdink nie, wanneer hy verplig is om meer intense behandeling te ondergaan, word sy stoïsisme, sy woede en ontkenning geleidelik vervang deur ‘n gevoel van verlies. Hierdie verlies vertoon vele fasette. In die geval van ‘n vrou met borskanker bejammer sy die verlies van haar voorkoms. In die geval van ‘n histerektomie betreur sy die verlies van haar vroulikheid.. (Kubler-Ross, 85).

- Depressie toon twee gestaltes:

- **<u>Reaktiewe depressie</u>**.

Die pasiënt het waarskynlik sy werk verloor a.g.v. sy siekte. Hý wat altyd in beheer was, kom nou voor die vraag te staan: Wat gaan nou van sy mense word? Wat van die kinders se toekoms? En wie moet die rekeninge betaal?

- **<u>Voorbereidende depressie</u>.**

Hierdie tipe depressie is meer problematies. Die sterwende is besig met voorbereidings om sy geliefdes te verlaat. Hier het die pasiënt gewoonlik min - indien enige - behoefte aan woordelikse interaksie. Hy mag huilbuie ondervind.

In die geval van die gevangene kom depressie ook in gemelde twee gestaltes voor, alhoewel miskien moeiliker om te onderskei:

- **<u>Reaktief</u>**: Dat hy sy werk gaan verloor, is reeds ‘n voldonge feit.

- **<u>Voorbereidend</u>**: Wat gaan van sy mense word as hy moet gevangenis toe moet gaan?

Laasgenoemde kan lei tot ‘n terugval op aggressie. In die hof poog die beskuldigde gewoonlik om sy aggressie te beteuel, om hom nie die onguns van die hof op die hals te haal nie. Soms kom sulke uitbarstings tog voor tydens hofsake.

**<u>Fase 4:</u> Onderhandeling:**

Die pasiënt begin ‘n nuwe aanslag: Hy begin om te ‘onderhandel’, gewoonlik met God. As Hy hom sou gesondmaak (en dat Hy kán, glo die sieke nou vas!) sal hy uit dankbaarheid ‘n teenprestasie lewer: Hy sal geld vir die kerk gee, of iets dergelyks.

Op ‘n sekere stadium begin die beskuldigde ook om te onderhandel – veral met die gereg: Hy sal sy pleit na “Skuldig” wysig, ‘n pleitooreenkoms probeer aangaan of staatsgetuie draai of iets dergelyks, terwille van strafverligting.

**<u>Fase 5</u>: Aanvaarding:**

Meermale is dit die toenemende verswakking wat die sieke hiertoe bring. Hy begin minder belangstelling in sy omgewing toon, en begin berus in die onvermydelike. Tog bly daar maar altyd die sprankie hoop: ‘n tydige mediese deurbraak, of soiets!

Teenoor die sieke bly dit ‘n ope vraag tot watter mate die deursnee beskuldigde werklik tot aanvaarding kom. Is aanvaarding in sy geval nie maar ‘n stille hoop dat een of ander tegniese puntjie hom kan red nie?

### 4.2.7. REAKSIE OP TRAUMA IN DIE GEVANGENIS:

Gevangenisse huisves ‘n wye verskeidenheid mensetipes wat stres moeilik hanteer. Deels is dit toe te skryf aan die feit dat gevangenisse moet handel met ‘n wye verskeidenheid mensetipes wat ander instellings en sosiale dienste nie kan of wil hanteer nie. Gevangenisse het menslike stortingsterreine geword. (Gibbs, 1982: 98)

“The pains of imprisonment generate enormous pressure which is translated into behaviour with all the greater vigor because, like a body of steam under heavy

compression with only a few outlets, the body of prisoners is limited in modes of adaptation." (Sykes, 1958: 78)

Reaksie op die trauma van gevangesetting neem verskillende gedaantes aan. Dit kom voor op die fisiese, emosionele en kognitiewe vlakke, soos vroeër vermeld. Hieronder resorteer reaksies soos 'ontsnapping' deur fisiese onttrekking, hoe teenstrydig dit ookal met die basis van hulle bestaan mag wees. Uitgesonderd 'n klein faksie wat hul daarop toelê – die sogenaamde '*escape artists'* – bied die onmoontlike drome van ontvlugting 'n genadige masker vir die harde werklikheid van gevange-setting. (Sykes, 1958: 80)

Een vorm van weerstand, nl. gewelddadige weerstand, verdien spesiale aandag. Geweld in die vorm van fisiese aanvalle op personeel of mede-gevangenes is welbekend. Dit bly egter 'n onweerlegbare feit dat in die geval van openlike geweld, die oorwinning onvermydelik in die hande van die owerheid sal wees. Ewe belangrik is die feit dat, as gevolg van die heterogene samestelling van die gevangenisbevolking, die moontlikheid van voortgesette massa-aksie drasties verminder word. (Sykes, 1958: 81)

Net so kom gyselaars-dramas periodiek voor as pogings om 'n vermeende onreg reg te stel. Met so 'n drama word daar doelbewus gesoek om soveel moontlik aandag te trek ten einde impetus aan hul eis te verleen. By sodanige gyselaarsdrama kan sekere kernbeginsels geïdentifiseer word:

- **Gebruik van geweld**:

Omrede die betrokkenes meen dat daar nie aan hul eise gehoor gegee sal word nie, word die normale kanale van kommunikasie (verder) verontagsaam en oorgegaan na geweld.

- **‘n Persoon of persone word teen sy/hul wil aangehou.**

Die doel daarvan is om te dien as waarborg dat die owerheid aandag sal gee aan hul griewe**.**

- **Eise word gestel.**

Hierdie eise het gewoonlik as voorwaarde die vrylating van die gyselaar(s).

- **Dreigemente vir non-konformering aan eise:**

Die dreigemente raak gewoonlik die lewe of welstand van die gyselaar(s).

- **Spertydstelling:**

‘n Tydsgrens word gestel vir die voldoening aan die eise.

- **Persepsie van mag:**

Die oortreders vertoon vertroue in hul vermeende magsposisie en glo dat die owerheid sal swig.

Dit is belangrik om hier op te merk dat dit nie die primêre doel van die oortreders is om die gyselaar om die lewe te bring nie. Indien dit sou gebeur, het hulle hul bedingingsmag verloor! (H.I.M. Course. 2000: 1)

‘n Ander vorm van gyseling, wat ons kan tipeer as ***selfgyseling*** verdien spesiale aandag. Hier gebruik ‘n enkeling **sy eie liggaam** as gyselaar, wetende dat die owerheid wetlik verplig is om na sy welstand om te sien. Dieselfde beginsels as vroeër bespreek, geld hier. Hierdie vorm van gyseling neem verskillende vorms aan:

- **Eetstakings**:

Die persoon weier enige voedsel tot tyd en wyl aan sy eise voldoen is. (Soms word sodanige eetstakings deur groter groepe gevangenes gehou.)

- **Gevaarlike blootstelling:**

In ‘n poging om die aandag te trek, sal die gevangene op gevaarlike plekke, soos hoë dakke, ens. klim en weier om af te klim alvorens aan sy

eise gehoor gegee is. In sommige gevalle gebeur dit wel dat die persoon val en homself beseer of selfs dood.

- **Selfbesering:**

Hier is dit veral snywonde wat toegedien word, of die insluk van gevaarlike voorwerpe soos glasskerwe wat algemeen voorkom. Opmerklik is dat in die geval van snywonde dit gewoonlik op sò ‘n wyse toegedien word dat dit skouspelagtig voorkom, maar terselfdertyd die minimum skade veroorsaak. Snye sal bv. eerder in die lengte van die voorarm as dwars daaroor gemaak word ten einde  so min as moontlik are te beskadig.

Tog is ‘n onderskeid hier nodig. Daar is wel die erkende voorkoms van die verskynsel van ‘snyers’ wat ‘n geskiedenis van trauma het. “When they mutilate themselves, they can induce a dissociative state, similar to the adaptive response they’d had during the original trauma.” (Perry en Szalavitz,  2006: 182)

- **Selfmoord:**

Gevalle van selfmoord kom tog voor. Opvallend is dat, teenoor die bogemelde vorms van ‘selfgyseling’ waar gesoek  word na soveel moontlik aandag, die selfmoordenaar sy daad sover moontlik ‘geheim’ probeer

hou. Dit moet eers aan die lig kom wanneer die reeds te laat is. As verdere voorsorgmaatreël word dikwels gebruik gemaak van bv. ‘n baie dun tou wat nie maklik losgesny kan word nie, en dus enige reddingspoging ernstig bemoeilik.

### 4.6. <u>Samevatting:</u>

In hierdie hoofstuk is ‘n onderskeid gemaak tussen die traumas wat gepaardgaan met gevangesetting en die probleme wat spruit uit gevangesetting. Daar is ‘n onderskeid getref tussen omstandigheidstraumas en ontwikkelingstraumas. Omstandigheidstraumas is veral besien vanuit die oogpunt van Maslow se hiërargie van behoeftes terwyl ontwikkelingstraumas bestudeer is parallel aan die bevindings van Kübler-Ross en José-Kampfner.

In die bestudering van die probleme wat ondervind word tydens gevangesetting blyk dit watter rol die subkulture speel in die daaglikse handel en wandel van die gevangene. Hierin is onderskei tussen die gevangenis as **instituut** (hoe die gevangenis behoort te funksioneer) en as **organisme** (hoe die gevangenis in werklikheid funksioneer). Hierdie onderskeid is dan ook noodsaaklik vir die verstaan van die trauma en problematiek van gevangesetting (oftewel Sykes se ‘pains of imprisonment’).

## BRONNELYS:

**Bartol, C.R. & Bartol, A.M. (1994)** *"Psychology and Law: Research and Application." (2nd Ed.)* Pacific Grove, Ca. Brookes/Cole. California : Wadsworth Publishing Company.

**Caroll, Les**. **1982: "***Differential Stress",* in 'Pains of Imprisonment', Johnson, R. (ed) Sage Publications, Beverly Hills.

**Clemmer, D. 1940: "***The Prison Community".* Boston, Christopher. Herdruk in 1958. Tweede oplaag 1960. Rinehart & Company, New York.

**Daniels, M. (2001).** *"Maslow's concept of self-actualization."* Retrieved February 2004, from http://www.mdani.demon.co.uk/archive/MDMaslow.htm

**Flanagan, T. J., Marquart, J. W. & Adams, K. G. 1998.** "*Incarcerating Criminals. Prisons and Jails in Social and Organizational Context*". New York: Oxford University Press, Inc.

**Gibbs, J.J. (1982):** in "*The Pains of Imprisonment".* Johnson, R (Ed). Sage Publications, Beverley Hills.

**Goffman, E. 1961**: "*Asylums: Essays on the Social Situation of Mental Patients and other Inmates". New York. Anchor Books.*

**H.I.M.Course, (2000) :** *"Hostage Incident Management Course, Version 2" 11/28/00. © D.J.Cornwell @ Group 4 Correction Services SA (Pty) Ltd.*

**Haney, C., (2001): "***The Psychological Impact of Incarceration: Implications for Post-prison Adjustmen"t.* Working papers for the "From Prison to Home" Conference (January 30-31, 2002).

**Harlambos, M. & Holborn, M. "***Sociology: theme and perspectives".* London. Collins Educational. 1995.

**Heyns, J.A. (1967):** *"Denkers deur die Eeue."* Tafelberg Uitgewers, Kaapstad.

**Johnson, A.** (1995). *"Prison Culture: Violence and Sexuality."* Melbourne: Latrobe University Press.

**Johnson, R.** (1996) *"Hard time : Understanding and reforming the prison."* California. Wadsworth Publishing Company.

**Jose-Kampfner, C. 1990:** *"Coming to Terms with Existential Death: An Analysis of Women's Adaptation to Life in Prison."* Social Justice,17: (Summer 1990).

**Kernwoordeboek van Afrikaans, (Ongedateerd):** Nasionale Opvoedkundige Uitgewery, Kaapstad.

**Keve, P. (1974):** *Prison Life and Human Worth.* Minneapolis, MN: University of Minnesota Press.

**Kubler-Ross, E.** "*On Death and Dying*". Macmillan, New York. Aangehaal deur Josè-Kampfner, C. *"Coming to Terms with Existential Death*: *An Analysis of Women's Adaptation to Life in Prison."* Social Justice, 17: (Summer 1990).

**Kubler-Ross, E. 1969:** "*On Death and Dying*". Macmillan, New York. Aangehaal op *Changingminds.org/…/disciplines/kubler_ross/kubler_ross.html*

**Lifton, R.J. (1961):** *"Thought Reform and the Psychology of Totalism. A Study of 'Brainwashing' in China"* W.W. Norton & Co., Inc., 1961.

**Maslow, A.H. (1954)** *"Motivation and Personality".* Harper & Row, New York.

**McCorkle, R.** *“Personal Precautions to Violence in Prison”.* Criminal Justice and Behaviour, 19, 1992.

**Merriam-Webster Collegiate Dictionary, 11th Ed. 2008:** Merriam-Webster Inc. Springfield, Massachusetts.

**Perry, B.D. & Szalavitz, M. (2006):** *“The Boy who was raised as a Dog.”* © B.D.Perry and M. Szalavitz. Published by Basic Books, New York, NY.

**Prison Issues Overview. (2006).** Gepubliseer op www.apsu.edu/oconnort/1010/1010lect07b.htm.

**Sykes, G.M. 1958:***”The Pains of Imprisonment”* in “The Society of Captives: A Study of a Maximum Security Prison” © Princeton University Press.

**Tosh, J. (1982)** *“The Pains of Imprisonment”.* California: Sage Publications.

**Trauma: (2009):** *“Trauma”* op www.drderryth.co.za/index.php?option=com_content.

**Wet op Korrektiewe Dienste**. *Wet 111 van 1998* gepubliseer op 27 November 1998.

**Weyers, A.P. (2008):** *“’n Penologiese Ontleding van Gevangenisbendes as Internasionale Verskynsel”.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Unisa, Pretoria.

**Wheeler, S. (1961) “***Socialization in Correctional Communities”.* American Sociological Review, 26.

**Wolfgang, M., Figlio, R., & Sellin, T. (1972):** *“Delinquency in a Birth Cohort.”* University of Chicago Press, Chicago.

* * * *

# **HOOFSTUK 5:**

## **ONTWIKKELING VAN DIE MENSLIKE BREIN:**

### **5.1. INLEIDING:**

Die mens se brein is die 'beheerkamer' van sy ganse bestaan vanwaar elke handeling, hoe gering ookal, georkestreer word. Wanneer skerp lig die pupil van die oog refleksief laat vernou, is dit deur die brein beheer. Ook die grootste ingenieurs-prestasies word haarfyn deur die brein uitgewerk. Dit is die brein wat elke hartklop, elke asemteug reguleer. En dieselfde brein laat die hart vinniger klop wanneer gevaar dreig. Selfs wanneer die mens hierdie lewe verlaat, word dit in breinterme uitgedruk: 'Hy is breindood'. Sonder die brein is geen liggaamsfunksies meer moontlik nie.

Wanneer een mens 'n ander om die lewe bring – selfs al is dit impulsief en nie met voorbedagte rade nie! – is dit die brein wat aan die vinger sê hoe om die sneller te trek. Om dus die mens te verstaan, is dit voor alles nodig om die mens se 'beheerkamer' te verstaan.

In hierdie hoofstuk gaan die klem grootliks val op die 'normale' ontwikkeling en funksionering van die brein. Hierdie kennis is noodsaaklik vir die latere verstaan van abnormale ontwikkelingspatrone.Dit is veral van Penologiese belang om die oortreder

te kan verstaan teen die agtergrond van sy kinderdae en die invloed wat ‘n abnormale omgewing op die ontwikkeling van die brein kan hê. Abnormale ontwikkeling kan kwalik lei tot normale funksionering! “The brain is an historical organ, a reflection of our personal histories” (Perry & Szalavitz, 2006: p.128).

Ten einde ‘n werkbare bron van inligting te bied, word inligting verskaf aangaande die ontwikkeling van die brein, die ontwikkeling en funksionering van die verskillende komponente daarvan, sommige van die vele chemiese boodskappers (genaamd neuro-oordraers) en hul onderskeie funksies. Waar nodig word die teks toegelig met sketse en diagramme. Ter verduideliking van sleutel mediese terme word ‘n bylae op p. 400v ingesluit.

## 5.2. AGTERGROND:

Die menslike brein het ‘n massa van ongeveer 1½ kg. Elke menslike gedagte, gevoel, handeling, emosie, elke wens, elke droom, elke verwyt, ens. word deur hierdie brein bemiddel. Dit is die verhegtingskanaal met die vorige geslagte deur die oorgelewerde ervarings van duisende geslagte van voorouers. Dit is ook die skakel met die komende geslagte deur die oordrag van ons lewenservarings deur middel van onderrig en die voorbeeld. Hierdie brein is ‘n uiters komplekse en hiërargiese organisasie. Dit bestaan uit haas ontelbare dele en onderdeeltjies.

## 5.3. DIE STRUKTUUR VAN DIE BREIN:

### 5.3.1. MAKROSTRUKTUUR:

Die brein kan op verskillende wyses onderverdeel word in sy verskillende komponente. Een van die mees oorspronklike onderverdelings is diè van Paul MacLean, ‘n baanbreker op die gebied van die neurowetenskappe. MacLean het die brein onderverdeel in drie onderskeibare sisteme wat verband hou met die sleutel-ewolusionêre sisteme soos dit ontwikkel het by verskeie spesies. Dit staan bekend as die DRIELEDIGE BREINMODEL (Triune Brain Model). Die volgende tabel illustreer hierdie verdeling:

| | |
|---|---|
| **Neo-mammaliese sisteem** | Die Neo-korteks en sleutel nukleïese sentra. |
| **Paleo-mammaliese Sisteem** | Die Limbiese Korteks en verwante Limbiese Sisteem, insluitend die Amygdala en die Hippokampus |
| **Pro-Reptiliese Sisteem** (Ook genoem die “R-kompleks”.) | Die Koudaatkern, Putamen, Globus Pallidus, en verwante Breinstamkomponente. |

Tabel 3. Die Drieledige Breinmodel.

‘n Meer vereenvoudigde benadering verdeel die brein in drie dele, tw.

- Die PROSENSEFALON (Voorbrein)
- Die MESENSEFALON (Midbrein) en
- Die ROMBENSEFALON (Agterbrein).

Die volgende skematiese voorstelling toon die verdere verdeling:






Diagram 9. Drieledige Breinverdeling
(Ontleen aan: Du Toit, J.J. p 473)

Vir die doeleindes van hierdie studie maak ons gebruik van die verdeling volgens Dr. Bruce Perry van die Child Trauma Academy, Texas. Hy onderskei tussen VIER breinareas, tw. Die Breinstam, Diënsefalon, Limbiese Sisteem en die Neokorteks.

Om hierdie struktuur begryplik voor te stel, gebruik Perry die volgende illustrasie:

Ons vier breinareas is gerangskik op 'n hiërargiese wyse: van onder na bo en van binne na buite. Dit kan goed geïllustreer word met behulp van 'n paar banknote : Vou

die note in die helfte, plaas dit binne die hand en maak ‘n vuis soos ‘n ryloper. Die vingers is toegevou maar die duim steek uit. Draai nou die hand onderstebo sodat die duim na onder wys. Die duim verteenwoordig die breinstam, met die punt van die duim die plek waar die rugmurg by die breinstam aansluit. Die verdikte, vlesige deel van die duim (die duimkussing) stel die diënsefalon voor. Die banknote binne-in die hand sal die limbiese sisteem wees, terwyl die vingers rondom die note die korteks voorstel. Van buite gesien is die limbiese sisteem, die banknote, heeltemal weggesteek binne die hand. Die pinkie, wat nou heel bo en voor is, verteenwoordig die frontale korteks.
(Perry en Szalavitz, 2006, p.21)




Skets 1. Die vier sisteme van die Brein

Om die ontwikkelingsproses te begryp, kan die brein voorgestel word as ‘n omgekeerde piramiede met die mees elementêre sisteem – die breinstam - aan die

onderpunt en die mees gekompliseerde sisteem – die korteks - bo-aan. Skematies voorgestel sou dit as volg daar uitsien:





Diagram 10. Piramiede van breinontwikeling

Voor alles is dit belangrik om van enkele beginsels kennis te neem:

- Hierdie vierdeling van die brein is ‘n funksionele verdeling. In die latere bespreking van die onderskeie dele sal aangedui word watter breinareas vir hierdie doel onder elkeen saamgevat word.
- Al is die brein geen spier nie, geld die belangrike beginsel van ‘oefening’ ook hier. Perry gebruik die term ‘use dependent’. Vir sy ontwikkeling is die brein afhanklik van herhaalde stimulering. Hieroor later meer.
- Die kompleksiteit van die brein se struktuur, die sellulêre organisasie

en funksionering neem toe vanaf die laer, eenvoudiger gebied , die breinstam, tot die mees komplekse gebied, die neokorteks. Hoe meer kompleks die betrokke breinarea, hoe meer plasties (aanpasbaar) is dit. Die onderstaande diagram illustreer die beginsel:





Diagram 11. Kompleksiteit en Plastisiteit van die Brein

- Dit is van belang om daarop te let dat die verskillende breinareas en sisteme verskillende funksies vervul. Dit is belangrik vir die verstaan van die veranderinge in emosionele, kognitiewe en gedragsfunksionering wat plaasvind wanneer 'n persoon bedreig word.

- Daar dien op gelet te word dat die brein in sy struktuur nie kompartementalisties gesien moet word nie. Al onderskei ons tussen verskillende strukture, vorm die brein 'n eenheid waarvan die dele aaneengeskakel is deur 'n ingewikkelde netwerk van

senuweeverhegtings. Elke afsonderlike struktuur vervul wel 'n gespesialiseerde funksie maar skakel op sò 'n wyse aaneen met die groter geheel dat dit nie moontlik is om hierdie funksies tot enkele sisteme te isoleer nie. Onderstaande voorstelling illustreer:





Diagram 12. Kompleksiteit van Breinfunksie


- **<u>DIE BREINSTAM</u>:**

Dit omvat die volgende areas:

- Superior Colliculus
- Inferior Colliculus
- Serebellum (Word hier ingereken om funksionele redes).
- Pons

- Medulla Oblongata.

Dit het in werklikheid dieselfde bou as die rugmurg en vorm slegs ‘n verlengstuk daarvan. Die belangrikste verskil is dat die sentrale kanaal wyer is om ’n breinkamer, die sg. Vierde Ventrikel, te vorm. Die Medulla Oblongata is net onder die serebellum geleë. Dit beheer onwillekeurige handelinge soos ritmiese asemhaling, bloedsirkulasie, sluk en vomering. Die rugmurg, waarvan die Medulla Oblongata ‘n verlengstuk is, is verantwoordelik vir reflekshandelinge. Onderstaande skematiese voorstelling illustreer die refleksboog. Sò ‘n refleksiewe beweging is ‘n outomatiese, aanvanklik onbewuste reaksie op ‘n prikkel. In sy eenvoudigste vorm word twee neurone deur ‘n interneuron in ‘n refleksaksie betrek en vorm sodoende ‘n refleksboog.




Skets 2. Die refleksboog.
(Ontleen aan: Du Toit, J.J. 1978. p.477)

- **DIE DIëNSEFALON:**

Die Diënsefalon is die agterste gedeelte van die Prosensefalon, bestaande uit die volgende strukture:

- hipothalamus,
- thalamus,
- metathalamus en
- epithalamus.

Die diënsefalon vervul ‘n belangrike rol in beide die sensoriese en motoriese sisteme. Geen sensoriese informasie, met die uitsondering van die olfaktoriese (reuk), bereik die serebrale korteks alvorens dit nie in die thalamiese nukleï geprosesseer is nie. Voorts is die funksionering van die diënsefalon nou verwant aan diè van die breinstam, en beheer en koördineer die samewerking tussen spiere om beheerde bewegings uit te voer.

- **DIE LIMBIESE SISTEEM:**

Die term “Limbiese Sisteem” verwys na ‘n groep komponente wat gesamentlik funksioneer om ‘n bepaalde doel te bereik wat vir die afsonderlike komponente onmoontlik sou wees. In hierdie geval omvat dit die

- amygdala,

- hippokampus,
- koudaat nukleus,
- putamen en
- globus pallidus.

Die funksies van die limbiese sisteem is nou vervleg met die ‘laere’ funksies van die neokorteks, en sluit funksies soos emosionele weerstand, ‘hegting’ en aansluiting (affiliation) in. Intense emosionele herinnerings soos vrees en angs word deur die amygdala verwerk. Die hippokampus beheer beskrywende chronologiese herinnerings. Tydens geboorte is die amygdala reeds ten volle ontwikkel. Daarom is babas reeds in staat om ‘n wye reeks intense emosies te ervaar, al kan hulle nie die inhoud daarvan en die verband wat dit met die omgewing inhou, verstaan nie.  Hierteenoor bereik die hippokampus eers volle rypwording tussen die tweede en die vierde lewensjare. (Grille, 2003: 1)

- **DIE NEOKORTEKS:**

Dit is die groot ses-laag dorsale gedeelte van die serebrale korteks wat in die volgende vier dele verdeel word:

- Die oksipitale lob
- Die temporale lob
- Die pariëtale lob


- Die frontale lob.

Die neokorteks is verantwoordelik vir die sg, ‘hoëre’ funksies van die brein, tw. konkrete en abstrakte denke, beplanning, ens.

### 5.3.2. MIKROSTRUKTUUR:

Die basiese boustene van die menslike brein is selle. Daar is twee hooftipes gespesialiseerde selle, tw. NEURONE en NEUROGLIA, soms ook ‘glia’ genoem. Soos enige sel besit elke neuron en elke neuroglion ‘n selwand wat die intrasellulêre komponente van die buite-sellulêre omgewing isoleer. Dit is binne hierdie intrasellulêre ruimte waar ons genes gestoor word. Elkeen van die 100 biljoen neurone en een triljoen glia-selle bevat dieselfde genetiese materiaal.

Neurone is gespesialiseerde selle wat inligting vanuit hul ekstra-sellulêre omgewing ontvang, stoor en uitstuur. Gespesialiseerde strukturele en biochemiese eienskappe stel die neurone in staat om ‘n groot hoeveelheid chemiese seine vanaf ander neurone te ontvang, te prosesseer, hul eie chemiese samestelling aan te pas in reaksie op hierdie seine ( waardeur belangrike inligting dan ook gestoor word!), en dan die somtotaal van hierdie seine deur te gee na ander neurone.




Skets 3. Die Neuron

Daar is honderde verskillende tipes van neurone, wat òf geklassifiseer kan word volgens hul unieke strukturele eienskappe (hoe hulle lyk) òf volgens hul unieke funksionele eienskappe (wat hulle doen). Neurone wat betrokke is by die geleiding van fisiese of chemiese prikkels vanaf die sensoriese organe word 'sensoriese neurone' genoem. Hierteenoor gelei 'motoriese neurone' die prikkels na die spiere en kliere. 'Interneurone' dien as skakels tussen neurone.

Maar hoe vind die ontwikkeling van hierdie neurone plaas? Vir die spesie om te oorleef moet drie brein-bemiddelde vermoëns beskikbaar wees:

- oorlewing van die indiwidu,

- voortplanting en
- beskerming van die nakomeling.

Indien enige hiervan ontbreek, is die spesie gedoem tot uitwissing. Om hierdie rede beskik die brein oor noodsaaklike neurale sisteme spesifiek gerig op die reaksie op stres en bedreiginge ( intern sowel as van buite), paring en voortplanting, en die beskerming van die nageslag. Vir hierdie doel is die vorming van verhoudinge van kardinale belang. Hierdie gemelde neurale sisteme kan egter alleen ontwikkel indien blootgestel aan die nodige prikkels. Hiervoor is die vroeë kinderjare die mees sensitiewe.

### 5.3.3. <u>DIE PROSES VAN NEURO-ONTWIKKELING:</u>

- **<u>NEUROGENESE:</u>**

Die brein ontwikkel uit selle teenwoordig in die embrio in die eerste weke na konsepsie. Uit hierdie klein aantal ongedifferensieerde selle ontwikkel biljoene senuselle en triljoene gliaselle. Verreweg die meeste van hierdie selle ontwikkel in utero, veral gedurende die tweede en derde trimester. Navorsing het egter aangetoon dat neurogenese nog op beperkte skaal voorkom in die volwasse brein. Laasgenoemde mag een van die belangrike fisiologiese meganismes wees wat verantwoordelik is vir die brein se vermoë om funksies te herwin na besering. Op hierdie tydstip moet die neurone nog organiseer om funksioneel te kan wees.

- **<u>MIGRASIE</u>:**

Namate die brein groei, migreer die neurone. Gelei deur die gliaselle en ‘n verskeidenheid chemiese peilers begin neurone om saam te bondel, te beweeg, te rangskik en in hul uiteindelike posisies tereg te kom. So beland sommige in die breinstam, andere in die korteks, ens. Uit navorsing blyk dit dat die finale posisionering van neurone bepaal word deur beide genetiese en omgewingsfaktore. Migrasie vind hoofsaaklik plaas gedurende die voorgeboortelike en neonatale periodes. Traumas soos infeksies, suurstofgebrek, blootstelling aan alkohol en verwante middels kan die migrasie van neurone nadelig beïnvloed.

- **<u>DIFFERENSIASIE</u>:**

Neurone spesialiseer gedurende ontwikkeling. Elkeen van die 100 biljoen neurone bevat dieselfde genetiese materiaal. Tog toon elke neuron ‘n unieke kombinasie van daardie genes om daardeur ‘n unieke neurochemie, neuroargitektuur en funksionele vermoë te skep. (Perry, 2002. 83)

Terwyl sommige neurone lank is met lang aksone, is ander weer kort. Neurone kan ontwikkel om enige van ‘n honderd verskillende neuro-oordraers (soos norepinefrien, dopamien , serotonien, ens.) te benut. Neurone kan ‘n digte dendrietveld ontwikkel waardeur impulse van honderde ander neurone ontvang kan word, terwyl ander slegs met een ander neuron kan skakel. Neurone is gespesialiseerd en kan verander in reaksie op veranderde chemiese impulse.

- **APOPTOSE**:

Gedurende ontwikkeling sterf onnodige of swak geaktiveerde neurone. Afhangende van die uitdagings van die omgewing en die unieke behoeftes van die indiwidu sal sommige neurone oorleef en ander nie. Hier geld die beginsel van aktiwiteitsafhanklikheid ('use it or lose it') weereens.

- **VERTAKKING:**

Namate neurone differensieer, vorn dit veselagtige groeisels, genaamd dendriete. Dit is die ontvangsarea waarby ander neurone aansluit. Dosyne tot honderde ander neurone kan by een enkele neuron aansluit deur bemiddeling van hierdie 'dendritiese boom'. Die dendritiese netwerk kan uitbrei om aan te pas by die intensiteit van inkomende impulse. Dendritiese digtheid blyk een van die mees afhanklikheidssensitiewe kenmerke van die neuron te wees.

- **SINAPTOGENESE:**

Die sinaps is egter die mees sensitiewe kenmerk van die neuron. Ontwikkelende neurone stuur ook veselagtige groeisels uit wat op sigself ontwikkel in aksone en sinapse. Die afstand tussen dendriet en sinaps, genaamd die sinaptiese spleet, is besonder klein. 'n Chemikalie, bekend as 'n neuro-oordraer, word vanaf die pre-

sinaptiese neuron vrygestel in die sinaptiese spleet. Hierdie oordraer heg aan ‘n gespesialiseerde reseptorproteien in die membraan van die postsinaptiese neuron.

Hierdie neurale verbindings geskied nie willekeurig nie. Gedurende die eerste agt maande van lewe is daar ‘n agtvoudige toename in sinaptiese digtheid terwyl die ontwikkelende neurone in die brein hul ooreenstemmende verbindings maak.

- **SINAPTIESE VORMING:**

Die sinaps is ‘n dinamiese struktuur. Met voortdurende maar episodiese vrystelling van neuro-oordraers, besetting van reseptore, verskuiwing van ione in en uit selle en vorming van ander struktuur- molekules is die sinaps onderhewig aan voortdurende verandering. Herhaaldelike vrystelling van neuro-oordraers versterk die sinaptiese verbindings met werklike fisiese veranderinge wat die pre- en post-sinaptiese neurone nader aanmekaar bring, met gevolglik meer effektiewe neuro-oordraging. Waar weinig aktiwiteit voorkom, verval die sinaptiese verbinding. “This powerful activity-dependent process appears to be the molecular basis of learning, memory and, therefore, at the core of neurodevelopment.” (Perry, 2002. 85)

- **MIëLIENBEDEKKING:**

Gespesialiseerde gliaselle vorm om die aksone en skep daardeur ‘n meer effektiewe elektro-chemiese geleiding in die neuron. Hierdeur word ‘n neurale

netwerk in staat gestel om vinniger en meer doeltreffend te funksioneer. "Walking depends upon the myelination of neurons in the spinal cord for efficient, smooth regulation of neuromotor functioning." (Perry, 2002. 85) Hierdie proses begin gedurende die eerste lewensjaar (wanneer die kind leer loop) maar duur voort in verskillende sleutelareas gedurende die kinderjare met 'n finale uitbarsting in die adolessente jare.

In sommige breinareas is die verspreiding van neurone baie digter as in ander areas. Die meerderheid neurone skakel met aangrensende neurone, terwyl daar ander is wat hul aksone deurstuur na vèrafgeleë breinareas. Laasgenoemde word 'ekstrinsieke neurone' genoem. Hul neig om saam te groepeer in bundels wat 'nukleï' genoem word. 'n Enkele neuron of nukleus kan hul seine gelyktydig na verskillende areas deurstuur. Sodoende vervul hulle 'n belangrike rol in die orkestrering en koördinering van kommunikasie.

Maar hoe vind hierdie geleiding van impulse plaas? Elektrisiteit, en dan spesifiek in die vorm van senu-impulse (wat "aksie-potensiale" genoem word) is die hoof-meganisme waardeur impulse in die sentrale senustelsel gestuur word. Dit is moontlik omrede die brein (en die liggaam as sulks) 'n groot hoeveelheid gelaaide molekules (soos $Na^+$(Natrium), $K^+$(Kalium), $Ca^+$ (Kalsium, $C^-$ (Chloor), ens.) bevat. Membrane soos die murgskedes rondom selle is nie geredelik deurdringbaar vir gelaaide partikels nie. Hierdie membrane bevat egter twee belangrike vorms van proteïn, genaamd 'ioon-kanale' en 'vervoerders'. Hierdie vervoerders gebruik


opgegaarde energie om spesifieke ione in bepaalde rigtings oor membrane te vervoer. Dit veroorsaak ‘n hoër lading van bv. $K^+$ aan die een kant van die membraan. Hierdeur ontstaan beide ‘n chemiese (meer Kalium aan die een kant) en ‘n elektriese (‘n hoër positiewe lading aan die ander kant) gradient oor die membraan. Hierdie ioniese verskil beteken dat daar ‘n potensiaalverskil (meetbaar in breuke van Volts) oor die membraan ontstaan. Hierdie elektro-chemiese gradiënt is die basis van senuweesel-geleiding, omrede dit niks anders is as ‘n energie-potensiaal nie.

Wanneer ‘n senuweesel ‘n prikkel ontvang, reageer dit deur sommige van die ioon-kanale oop te maak. Hierdie kanale is redelik selektief deurdat dit wel sommige gelaaide molekules (bv. $K^+$) deurlaat, maar ander (bv. $Na^+$) nie. Wanneer hierdie kanale open, word $K^+$ toegelaat om deur die membraan te vloei in die rigting van die elektrochemiese gradient. Dit veroorsaak ‘n verandering in die potensiaal-gradiënt. Gewoonlik het neurone ‘n potensiaal-gradiënt van bv. -70mV tussen die binnekant en die buitekant van die sel.

Maar hoe gebruik die neuron hierdie potensiaal-gradiënt om impulse via die akson te stuur? Die neuron ontvang die oorspronklike prikkel in die vorm van ‘n neuro-oordraer (“neuro-transmitter”), ‘n chemiese stof geproduseer deur ‘n ander sel. Hierdie neuro-oordraers heg aan gespesialiseerde proteïne in die membraan, wat op hul beurt kanale in die membraan open. Hierdeur word die vloei van ione deur die membraan moontlik gemaak. Hierdie balansering van die ioon-gradiënt word

“depolarisering” genoem. Die skielike verandering in potensiaal stimuleer ander kanale wat op hul beurt open, en die proses herhaal. Op hierdie wyse word ‘n ‘golf’ van depolarisering geskep. Die snelheid van depolarisering (en dus van die impuls) word beperk deur die snelheid waardeur ione deur die kanale beweeg. (Kuffler, 1984)


Onderstaande voorstellings is gebaseer op die Membraan-modifikasie teorie van Bernstein, Overton en Lillie.




Skets 4. Aksiepotensiale.
(Outreach. Action Potential.)

Die impuls word voorts oorgedra tussen verskillende neurone. Senuselle kommunikeer deur middel van gespesialiseerde verbindings, bekend as sinapse. Wanneer die impuls die sinaps bereik, word ‘n chemiese neuro-oordraer vrygestel. Hierdie oordragstof heg aan die reseptore van die tweede senusel. Hierdie chemiese oordragproses wek elektriese en chemiese stimuli  in die tweede

senusel wat 'n nuwe aksie-potensiaal in hierdie senusel laat ontstaan.




Skets 5. Sinaptiese Oordrag
(Outreach. Synaptic transmission.)

Gliaselle maak ongeveer 90% van die breinselle uit. Die hooffunksies van die gliaselle is blykbaar ter ondersteuning van die kommunikatiewe funksies van die neurone. Vir hierdie doel is daar verskeie tipes gliaselle in die sentrale senuweestelsel. Sommige hiervan (bv. die oligodendroglia in die sentrale senuweestelsel en die Schwann-selle in die perifere senustelsel) vorm murgskedes, wat niks anders is as vet omhulsels rondom die aksone wat die aksone in staat stel om inligting vinniger deur te stuur. Ander tipes gliaselle reguleer die samestelling van ekstra-sellulêre vloeistowwe, komplementeer neurone in sekere metaboliese aktiwiteite en is betrokke by verskeie humorale (liggaamsvogverwante) funksies in die sentrale senuweestelsel. Gliaselle verskaf essensiële ondersteunende funksies aan die neurone, bv. dit gelei ontwikkelende neurone na hul bestemmings, stoor

ekstra energie vir aktiewe neurone, ens.

## 5.4. FUNKSIES VAN DIE BREIN.

Ten spyte van die ingewikkeldheid van die brein se samestelling, vervul dit sekere sleutelfunksies. Die brein neem waar, prosesseer inkomende inligting, berg essensiële elemente van hierdie inligting en reageer daarop. Dit is moontlik omrede verskillende sisteme in die brein verskillende funksies vervul. Die verskillende neurone werk saam om netwerke te vorm. Netwerke vorm op hul beurt sisteme, en hierdie sisteme werk saam om die verskillende breinfunksies te vervul. Sisteme in die breinstam reguleer ritmiese funksies soos hartklop, bloeddruk, ens. Sisteme in die limbiese areas is verantwoordelik vir interpersoonlike hegting, affektiewe beheer en emosies, terwyl sisteme in die korteks verantwoordelik is vir abstrakte denke en taalgebruik. Elk van hierdie sisteme wissel ietwat met betrekking tot funksie, spesifieke neuro-oordraer netwerke, sinaptiese struktuur en streeks-lokalisasie. Tog funksioneer al hierdie neurale sisteme eenders op molekulêre vlak. Hul funksioneer volgens dieselfde molekulêre reëls in die ontwikkeling, verandering in reaksie op chemiese prikkels en die stoor van inligting. (Perry, Pollard, et al. 1995, 3)

### 5.4.1. WAARNEMING:

Die liggaam beskik oor ‘n stel sensoriese organe (oë, ore, neus, tong, gevoel) wat die brein van inligting rakende die buitewêreld voorsien. Dis egter van

kardinale belang om te besef dat hierdie sintuie eintlik verlengstukke van die brein uitmaak. Ons neem die oog as voorbeeld:

Die oog se visuele reseptore (genoem **keëltjies** en **stafies)** in die retina vorm sinapse met verskeie interneurone, bv. bipolêre selle. Hierdie bipolêre selle vorm sinapse met ganglionselle. Die aksone van die ganglionselle vorm gesamentlik die optiese senuwee, wat die impulse deurstuur na die brein.  Samevattend kan ons dus sê: Die belangrikste eienskap van 'n reseptor is dat dit

- boodskappe ontvang , en
- die boodskap deurstuur na
- 'n effektor meganisme         (Receptors – A Brief Note.)

Die oog as 'n reseptor funksioneer dus as verlengstuk van die brein waar inkomende prikkels reeds georden word voor deursending na die brein.

Alle sensoriese prikkels ontketen 'n stortvloed van sellulêre en molekulêre prosesse in die brein wat die neurochemie, sitoargitektuur en uiteindelik die breinstruktuur en –funksionering verander. Hierdie proses, waardeur 'n interne voorstelling van die eksterne wêreld geskep word, is afhanklik van die voorkoms, intensiteit en reëlmaat van die neuron-aktiwiteit wat deur die waarneming, prosessering en berging van die prikkels geskep word. Hoe meer gereeld 'n sekere patroon van neurale aktivering voorkom, hoe meer onuitwisbaar die interne voorstelling, oftewel die 'geheuebeeld'.  "Experience thus creates a processing

template through which all new input is filtered.” (Perry,  Jan. 2000:  4.)

Elkeen van ons vele komplekse fisiologiese sisteme beskik oor ‘n aktiwiteitsritme waardeur sleutelfunksies gereguleer word, bv. wanneer die bloedsuikervlak daal, word ‘n reeks fisiologiese aktiwiteite in werking gestel.

**5.4.2. <u>PROSESSERING:</u>**

Wanneer die sintuie fisiese (of chemiese) inligting van buite (of binne) die liggaam omgeskakel het in ’n neuronale aktiwiteit, word hierdie prikkels na die brein gestuur vir prosessering.

Sodra hierdie basiese sensoriese prikkels die breinstam en die diënsefalon bereik, word dit gemeet teen die reeds-gebergde patrone van aktiwiteit. Indien dit onbekend voorkom of geassosieer word met vorige bedreiginge, sal die brein gepaste reaksies aktiveer. “This alarm response is at the heart of the post traumatic symptoms seen in so many maltreated children.” (Perry,  2000. 6)

**5.4.3. <u>BERGING</u>:**

Die brein se vermoë om geheuebeelde (of ‘herinneringe’) te kan skep, is geleë in die vermoë van neurone en neurale sisteme om van een ‘homeostatiese’ toestand na ‘n ander te verander. In reaksie op ‘n aantal prikkels ondergaan neurone molekulêre veranderings. Die homeostatiese dinamika van ‘n neurale sisteem

word slegs deur gebruik verander. Daarsonder kan dit ook nie ‘n interne beeld van die ervaring skep nie – dus geen geheuepatroon. Neurone en neurale sisteme verander op ‘n gebruiksafhanklike wyse. (Perry,  2000, 8.)

Dit beteken dat neurale sisteme as gevolg van herhaalde prikkels hul molekulêre neurofisiologie kan wysig, en daardeur geheuebeelde (*memories/ templates*) skep. Hieruit vloei ‘n belangrike implikasie vir ons begrip van traumatiese ervarings en die geheuebeelde daaromtrent: Vir die volwassene het die meerderheid ‘nuwe’ ervarings ‘n uiters geringe komponent wat werklik ‘nuut’ is. Die oorgrote meerderheid woorde, plekke, gesigte, reuke, ens. is reeds vroeër deur die brein ervaar, en dus nie nuut nie. Vanselfsprekend is die impak daarvan op die brein ook gering. By die kind – hoe jonger, hoe meer! – is die impak van dieselfde ervaring altyd groter, is die geheuebeeld altyd intenser.

### 5.4.4. HANDELING:

Die brein beheer en manipuleer menslike handeling deur die reaksies van die neuromuskulêre, outonomiese, endokriene en immuunsisteme te reguleer. Die neuronbane wat seine vanaf die sensoriese organe NA die brein  stuur, word ***afferente*** senuwees genoem, teenoor die ***efferente*** bane wat die seine VANAF die brein na die spiere en kliere neem.

## 5.5. BIOLOGIESE RELATIWITEIT:

### ( Tyd en die Ontwikkelende Kind)

Alhoewel mens geen bewuste herinneringe uit die babadae het nie, maak die ervarings van babas ‘n diep indruk op die brein. Daar is toenemende bewys dat gedurende swangerskap en in die eerste paar maande die brein van ’n baba meer kwesbaar is vir omgewingsinvloede as in enige ander tydperk in die lewe. (Perry en Szalavitz, 2008: 48-49)

Die menslike brein is soos ‘n rekenaar – dit moet geprogrammeer word om doeltreffend te kan funksioneer. Hierin speel tyd ‘n belangrike rol: Sekere dele van die brein moet op ‘n sekere kritieke tyd ge-‘**programmeer**’ word sodat die geheel uiteindelik doeltreffend kan funksioneer. Namate die kind ontwikkel benodig die verskillende breinsisteme stimulering om te kan ontwikkel. Verder moet hierdie gebruiksafhanklike ontwikkeling op spesifieke tye plaasvind vir hierdie sisteme om doeltreffend te kan funksioneer. Indien hierdie ‘sensitiewe periode’ onbenut verbygaan mag sommige sisteme nooit hul volle potensiaal bereik nie. In sommige gevalle mag die tekortkoming permanent van aard wees. (Perry, en Szalavitz, 2008: 85)

‘n Tweede belangrike element is nodig vir doeltreffende programmering: **Herhaling**! Die brein moet herhaaldelik aan dieselfde impuls blootgestel word. Perry gebruik die term “use dependent”. Hoe meer ‘n sisteem in die brein

geaktiveer word, des te meer sal daardie sisteem sinaptiese verbindings opbou of instandhou. (Perry en Szalavitz, 2008. 40.) Die beginsel is dieselfde as in die geval van die liggaamsbouer. Spiere kan nie ontwikkel na slegs een of twee oefeninge nie, maar moet herhaaldelik aan dieselfde oefening blootgestel word.

### 5.5.1. ‘In Utero’ Breinontwikkeling:

Breinontwikkeling begin reeds voorgeboortelik. Omrede die brein, soos vroeër vermeld, neuro-sekwensieël ontwikkel, begin sodanige ontwikkeling by die breinstam. Twee belangrike aspekte van ontwikkeling verdien die aandag:

Eerstens die ontwikkeling van **ritme**. Die breinstam, soos vroeër vermeld, is verantwoordelik vir funksies soos ritmiese asemhaling, hartklop, ens. Dus kan die breinstam met reg die metronoom van die lewe genoem word. Die mens kan nie oorleef indien die liggaam nie die mees fundameltele ritme van die lewe – die hartklop – in stand kan hou nie. Om hierdie ritme te reguleer is geen statiese en volgehoue taak nie. Die hart en die brein is voortdurend in kommunikasie met mekaar om sodoende tred te hou met omgewings- en lewensskommelinge. Om die hart se ritme gedurende stres te reguleer en terselfdertyd die vrystelling van stres hormone te beheer is twee belangrike take wat vereis dat die brein sy ritme moet behou. (Perry en Szalavitz, 2008: 142)

Perry suggereer voorts dat die hart van die fetus kan klop in tyd met die

hart van die moeder. Dit beteken dat enige verandering in die hartklop van die moeder ook die hartklop van die fetus kan beïnvloed. Hiervan het ons reeds ‘n Bybelse voorbeeld in Luk.1:44: Toe Maria, die moeder van Jesus, haar niggie Elisabet (die moeder van Johannes, die Doper) besoek, het Elisabet haar gegroet met die woorde: “Want kyk, toe die geluid van jou groet in my ore klink, het die kindjie in my skoot van vreugde opgespring.”

Dit bring die tweede belangrike aspek van voorgeboortelike ontwikkeling na vore: die **ouditiewe**. Bekende verskynsels soos beengeleiding en hidrostatiese geleiding van klank deur die amniotiese vloeistof impliseer dat die fetus reeds klank kan waarneem.

Dit bring die ontstellende vraag na vore: Met watter geheuebeelde uit voorgeboortelike ervarings betree die pasgeborene die wêreld? Kon hy die vader hoor wat in sy beskonke toestand raas en baklei en die moeder aanrand? Kon hy deur die vrystelling van hormone in die liggaam van die moeder (en sy eie!) deel verkry aan haar trauma? Met watter intrinsieke geheuebeelde betree die kind reeds die wêreld?

### **5.5.2. Breinontwikkeling in die vroeë kinderjare**:

Selfs voorgeboortelik en daarna, elke oomblik van elke dag is die brein besig om die instromende prikkels vanaf die sintuie te verwerk. Alle sensoriese data

afkomstig van die vyf sintuie gaan na die laer gedeeltes van die brein waar ‘n proses begin van kategorisering, vergelyking met voorheen gestoorde inligting, en indien nodig, reaksie daarop. (Perry en Szalavitz, 2008: 46)

Ouersorg bepaal die kind se emosionele vorming reeds van die begin van die lewe, en hierdeur word die ontwikkelingsrigting van die brein bepaal. Een van die sleutelelemente van ouer-kind-hegting is liefdevolle oogkontak. Die ouer se volgehoue, liefdevolle blik en glimlag oorspoel die kind met vreugde. Dit lei tot ‘n vrystelling van ‘n stroom dopamien, endogene opioïede, enkefalien en endorfien in die kind se brein, almal chemikalieë geassosieer met liefdevolle verhoudings. Hierdie stroom van genotvolle breinchemikalieë bevorder die ontwikkeling van sekere dele van die korteks wat later verantwoordelik is vir die ontwikkeling van ‘n gesonde verhoudingslewe. Vir ‘n gesonde breinontwikkeling is hierdie soort van ervaring noodsaaklik vir elke kind. (Grille, 2003: 5)

Hobbs is van mening dat die emosionele wêreld van die kind gestruktureer word deur sy omgewing, en in besonder deur die ouers en versorgers rondom hom. Hierdie proses kom voor sedert die vroegste dae van die kind se ontwikkeling en struktureer die indiwidu se persoonlikheid deur middel van bindings: liefde en versorging, maar ook angs en trauma. (Hobbs: 1993: 108)

Reeds in die vroeë stadium van ontwikkeling ontvang die kind die toewyding en liefdevolle versorging van die moeder. Hierdeur word twee belangrike neurale

netwerke in die brein gelyktydig gestimuleer:

- Eerstens is die komplekse stel sensoriese persepsies wat geassosieer word met menslike interaksies: die moeder se gesig, glimlag, stem, aanraking en geur. Hier kom ‘n verrassende neurologiese feit ter sprake:

Daar is ook sekere senuselle bekend as ‘spieëlneurone’. Hierdie neurone reageer in samewerking met die optrede van ander persone. Hierdie vermoë bied ‘n verdere basis vir hegting. (Perry en Szalavitz, 2008: 90.) Wanneer die kind glimlag, reageer die ‘spieël’-neurone in die brein van die moeder op ‘n wyse soortgelyk aan die wanneer sy self sou glimlag. Dit lei daartoe dat die moeder die glimlag beantwoord. Dit is voor-die-hand-liggend hoe empatie en die vermoë om op verhoudings te reageer hier kan ontstaan. Moeder en kind sinchroniseer en versterk mekaar wanneer beide stelle spieëlneurone die vreugde en gevoel van gehegtheid reflekteer. (Perry en Szalavitz, 2008: 90.)

- Tweedens vind stimulering plaas van die neurale netwerke wat ‘genot’ bemiddel. Hierdie ‘beloning’ kan op ‘n verskeidenheid maniere geaktiveer word, waarvan die verligting van spanning ‘n belangrike een is. Die stil van honger, die les van dors, verligting van spanning lei alles tot die ervaring van genot en gemak. Wanneer die gelyktydige stimulering van twee neurale aktiwiteite plaasvind – en met voldoende herhaling! – word ‘n assosiasie tussen die twee in die brein gevorm. Hierdie assosiasie tussen genot en menslike interaksie is

die belangrike neurologiese ‘gom’ waardeur gebondenheid en gesonde verhoudings gevorm word. Namate die brein ontwikkel voorsien die toegewyde ouers die geheuebeeld wat later nodig is vir die vorming van persoonlike verhoudings. Hegting is dus die geheuebeeld vir interpersoonlike bande. (Perry en Szalavitz, 2008: 85)

“Fundamenteel aan alle gedrag (biologies sowel as kognitief) is die proses van **ADAPTASIE**. Dit beteken dat alle voorwerpe altyd by bestaande skemata ingeskakel word en die organisme sodoende by die omgewing aanpas. Hierdie inskakeling van nuwe ervarings by bestaande skemata , dus adaptasie, vind plaas deur middel van twee komplementere prosesse, nl. **Assimilasie** en **Akkommodasie.**

Assimilasie vind plaas wanneer die nuwe ervaring by bestaande skemata geïnkorporeer word. Wanneer bestaande skemata egter aangepas moet word om voorsiening te maak vir ervarings wat nie by die skemata inpas nie, noem Piaget dit akkommodasie.” (Louw, 1986: 205)

Stimulering van hierdie geheuebeeld (‘memory template’) lei tot die vrystelling van verskeie belangrike chemiese boodskappers, die sg. neuro-oordraers, in die brein.

- Die eerste chemiese boodskapper wat betrokke raak is **dopamien,** wat verband hou met ‘n behoefte aan kommunikasie, in diè geval

kommunikasie tussen moeder en kind.

- Tweedens is ‘n groep klein proteïn neuro-oordraers bekend as **endorfiene** of **enkefaliene**. Hierdie is die endogene opioïede, ook bekend as die brein se privaat heroien. Hierdie chemiese boodskappers bring genot, ontspanning en tevredenheid aan moeder en kind tesame.

- ‘n Derde proteïen, genaamd **oksitosien,** word vrygestel sodra ‘n ontspanne atmosfeer geskep word, soos tydens borsvoeding. Hierdie drie chemiese boodskappers is aanvanklik verantwoordelik vir die vorming van ‘n intieme band tussen moeder en kind, en is noodsaaklik vir die vorming van interpersoonlike verhoudings.

**5.6. Samevatting**:

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die ontwikkeling van die menslike brein. Eerstens is die makro- en mikrostruktuur van die brein verduidelik, tesame met die verskillende sisteme en komponente daarvan. ‘n Reeks sketse en diagramme is voorsien om die inligting op visuele wyse voor te stel. Omrede ‘n begrip van die neuro-opvolgende wyse van breinontwikkeling van absolute belang is in ‘n studie van hierdie aard, is spesiaal gebruik gemaak van blokdiagramme om die proses te illustreer. Aandag is ook gegee aan die

proses van neuro-ontwikkeling.

Vervolgens is die vier basiese funksies van die brein bespreek, tw. waarneming, prosessering, berging en handeling. Dit is van Penologiese belang om die normale funksionering van die brein te verstaan ten einde ‘n idee te kan vorm van watter negatiewe impak ‘n abnormale stimulering veral tydens die vroeë kinderdae op die ontwikkelende brein kan hê. (Sien Hoofstuk 6 op bls.235 vv.)

Onder die opskrif ‘Biologiese Relatiwiteit’ kom die belangrikheid van stimulering van die ontwikkelende brein op die regte tydstip, die sogenaamde ‘kritieke tyd’, ter sprake. Hierdie kennis is nodig in die latere bespreking van die Neuro-opvolgende Metode van Terapie (NMT) op bls. 366 vv.

Hiermee is die toneel voorberei vir die volgende hoofstuk wat handel oor die verskynsel van abnormale breinontwikkeling by die kind.

* * * *

## BRONNELYS:

**Du Toit, J.J. 1978:** *Senior Biologie vir Standerds 9 en 10. Deel 2.* Eerste druk 1978. J.J. du Toit (red.) Nasou Beperk, Goodwood.

**Grille, Robin. (2003):** *"New discoveries about early memory and how it affects us."* In: Sydney's Child. Vol. 14 No. 4 (Mei 2003).

**Hobbs, J.H; Hanks, H.G.I en Wynne, J.M. (1993).** "*Child Abuse and Neglect: A Clinician's Handbook."*U.K. Longman Group.)

**Kuffler, S.W., Nicholls, J.G., Martin, A.R. (1984):** *From Neuron to Brain: A Cellular Approach to the function of the Nervous System.* 2nd. Ed. Sunderland, Mass. Sinauer Associates.

**Louw, D.A. (1986):** *"Inleiding tot die Psigologie"* (2de druk). Lexicon Uitgewers. Johannesburg.

**Outreach. Action Potential:** op www.outreach.mcb.harvard.edu/animations/actionpotential.swf

**Outreach. Synaptic Transmission:** op www.outreach.mcb.harvard.edu/animations/synaptic.swf

**Perry, B.D. Jan. 2000:** *"Brain Structure and Function I: Basics of organization."* in: Disciplinary Education Series. Vol.2 No. 3. Jan. 2000.

**Perry, B.D. (2002):** *"Childhood Experience and the Expression of Genetic Potential: What Childhood Neglect Tells Us About Nature and Nurture"* in Brain and Mind 3. Kluwer Academic Publishers. Nederland.

**Perry, B.D. en Szalavitz, M. (2010):** *"Born for Love".* © M. Szalavitz en B.D.Perry. Uitgegee deur Harper Collins Publishers, New York , NY.

**Perry, B.D**. **en M. Szalavitz. (2006):** *"The Boy who was raised as a Dog."* © B.D. Perry en M. Szalavitz. Uitgegee deur Basic Books, South New York, NY.

**Perry, B.D. (2000):** *"Brain Structure and Function I"* in die reeks: Disciplinary Education Series op http://www.childtrauma.org/ctamaterials/brain Iasp

**Perry, B.D., Pollard, R., Blakely, T., Baker, W., Vigilante, D. (1995):** *"Childhood Trauma, the Neurobiology of Adaptation and 'Use-dependent' Development of the Brain: How 'States' become 'Traits'*." Infant Mental Health Journal. 16(4)

.

**Receptors – A Brief Note** in *"Physiology Basics: Receptors"* op www.anaesthetist.com/physiol/basics/receptor/receptor.htm

# HOOFSTUK 6.

# ABNORMALE BREINONTWIKKELING BY DIE KIND:

"I have long been interested ... in trying to figure out why some people grow up to be productive, responsible, and kind human beings, whereas others respond to abuse by inflicting more of it on others." (Perry, B.D. en Szalavitz, M. 2008: 5-6)

## 6.1. Inleiding:

Hierdie hoofstuk is van uiterste Penologiese belang vir hierdie studie. Normale (ideale) breinontwikkeling is eenvoudig nie moontlik nie, omrede die mens nie in 'n geïsoleerde kokon grootword nie. Die menslike brein word gevorm deur interaksie met sy omgewing. Maar die omgewing self is nie volmaak nie. Deur die stampe en stote van die lewe word die brein gevorm – en helaas meermale misvorm.

Hierdie hoofstuk bied 'n dieper insig in die basiese abnormaliteite van breinontwikkeling en poog om die effek daarvan op die kind – en latere volwassene – toe te lig. Eerstens word die klem gelê op die getraumatiseerde kind in die algemeen. Hieronder word die belang van kritieke en sensitiewe tye in kinderontwikkeling bespreek – dus daardie tye wanneer die kind die vatbaarste is vir beïnvloeding op sekere vlakke. Ook die gevolge indien die kind hierdie belangrike stadia in sy ontwikkeling misloop, kom onder die soeklig.

Hiervandaan verskuif die aksent na onderskeidelik die verwaarloosde kind, die bedreigde kind, die mishandelde kind en die seksueel-misbruikte kind. In elke geval word die invloed daarvan op die kind en die implikasies daarvan vir sy volwassenheid uitgelig.

## 6.2. <u>Die brein en liggaamsontwikkeling</u>

Wanneer die kind gebore word, is die brein reeds gevorm. Die brein ontwikkel in ‘n sekere volgorde: vanaf die breinstam na die diënsefalon. Daarna volg die limbiese sisteem en uiteindelik die korteks. Die breinstam is dus die eenvoudigste area (waar die neuronverspreiding ook die laagste is). Die hoogste voorkoms van neurone is in die korteks, die mees gekompliseerde area van die brein. Ook in sy funksionering volg die brein hierdie volgorde.

By die jong kind is die ontwikkeling van die brein afhanklik van repetisie van die ervarings. Hiervoor het Perry die term “use-dependent development” geskep. Hierin speel die patroon, tydsberekening, aard, frekwensie en kwaliteit van die ervaring ‘n deurslaggewende rol. Teen die derde jaar het die kind se brein reeds 90% van die grootte van die volwasse brein bereik. Teen hierdie tyd is die emosionele, kognitiewe, sosiale en gedragsfondamente vir die res van die lewe gelê. Onderstaande diagram illustreer die verhouding tussen breinontwikkeling en die ontwikkeling van die liggaam.





Diagram 13. Vergelyking tussen brein- en liggaamsontwikkeling.

Die neurale netwerke wat gedurende die vroeë kinderjare ontwikkel, vereis stimulering deur aanraking, reuk, sig, klank, en beweging. Gebrek aan voldoende stimulering lei tot gedeeltelike verlies van genetiese potensiaal.
‘n Kind gebore in die jagterskultuur van 20,000 jaar gelede het wel oor die genetiese potensiaal beskik om te leer lees en skryf, om die klavier te bespeel, om ‘n stuurstok te hanteer en sou die struktuur van DNA kon verstaan. Dit was egter van groter belang om te kon onderskei tussen twee- en vyfdag- oue dierspore, om ‘n stok met absolute akkuraatheid te kan gooi en om die ruimtelike eienskappe van die

omgewing te kon interpreteer.  (Perry,  Ongedateerd. 1).

Hierdie jagter-kind sou derhalwe die aanpassing in die moderne wêreld sonder enige probleme kon maak, terwyl die jagter-volwassene nooit daarin sou kon slaag nie. Dit lei tot èèn gevolgtrekking:

***Ervarings van die kinderdae skep die volwassene!***

Of, in die beroemde woorde van William Wordsworth:

***"The Child is Father of the Man!"***

Reeds eeuelank het navorsers ten minste tot 'n sekere mate besef dat die vermoë om die volle menslike potensiaal te bereik, verband hou met die balans tussen geleenthede en uitdagings. In uiterste gevalle van ontwikkelingstrauma soos mishandeling – bedreiging, verwaarlosing, vernedering, degradering, deprivasie, chaos en geweld  - vertoon kinders 'n wye spektrum van ernstige emosionele, kognitiewe, gedrags- en fisiologiese probleme. (Perry en Szalavitz,  2008,  1).

Hierdie menigte probleme beïnvloed nie alleen die indiwidu nie, maar ook die familie, die gemeenskap asook die ganse samelewing, want elke kind vorm deel van die groter sosiale geheel.

## 6.3. BREINONTWIKKELING BY DIE GETRAUMATISEERDE KIND:

Die begrip ‘trauma’ is ‘n sambreel-term waaronder elke abnormale ervaring tuisgebring kan word. En ten spyte van die tè algemene opvatting dat die kind traumatiese ervarings veel beter kan verwerk en te bowe kom omrede die kind meer ‘plasties’ is, getuig die praktyk juis van die teendeel. So beweer Berk dat klein kindertjies plooibaar is en derhalwe kan herstel van ontoereikende ontwikkelings-omstandighede indien hulle teen ouderdom twee in ‘n stimulerende omgewing geplaas word. Die vroeë kinderdae is eerder ‘n sensitiewe ontwikkelingsfase as ‘n kritieke een waartydens ‘n reeks ontwikkelingsmylpale maklik en optimaal bereik word. Kinders kan op ‘n later tydstip kompenseer vir ontoereikende ontwikkeling in die vroeë dae, maar dit is moeiliker en nie noodwendig volkome nie. (Berk, 1989: 173.)

Berk onderskei tussen ‘n ‘sensitiewe’ en ‘kritieke’ fase deur die volgende omskrywings:

‘n Sensitiewe fase is ‘n tyd wat optimaal is vir die ontwikkeling van sekere funksies, alhoewel die begrensing daarvan minder skerp gedefinieer is as in die geval van ‘n kritieke periode. (Berk, 1989: 170)

‘n Kritieke periode is ‘n periode waartydens nadelige omgewingsinvloede kan lei tot permanente skade aan die liggaam of vinnig- ontwikkelende gedrag. (Berk, 1989: G3) Dus is ‘n sensitiewe fase vir Berk slegs ‘n ‘verswakte’ vorm van ‘n

kritieke periode.

Traumatiese gebeure gedurende die vroeë kinderdae kan lei tot ‘n wye reeks sosiale (bv. tiener swangerskappe, adolessente dwelmmisbruik, verontregting, antisosiale gedrag, ens.) neuropsigiatriese (post traumatiese stresversteuring, dissosiatiewe versteurings, ens.) en selfs mediese probleme soos hartkondisies en asma. (Perry, Sept. 1999: 2)

Maar hoe is dit moontlik dat ‘n ervaring ‘n kind se lewe kan omvorm tot ‘n vreesgevulde, verwarrende miasma van gedragsprobleme selfs tot in volwassenheid? Die antwoord is opgesluit in die brein wat traumatiese ervarings prosesseer en internaliseer.

Alle emosionele, kognitiewe, sosiale en fisiologiese aksies/reaksies word deur die brein beheer en bemiddel. Verskillende sisteme in die brein beheer verskillende funksies. Dit is reeds aangetoon dat sisteme in die korteks betrokke is by abstrakte denke en komplekse taalgebruik, sisteme in die breinstam verantwoordelik is vir die regulering van die polsslag, bloeddruk en die waaktoestand. Sisteme in die limbiese areas is verantwoordelik vir (emosionele) hegting, gevoel en aspekte van emosie.

‘n Uitstaande kenmerk van van alle senuweefsel (neurone) is dat hul kan verander in reaksie op eksterne prikkels. Dit is juis hierdie molekulêre veranderings wat die stoor van inligting by neurone en neurale stelsels moontlik maak. Wanneer

bedreig, sal die mens oorgaan tot sekere gemoeds-aanpassings en fisiese reaksies. Enige toename in bedreiging lei tot ‘n wysiging in die gemoedstoestand, denkwyse en fisiologie (bv. toename in die polsslag, spiertonus, asemhalingstempo, ens.). Die menslike reaksie op toenemende bedreiging vorm ‘n kontinuum – van kalmte tot waaksaamheid tot skrik, angs en vrees.

Wanneer die indiwidu in ‘n reaktiewe toestand ten opsigte van ‘n toenemende bedreiging verkeer, vertoon hy een van twee gedragspatrone wat as die **‘hiperreaktiewe kontinuum’** en die **‘dissosiatiewe kontinuum’** aangedui kan word. Dit word geïnisieer deur die vrystelling van verskillende hormone en kan diagrammaties as volg voorgestel word:





Diagram 14. Hormonale reaksies op bedreiging.

- Die “**Hiperreaktiewe Kontinuum**”.

Wanneer iemand aangeval word, bedink hy nie toekomsplanne nie. Op daardie tydstip word sy gedagtes, handelinge en gevoelens deur die meer primitiewe dele van die brein beheers. ‘n Bevreesde kind fokus nie op die woorde nie, maar op die nie-verbale tekens van kommunikasie soos oogkontak, gesigsuitdrukkings, liggaamshouding van die bedreiger of afstand vanaf die bedreiging.

Wanneer mens, ongeag sy ouderdom, te staan kom voor ‘n bedreiging sluit die brein die hoogste kortikale areas eerste af. Hy verloor die vermoë om te beplan,om honger te ervaar, omrede geeneen hiervan noodsaaklik is vir onmiddellike oorlewing nie. Gedurende ‘n ernstige bedreiging verloor mens dikwels sy spraak en ‘kan nie eers dink’ nie. So ‘n verlengde vreestoestand kan die brein kroniese of selfs langdurige skade berokken. (Perry en Szalavitz, 2008: 65)

Sulke gebruiksafhanklike veranderinge in die relatiewe vermoëns van die verskillende breinkomponente is kritieke bepalende faktore vir menslike gedrag. (Perry en Szalavitz, 2008: 66)

Diè kontinuum word gekenmerk deur ‘n toename in aktiwiteit van die

simpatiese senuweestelsel. Dit lei tot ‘n verhoogde polsslag, bloeddruk, asemhaling, ‘n vrystelling van opgegaarde glukose en ‘n toename in spiertonus. In die geval van die hiperreaktiewe kontinuum beweeg die persoon vanaf (1) die rustoestand na (2) ‘n toestand van waaksaamheid (paraatheid) na (3) weerstand, na (4) trotsering (gekenmerk deur ‘n uitdagende liggaamshouding) en uiteindelik na (5) aggressie. Hierna word meermale verwys as die ‘**veg of vlug’** reaksie en kom meer dikwels voor by die manlike persoon.

Wanneer ‘n kind wat gekonfronteer word met ‘n bedreiging reageer met ‘n hiperreaktiewe respons sal daar ‘n dramatiese toename wees in die aktiwiteit van die LC (locus coerulus). Hierdie toename in die vrystelling van norepinefrien beheer die hele liggaam se reaksie op die bedreiging. In navolging van hierdie aanvanklike akute vreesreaksie sal dieselfde sisteme in die brein weer geaktiveer word wanneer die kind blootgestel word aan ‘n herinnering van die traumatiese gebeure. Hierdie heraktivering kan plaasvind wanneer die kind slegs aan die gebeure dink of daarvan droom. Met verloop van tyd kan hierdie herinneringe veralgemeen. Dus, ten spyte van die feit dat die kind verwyderd is van die oorspronklike trauma kan die reaksie by herhaling geaktiveer word. (Perry, Pollard, e.a. (1995): 1.)

- Die “**Dissosiatiewe Kontinuum**”.

In die geval van veral die vroulike persoon vind ons meermale die dissosiatiewe kontinuum (ook genoem die ‘**vries of oorgee**-reaksie’). Dissosiasie is in beginsel ‘n ontvlugtingsmeganisme waardeur die persoon sy aandag van die buitewêreld onttrek en fokus op die innerlike wêreld.

Dissosiasie mag lei tot ‘n verwarde tydsbegrip, ‘n gevoel van afsydigheid – asof die gebeure op ‘n afstand waargeneem word, en nie in werklikheid gebeur nie. In ekstreme gevalle kan kinders selfs onttrek in ‘n fantasiewêreld . Dissosiasie word gekenmerk deur (1) die rustoestand gevolg deur (2) vermyding, wat dikwels gekenmerk word deur te huil. Hierop volg (3) ‘instemming’ (oorgawe) wat die vorm aanneem van verstarring, gevolg deur (4) afstomping wat dikwels uitloop op (5) bewussynsverlies. Wat veral opval in die fases van ‘instemming’ en ‘afstomping’ is dat die indiwidu alle kontak met die realiteit verloor en dikwels in ‘n toestand van ‘dagdromery’ verval. Die intensiteit van dissosiasie varieer na gelang van die intensiteit en tydsduur van die trauma.

Uit ervaring, veral met gevangenes, is die navorser egter van mening dat hierdie twee gedragspatrone nie as twee onafhanklike kontinume gesien moet word nie, maar eerder as twee reaktiewe, oorvleuelende sirkels of toestande.





Diagram 15. Reaksiepatrone.

Daar is ‘n onmiskenbare oorvleueling tussen die twee toestande. Die mens is nie beperk tot ‘n bepaalde reaksiepatroon nie. Onder sekere omstandighede kan ‘n reaksie-wisseling plaasvind. Hierdie is ‘n verskynsel wat vry algemeen voorkom in die natuur, en nie tot die mens alleen beperk is nie.

**<u>Die Hiperreaktiewe Toestand</u>**:

As voorbeeld: Die LEEU. Wanneer die leeu uit sy slaaptoestand (1) gewek word, raak hy bewus van sy omgewing en beweeg na (2). Hy bemerk onraad, beweeg na

‘gereedheid’ (3) en neem ‘n dreigende houding (4) aan.  Met die geringste provokasie raak hy aggressief (5).

Hierteenoor die JONG HOND:

Hy word gewek uit sy slaap (1), raak bewus van sy omgewing (2) en bemerk onraad. Nou beweeg hy na ‘gereedheid’ deur te begin blaf (3). Hy sal selfs ‘n dreigende houding aanneem (4), maar in plaas van tot die aanval oor te gaan, sal hy op die vlug slaan of op sy rug gaan lê (E). Hy het dus oorbeweeg na die dissosiatiewe toestand.

**Die Dissosiatiewe Toestand**:

As voorbeeld: Die SLANG: Wanneer die slang bedreig word, sal hy ook deur al die verskillende stadia van die dissosiasie-proses gaan (A tot D), maar probeer om homself so onopsigtelik moontlik uit die voete te maak (E). Word hy egter vasgekeer, sodat hy nie kan ontvlug nie, sal hy dadelik tot die aanval oorgaan. Hy beweeg dus uit die dissosiatiewe toestand na aggressie (5). Hierdie geld ook vir alle diere, selfs die makste huisdier.

Dieselfde verskynsel vind ons by die mens. Uit ons eie  misdaadgeskiedenis dien die voorbeeld van die dood van Charles Theron – die vader van die nou beroemde aktrise Charlize Theron. Hy is op Vrydag 21 Junie 1991 deur sy vrou doodgeskiet omdat sy gevrees het vir haar eie lewe en diè van haar dogter, Charlize.  Charles het in woede gedreig om beide met die haelgeweer dood te skiet. Charles se moeder, Bettie, het nà

die voorval gesê: “Vir die afgelope twintig jaar was my seun nog altyd Gerda se ondergeskikte…... My seun was nooit, waarvan ek weet, ooit gewelddadig teenoor haar nie. Sy daarenteen was baie gewelddadig teenoor hom.” (Karsten, 2007(b):19)

“Dit bly ‘n raaisel wat daardie nag in sy kop gebeur het, wat ‘n sagmoedige man na deurslotte laat skiet het, die skietery wat ‘n doodsvrees na sy vrou en dogter gebring het. ‘n Ma wat glo dat haar lewe en diè van haar kind word bedreig.” (Karsten, 2007(b): 20). Die antwoord is voor-die-handliggend: ‘n Reaksiewisseling tussen die dissosiatiewe en hiperreaktiewe toestande het plaasgevind.

## 6.4. <u>BREINONTWIKKELING BY DIE VERWAARLOOSDE KIND:</u>

Vele studies dui daarop dat by diere wat grootword onder toestande van sensoriese verwaarlosing, ‘n wye reeks van abnormaliteite in neurochemiese en neurostruktuur-organisasie voorkom. (Darwin, 1868; Ebinger, 1974; Cragg, 1975.) Die gevolge hiervan kan selfs lei tot permanente disfunksie. (Spitz en Wolf, 1946) Die implikasies hiervan vir menslike ontwikkeling mag nie onderskat word nie.

In ‘n studie rondom sensoriese verwaarlosing het Perry onderskei tussen twee vorme van verwaarlosing, tw. **globale verwaarlosing** (“global neglect”) waar sensoriese deprivasie op meer as een gebied voorkom, bv. minimale blootstelling aan taal, fisiese aanraking en sosiale interaksie.

Tweedens onderskei Perry **verwarrende verwaarlosing** (“chaotic neglect”) waar tekens van fisiese, emosionele, sosiale of kognitiewe verwaarlosing voorkom. Die ontstellende feit van verwaarlosing, hetsy globaal hetsy verwarrend, is dat dit meestal voorkom by welmenende ouers. Die rede hiervoor is dat die brein die lêer van ons persoonlike lewensverhaal is. Ons persoonlike lewenservarings skep ‘n katalogus van geheuebeelde waardeur ons handelinge bepaal word, soms bewustelik, soms onbewustelik. Omdat so ‘n groot gedeelte van ons breinontwikkeling vroeg in ons lewens geskied, het die wyse waarop ons grootgemaak is, so ‘n dramatiese invloed op die wyse waarop ons ons eie kinders grootmaak. “...a good “brain” history of a child begins with a history of the caregiver’s childhood and early experience.” (Perry en Szalavitz, 2008: 83.)

Net soos die geheue verdeel kan word in die twee kategorieë van ‘Korttermyn’ en ‘Langtermyn’ bestaan daar ook twee onderskeidings ten opsigte van die geheue: **eksplisiet** en **implisiet**. Die vermoë tot eksplisiete geheue bereik volle ontwikkeling rondom die ouderdom van drie jaar. Hierdie is ‘n bewustelike vorm van ‘onthou’ wat die mens in staat stel om die gebeure sinvol te herroep. Implisiete geheue is reeds vanaf geboorte aanwesig – moontlik selfs van voor geboorte – en is opgeteken in emosionele, sensoriese en visserale herinneringe. Met ander woorde, mens onthou nie met die brein nie, maar met die liggaam, met die hart. Dit het blywende implikasies vir die wyse waarop mens dink, voel en uiteindelik optree. (Grille, 2003: 2.)

Perry gee ‘n dieper ontleding hiervan. Volgens hom is een van die sleutelfunksies van senuweefsel om inligting te bewaar. Elke breinarea stoor inligting wat verband hou met die funksies wat deur daardie area beheer word. Die korteks stoor kognitiewe inligting soos name, gesigte feite, ens. Die limbiese sisteem stoor emosionele inligting: vrees, genot, hartseer, ens. Motor-vestibulêre inligting word in verskeie dele van die brein gestoor, veral in die diënsefalon. Die breinstam stoor veral inligting wat verband hou met traumatiese gebeure. (Perry, 2002: Lesson 3)





Diagram 16: Lokalisering van geheuevorms

Een van die mees tragiese vorms van verwaarlosing is geleë in wat Perry tipeer as ‘skin hunger’, d.w.s ‘n ontbering van fisiese aanraking. In die ontwikkeling van die mens is aanraking van kritieke belang. Sensoriese bane betrokke by die belewing van aanraking ontwikkel eerste en is ten volle ontwikkel by geboorte vergeleke met sig, reuk, smaak en gehoor. (Perry en Szalavitz, 2008: 140).

In sy boek ‘The Boy who was raised as a Dog’ vermeld Perry die geval van ‘n seun genaamd Leon, die tweede seun van ‘n verstandelik-vertraagde moeder. Teenoor die eerste kind, Frank, wat as baba die nodige versorging ontvang het met die hulp van die groter familiekring, was die moeder met Leon op haarself aangewese. Omdat sy nie die veeleisende baba kon hanteer nie, het sy hom bedags in die kamer toegesluit en vir die res van die dag met Frank stad toe gegaan. Maria (die moeder) het gedink dat haar plan geslaag het toe Leon met verloop van tyd opgehou het met huil. Leon het later emosieloos gereageer op die vermanings of straf van sy ouers, teenoor Frank wat dit ernstig opgeneem het omrede hy gevoel het hy stel sy ouers teleur. Leon het ‘n onmiskenbare afkeur getoon in enige vorm van fisiese aanraking. Op sestienjarige ouderdom het hy twee tienermeisies wreed vermoor en daarna die lewelose liggame verkrag omdat hulle sy attensies verwerp het. Hy kon teenoor sy slagoffers geen empatie toon nie. (Perry en Szalavitz, 2008: 111vv.)

Voorts haal hy ook die geval aan van Laura wat op vierjarige ouderdom skaars twaalf kilogram (26 pond) geweeg het, en dit ten spyte daarvan dat sy reeds vir weke lank ‘n hoë-kalorie dieet deur middel van buisvoeding ontvang het. Haar moeder, Virginia, is self by geboorte deur haar dwelmverslaafde moeder verlaat, en sy het elke ses maande in die hande van nuwe pleegouers beland.

Na die geboorte van Laura moes Virginia self oor die weg kom. As gevolg van haar eie ‘swerwers’-agtergrond het sy die kind bloot gewas, geklee en gevoed

maar self nie veel verstaan van die dinge wat ‘n normale moeder met haar kind doen nie. Laura het geen emosionele hegting met haar moeder ervaar nie. Haar liggaam het gereageer met ‘n hormonale wanbalans wat gelei het tot ‘n groeiversteuring. (Perry & Szalavitz, 2008: 81).

Studies wat by die University of Miami Medical School gedoen is op vroeggebore babas dui daarop dat sagte velkontak hulle help om vinniger gewig te vermeerder, beendigtheid toe te neem, beter te slaap en beter te groei. Gevoels- en kinestetiese stimulering was aan 20 vroeggebore babas gegee tydens oorgangs-versorging. Hul groei tempo, slaap-waak gedrag en Brazeltonskaal* prestasie is vergelyk met dié van ‘n kontrolegroep van pasgeborenes. Die aanrakings- en kinestetiese stimulering het bestaan uit die streel van die liggaam en passiewe oefening van die ledemate vir drie 15 minuut periodes per dag vir tien dae. Die gestimuleerde babas het ‘n gemiddeld van 47% groter gewigsaanwas per dag getoon, was meer aktief en wakker gedurende slaap-waak waarnemings en het meer ontwikkelde gewoontes, oriëntasie, motoriese reaksies en ‘n gedragsverskeidenheid teenoor die kontrolegroep getoon op die Brazelton skaal. Hul hospitaalverblyf was gemiddeld ses dae korter. (Field, 2002: 163).

“In fact, preemies who received such gentle massage went home from the hospital almost a week earlier on average.” (Perry en Szalavitz, 2008: 140.)

---

* Die skaal is ontwerp deur Dr. Brazelton om meer inligting te bekom rakende die baba se vermoëns en indiwidualiteit as die beskikbare evaluerings, terwyl dit nog steeds ‘n gesondheidsevaluering insluit. (Brazelton Institute).

In 1978/79 het Prof. Edgar Rey Sanabria van die Departement Pediatrie aan die Universiteit van Colombia ‘n metode van neonatale versorging bekendgestel wat later bekend sou staan as Kangaroo Mother Care (KMC). Dit was aanvanklik daarop gemik om vroeggebore babas doeltreffender te versorg as om hul in broeikaste te plaas. Die beginsel van KMC is daarop gemik om die baba so vroeg moontlik in direkte velkontak met die moeder te plaas. KMC ontleen die naam aan die wyse waarop die moeder kangaroe en ander buideldiere hul kleintjies versorg en warm hou in ‘n spesiale buidelsak. Die kangaroe-moeder dra die kleintjie dag en nag teen haar liggaam. Binne die buidelsak is die kleintjie warm, beskermd en kan voed op aanvraag. (KMC, Unit 43-1.)

Die baba word gewoonlik in ‘n regop posisie teen die ontblote bors van die moeder geplaas. Die kind is naak behalwe vir ‘n doek, kousies en ‘n wol mussie. Beide moeder en kind word met ‘n kombersie of hemp bedek. Na hierdie posisie word ook verwys as vel-op-vel kontak (skin-to-skin contact) omrede ‘n groot gedeelte van die kind se vel in direkte kontak met dié van die moeder is. (KMC, Unit 43-5)
Behalwe die vanself-sprekende finansiële voordele van verlaagde mediese kostes, is dit vir die doeleindes van hierdie studie belangrik om te let op die voordele vir beide ouer en kind.

Vir die kind is die voordele hiervan nie alleen beperk tot die stabilisering van liggaamstemperatuur en ‘voeding-op-aanvraag’ nie, maar babas onderworpe aan KMC vertoon ‘n vagale reaksie wat bevorderlik is vir groei en ontwikkeling en

versnel die oorgang van ‘n voorgeboortelike na ‘n na-geboortelike bestaan. (KMC, Unit 43-14)

Omrede die moeder meer ontspanne en betrokke raak by haar kind, word die hegting tussen moeder en kind bevorder. Dit is egter ook belangrik dat die vader hierby betrokke raak. Dit bevorder die hegting tussen vader en kind en help die vader ook om die moeder in die versorging te ondersteun. In gemeenskappe met ‘n hoë voorkoms van kinderverwaarlosing hou dit die belofte in om die verhouding tussen vader en kind te verbeter. Hierdie eenvoudige ingryping mag selfs die verhouding tussen mans en vroue in die gemeenskap bevorder. (KMC, Unit 43-25)

In 1995 is K.M.C. deur ‘n Dr. Nils Bergman in Suid Afrika bekendgestel. Vyf jaar later het K.M.C. die amptelike beleid ten opsigte van die versorging van vroeggebore babas in die Wes-Kaap geword.

Kinders van verskillende ouderdomme is ook deur die Child Trauma Academy se klinieke onderwerp aan M.R.I. breinskandering en vergelyk met ‘n kontrolegroep van ‘normale’ kinders van dieselfde ouderdomme. Uit hierdie studies het geblyk dat sensoriese deprivasie die fisiese groei en organisasie van die brein kan wysig. Wat opval is die belang van die tydsaspek van verwaarlosing. Dit is veral die geval by kinders waar globale verwaarlosing in die eerste drie lewensjare voorkom. In hierdie tyd ondergaan die brein geweldige groei en is derhalwe veel meer kwesbaar vir gebrekkige stimulering. Resultate van breinskanderings toon dan ook duidelike veranderde groeipatrone in die brein van sodanige kinders. Onderstaande foto

toon die negatiewe impak wat verwaarlosing op die ontwikkelende brein het. Die beeld op linkerhand is diè van ‘n gemiddelde driejarige, terwyl die beeld op regterhand toon hoedat die brein van die verwaarloosde driejarige nie alleen kleiner is nie, maar ook ‘n abnormaal-ontwikkelde korteks aandui.




Foto 1. Breinskandering van normale en verwaarloosde kinders.
(Perry en Pollard, 1997)

## 6.5. BREINONTWIKKELING BY DIE BEDREIGDE KIND.

Dit is begryplik dat ‘n jong kind nie toegerus is om ‘n bedreiging met die ‘veg-of-vlug’-reaksie teen te staan nie. Met die aanvang van enige vorm van bedreiging raak die kind gespanne. Hierdie reaksie word gekenmerk deur ‘n toename in die aktiwiteit van die simpatiese senuweestelsel: ‘n toename in die polsslag, bloeddruk, asemhaling, toename in spiertonus, ‘n gewaarwording van hiperwaaksaamheid – en uiteindelik ‘n uitskakeling van enige nie-kritieke informasie (soos bv. skoolwerk). In die vroeë fase van die dissosiatiewe reaksie sal die jong kind gebruikmaak van

vokalisasie deur te huil. Dis ‘n hoogs suksesvolle strategie indien dit die versorger beweeg om die kind te hulp te kom deur namens hom te veg of met hom te vlug. Ongelukkig is hierdie strategie dikwels nie suksesvol nie, veral waar die bedreiging deur die versorger self veroorsaak word. Dit lei meermale daartoe dat die kind, na vele teleurstellings, hierdie reaksie staak (dus ‘n reaksie van oorgawe). Wanneer die kind bedreig word, gebeur dit dikwels dat die kind verstar. Die voordeel hiervan is duidelik: Verstarring skep die geleentheid vir beter klank- en visuele waarneming van die vermeende bedreiging. ‘n Gebrek aan beweging hou die verdere voordeel van kamoeflering in. Die kind kan dàlk nie maklik raakgesien word nie. Dit mag die geleentheid skep om te besluit hoe om op die bedreiging te reageer.

By herhaling van die bedreiging en die reaksie-patroon ontwikkel die kind uiteindelik ‘n hipersensitiewe dissosiatiewe reaksie. Wanneer die kind beangs raak, sal hy neig tot verstarring. Dit word meermale interpreteer as weerstandigheid, omrede hy in hierdie toestand ‘weier’ om te reageer op opdragte of ‘maak of hy nie hoor nie’. Gevolglik lei dit tot ‘n verskerpte bedreiging wanneer die volwassene ‘n meer besliste houding inneem teenoor die kind. Die kringloop word voltooi deurdat die kind meer bedreig en beangs voel.

Wanneer ‘n bedreiging of ervaring herhalend voorkom, lei dit tot ‘n **sensitivering** van die neurale stelsel waardeur die patroon en hoeveelheid van vrygestelde sinaptiese oordragstof (neuro-oordraer) gewysig word. Wanneer sensitivering eers gevestig is, kan dieselfde neurale aktivering ontlok word deur stimuli van veel laer intensiteit. (Kalivas & Kuffy, 1989; Kleven, Perry, Woolverton & Seiden, 1990).

Dis ‘n onweerlegbare feit dat getraumatiseerde kinders ‘n onmiskenbare sensitivering vertoon van die reaksiepatrone wat saamhang met hul traumatiese ervarings. Die gevolg hiervan is dat volledige reaksiepatrone soos hiperreaktiwiteit of dissosiasie ontlok kan word deur mindere spannings. (Perry, Pollard ea. 1995).

Sensitivering mag ook voorkom indien die neurosensoriese stelsel deur ervaring sodanig geaktiveer word dat die hoeveelheid en patroon van neuro-oordraer-vrystelling deur die sisteme vir gevoel, waarneming en prosessering van daardie ervaring gewysig word. Hierdie staat van sensitivering kan in die ontwikkelende brein sodanig geïnternaliseer word dat dit as karaktertrek gevestig word.

In die kind se reaksie op ‘n bedreiging speel verskillende faktore ‘n bepalende rol:

- **Die ouderdom van die kind**: Dit blyk dat hoe jonger die kind is, hoe sterker die neiging tot die dissosiatiewe reaksie sal wees.

- **Die aard van die bedreiging**: Hoe meer hulpeloos en magteloos die indiwidu, hoe meer waarskynlik sal ‘n dissosiatiewe reaksie volg.

- **Fisiese pyn of besering**: Waar fisiese pyn of besering voorkom, is ‘n dissosiatiewe ontvlugting hoogs waarskynlik, omrede die vrystelling van opioiëde in die brein – die natuur se ‘pynstiller’.

- **Geslagsverskille**: Daar is ‘n onbetwisbare verskil in die reaksiepatrone van die verskillende geslagte: die vroulike geslag neig veel meer tot dissosiatiewe ontvlugting as die manlike geslag.

## 6.6. BREINONTWIKKELING BY DIE MISHANDELDE KIND:

Geweld is ongelyksoortig – in sy oorsprong, kwaliteit, kwantiteit en impak op die slagoffers. Geweld kan fisies of emosioneel van aard wees. “Indeed, some of the most destructive violence does not break bones, it breaks minds.” (Vachss, 1994.) “Emotional violence does not result in the death of the body, it results in the death of the soul.” (Perry, 1997)

➢ **Fisiese geweld**:

Fisiese geweld kan die resultaat wees van ‘n impulsiewe, reaktiewe gedrag of van roofsugtige, meedoënlose aggressie. Fisiese geweld kan verband hou met dronkenskap, psigose of ander neuropsigiatriese toestande. Fisiese geweld kan te wyte wees aan ‘n persoonlike (die bomontploffing in Oklahoma City) of kulturele (politieke terrorisme) oortuiging. Fisiese geweld kan seksueel gerig wees (verkragting) of gerig op ‘n spesifieke persoon (gesinsgeweld) of gerig op ‘n spesifieke groep (Jode, homoseksuele).

Langs watter roete loop die pad vanaf ‘n vreesvervulde kind tot ‘n

vreesaanjaende adolessent? Hoe is dit denkbaar dat ‘n mens die vermoë ontwikkel om ‘n medemens te bekruip, te martel, te moor en te vermink sonder enige berou – en selfs genot daaruit put?

Gewelddadige gedrag benadeel altyd die betrokke kind, maar die impak verskil. Faktore wat die impak daarvan op die kind bepaal omvat:

- die aard,
- tipe,
- die teenwoordigheid (of afwesigheid) van ondersteunende volwassenes, en, bo alles,
- die ouderdom van die kind.

Hierby moet in berekening gebring word dat dit altyd die brein is wat die kind in staat stel om aan te pas by gewelddadige trauma, net soos dit die brein is wat die gedrag van die geweldenaar orkestreer. “It is not the finger pulling the trigger that kills; it is not the penis that rapes – it is the brain.” (Perry, 1997).

Die brein se vermoë om te onderskei tussen impulse hou verband met die verhouding tussen die laer, meer primitiewe dele van die brein se stimulerende (excitatory) aktiwiteit en die meer kalmerende aktiwiteit van die hoëre, sub-kortikale en kortikale areas (die sg. Kortikale Modulerings-verhouding). Om die neurobiologie van geweld te begryp is dit voor alles nodig om te verstaan dat enige prikkel wat die aktiwiteit (of reaktiwiteit) van die breinstam kan opskerp of die kalmerende

vermoë van die limbiese en kortikale areas kan inperk, kan lei tot aggressie, impulsiwiteit en selfs geweld.

In die ontwikkelende brein is ongedifferensieerde neurale sisteme absoluut afhanklik van aanwysers vanuit die omgewing en mikro-omgewing (bv. neuro-oordraers, neurohormone, aminosure, ens.) ten einde hul onvolwasse, ongedifferensieerde vorme te organiseer. Verskillende areas van die sentrale senuweestelsel ontwikkel en organiseer op verskillende tye en sal derhalwe sekere ontwikkelende ervarings òf benodig (sg. kritiese fases) òf 'n verhoogde sensitiwiteit (sg. sensitiewe fases) daarvoor toon. Onderbreking van hierdie ondervinding-gebaseerde neurochemiese prikkels in hierdie kritieke periodes kan lei tot abnormaliteite of tekortkominge in die neuro-ontwikkeling van die kind. Sommige hiervan mag selfs onomkeerbaar wees.

'n Gebrek aan gepaste affektiewe ervarings in die vroeë lewensjare en die gepaardgaande wanorganisasie van die kind se vermoë tot hegting met ander persone speel 'n belangrike rol in die vloedgolf van geweld wat ons tyd kenmerk. Indien 'n kind nie 'n dieper hegting teenoor 'n ander mens voel as teenoor 'n dier nie, kan van hom geen dieper berou verwag word as van iemand wat 'n hasie doodgery het nie. Gewelddadige gedrag is slegs 'n spieëlbeeld van die wêreld waarin die kind grootgeword het. "The increase in youth violence is related to the world we have provided for our children to grow up in." (Wright ea, 1992)

Die hoogste voorkoms van geweld teenoor mans is veroorsaak deur mans. Die meeste geweld teenoor vroue word gepleeg deur mans. Die meeste geweld teenoor kinders word gepleeg deur vroue.Die meeste geweld gepleeg deur kinders is teen ander kinders. Die meeste geweld teenoor troeteldiere word gepleeg deur kinders. (Perry.1996). Dit staan bekend as die “draaikolk van geweld”. So ‘n draaikolk van geweld begin met die man wat buite die raamwerk van sy huis verneder of gefrustreer word. Hy absorbeer hierdie vernedering, wysig dalk ‘n gedeelte daarvan en stuur dit aan na andere. Tuis sal hy sy woede op sy eggenote rig. Op haar beurt absorbeer sy sommige hiervan en stuur die res ook na andere. Die (dikwels nog aangerande!) moeder haal dit uit op die veeleisende kinders wat op hul beurt absorbeer, wysig en aanstuur na die jonger en meer weerlose kinders. Die kind aan die punt van hierdie afknou-tou the niemand om dit op uit te haal nie, en wend hom na die troeteldiere, of moet absorbeer en wag tot hy groot en sterk genoeg is om dit op ander mense uit te haal. “More cats are killed by children than by dogs.” (Perry, 1996. 67vv)

Kinders wat aan geweld blootgestel is, is meer geneig tot geweld. Dit hou verband met verskeie faktore soos die mag van die voorbeeld en om te leer dat geweld aanvaarbaar is, of selfs ‘n gewenste en eerbare oplossing van probleme. Tog toon navorsing ten opsigte van gewelddadige gedrag by kinders ‘n onrusbarende mate van impulsiewe en reaksionêre geweld. (Perry, 1997. 124vv). Dan word sodanige geweld meermale deur die oortreder self geregverdig as ‘verdediging’. “As ek nie eerste geskiet het nie, sou hy my geskiet het”. Dit dui daarop dat hierdie kinders in

‘n volgehoue staat van vrees leef – letterlik ‘n konstante “veg of vlug”-toestand.

Die implikasies hiervan vir die gewelddadige jeugdige is vanselfsprekend. Eerstens, enige kind wat blootgestel is aan kroniese gesinsgeweld sal ‘n volgehoue vrees-reaksie ontwikkel. As gevolg van die reeds vermelde verskille tussen die geslagte sal die manlike geslag meer neig tot die aggressiewe, impulsiewe, reaktiewe gedrag. Om hierdie rede sal hy ook meer geneig wees om in gewone situasies bedreigings te lees. Voeg hierby dat die kind uit waarneming leer. Uit gesinsgeweld merk die kind op dat dit juis die geweldenaar is wat altyd sy sin kry. Geweld is dus die ‘aanvaarde wyse waarop die volwassene optree’.

Tog moet ons daarop let dat nie alle kinders wat die trauma van geweld beleef self gewelddadig word nie. Hierdie gevalle dra hul littekens op ander maniere, in ‘n innerlike leegheid, in emosioneel-destruktiewe verhoudings of gaan selfs deur die lewe afgesonderd van andere en beroof van sy menswaardigheid.

- **Emosionele geweld**:

Emosionele misbruik is die sistematiese aftakeling van ‘n persoon, Dit mag wel doelbewustelik geskied of onbewustelik, of selfs ‘n kombinasie hiervan, maar dit is altyd ‘n proses en nie ‘n geïsoleerde geval nie. ( Vachss : 1994)

Emosionele geweld is daarop gemik om die kind se selfbeeld sodanig te skaad

dat hy homself as onwaardig beskou – onwaardig vir respek, vir vriendskap, “unworthy of the natural birthright of all children: love and protection.” (Vachss, 4)

Emosionele geweld kan wees:

- **“So berekend as ‘n geweerskoot:** ‘Jy is vet! Jy is lelik! Jy is onnosel!’ (Vachss, 1994.)

- **“So onvoorspelbaar soos ‘n kernbom-ontploffing.”** (Vachss, 1994) Wanneer ouers in huwelikstwis verval, word die kinders dikwels as hefbome deur een ouer teen die ander ouer gebruik.

- **Dit kan aktief wees**: ‘Jy sal nooit jou broer se ou skoene werd wees nie!’

- **Dit kan passief wees.** Dus die ekwivalent van verwaarlosing.

- **Dit kan ‘n kombinasie van meer van die voorafgaande wees**.

Die pyn van emosionele geweld kan wel vergelyk word met diè van fisiese geweld, maar duur gewoonlik veel langer. Omrede die wonde hiervan gewoonlik nie sigbaar is nie, word dit te maklik afgemaak as ‘van verbygaande aard’. Dit is ‘n gevaarlike en wrede afleiding. Emosionele misbruik skend die hart en beskadig die

siel. “ Like cancer, it does its most deadly work internally. And, like cancer, it can metastasize if untreated.” (Vachss,  1994).

Dit is ‘n wrede miskonsepsie dat emosionele misbruik tot die beswil van die kind is omdat dit hom voorberei vir ‘n harde lewe in ‘n genadelose wêreld. “ I’ve met some individuals who were prepared for a hard life that way – I met them while they were *doing* life.” (Vachss,  1994)

Ewe gevaarlik is die algemene beskouing dat genesing alleen moontlik is deur vergifnis. Die gevaarlikste flater wat ‘n slagoffer kan maak is om te belê in die rehabilitasie van die misbruiker (Vachss,  1994)

Wat is dan die antwoord? Vir die slagoffer van emosionele misbruik is daar geen genesing nie tot hy selfverwysing (*self-reference*) bemeester het. Dit impliseer dat die slagoffer sy eie standaarde moet ontwikkel; hy moet vir homself besluit wat  die konsep *goed*  vir hom beteken. Om die misbruiker se etikette aan te neem – ‘Jy’s gek!’ ,”Jy’s ondankbaar!’ – sit slegs die siklus voort.    “Adult survivors of emotional child abuse have only two life-choices: Learn to self-reference or remain a victim”. (Vachss, . 1994)

Dus: Kortikale modulering van die laere breinfunksies! Dit word verder bespreek op 363 vv.

## 6.7. **BREINONTWIKKELING BY DIE SEKSUEEL- MISBRUIKTE KIND.**

Seksuele misbruik kom voor oor alle etniese, sosio-ekonomiese en selfs religieuse grense. Daar bestaan verskeie algemene miskonsepsies ten opsigte van die seksuele misbruik van kinders. Dit sluit onder andere die volgende in:

- Seksuele misbruik is beperk tot seksuele omgang tussen ‘n volwassene en ‘n kind.
- Die oortreder is altyd ‘n vreemdeling.
- Verkragting is slegs moontlik met ‘n volwasse vroulike persoon, nie met kinders nie.

Seksuele misbruik omvat ‘n wye reeks van aktiwiteite wat geklassifiseer kan word as “kontak-misdrywe” en “nie-kontak misdrywe”. Onderstaande lys is ontleen aan Dominquez, ea. (2002: p. 202 – 207)

### 6.7.1. “**NIE- KONTAK MISDRYWE**”:

- Fotografering van die kind vir seksuele doeleindes.
- Vertoon van pornografiese materiaal aan die kind.

- Seksuele gesprekvoering met ‘n kind.

- Spotdryf met die kind se ontwikkeling, voorkeure of organe.

- Verbale misbruik van ‘n seksuele aard.

- Seksuele ontbloting aan kind.

- Afloer’ van ‘n kind terwyl diè was, aantrek, ens.

- Masturbering voor ‘n kind.

- Seksuele misbruik van ‘n ander in die teenwoordigheid van ‘n kind.

**6.7.2. “KONTAK MISDRYWE”**:

- Seksuele betasting van ‘n kind.

- Ontkleding van ‘n kind om lyfstraf toe te dien.

- ‘n Kind verplig om ‘n volwassene seksueel aan te raak.

- ‘n Kind verplig om ‘n volwassene te masturbeer.
- ‘n Kind verplig tot orale seks.
- Vaginale of anale omgang met ‘n kind te hê.
- ‘n Kind verplig tot prostitusie.
- ‘n Kind verplig tot bestialiteit.

Om die effek van seksuele misbruik op die kind te begryp is dit nodig om te let op die kind se natuurlike behoefte aan die vorming van verhoudings met ander. In hierdie vorming (hegting) van verhoudings is ‘n aantal sleutel-elemente teenwoordig;

- Sodanige hegting beteken ‘n langdurige verhouding met ‘n spesifieke persoon.
- Die verhouding bring sekuriteit, voldoening en genot.
- Verlies (of dreigende verlies) aan die persoon wek intense spanning.

Faktore wat deurslaggewend is vir die vorming van sodanige hegtinge sluit in: tyd om saam te wees (in die kinderjare is **kwantiteit** wel belangrik!), oogkontak,

fisiese nabyheid, aanraking en ander primêre sensoriese ervarings soos reuk, klank en smaak. Ook hiervoor bestaan kritieke periodes wanneer hierdie ervarings van hegting teenwoordig moet wees ten einde die betrokke breinsisteme in staat te stel om normaal te ontwikkel. Hier is die eerste lewensjaar die mees kritieke. Kinders wat in hierdie tyd die ervaring van fisiese aanraking, stimulering en koestering moet ontbeer, kan die vermoë tot die vorming van betekenisvolle verhoudings vir die res van hul lewens verloor.

Dit is van belang om daarop te let dat vroeëre hegtinge meteens kan verander as gevolg van misbruik of verwaarlosing. In die geval van seksueel-misbruikte kinders kom ‘n aantal negatiewe korttermyn effekte dikwels voor. Die mees algemene effek van seksuele misbruik is Post Traumatiese Stres Sindroom. Die simptome hiervan val uiteen in drie groeperings:

- Herbelewing van die traumatiese ervaring;
- Vermyding van enige aanduiding van die gebeure;
- Fisiologiese hiper-reaktiwiteit.

Die sindroom kan ‘n chroniese probleem word waarvan die effek tot in volwassenheid ervaar kan word.

Die ontwikkeling van geseksualiseerde gedrag (ook bekend as seksueel-reaktiewe gedrag) is ‘n ander korttermyn negatiewe resultaat van seksuele misbruik. Dit kom voor by ‘n hoë persentasie misbruiktes. Ander effekte sluit in depressie, angs, promiskuïteit, algemene gedragsprobleme en ‘n swak selfbeeld.

**6.8. <u>SAMEVATTING</u>:**

Hierdie hoofstuk vorm ‘n integrale deel van die logiese struktuur van die studie. Dit is van Penologiese belang omrede dit die skakel vorm tussen Hoofstuk 5 waar normale breinontwikkeling bespreek is en Hoofstuk 7 wat betrekking het op verskillende gevallestudies waarin die klem val op die traumatiese ervarings uit die kinderdae en die impak daarvan op die ontwikkeling van die jong brein.

In hierdie hoofstuk is gelet op die abnormale breinontwikkeling by die getraumatiseerde kind in die algemeen. Dan is daar spesifieke aandag gegee aan die verwaarloosde kind, die bedreigde kind, die mishandelde kind en die seksueel-misbruikte kind. In elke geval is gelet op die wyse waarop dit die normale patroon van breinontwikkeling versteur, aangesien dit ook vanuit Penologiese oogpunt belangrik is om ‘n beter begrip te vorm van die volwassene wat uit hierdie veronregte kind ontwikkel het. Daarom is ook klem gelê op die verwagte wyses waarop sodanige kind op traumatiese ervarings soos hierdie kan reageer.

* * * *

## BRONNELYS:

**Brazelton:** *www.**brazelton-**institute.com/intro.html*

**Berk, Laura E. (1989):** *"Child Development"* Allan & Bacon. Massachusetts.

**Cragg, B.G**. (1975). *The development of synapses in kitten visual cortex during visual deprivation.* Experimental Neurology. 46: 445-451.

**Darwin, C. (1868).** *The variations of animals and plants under domestication.* London.

**Dominquez, R.Z., Nelke, C.F., Perry, B.D. (2002):** *"Child Sexual Abuse"* in Encyclopedia of Crime and Punishment, Vol.1. (David Levinson, Ed.) Sage Publications, Thousand Oaks.

**Ebinger, P.** (1974). *A cytoarchitectonic volumetric comparison of brains in wild and domestic sheep.* Z Anat Entwicklungsgesch. 144, 267-302.

**Field, T.** (**2002):** Field, T., Scanberg, S.M., Scafidi, F, et al: *"Tactile/ kinesthetic stimulation effects on preterm neonates."* Pediatrics. 77. p 654-658, 1986

**Grille, R. (2003):** *"What your Child Remenbers: New Discoveries about Early Memory and how it affects us."* in: Sydney's Child, Vol. 14, No 4. (May 2003).

**Kalivas, P. W. & Kuffy, P. (1989). "***Similar effects of daily cocaine and stress on mesocorticolimbic dopamine neurotransmission in the rat*". in Biological Psychiatry, 25: p 913-928.

**Karsten, C. (2007b).** "*Dodelike Vroue. Wanneer passie in bloed eindig.* Human en Rousseau, Kaapstad. p 20.

**Kernwoordeboek.** *Kernwoordeboek van Afrikaans.* M. de Villiers, J. Smuts en L.C.Eksteen, Nasou Beperk. Ongedateerd, p. 537.

**Kleven, M.S., Perry, B.D., Woolverton, W.L. & Seiden, L.S. (1990)** *Effects of repeated injections of cocaine on D-1 and D-2 dopamine receptors in rat brain.* Brain Research, 532: p 265-270

**KMC Unit 43. Ongedateerd:** *"Principles of Kangaroo Mother Care. Unit 43"* in www.pepcourse.co.za/**Mother**%20Baby%20Friendly%20**Care**/Unit43w.html

**Merriam-Webster Collegiate Dictionary. (Eleventh Edition.)** © 2008 Merriam-Webster Inc., Springfield, Massachusetts, U.S.A. **(**p.1331)

**Perry B.D. en Szalavitz M. 2008**: *The Boy who was raised as a Dog.* Uitgegee deur Basic Books, New York.

**Perry, B**.**D**. Ongedateerd. *Biological Relativity: Time and the Developing Child.* Aangehaal in www.scholastic.com/**bruceperry/**

**Perry, B.D. (1997):** *"Incubated in Terror: Neurodevelopmental Factors in the 'Cycle of Violence'".* In: "Children in a Violent Society" (J.Osovsky, Ed.) Guilford Press, New York.

**Perry, BD. 2002:** "*Surviving Childhood. An Introduction to the Impact of Trauma."* Op *www.childtraumaacademy.com/surviving_childhood*

**Perry, Bruce D. and Erin Hambrick**. **2008:** *Reclaiming Children and Youth* in The Journal of strength-based Interventions Aug. 2008.

**Perry, B.D. en Pollard, R. 1997.** *Altered brain development following global neglect in early childhood.* Society for Neuroscience: Proceedings from Annual Meeting, New Orleans. 1997. p. 5

**Perry, B.D., Pollard, R.A., Baker, W.L., Sturges, C., Vigilante, D. & Blakley, T.L. (1995):** *"Continuous heartrate monitoring in maltreated children (Abstract).*Annual Meeting of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry, New research.

**Perry, B.D. Sept. 1999:** *"Effects of Traumatic Events on Children."* In Interdisciplinary Education Series Vol 2, No. 3.

**Perry, B.D. 1996:** *"Neurodevelopmental Adaptations to Violence."* In: Violence and Childhood Trauma: Understanding and Responding to the Effects of Violence on Young Children. Gund Foundation Publishers, Cleveland, Ohio.

**Receptors – A Brief Note** in *"Physiology Basics: Receptors"* op www.anaesthetist.com/physiol/basics/receptor/receptor.htm .

**Spitz, R.A. en Wolf, K.M. 1946.** *Anaclitic depression. An Enquiry into the genesis of psychiatric conditions in early Childhood.II* Psycho-analytic study of the Child (2): p.313 -342

**Vachss, A.H. (1994):** *"Emotional Abuse: A Plea for the Wounded."* In Parade, August 28, 1994.

**Wright, J., Sheley, J., Smith, M.D. (1992):** *“Kids, Guns and Killing Fields”* in‘Society’, 30. p.84 - 89.

* * * *

# HOOFSTUK 7:

## AGTERGRONDSTUDIE VAN OORTREDERS:

"If we could witness a child's moments of comfort, curiosity, exploration and reward – and his moments of terror, humiliation and deprivation – we would know so much more about him, who he is and who he is likely to become. The brain is a historical organ, a reflection of our personal histories." ( Perry, 2008: 128)

### 7.1. Inleiding:

Hierdie hoofstuk is gerig op verskillende gevallestudies uit die Suid Afrikaanse misdaadgeskiedenis. Om die agtergrond van spesifieke oortreders te ontleed en sinvol te kan evalueer is 'n maatstaf, 'n norm voor alles nodig. Hierdie norm moet ook geldig wees vir en van toepassing op elke geval onder bespreking. Daarom begin hierdie hoofstuk met die neerlegging van sodanige norm – 'n bespreking van die ses basiese lewensvaardighede wat elke kind moet aanleer. Hiervoor is die ouerhuis onontbeerlik, aangesien dit juis hier is waar die kind sy eerste treë na uiteindelike volwassenheid moet gee. 'n Onvermoë om hierdie basiese vaardighede te bemeester, hetsy deur persoonlike redes, hetsy deur omgewingsfaktore lei noodwendig tot probleme in die latere lewe.

Die gevalle onder bespreking bestaan uit vier gevangenes met wie die navorser

persoonlike kontak gehad het tydens sy dienstyd in die korrektiewe opset. Hier kon persoonlike onderhoude gevoer word en selfs van die kant van gesinslede verdere inligting bekom word. Verder is inligting bekom uit primêre bronne soos hofverslae, sekondêre bronne soos boeke deur misdaadskrywers en selfs uit populêre bronne soos tydskrifte, koerantberigte, ens. Gemeet aan die vasgelegde norm soos hierbo aangedui het die vergelyking tussen die verskillende gevalle verrassende inligting na vore gebring.

## 7.2. Agtergrond:

Uit die voorafgaande studie blyk dit dat die neurobiologie van afwykende gedrag uiters gekompliseerd is omrede die neuro-fisiologiese veranderings in die ontwikkelende brein uiters gekompliseerd is. Daarom is dit van wesenlike belang om te waak teen die aanbidding van die god van simplistiese oplossings. Ons kan egter uit die voorafgaande aflei dat, na die mate waarin die ontwikkelende kind die onderstaande ses basiese vaardighede bemeester, die aanleer van anti-sosiale gedrag en aggressie grootliks voorkom kan word.

### 7.2.1. Hegting:

Hegting is die vermoë om gesonde emosionele verhoudings te vorm en in stand te hou. By geboorte is die baba emosioneel ‘onverbonde’. Ten spyte van die fisiese verbinding deur die naelstring, het die pasgeborene nog geen sterk hegtings met ander mense nie. Hierna begin een hegting – die sosio-

emosionele – die oorspronklike fisiese verbintenis vervang. Voeding en ‘n stortvloed van fisiese prikkels – visueel, gehoor, olfaktories, sensories en smaak – stel die kind in staat om te oorleef en te groei ten einde sy potensiaal te bereik.  Dit is in hierdie ervarings uit die vroeë kinderdae waar die wortels van hegting groei – die vermoë om gesonde emosionele verhoudings te vorm en in stand te hou.  (Perry, ongedateerd).

Sekere dele van die mens se brein reageer op emosionele prikkels soos gesigsuitdrukkings, reuk, aanraking. Die breinsisteme waardeur genot bemiddel word, blyk nou te skakel met daardie dele waardeur emosionele verhoudings gereguleer word. Indien hierdie vermoë tot hegting normaal ontwikkel, vind die kind genot in interaksie met ander persone. In gevalle waar hierdie vermoë tot hegting nie normaal ontwikkel nie, ondervind die kind later ernstige probleme, omrede die lym van normale menslike interaksie ontbreek.

**7.2.2. Selfregulering**:

Selfregulering is die indiwidu se vermoë om sy eie behoeftes te identifiseer en sinvol te beheer. Die brein is voortdurend besig om die behoeftes van die liggaam te monitor en daarop te reageer. Hierdie regulering vind meestal onbewustelik plaas. Die onervare baba kan nie onderskei tussen ongemak as gevolg van bv.  honger, pyn of ongemak nie. Gevolglik reageer sy daarop deur te huil. Namate die baba egter groei en ontwikkel, begin sy leer om te

onderskei tussen verskillende  gewaarwordings – die vermoë tot self-regulering begin ontwikkel. Hierdie ontwikkeling word aangehelp deur herhaalde blootstelling aan dieselfde prikkels. Gesonde selfregulering hou verband  met die vermoë om die  ervarings van ongemak wat met ‘n onvervulde behoefte saamgaan,  te verduur.  Wanneer die vermoë ontwikkel om te onderskei tussen ‘n gewaarwording en ‘n handeling leer die kind om te bedink en  te beplan en sodoende met ‘n gepaste reaksie op die uitdaging na vore te kom. (Perry, ongedateerd).

Kinders ondervind dikwels probleme op hierdie gebied. Hul stres-reaksie-sisteme is swak georganiseerd en hiperreaktief. Dit kan aan verskeie faktore toegeskryf word, waaronder genetiese predisposisie, ontwikkelings-probleme (soos in utero gebrek aan suurstof), of blootstelling aan chaos, bedreiginge en geweld. Sulke kinders ontwrig dikwels ‘n klas, is impulsief, hipersensitief gedurende oorgangstye en oorreageer teenoor mindere spannings.

### 7.2.3. Affiliëring:

Affiliëring is die vermoë om aan te sluit by andere om sodoende ‘n sterker, meer aanpasbare en meer skeppende eenheid (die ‘groep’) te vorm. Hiervoor is dit nodig om te leer hoe om te kommunikeer, te luister, te onderhandel, kompromieë aan te gaan en te deel met verskillende persone in verskillende situasies. Hiervoor is die voorafgaande twee vaardighede, tw. hegting en self-

regulering, ‘n voorvereiste.  Hierin het die kind uit die groter gesin of uit voorskoolse speelgroepe ‘n voorsprong.

Aanvaarding in ‘n groep berus grootliks op die kind se vermoë om spanning, impulsiewe gedrag en frustrasie te beheer – dus selfregulering. Groepe neig om die kind met ‘n gebrekkige vermoë tot affiliasie uit te sluit. Dit skep ‘n negatiewe siklus waardeur verminderde geleenthede tot sosialisering lei tot vertraagde sosiale leer.  Met verloop van tyd kan die verstote kind begin om  hierdie pyn teen homself te rig, en word treurig of selfveragtend. Of die pyn kan na buite gerig word, wat kan lei tot aggressie en selfs geweld. Sonder hulp raak hierdie kinders later geneig om te affilieer met ander verstote indiwidue.  Ongelukkig is hierdie soort affiliasies meermale gebou op selfvernietigende oortuigings  of selfs haat. (Perry,   Ongedateerd.)

### 7.2.4. Bewustheid:

Die vermoë om bewus te wees van die uniekheid en andersheid van ander mense  is geheel-en-al afhanklik van die voorafgaande drie vaardighede, tw. hegting, self-regulering en affiliasie. ‘n Gesonde hegting met die primêre versorgers stel die kind in staat om ‘n verskeidenheid verhoudings aan te gaan waardeur die waarde van ander persone geleer kan word.

‘n Gesonde vermoë tot self-regulering vergemaklik die ontwikkeling van ‘n

gesonde bewustheid van andere. Die vermoë tot affiliëring stel die kind in staat om met ander kinders om te gaan en sodoende ‘n verwysingsraam van positiewe interpersoonlike ervarings op te bou. (Perry, Ongedateerd).

Kinders wat probleme ondervind met sodanige bewuswording van andere het dikwels ook probleme met affiliasie en poog om groepe te vorm deur ander aan te val of hul vorm groepe met ander wat hul haat en afkeure deel.

**7.2.5. Verdraagsaamheid:**

Verdraagsaamheid is die vermoë om die andersheid van ander mense te aanvaar. Sodanige verdraagsaamheid ontwikkel wanneer die kind die sekuriteit het wat spruit uit die voorafgaande vaardighede. Verdraagsaamheid spruit uit sekuriteit en toon twee komponente: Eerstens is daar die gevoel van erkenning, waardering en aanvaarding. Hierdie ongekwalifiseerde ervaring van aanvaarding maak dit maklik om andere te aanvaar. Die tweede sleutel element hou verband met hoe maklik die kind bedreigd voel deur iemand of iets nuuts. Omrede stimulering van die neurale netwerke van die brein begin met stimulering van die breinstam, is die brein geneig om nuwe stimuli as bedreigend te ervaar, tot die teendeel bewys is. Verdraagsaamheid is nie ‘n passiewe byproduk van die leerproses nie. Dit vereis aktiewe voorbeeldstelling deur volwassenes en herhaalde blootstelling van kinders aan verskillende lewenswyses. (Perry, Ongedateerd)

‘n Onverdraagsame kind neig om andere te wil oordeel. Hul neig om diegene wat ‘anders’ is, te terg, te verkleineer en selfs aan te val. Dit neig soms tot openlike aggressie en geweld. Dit is meermale die eerste treë op die weg na baasspelery. Die onverdraagsame kind is essensieel onseker – onseker ten opsigte van sy status, vermoëns, oortuigings en eiewaarde.

### 7.2.6. Respek:

Respek is die vermoë om die waarde in onsself sowel as in ander raak te sien en te verheerlik. Hierdie is die mees gekompliseerde van die ses vaardighede. Dit vereis die emosionele, sosiale en kognitiewe volwassenheid wat spruit uit die ontwikkeling van die vorige vyf vaardighede. Die vermoë om ander te respekteer bly lewenslank ‘n uitdaging. Selfwaardering is broos en neig om wipplank te ry namate mens die uitdagings van die lewe met wisselende sukses hanteer Selfrespek en selfwaardering word bepaal deur die vraag hoe ons onsself sien. Hiervoor dien die persone naby ons as ‘n spieël. Selfrespek is die wortel van respek vir andere. Wanneer die mens hom kan vereenselwig met sy vermoëns en swakhede, kan hy ook ander makliker waardeer. (Perry, Ongedateerd).

‘n Kind leer om dìt waaraan hy blootgestel is, te waardeer. Kinders wat grootword in probleem-huise, leer om anti-sosiale gedrag te waardeer en te

bewonder.

Daar bestaan twee wyses waarop kinders probleme openbaar ten opsigte van respek:

Eerstens is daar die weg van non-konformering en weerstand. Diesulkes toon nie alleen ‘n gebrek aan respek vir andere nie, maar veral ook vir gesag. Dit gaan gepaard met ‘n swak selfbeeld, alhoewel sulke kinders gewoonlik uitgeken kan word aan ‘n oordrewe en verwronge gespog met hul vermeende ‘vermoëns’. Hierdie gespog is bloot ‘n dekmantel vir ‘n broos selfbeeld.

Voorts is daar die negatiewe siklus waardeur ‘n kind verval in ’n houding van “Ek kan nie”, “Ek is te sleg”, “ Ek sal dit nooit regkry nie”, ens. Kinders met sodanige swak selfbeeld neig om hul eie geleenthede te ondergrawe. Hierdie negatiewe siklus kan selfverwoestend wees.  (Perry,  Ongedateerd).

Dit is reeds hierbo aangetoon dat hierdie ses vaardighede interafhanklik is. Dis egter van belang om daarop te let dat die bemeestering van elke vaardigheid noodsaaklik is voordat die volgende bemeester kan word. Dit impliseer dat die ontwikkeling van die kind tussen twee vaardighede tot ‘n stilstand kan kom, met ernstige gevolge vir die kind se sosialisering. In sy werk, “The Boy Who was Raised as a Dog” vermeld Perry die geval van ‘n seun, Justin, die buite-egtelike kind van ‘n vyftienjarige meisie. Na sy geboorte het sy moeder vir Justin in die

sorg van sy grootmoeder gelaat. Na haar afsterwe elf maande later het haar mansvriend, Arthur, hom verder versorg. Diè was egter nooit self getroud nie, het geen kinders gehad nie, en was ‘n hondeteler. Hy het die kind saam met die honde in sy eie hok aangehou en versorg, met die minimum fisiese kontak en sonder om veel met die kind te praat. “Arthur was not malicious, but he was ignorant about the needs of children. He made a living as a dog breeder and, sadly, applied that knowledge to the care of the baby. He began keeping Justin in a dog cage.” (Perry, 2008: 128)

Op vyfjarige ouderdom is die kind in die hospitaal opgeneem weens longontsteking. Hier het hy gedragspatrone soortgelyk aan diè van die honde geopenbaar. Sy ontwikkeling van sosiale vaardighede is nie alleen onderbreek nie, maar vervang met diè van die honde.

## 7.3. GEVALLESTUDIES: Suid-Afrikaanse Misdaad:

In die gevallestudies wat hier volg, sal grootliks gesteun word op die navorsingswerk van Dr. Bruce Perry en die Child Trauma Academy, omrede die navorser geen inligting oor gelykwaardige plaaslike navorsing kon vind nie. Dit is vooraf noodsaaklik om op die volgende te let:

- In die bespreking van “Abnormale Breinontwikkeling by die Kind” (Sien

Hoofstuk 6,  p.235 ) verwys Perry na die verskillende traumatiese ervarings by die kind. Die feit dat hierdie traumas afsonderlik bespreek word, moet nie gesien word as dat trauma 'n enkelvoudige verskynsel is nie. Net soos die mens 'n gekompliseerde wese is, is trauma 'n hoogs gekompliseerde verskynsel. As voorbeeld: Die mishandelde kind mag nie net tekens van mishandeling toon nie, maar terselfdertyd ook tekens van verwaarlosing, geweld, ens. So mag die gemolesteerde kind ook blootgestel wees aan geweld of selfs verwaarlosing. Dit sal in die bespreking van die onderhawige gevalle verder toegelig word.

- Perry en andere het aangetoon dat die belangrikste tydperk vir brein-ontwikkeling die eerste paar jaar omvat. Teenoor die eksplisiete geheue wat teen ongeveer die derde jaar sinvol begin funksioneer, is die implisiete geheue reeds vanaf (of selfs 'voor') geboorte teenwoordig.

  Die implisiete geheue is reeds aktief vanaf geboorte of vroeër. Dit is onbewustelik en is neergelê in emosionele, sensoriese en inwendige herinneringe.  "In other words, we don't remember with our minds, we remember with our bodies, with our hearts and our 'guts' – with lasting implications for our thinking, feeling and behaviour."  (Grille,  2003:  2.)

  Dat die betrokke gevangenes tydens onderhoude van hierdie tydperk in hul lewens geen verslag kan gee nie, is vanselfsprekend. Behalwe

waar betroubare inligting verkry kon word van ander betrokkenes, soos ouers, is enige afleidings hieroor is bloot spekulasie, en sal ook as sulks aangedui word.

### 7.3.1. Studies deur persoonlike onderhoude:

**Gevangene A**:

Die trauma wat later sy lewe sou beheers, het sy oorsprong reeds voor Gevangene A se moeder hom verwag het. Haar eggenoot het haar reeds voor hul huwelik meermale fisies aangerand – “ek het meer met blou oë geloop as wat ek wil onthou”. Na so ‘n insident het hy elke keer op sy knieë belowe dit sal nooit weer gebeur nie. Na een so ‘n insident het sy besluit om hom by die polisie te verkla. Die konstabel aan diens het haar afgeraai en gesê sy moet eerder huis toe gaan, want sò ‘n klag sal net die geweld vererger. Nadat sy die polisiestasie verlaat het, het dieselfde konstabel op pad huis toe by haar stilgehou en aangebied om haar huis toe te neem. Hy wou net eers by sy ouers se huis aangaan. Hier het hy haar drank ingegee want “dit sal help om my moed te gee”. Hierna het hy haar verkrag en Gevangene A is hieruit gebore. Sy moeder moes hom as pasgeborene saans alleen en sonder voeding in die donker woonstel toesluit en saam met haar man die naglewe van Johannesburg geniet. Die geweld teenoor haar het nooit opgehou nie. Haar man het uiteindelik besluit dat hy nie die kind langer in die huis wou hê nie, en het hom in

‘n tehuis vir kinders met gedragsprobleme laat plaas.

Later het sy ‘n kind verwag van haar eggenoot. Toe sy die aand by die huis kom en die seuntjie gaan groet, vind sy hom met sy koppie onder ‘n kussing. “Hy het met glas ogies vooruitgestaar en geen reaksie op my stem getoon nie”. Die vader se verskoning was dat hy nie langer die kind se gehuil kon verdra nie. Na drie maande in die hospitaal het sy die nuus gekry dat die kind onomkeerbare breinskade opgedoen het en permanent gestremd sou wees.

Gevangene A het onder sy linker-neusgat ‘n litteken wat skuins na links oor sy bolip lê. Hy het aan almal wat daarna vra, vertel dat hy met ‘n haaslip gebore was. Hy was in die navorser se werksspan in die gevangenis te Bloemfontein. Toe diè hom laat verstaan dat hy kan sien dis geen haaslip nie, het hy vertroulik aan hom gesê: ‘Toe ek vier jaar oud was, het my Pa my sò met die vuis geslaan.”

Sy moeder het uiteindelik van sy vader geskei, maar Gevangene A het geen volwassene meer vertrou nie. Op laerskool is hy herhaaldelik deur die vise-hoof seksueel gemolesteer. Hy het nie die vertroue gehad om met sy ouers of enige onderwyser daaroor te praat nie.

Na skool het hy begin werk en was uiteindelik ‘n vloerbestuurder by ‘n bekende winkelgroep in Johannesburg.. Hy het egter betrokke geraak by ‘n straatbende. Wanneer hul saans op straat uitgaan, het hul as kenteken ‘n kettinkie gedra wat tussen die linker oorbel en die linker neusgat gehang het. Gevangene A

en sy vriende het hul toegelê op motorkapings. Hy verduidelik dat dit belangrik is om, wanneer jy ‘n motor nader, dit altyd te doen ‘met jou rug na die straatligte’ – om moontlike uitkenning te voorkom. In een so ‘n kaping het hy die eienaar van die voertuig doodgeskiet en met die motor gevlug. In ‘n baie vertroulike gesprek het hy teenoor die navorser erken dat dit nie ‘n ‘ongeluk’ was nie. Die slagoffer was aan hom bekend. Hy het reeds vroeër ‘n ander motor van hom geroof, en was bang dat hy herken sou word. “Ek het daardie middag lank geworstel met die vraag of ek hom moes skiet, of nie!”

In sy relaas voor vonnisoplegging het die regter onder andere verklaar dat “die beskuldigde gedurende die verloop van die verhoor geen berou getoon het nie.” Sedert sy kleuterdae het hy geen berou of empatie van ouerkant ervaar nie. Hoe is dit moontlik dat ‘n regter van so ‘n persoon tekens van berou kan verwag? Wat anders as toneelspel of lippetaal sou dit wees?

**Evaluering:**

Gevangene A se geskiedenis toon veelvuldige traumas:

- **Verwaarlosing**:

As kind het hy van kleinsaf weinig liefde (veral van vaderskant) ontvang. Dit is ook verstaanbaar dat die moeder – uit vrees vir die vader se gewelddadigheid –

hom op ‘n afstand sou hou. Hiermee het die noodsaaklike **hegting** tussen ouer en kind in een van die mees kritieke fases van sy ontwikkeling in die slag gebly – iets wat sy verhoudingslewe tot in volwassenheid negatief sou beïnvloed. Hegting is die geheuebeeld vir interpersoonlike verhoudings. Hierdie geheuebeeld dien as die primêre uitkykpunt op menslike verhoudings.  (Perry,  en Szalavitz,  2008:  85)

- **<u>Geweld</u>**:

Dat hy op die ouderdom van vier jaar fisies aangerand is, is reeds vermeld. Oor die vraag wat alles met hom gebeur het in die tydperk tussen neonaat en vierjarige kan bloot gespekuleer word. Dat Gevangene A later op skool die vernedering van seksuele misbruik moes verduur terwyl hy nie die vertroue gehad het om dit aan sy ouers (al was sy moeder op hierdie tydstip reeds weer getroud!) te rapporteer nie, spreek egter boekdele. Wat hy wel van sy biologiese vader geleer het, was dat ‘n man te enige tyd deur geweld kan kry wat hy wil hê. Dit het hom in verbeterskole – en later in die gevangenis - laat beland.

- **<u>Seksuele Molestering</u>:**

Dit was gedurende sy laerskooldae dat Gevangene A deur die vise-hoof gemolesteer is. Hy stel dit onomwonde dat hy dit nie kon aanmeld nie omrede hy bang was vir intimidasie deur die volwasssenes. Hy kon niemand vertrou nie.

Dit was eers terwyl hy in die gevangenis was, dat daar ‘n soort van vertroulike

verhouding tussen hom en sy moeder ontstaan het. Op hierdie stadium het sy en haar (tweede) eggenoot en hul kinders reeds na België ge-emigreer. Toe eers het sy hom vertel wat in sy vroeë dae met hom gebeur het. Dat hy egter nie die kind van sy vermeende vader is nie, het sy hom nooit meegedeel nie! Dit is merkwaardig dat hy, ten tyde van die onderhoude, steeds ‘n abnormale vrees vir die donker gehad het.

Alhoewel mens geen bewuste herinneringe van sy babadae het nie,word die vroeë ervarings nogtans diep in die brein gegraveer. Daar is al meer bewyse dat gedurende swangerskap en in die eerste paar maande van die baba se lewe die brein veel meer kwesbaar is vir omgewingsinvloede as op enige ander tydstip in die latere lewe. (Szalavitz, & Perry, (2010): 48/49)

Wat egter opval in die latere lewe van Gevangene A is dat sy misdaad, nl. moord, verband hou met sy vroeëre ervarings van mishandeling en geweld. Alhoewel traumaties, het die seksuele molestering hom nie tot seksuele misdrywe gebring nie. Die rede hiervoor is dat laasgenoemde op ‘n heelwat later stadium in sy lewe plaasgevind het toe gedragspatrone reeds in die brein vasgelê was.

**Gevangene B:**

Gevangene B is gebore as die seun van ‘n swart plaaswerker. Sy moeder het periodiek los werkies in die plaashuis verrig, maar nie genoeg verdien om die gesin aan die lewe te hou nie. Hiervoor was hul aangewese op die salaris van die vader. In hierdie huis het die vader se liefde vir drank ‘n groot probleem geword. Gevangene

B moes dikwels honger gaan slaap. Sy klere was die uitskot van die wit plaaskinders. Soos op alle plase, het hy ook daagliks saam met die wit kinders gespeel, in die dam geswem, boom geklim en selfs vuis geslaan. Maar hy kon nie anders as om die lekker kos en mooi skoon klere van die wit kinders raak te sien nie. In sy kinderlike verstandjie kon Gevangene B nie verstaan dat sy omstandighede grootliks voor die deur van sy beskonke vader gelê moes word nie. In plaas van die omgee van 'n besorgde ouer moes hy die woede van die dronke verduur. Wanneer daar geen geld is vir drank nie, het Gevangene B gesien hoedat sy vader goed op die plaas steel en verkoop vir drankgeld. Hy het geleer hoe om dit te kry wat hy graag wou hê. Geleidelik het 'n wrewel teenoor die 'gelukkige' wit kinders in hom begin ontwaak. Gevangene B het self begin om van die 'bevoorregtes' te steel : eers kleinighede, maar later al meer en al groter. Word hy betrap, kry hy 'n loesing wat hy 'nooit sal vergeet nie.' Dit lei uiteindelik tot botsings met die gereg: Eers waarskuwings, dan lyfstraf, en uiteindelik gevangenisstraf. Wanneer hy vrygelaat word, duur dit nie lank nie of hy word gearresteer vir 'n plaasmoord. Gevangene B het 'n ongekende wrok teen al wat blank is in hom rondgedra, ook teenoor die wit bewaarders in die gevangenis.

## **Evaluering:**

Gevangene B het grootgeword onder omstandighede waaroor hy geen beheer gehad het of kon verkry nie. Verantwoordelike leiding van ouerkant het hy nooit geken of beleef nie.

- **Verwaarlosing**:

Dat verwaarlosing aan die orde van die dag was, blyk uit die feit dat Gevangene B dikwels sonder kos moes gaan slaap en met uitskotklere moes klaarkom. Van skoolopleiding het ook weinig tereggekom omdat die naaste plaasskole buite bereik was.

- **<u>Ander vorms van trauma</u>**:

Hiervan het Gevangene B nie veel laat blyk nie. Die moontlike geweld-dadigheid van die kant van 'n dronk vader wou hy nie openlik bevestig nie.

- **<u>Seksuele misbruik</u>**:

Hiervan was daar duidelik geen tekens nie.

Wanneer hy egter in die toekoms deur soortgelyke omstandighede gekonfronteer word, weet hy hoe om die beheer oor te neem. Berou oor sy dade ken hy nie, net soos hy nooit enige berou of empatie van die kant van sy ouers ervaar het nie.

**<u>Gevangene C:</u>**

Gevangene C is gebore as die jongste kind van 'n gesin van gemiddelde grootte. Ten tyde van sy geboorte was sy ouers woonagtig te Mahalapye in Botswana. Sy vader was werksaam op die Suid-Afrikaanse Spoorweë. Hy het dus nie in weelde grootgeword nie, maar ook nie broodsgebrek gely nie. As die jongste was hy egter

aan die onderpunt van die afknoutou.  Homself kon hy nooit laat geld nie. Gevangene C moes in die draaikolk  van geweld die afknouery van sy groter broers en susters absorbeer. Van kleins-af het hy egter begin om wraakplanne te bedink. Hy was egter hoogs intelligent. Met verloop van tyd het hy verskillende planne bedink hoe hy, as hy groot is, wraak sou neem op elkeen wat hom verneder.

Sy ouers het later verhuis na die destydse Mafeking waar Gevangene C dan ook gematrikuleer het. Hy het by die Suid Afrikaanse Polisie aangesluit en sy opleiding voltooi, waarna hy uitgeplaas is na die Presidensiële Wageenheid. Hy was egter ongelukkig in sy werk en het gely aan depressie en lusteloosheid. By geleentheid was hy in ‘n slegte bui. Toe ‘n kollega verbykom en teen sy stoel skop, “toe staan ek met my pistool in my hand”. Hierop is die reg om ‘n wapen te dra, hom ontneem. Hy word redelik maklik kwaad en wend hom dan “tot fantasieë hoe ek dan die ou wat my seergemaak het, gaan terugkry”.

Deur bemiddeling van ‘n kollega ontmoet hy ‘n aanvallige meisie. Die verhouding tussen hulle was bloot platonies. Op die dag van haar moord het Gevangene C haar in haar woonstel in Sunnyside gaan besoek. Die gesprek het uitgeloop op’n stryery oor politiek. Hy het haar geklap, en toe sy hom uit haar woonstel jaag, het hy haar verskeie kere met ‘n mes doodgesteek. “Ek het nog nooit ‘n kaal vroumens gesien nie, toe het ek haar broekie afgetrek om te sien hoe dit lyk.” Hierop het hy met haar gemeenskap gehad. Hy het sekere items wat hom met die moord kon verbind, uit haar woonstel verwyder.

In sy kamer in die kaserne is ‘n jagmes gevind wat met duimdrukkers en kleeflint onder die tafelblad geheg was. Daar is ook beslag gelê op ‘n swart boek met aantekeninge in sy eie handskrif. In sy sakboekie was ‘n skets van ‘n knaldemper met aantekeninge daarby. Toe hy daarna gevra is, het hy geantwoord: “Ek het ‘n wil teen mense gehad en ek het besluit dat indien mense my gaan te na kom of sleg behandel of iets in diè lyn, gaan ek hulle ‘n les leer.” In die swart boek was ook ‘n konsep wat alreeds in 1983 (die jaar toe hy na die Polisiekollege is) begin is, maar eers om en by 1987 op skrif gestel is. Dit was “’n plan om met mense wat my te na kom af te reken .... dit sou seker geëindig het in hulle dood, maar ek wou hulle verder verneder soos hulle my verneder het.” Dit het ingehou dat, as dit ‘n vrou is, selfs vanweë ‘n baie klein of mindere tenakoming, hy haar sou vasbind en verkrag en dan doodmaak sodat sy nie kan praat nie. Hiervoor het hy ‘n growwe tou ‘wat kon vasbyt en nie losgaan nie’ in gedagte gehad.

Gevangene C is voor die inwerkingstelling van die Strafwysigingswet no 107 van 1990 skuldig bevind aan moord. Hy is ter dood veroordeel op die moordklag. ( Zasca: 110, 1991: .37) Hierdie vonnis is later met die afskaffing van die doodstraf omgeskakel in lewenslange gevangenisstraf.

**Evaluering:**

Die geval van Gevangene C illustreer die gevaar opgesluit in die draaikolk van geweld:

- Gevangene C kon van kleinsaf nooit beheer neem van sy lewe nie. Dit wil voorkom asof die vermoë tot **hegting** en die ontwikkeling van gesonde emosionele verhoudings ten minste nie normaal kon geskied nie. Hy is deur die ouer kinders (en sy ouers?) oorheers. Hierdeur was hy reeds vroeg in sy lewe verplig tot 'n dissosiatiewe reaksie. Maar die opstand het in hom begin smeul en sou veel later tot uitbarsting kom.

- Namate hy ouer geword het, het Gevangene C – in 'n strewe tot **self-regulering** – begin om planne te beraam om diegene wat in sy weg kom, uit te skakel. Die droom van gewelddadige oorname van die beheer oor sy lewe het meer as net 'n droom begin word.

- Uit die psigiatriese getuienis gelewer deur 'n psigiater, Dr. Verster en die uitspraak van Appélregter Milne blyk dit dat Gevangene C 'n "gemengde persoonlikheidsversteuring het met obsessief-kompulsiewe en skisoïede trekke". "Die uitstaande trekke van die persoonlikheidsversteuring setel in die obsessief-kompulsiewe persoonlikheid wat blyk uit die feit dat beskuldigde in sekere opsigte 'n vreeslike geordende bestaan voer: alles word opgeskryf, hy leef volgens 'n vooraf-opgestelde rooster en hy probeer al sy beplanninge volgens skedule doen". "Die skisoïede trekke

manifesteer hulle daarin dat beskuldigde ‘n suspisie het teen mense se optrede teenoor hom, dat mense teen hom is en dat hulle hom maklik verwerp”. (Zasca 110. 1991: 72-73)

- Weens die gebrekkige ontwikkeling van die twee voorafgaande lewensvaardighede (hegting en self-regulering) kon Gevangene C nie die vermoë ontwikkel om met ander mense sinvol te **affilieer** nie. Dit blyk uit sy gebrek aan ‘n vriendekring en onvermoë om  hetero-seksuele verhoudings aan te gaan. Ten tyde van die onderhoude was Gevangene C reeds bykans twintig jaar in sy vonnis – en het hy nog steeds geen vriendekring in die gevangenis gehad nie!

- Hieruit volg dat die vermoëns van **bewustheid** van die uniekheid van andere, **verdraagsaamheid** en **respek** nooit kon realiseer nie. In die woorde van Dr. Verster was Gevangene C ‘n “ongeluk wat een of ander tyd moes gebeur”. (Zasca 110, 1991: 45.)

**Gevangene D:**

Gevangene D was die jongste van twee seuns. Die huis waarin hulle grootgeword het, het veel te wense oorgelaat. Hul vader het ‘n ernstige drankprobleem gehad. As gevolg hiervan was daar nooit oorvloed in die huis nie en die kinders het meermale honger gaan slaap. Wanneer hy onder die

invloed  was, het die moeder dit gereeld ontgeld. Reeds van vroeg in hul lewens is die twee kinders saam met die moeder fisies aangerand. Hierop het die twee seuns uiteenlopend gereageer: Ouboet het ‘n dissosiatiewe reaksie getoon – hy het òf ‘saamgespeel’ met pa òf gaan wegkruip òf in totale passiwiteit verval. Hierteenoor was Kleinboet die aggressiewe een. Hy sou probeer om terug te veg deur na pa te skop en te byt. Natuurlik het dit net meer geweld van pa se kant ontlok.

Op skool het Gevangene D reeds van die begin af sy pad oop baklei. Lyfstraf het nie gehelp nie, inteendeel, dit het die bakleiery vererger. As hy iets van ‘n ander kind wou hê, het hy dit eenvoudig met geweld gevat. Teenstand het hy nie geduld nie. Derhalwe het dit nie lank geneem nie of hy het in ‘n verbeterskool beland. By die verbeterskool het hy nuwe dinge by die ander kinders geleer. Hier het sy gedrag heeltemal ontaard in die kriminele.

Gevangene D kon met groot smaak vertel hoedat hy gereeld in die nag uitgegaan het om by huise in te breek. So vertel hy: “As ek by ‘n huis inbreek, was die lekkerste om eerste na die slaapkamer te gaan. Ons mense is mos onnosel. Ons dink ons is veilig as ons met die rewolwer onder die kussing gaan slaap! In die slaapkamer het ek eenvoudig my hand onder die man se kussing ingesteek en die rewolwer uitgehaal. Dan druk ek hom hier voor in my broek se band in. Dan moet die ou nie met my sukkel nie!”

Gevangene D se paadjie het vanaf die verbeteringskool direk na die gevangenis geloop as gevolg van ernstige aanranding. Met sy aankoms daar is hy deur twee bewaarders na die selle geneem. Toe hul deur die eetsaal loop, "het die een ou my so snaaks aangekyk. Ek het nie daarvan gehou nie". Hy het tussen die bewaarders uitgespring, 'n blikbeker van die tafel gegryp en die persoon se kop oopgeslaan. Hy is direk na die enkelselle geneem.

Sy aggressiwiteit het die bendes goed te pas gekom. Hy is sommer gou deur die 26-bende opgeraap. Hier moes hy hulle vuil werk doen, wat hom gedurig in die moeilikheid laat beland het. Dit het daartoe gelei dat sy aanvanklike straf gereeld toegeneem het. Toe hy eindelik op parool vrygelaat is, was hy nog steeds 'n soldaat. Die bende kon nie bekostig om hom in die range te bevorder nie.

Na die dood van sy vader het Gevangene D rustiger begin raak. Kort voordat hy op parool vrygelaat is, het hy teenoor die navorser opgemerk: "Ek besef nou eers wat ek my arme moeder vir soveel jare aangedoen het. Ek wil net huis toe gaan om haar laaste jare vir haar te help gelukkig maak."

Die jongste inligting rondom Gevangene D is dat hy deur bemiddeling van sy broer 'n pos in 'n handelsbank gekry het, waar hy reeds gevorder het tot 'n vertrouensposisie.

**Evaluering:**

- Uit vrees vir haar eggenoot het Gevangene D se moeder nooit ‘n hegte band met haar seuns gevorm nie. Gevolglik het die vermoë tot **hegting** nooit kon ontwikkel nie. Gesonde emosionele verhoudings het hy dus nie geken nie.

- Die enigste vorm van **selfregulering** wat Gevangene D ooit geken het, was die wat deur geweld verkry kon word.

- Hieruit volg dat hy nooit kon **affilieer** met andere nie. Hy sou ook nooit welkom wees by enige groep nie, behalwe by die gevangenisbende wat hom vir hul doeleindes kon gebruik. Sodoende het die verdere lewensvaardighede van **bewustheid, verdraagsaamheid** en **respek** ook nooit tot ware ontwikkeling gekom nie.

- Uit die agtergrond van Gevangene D en sy broer kom ‘n belangrike feit na vore: In Hoofstuk 3 is reeds verwys na die beswaar wat dikwels geopper word teen verskeie misdaadteorieë, naamlik dat dit nie verklaar waarom by kinders wat onder dieselfde omstandighede grootword, een in misdaad verval en die ander een nie. Hier is ‘n treffende illustrasie van die verklaring daarvoor: Geen twee kinders, al is hulle deel van dieselfde huishouding, kan op dieselfde wyse reageer teenoor dieselfde

ervarings nie.

### 7.3.2. **Studies uit ander bronne:**

**Geval A: Stewart (Boetie Boer) Wilken.**

Stewart Wilken word op 20 Februarie 1998 in die Hooggeregshof in Port Elizabeth skuldig bevind op twee aanklagte van sodomie en sewe aanklagte van moord: op drie kinders – Monte Fiko, Wuanè Wilken en Henry Bakers – en vier op vroue – Virginia Grysman, Mercia Papenfus, Georgina Boniswa Zweni en Katriena Claassen. Op 23 Februarie 1998 is hy deur regter Chris Jansen gevonnis tot sewe lewenslange vonnisse, dus 175 jaar gevangenisstraf.

Boetie Boer het die lewenslig aanskou as ‘n buite-egtelike kind. Sy moeder was ‘n Swanepoel en sy vader ene Gert Johannes Breytenbach, na wie hy ook aanvanklik vernoem was. Die agtergrond van Stewart Wilken is kortliks as volg:

- Op die ouderdom van ses maande is hy en sy tweejarige sussie deur hul ouers in ‘n telefoonhokkie agtergelaat. Hier is hul deur ‘n huisbediende gevind en na haar werkgewer geneem. Die ondersoekbeampte, Sers. Norsworthy, het getuig “hy het ook met Boetie se stiefma ‘n onderhoud gevoer waarin sy bevestig het dat Boetie en sy suster in ‘n telefoonhokkie op Loerie agtergelaat is en dat hy as kind mishandel is”.

(Karsten, 2008(a): 141)

- Hier is Boetie geslaan, met sigaretstompies op sy lyf en geslagsdele gebrand, en wanneer hy stout was, gedwing om sy kos saam met die honde uit hul bakke te eet. Hy was ook gedwing om toe te kyk wanneer sy pleegpa bestialiteit met die honde pleeg. Hierna is Boetie dan verplig om fellatio met hom te pleeg.
- Sy sussie loop weg, en Boetie beland in die sorg van die Wilkens – verhongerd en met ‘n kop vol sere en luise. Hulle herdoop hom tot Stewart Wilken, maar hy verkies die naam Boetie.

- Toe Boetie tien jaar oud is, sterf sy derde pa. By die skool word hy deur die kinders geterg omdat hy ‘n weeskind is. Hy begin ook dagga rook, en word deur ‘n diaken gesodomiseer. Die ma kan nie met die aggressiewe seun huishou nie en stuur hom na Protea-huis, ‘n plek van veiligheid vir kinders.

- Na voltooiing van Graad 9 sluit Boetie by die Weermag aan, maar word na vier maande ontslaan na ‘n onsuksesvolle selfmoordpoging. Hierna gaan werk hy op die vissersbote in Port Elizabeth.

- In 1990 begin Boetie Boer se sadistiese wraakveldtog – ‘n veldtog teen die moeder wat hom nooit liefgehad het nie; teen die een wat toegelaat

het dat hy gemolesteer en gebrand word; teen die eerste vader wat hom verwerp het; teen die tweede vaderfiguur wat hom mishandel en misbruik het; teen die derde vader wat hom ontval het juis toe hy hom die nodigste gehad het; teen die kinders wat hom gesodomiseer het. Hierdie veldtog sou lei tot sy skuldigbevinding aan sewe moorde, drie op kinders (waarvan een sy eie dogter Wuanè is) en vier op vroue. Tydens vonnisoplegging het die regter bepaal dat Boetie nooit saam met 'n ander gevangene wat fisies swakker as hy is, opgesluit mag word nie.

**Evaluering:**

Stewart Wilken het in sy jong lewe haas elke moontlike trauma beleef: Verwaarlosing en verwerping, bedreiging, geweld, mishandeling en seksuele misbruik.

- Gemeet aan die ses basiese vaardighede vir gesonde ontwikkeling soos hierbo uiteengesit, is die geval van Boetie Boer uitsonderlik. Reeds vanaf geboorte is die moontlikheid vir die ontwikkeling van sosio-emosionele hegting hom ontneem deur ouers wat hom nie wou hê nie. Wanneer hy in die huishouding van die eerste pleegouers beland, word die situasie verder versleg deurdat hy mishandel word. Hierdeur kon die vermoë tot **hegting** in sy geval nie normaal ontwikkel nie. Dit het later tot ernstige probleme gelei: Boetie het nooit die vermoë tot **selfregulering**

bemeester nie, en kon dus nie sy eie behoeftes sinvol identifiseer en beheer nie. Uit sy optrede reeds op skool blyk dit dat hy nooit geleer het om met andere te **affiliëer** en sodoende deel van ‘n groep te word nie. Om dieselfde rede het beide huwelike spoedig op die rotse beland. Die vermoë om **bewus te raak** van die andersheid van ander mense is geheel-en-al afhanklik van die voorafgaande drie vaardighede, tw. hegting, selfregulering en affiliëring. Sonder die sekuriteit wat spruit uit die voorafgaande ontwikkelingsvaardighede kan die vermoë tot **verdraagsaamheid** teenoor ander – die aanvaarding van hul andersheid – nooit ontwikkel nie. Hiermee stort **respek,** die vermoë om die waarde in onsself en in andere raak te sien en te waardeer, in duie.

- Hierdie noodsaaklike ontwikkelingslyn ontbreek sonder twyfel in die lewe van Boetie Boer omrede die uiters belangrike vertrekpunt, die vermoë tot hegting, nooit ontwikkel het nie. Die eerste ses jaar is een van die belangrikste periodes van menslike ontwikkeling. Dis veral ‘n kritieke periode vir psigososiale ontwikkeling, veral in die vorming van hegtings met ander mense (Louw, van Ede en Louw: 1998) Dit was gedurende hierdie sensitiewe periode dat hy eers verwerp is deur sy biologiese ouers, net om daarna deur sy eerste pleegouers verwaarloos, mishandel en misbruik te word.

- Ouerliefde en ‘n gevoel van menslikheid het hy nooit ervaar nie. Wat hy wel

van veral sy eerste twee ‘vaderfigure’ geleer het , is om in situasies op ‘n geweldadige wyse die ‘beheer’ oor te neem. Dit is dan ook die rede waarom hy geen gevoel kon toon teenoor sy slagoffers nie - nie eers teenoor sy eie dogter nie.  Alles sentreer om die ‘self’. Dan maak ‘n sekere bevinding van Pistorius volledig sin wanneer sy in die optrede van die reeks-moordenaar ‘n passief-aktiewe omkering van rolle meen waar te neem. In ‘n poging om die oorspronklike trauma te verwerk, word die rolle van slagoffer en dader omgeruil. Die passief/aktiewe rol-omkering en die kompulsie om die trauma te herhaal beïnvloed ook die reeksmoordenaar se ideosinkratiese seleksie van slagoffers. Hy kan òf dit wat hom aangedoen is, direk herhaal en daardeur slagoffers uitsoek wat homself verteenwoordig,  òf of hy kan sy eie lyding simbolies wreek, in welke geval hy waarskynlik slagoffers sal uitsoek wat die oorspronklike folteraar kan verteenwoordig.  (Pistorius, 2000: 242)

- In die geval van Boetie val die keuse op vroue in dieselfde ouderdomsklas as sy liefdelose moeder  ‘om haar terug te kry’. Opvallend is dat al hierdie vroue prostitute was – vergelykbaar met  die moraliteit van sy eie moeder. Die seuns val weer in ongeveer dieselfde ouderdomsgroep as hyself op die tydstip toe hy gemolesteer is.

- Uit die misdade van Boetie Boer kom ‘n verdere belangrike feit na vore: As die verworpe en mishandelde kind het hy grootgeword in ‘n situasie waaroor hy nooit enige beheer gehad het nie. Wanneer hy as volwassene in

‘n situasie beland waar hy, deur die weerstand van sy slagoffers, gekonfronteer word met die moontlike verlies van beheer, verkry hy beheer soos hy as kind gesien het – deur geweld! Hierdeur kon hy hom ook skuldig maak aan nekrofilia en kannibalisme. In sy eie getuienis vermeld hy hoedat hy sy slagoffers verwurg het terwyl hy hulle verkrag of sodomiseer. In die geroggel in hul sterwensoomblikke het hy sy seksuele bevrediging gevind – ‘n patologiese verskynsel wat bekendstaan as ‘**erotofonofilia**’.

**Geval B: <u>Frans du Toit en Theunis Kruger</u>:**

Op Maandag 7 Augustus 1995 vind Regter Chris Jansen in die Hooggeregshof in Port Elizabeth die twee beskuldigdes, Frans du Toit en Theunis Kruger skuldig op verskeie klagtes van verkragting. Du Toit word gevonnis tot drie keer lewenslank vir die verkragting van drie vroue en Kruger word tot 25 jaar gevonnis vir die verkragting van ‘n swanger vrou en tot lewenslank vir ‘n verdere verkragting. Ter verdediging het du Toit getuig hoedat hy deur ‘n inkubus gedryf is om vroue te verkrag en selfs dood te maak. Hy het beweer dat hy reeds as skoolseun met seksdemone in aanraking gekom het. (Sien die Teorie van Demoniese Besetting, bls. 123)  Hierdie heksemites het du Toit goed gepas om vir sy onstuitbare seksuele drifte te kompenseer.

Van al hul verkragtings was diè van Alison die wreedste. Hulle het haar herhaaldelik verkrag en toe tientalle kere met ‘n mes gesteek en probeer keel-af sny. Sy is in ‘n kritieke toestand deur verbygangers gevind en per ambulans na ‘n hospitaal gebring. Hoewel vermink het sy die aanval oorleef. Dit was juis vir hierdie aanval dat Theunis ‘n lewenslange vonnis opgelê is.

Hoewel **Frans Adriaan du Toit** uit ‘n skynbaar ‘normale’ huis kom, was hy reeds op skool lui om te leer en het met verkeerde maats begin meng. Op die ouderdom van 13 jaar begin hy rook en drink en in Graad 8 is hy uit die skool geskors. Nadat hy Graad 9 (in ‘n ander skool) tweemaal druip, stuur sy ouers hom Weermag toe. Hier bring hy maande deur in detensie. Na sy diensplig werk hy by verskillende plekke, en word uiteindelik ontslaan nadat hy geld by sy werkgewer steel.  Nou bedryf hy ‘n onwettige sjebeen.

**Theunis Johannes Kruger** het nooit sy biologiese pa geken nie. Dìe het sy moeder verlaat toe sy swanger raak met Theunis. Sy trou met ene Kruger, en Theunis kry hierdie van. Hy sou eers baie jare later hoor dat hy ‘n buite-egtelike kind was. Sy moeder skei van Kruger en trou later weer. Teenoor ‘n sielkundige beweer Theunis dat hy deur sy tweede stiefpa gemolesteer is. Opmerklik is dat sy ma nooit haar liefde teenoor hom betuig het nie. Reeds in Graad 3 begin hy en ‘n niggie met seks eksperimenteer, en op dertien ontvang hy sielkundige terapie vir dagga- en alkoholmisbruik. Hy probeer selfmoord pleeg deur van die Stormsrivierbrug af te spring, maar word deur vriende daarvan weerhou. As veiligheidswag misbruik hy gereeld

dagga en alkohol en beweer dat hy ‘intense seks met ‘n heks’ gehad het. Hy het gemeen dat hy, deur omgang met vroue, sekere demoniese magte kon verkry. “Hy kry later ook die byname “Damien”, as seun van die duiwel in die fliek *The Omen* en “Chucky”, die moorddadige pop in die *Child’s Play*-rillers. (Karsten, 2008(a): 11)

“Regter Jansen vergelyk die twee verkragters se optrede met dìe van ‘*n seuntjie wat met ‘n kettie loop en voëltjies doodskiet net om dood te maak.*” (My kursivering – A.P.W.) (Karsten, 2008(a): 19)

**Evaluering:**

- **Frans Adriaan du Toit**:

➢ Alreeds die feit dat Frans lui was op skool, met verkeerde maats begin meng, op 13 begin rook en drink en later uit die skool geskors word, skep vrae rondom die ‘normaliteit’ van sy ouerhuis. Hieroor is egter geen nadere besonderhede bekend nie.

➢ Wanneer hy in die Weermag maande deurbring in detensie moet ons aflei dat hy geen dissipline in sy ouerhuis geleer het nie.

➢ Die bewering dat hy by seksdemone betrokke geraak het, is slegs ‘n dekmantel vir sy onbeheersde seksdrange. Dit kan moontlik dui op die psigopatiese versteuring bekend as die “patologiese leuenaar”. Dit sou dan

ook rym met die gewetenlose wyse waarop hy met sy slagoffers omgegaan het. Die gebrekkige beskikbare gegewens bemoeilik egter ‘n sinvolle evaluering.

- **<u>Theunis Johannes Kruger</u>**:

  - Theunis was ook ‘n slagoffer van die ‘afwesige vaderfiguur’-verskynsel. As buite-egtelike kind was hy reeds voor sy geboorte deur sy biologiese vader verwerp.

  - Van moederskant het hy ook nie veel liefde ervaar nie. Hierdeur het die vermoë tot hegting – die vorming van sinvolle emosionele bande – nooit kon ontwikkel nie.

  - Voortvloeiend uit hierdie gebrek aan hegting het Theunis nie geleer om sy eie vermoëns en behoeftes te reguleer nie. Om hierdie rede het hy dan ook gesoek om hierdie behoeftes te reguleer deur demoniese magte te verkry.

  - Theuns het in sy kinderjare nie beheer oor sy lewe kon kry nie. Dit maak die bewering dat hy deur sy stiefpa gemolesteer is, ‘n sterk moontlikheid. Sy misbruik van dagga en sterk drank mag ‘n poging tot die verkryging van beheer wees, met die selfmoordpoging as die bewys dat hy nie

daarin kon slaag nie.

**Geval C: <u>Moses Sithole:</u>**

Moses Sithole is ook bekend as die ABC-moordenaar omrede sy moord-veldtog begin het in **A**tteridgeville, daarna in **B**oksburg en uiteindelik in **C**leveland, ‘n woonbuurt van Johannesburg, geëindig het. Hy is op 5 Desember 1997 gevonnis tot vyftig jaar gevangenisstraf vir elk van 38 moorde, tot 12 jaar gevangenisstraf vir elk van 40 verkragtings en vyf jaar gevangenisstraf vir elk van ses rooftogte. Aangesien sy vonnisse nie samelopend sou wees nie, beteken dit ‘n effektiewe gevangenisstraf van 2,410 jaar. Regter Curlewis het beveel dat Sithole eers vir parool mag kwalifiseer na 930 jaar, dus ongeveer in die jaar 2927. In sy uitspraak sê regter Curlewis: “Alles pas soos ‘n legkaart inmekaar. Dat hy daarin geslaag het om soveel vroue na hul grusame einde te lei is nie verbasend nie. Hy is aantreklik en wel ter tale, hoewel ‘n gladde leuenaar.” (Karsten, 2008(a): 91)

- Sithole is gebore in Vosloorus, ‘n arm woonbuurt in Boksburg. Toe hy vyf jaar oud was, sterf sy vader.

- Sy moeder het daarop die kinders verwerp deur hulle in ‘n polisiekantoor agter te laat, en hulle beland in ‘n weeshuis waar hulle blykbaar mishandel is. Hy loop egter weg na sy moeder wat hom na die weeshuis terugstuur.

Uiteindelik het hy by sy broer, Patrick, ingetrek. Sithole het in sy twintigerjare begin om vroue te verkrag. Die derde een het teen hom getuig en hom in die gevangenis laat beland.

- Hier is hy self deur ander gevangenes gesodomiseer.

- Kort na sy vrylating in 1994 het Sithole se moord-veldtog begin. Sithole sou die vertroue van sy slagoffers wen deur hom voor te doen as'n besigheidsman en hulle werk aan te bied. Hy het sover gegaan as om 'n fiktiewe welsynsorganisasie op die been te bring. Wanneer hy hul vertroue gewen het, het hy aangebied om hulle na die hoofkantoor te bring deur 'n stuk veld. Wanneer hulle buite die gesigsveld was, het hy hulle oorrompel, verkrag en dan verwurg. (Sithole: Wikipedia)
- Sithole sterf op 27 Februarie 2009 in die gevangenis.

**Evaluering:**

Uit die karige gegewens rondom die kinderjare van Moses Sithole val dit op dat daar duidelike lyne van ooreenstemming bestaan tussen hom en die geval van Stewart Wilken:

- Moses Sithole het die vaderfiguur in sy lewe op 'n baie vroeë ouderdom

verloor.

- Hierna is die vyf honger kinders deur die moeder verwerp deurdat sy hulle by ‘n polisiekantoor agtergelaat het. “Hierdie verwerping lê swaar op die gemoed van die jong Moses.” (Karsten,  (2008a) 78)

- Dit is opmerklik dat sy latere onbeheersde moordveldtog gemik sou wees teen vroue, enige vrou.

- Die kinders is in ‘n weeshuis geplaas waar hulle mishandel is.

- Wanneer die derde slagoffer teen Moses getuig, is dit weereens ‘n daad van verwerping – vergelykbaar met diè deur die moeder.

- Moses is op ‘n later stadium van sy lewe deur ander gevangenes seksueel gemolesteer.

- Wanneer Moses Sithole met sy moordveldtog begin, is dit eintlik ‘n wraakveldtog teen die verwerping wat hy van sy moeder moes verduur.

**Geval D. Charmaine Phillips:**

Dit is nie alleen mans wat die slagoffers van die omstandighede van hul vroeë kinderdae kan wees nie. Hiervan is die jeugdige Charmaine Phillips ‘n voorbeeld:

- Charmaine was die vierde kind uit die huwelik van Leo (Hoppy) en Magdalene Bernadette Phillips.

- Ten tyde van die geboorte van hul sewende kind was Hoppy ‘n psigopaat en ‘n geharde daggaroker; die moeder ‘n volslae alkoholis en later ‘n prostituut. “A report by a social worker, Mrs. L. Syfrets, later revealed that little Charmaine had been denied a fair start in life in that home.” (Karsten,  2007(a): 131.)

- Toe Charmaine agt jaar oud was, het haar moeder probeer om vir Hoppy te vermoor. Hierop het die Welsyn vir Charmaine uit die sorg van haar ouers verwyder en in ‘n kinderhuis geplaas.

- In die kinderhuis was Charmaine dikwels geslaan, meestal vir enurese.

Niemand het ooit gepoog om die oorsaak daarvan vas te stel nie.

- In haar twaalfde jaar is beide ouers in inrigtingsorg geplaas: onderskeidelik vir rehabilitasie van alkoholisme en psigo-terapeutiese behandeling. Nadat haar moeder ontslaan is, is die kinders (Charmaine inkluis) weer in haar sorg teruggeplaas.

- Hoppy se dagga-verslawing het gereeld gelei tot botsings met die gereg. Haar moeder het uiteindelik in prostitusie verval. Hierop is die kinders weer verwyder en in pleegsorg geplaas.

- Hierna ontvang Charmaine die nuus dat haar moeder in ‘n dronkgeveg doodgeslaan is. Sy ontvlug uit pleegsorg en, op die ouderdom van veertien jaar, word sy self ‘n prostituut in Durban.

- Sy word gearresteer op ‘n klag van dwelmbesit, en in die sorg van haar vader vrygelaat.

- Hoppy kan egter nie met haar huishou nie, en Charmaine beland in ‘n

nywerheidsskool. Sy loop ook hier weg.

- Op die ouderdom van vyftien jaar het sy ‘n kriminele rekord en raak swanger by ‘n Griekse matroos.

- Toe Charmaine 18 jaar oud was, was sy reeds ‘n geharde drinker en vertroud met dagga en mans.

- Op 24 Desember 1981 ontmoet sy die 34-jarige Peter Grundlingh deur die tussenkoms van ‘n kennis. Dit sou ‘n fatale ontmoeting blyk te wees.

- Peter het Charmaine in alle opsigte gemanipuleer. Hy was hiper-besitlik en het haar selfs verplig om sy naam op haar buik te laat tattoeëer as bewys van sy eienaarskap. Hierdeur wou hy ander mans van haar weghou.

- Oor ‘n tydperk van sewentien dae laat die twee ‘n roof- en bloedspoor na

wat strek vanaf Stanger in Kwa-Zulu Natal, oor Melmoth, Kinross Dam tot buite Bloemfontein.

- Uiteindelik is die twee skuldig bevind op vier klagtes van moord, drie van gewapende roof, twee van bedrog en een van diefstal. Peter Grundlingh het op 30 Julie 1985 aan die galg gesterf. Op 20 Augustus 2004 is Charmaine Phillips op parool vrygelaat na twintig jaar in die gevangenis.

**Evaluering:**

Uit die agtergrond van Charmaine Phillips kom een besonder belangrike waarneming na vore:

- As kind het sy grootgeword in 'n ouerhuis waarvan 'n maatskaplike werkster getuig het dat dit nie aan haar "a fair start in life" gebied het nie. Uit haar optrede blyk dit dat sy nooit 'n ware hegting met haar ouers ontwikkel het nie. Voortspruitend hieruit kon die lewens-vaardighede soos self-regulering, affiliëring, bewustheid van andere, verdraagsaamheid en respek teenoor andere ook nie normaal ontwikkel nie.

- Dit is opvallend hoe dikwels dit gebeur dat ‘n kind met gebrekkige hegting later maklik gemanipuleer kan word, veral deur die gewetenlose. Sou die rede hiervoor daarin opgesluit wees dat hierdie persoon as latere volwassene nog steeds daarna streef om aan iemand ‘verbonde’ te wees, ongeag die koste daarvan? Dan verklaar dit waarom sy as veertienjarige reeds in prostitusie kon verval, en later self die moordwapen kon hanteer.

**Geval E. <u>Jannie Brandt:</u>**

Dit is ook nie net in volwassenheid dat die effek van trauma in die kinderdae na vore tree nie. Hiervan is die jeugdige Jannie Brandt een van die talle voorbeelde.

Op 9 April 2001 vonnis Regter Bonisile Sandi vir Jannie tot lewenslange tronkstraf vir moord en ook 15 jaar weens roof met verswarende omstandighede. Hierdie straf is in Desember 2004 deur vyf appèlregters versag tot 18 jaar gevangenisstraf.

- Jannie, die broerskind van die berugte ‘Omega sekte’-moordenaar Brendone Brandt, het – nes sy pa en oom – ook geen gelukkige en fatsoenlike kinderlewe gehad nie

- Die oorsprong hiervan is reeds terug te vind in die ouerhuis waarin sy pa Jan-Hendrik en oom Brendone grootgeword het. Brendone het getuig hoedat hy as ‘n “rassis en Nazi” grootgemaak is en sy eie pa hom gemolesteer het. Ouboet Jan-Hendrik het hom selfs verplig om met een van die susters gemeenskap te hê.

- Toe Jan-Hendrik later trou met Charlotte Jane, het hulle die geweld in hul eie huis in Algoapark voortgesit. Hy het beweer dat sy moeder hom gewaarsku het teen Charlotte Jane “omdat sy rustelose bene gehad het. As jongman het ek kalbassies gehad. Sy het nie ‘n grap van my lamheid gemaak nie en ek wou net trou”. (Karsten,  (2008b): 120)

- Volgens die getuienis van sy halfbroer, Jacques, is Jannie dikwels aan die bed vasgeketting. Hy is sò mishandel dat hy op die ouderdom van vier jaar deur die Welsyn weggeneem en in ‘n kinderhuis geplaas is. Die ander vier kinders het later dieselfde paadjie gevolg.

- Ma Charlotte Jane het die vyfjarige Jannie verplig om saam met haar brandewyn te drink – soms sò erg dat hy vir ‘n hele dag in ‘n

dronkslaap verval het.

- Reeds op die ouderdom van sewe het Jannie se misdaadloopbaan begin. Saam met Jacques het hulle by die bure se huis ingebreek en klere, visstokke en geld gesteel. Hulle is gevang en na die Protea-plek van veiligheid in die Baai gestuur. Hiermee het ‘n lewe van misdaad en Satanisme begin.

- Op skool het Jannie ‘n skrikbewind gevoer onder die medeleerders. “ Hy molesteer van hulle herhaaldelik seksueel, beroof hulle, manipuleer hulle en rand hulle aan. Van sy onsedelike oortredings wat in ‘n verslag aangemeld word by die eenheid teen seksuele misdaad behels sodomie,  seksuele voorstelle aan leerders, seksuele uitlokking, seksuele aanranding, ontbloting, en dan, asof daar nie genoeg beskrywings vir sy oortredings gevind kan word nie, ‘seksuele wanpraktyke met leerders’”. (Karsten,  (2008b): 121) In ‘n poging om hom in ‘n nog strenger verbeteringskool te kry volg nog ‘n langer lys van drostery uit die skool, fisieke aanranding op mede-leerders, diefstal, intimidasie, drank en dagga, asook ‘n belangstelling in Satanisme.

- Die gesin verhuis na Hofmeyr en hier duur die huislike probleme

voort. Die gesin betrek ‘n huis naby diè van Ria Crouse, ‘n oujongnooi en gewese skoolhoof van oos-Londen. Sy het die Brandt-kinders gou leer ken. Veral Jannie was nogal erg oor haar en het gereeld in haar huis gekom.

- In 1999 word Jannie uit die nywerheidskool geskors. Hy verkas Port Elizabeth toe en kry as 17-jarige werk by Portnet. Hier word hy ontslaan na ‘n bakleiery en begin ‘n swerwerslewe.

- Hy beweer dat hy van die hoëpriester opdrag ontvang het om moord te pleeg. Hy moes sy ouers doodmaak. Op Hofmeyr aangekom, het sy moed hom begewe. Hy besluit dat die gelowige Ria Crouse ‘n goeie prooi vir ‘n satanis sal wees. Op Woensdag 12 Julie 2000 klop hy aan haar voordeur. Sy laat hom binne. Sy begin hom uitvra oor die tattoeërings op sy regterhand en waarsku hom teen Satanisme. “In Jannie se verwarde kop klink dit asof Ria ‘in tale’ begin praat. In die gang van die huis bereik sy botsende emosies breekpunt. Hy pluk die mes uit wat hy op Cradock gekoop het en druk die skerp lem diep in haar keel in. Die

bejaarde vrou val in die gang.

Die seun is skielik onseker, meer verward. Hy wonder wat om te doen. Hy kan haar nie net so los nie. Sy was altyd goed vir hom. Hy gaan haal ‘n kussing en plaas dit onder haar kop terwyl sy op die gangvloer lê en bloei. Hy kry ook ‘n kombers en bedek Ria Crouse se liggaam met die kombers. Hy gaan haal ‘n mes uit haar kombuis en plaas dit in haar hand. Hy probeer haar dood na selfmoord laat lyk, asof sy haar met ‘n kombuismes doodgesteek het.” (Karsten, (2008b): 124)

**Evaluering:**

Benewens die feit dat ons in die geval van Jannie Brandt ‘n herhaling kry van soveel traumas as by vorige bespreekte gevalle, kom ‘n paar baie belangrike feite hier na vore:

- Die draaikolk van Geweld: (Vortex of Violence). Die draaikolk kan nagespeur word tot in die huis waarin Jannie se pa en sy oom grootgeword het.
- Pa Jan-Hendrik het uiteindelik die geweld in sy eie huis afgewentel na sy kinders. Hiervandaan het die ouer seun, Jacques dit voortgesit na sy jonger broer, Jannie, en selfs na sy een suster met wie Jannie seksueel moes verkeer.

- Die kind is geneig om die voorbeeld van die ouer na te volg, omrede dit waarmee hy grootword vir hom ‘normaal’ is. So is daar ook die voorbeeld uit die Amerikaanse misdaad-geskiedenis van ene Chelsea, die “Girl in the dog cage” van Brillion, Wisconsin. Na sewe jaar in die hondehok is sy uiteindelik ontdek en bevry. Later het sy gesê dat sy gedink het dis hoe alle meisies behandel moet word. “Chief Alloy was a sergeant in the Brillion police department in 1997 when an 11-year-old boy walked barefoot from his home in freezing temperatures to the police station telling a story of abuse at the hands of his parents, Michael and Angeline Rogers. Chief Alloy was the officer who found the 7-year-old girl in a filthy dog cage in an unheated dark basement.” (WFRV. 2011)

- Reeds die wyse waarop Jannie as jong seun behandel is deur sy ouers bring mee dat daar nooit enige sprake kon wees van ‘n gesonde hegting met sy ouers nie. Daarmee het die hele ketting van lewensvaardighede ineengestort.

- Dat Jannie reeds van jongsaf tot die misdadige geneig het, kom dus nie vreemd voor nie. Teenoor sy skoolmaats sal hy optree soos daar

teenoor hom opgetree is. Wat kan verwag word van ‘n kind wat reeds op vyfjarige ouderdom saam met sy moeder moes brandewyn drink? “ ‘n Vyeboom kan tog nie olywe voortbring, of ‘n wingerdstok vye nie? (Jak. 3 :12)

**Geval F. <u>Andrè (Baby) Venter se Bende:</u>**

“On Thursday, 7 June 2001, the last member of a Pretoria teenage gang was sent to prison. Five young friends – all mere children and some of them still at school – were to serve sentences totalling 66 years. They were being punished for an insane orgy of lawlessness that lasted sixteen days.” (Karsten, 2007(a): 62).

Die hoofspelers in hierdie drama was die 22-jarige Andrè (Baby) Venter en Tanya Oosthuizen, skaars agttien jaar oud. Kort na hul ontmoeting is Andrè in hegtenis geneem vir roof en motordiefstal. Tanya moes geld genereer om dit vir Andrè moontlik te maak om die beste regshulp te kan bekostig. En hierdie aksie sou Andrè vanuit die gevangenis orkestreer. Tanya het vier vriende in haar pogings betrek. “The boys thought Tanya had a great body and with Baby in jail ... but Tanya had other plans. She thought she could put the boys to good use and she did not mind sharing her body. She had done it before, for money, and

could do it again to help Baby.” (Karsten,  2007(a): 65)

- **William Prinsloo** se ouers is geskei toe hy vyf jaar oud was.

  - Sy pa het kontrakwerk in die buiteland gedoen en wanneer hy wel tuis was, het hy hom mishandel. Sy moeder het hom verkleineer deur na hom te verwys as ‘n homoseksuele prostituut.

  - Op skool was hy voortdurend in botsing met die owerheid. Hy het behae daarin geskep om sy onderwysers voor die klas te verkleineer. Ten tyde van die reeks misdade was hy skaars sestien jaar oud, saam met sy ouer suster deur hul ouers verlaat (sy moeder het weer getrou en na die buiteland verhuis) en moes na hulself omsien. Hulle het ‘n woonstel in Sunnyside betrek: William toe nog in Graad 11 en sy suster werksaam as ‘n kelnerin.

  - Op vyftienjarige ouderdom het William reeds begin om dwelms te gebruik. Hy het Andrè bewonder en dit as sy plig geag om

Tanya te help geld insamel vir Andrè se saak.

- **Mark Flascas** was een van vier kinders.

  ➢ Hy het uit ‘n goeie huis gekom. Die dissipline van sy vader was streng en onbuigsaam.

  ➢ Hy was ‘n alleenloper wat in 1988 die skool verlaat het op die tuis-onderrig stelsel. Dit het nie uitgewerk nie, en hy is na die Capital College in Pretoria. Hier het hy vir William ontmoet.

**Adriaan van Zyl** was deur William aangevuur om aan die laaste twee rooftogte deel te neem.

  ➢ Ook sy ouers is geskei toe hy maar net vyf jaar oud was.

  ➢ Hy het nooit ‘n hegte verhouding met sy vader gehad nie. Sy moeder moes hard werk om die gesinnetjie te onderhou en Adriaan is eintlik deur sy suster grootgemaak.

- Op skool het hy met die verkeerde maats gemeng, en het die skool verlaat toe hy Graad 11 gedruip het.

**Manuel da Silva** is deur ‘n hofverslag aangedui as ‘verstandelik vertraag’. Hy verlaat die skool nadat hy Graad 8 tweemaal druip.

- Sy vader, ‘n restaurant-eienaar, was hardwerkend en onbetrokke by sy seun se lewe. Hierteenoor was sy moeder oorbeskermend en het haar seun bederf.

- Reeds in die laerskool is Manuel deur ander kinders gemanipuleer. Gedurende skoolvakansies het hy in ‘n kafee gewerk. Hy het uiteindelik genoeg gespaar om ‘n motor te koop.

- Saam met William het hy dagga en sterker dwelms begin gebruik.

**Tanya Oosthuizen,** die hoofkarakter in die reeks misdade, het haar eerste emosionele knou gekry toe sy deur die kinders van plaaswerkers seksueel

gemolesteer is op vierjarige ouderdom.

- Op agtjarige ouderdom is sy deur ‘n huisbediende in ‘n stoorkamer ontklee en betas en tot stilswye gedreig. Sy het hiervoor gekompenseer deur haarself tot uiterstes te dryf in haar skoolwerk. Slegs 100% was aanvaarbaar.

- Op die dag toe sy as hoofdogter van haar laerskool aangewys is, het haar vader met ‘n skok aangekondig dat hy sy plase moet verkoop. Hy het met selfmoord gedreig – selfs met gesinsmoord! Die gesin het vir terapie gegaan.

- In September 1994 kondig die terapeut aan dat hy vir Tanya, nou veertien jaar oud, alleen wil spreek. Hy molesteer en verkrag haar in die spreekkamer. Sy verswyg ook hierdie voorval. Toe sy dit later histeries aan haar swemafrigter noem, het die skoolhoof haar vader in kennis gestel. Hy wou haar egter nie glo nie.

- In Graad 8 ontmoet sy ‘n seunsvriend – wat haar ook seksueel mishandel.

- Gedurende haar matriekjaar word sy deeltyds'n kelnerin – en uiteindelik ‘n gesellin en verdien, nog ‘n skooldogter, ‘n inkomste van tot R25000-00 per maand. Dan volg die betekenisvolle woorde: As gesellin was sy in beheer van haar lewe. Sy kon besluit aan wie om haar liggaam toe te vertrou. ‘In a sick sense I found love in that way. Men noticed me and rewarded me’.” (Karsten, 2007 (a): 73) Tot sy in 1999 vir Andrè ontmoet....!

- Hulle word gearresteer vir ‘n roof op ‘n videowinkel. Sy word staatsgetuie teen Andrè, maar hy behou steeds beheer oor haar lewe vanuit sy tronksel.

- In ‘n poging om geld te genereer vir Andrè se saak voer sy, saam met die viertal, ‘n reeks van ses gewapende rooftogte uit: Eers ‘n Honda Civic – ‘n motor met ‘n waarde van R92000, wat hul vir R3000 verkoop. Dan roof sy en William ‘n goue hangertjie met diamante ter waarde van R29000 en ander juweliersware van ‘n sekere mev. Malan. Hierna volg ‘n skootrekenaar, video-opnemer en klanksisteem van Mnr. Strey.

- Die vierde rooftog is op die Video Shop in Claremont, Pretoria, gevolg deur die vyfde: ‘n motor van ‘n Mnr. Story. Tydens die sesde rooftog loop hulle hul rieme styf: Met die gesteelde motor van mnr. Story ry hulle na die huis van Mnr. Brian Alton. Hul probeer om hom te beroof van twee horlosies, maar hy oorweldig hulle en sluit hul in ‘n instapkas toe terwyl hy vir die polisie wag.

**Evaluering:**

Die kinders betrokke in hierdie sage toon dieselfde basiese eienskappe in hul agtergrond:

- Die onbetrokkenheid en/of afwesigheid van veral die vaderfiguur het ‘n groot leemte in die jong lewens gelaat..

- Hierteenoor het die moeder van Manuel hom oorbeskerm en selfs bederf. Dit het egter nie vergoed vir die verlies aan ‘n vaderfiguur nie.

- William word deur sy moeder verkleineer en later verwerp. Hierdeur het hy nooit geleer om hegte menseverhoudings te vorm nie. Daarom dat hy sy

‘vriende’ slegs as ‘n middel tot ‘n doel kon gebruik.

- Dat Tanya soveel maal seksueel misbruik is sonder om dit onder haar ouers se aandag te bring, dui daarop dat daar nooit ‘n vertrouens-verhouding tussen hulle ontwikkel het nie. Hiervoor het sy eerder vertroue gehad in haar swemafrigter. Selfs toe wou haar vader haar nie glo nie!

**Geval G. <u>Angelique en Lawrence:</u>**

Angelique Orsö en Lawrence van Blerk was albei die produkte van gebroke huise.

- **Angelique** het grootgeword in ‘n huis waar haar vader gereeld haar moeder aangerand het. Sy is tot op sewe jaar deur haar ouma grootgemaak.

- Angelique was, nes Theuns Kruger, die slagoffer van die ‘afwesige vaderfiguur’. Sy was ‘n blote kind toe haar ouers geskei is. Sy wou niks met haar pa, Ermanio, te doen hê nie.

- Toe sy tien jaar oud was, het Angelique haar al meer begin onttrek, en

haar skoolwerk het agteruit gegaan. Sy het ook begin om swart klere te dra.

- ‘n Oom van haar het vasgestel dat sy deur een van haar moeder se kêrels gemolesteer is.

- Angelique het van jongs-af verbeeldingsvriende gehad, maar dit was ernstiger as diè van die gewone dogtertjie. Een besondere ‘vriend’ se naam was Julian. Dis veral opmerklik dat sy later begin het om Lawrence ‘Julian’ te noem.

- ‘n Vriendin het getuig dat sy bewus was van Angelique se belangstelling in heksery. Sy het ook sekere kruie in haar laai gesien waarmee sy blykbaar minnedrankies berei het. Sy was glo onseker van Lawrence se liefde vir haar.

**Lawrence** was die seun van ‘n Johannesburgse narkotiseur. Hy het getuig hoedat hy, as agtjarige, gesien het hoedat sy vader probeer het om sy moeder in die kombuis te verwurg.

- Sy vader het dikwels vir hom, sy broer en  hul moeder te lyf gegaan. Hy het somtyds selfs die hond mishandel.

- Toe hy tien jaar oud was, is sy ouers geskei. Die kinders is in die sorg van die moeder geplaas. Sy vader het baie ongereeld onderhoud vir sy kinders betaal.

- In die laaste jaar van sy laerskool het sy moeder hom in ‘n koshuis geplaas. Hiervandaan was sy lewe een van swerf tussen koshuise en tussen die ouers.

- In die tye wat hy by sy vader en sy stiefma gewoon het, het sy vader hom meermale in die studeerkamer toegesluit. Om die toilet te gebruik, moes hy eers van die stiefma toestemming vra.

- Sy huishoudelike pligte het behels dat hy moes skottelgoed was en die hondemis optel. Vir sy veertiende verjaarsdag het sy vader hom ‘n misskepper as geskenk gegee.

- Hy is uiteindelik terug in die sorg van sy moeder. Diè het hom egter na sy oom in Kaapstad gestuur. Die was egter ‘n chroniese alkoholis. Hy is uiteindelik deur ‘n jong egpaar aangeneem.

Op 19 September 1992 het ‘n twis ontstaan tussen Angelique en haar moeder, Dawn Orsö. Die rede hiervoor was dat Dawn nie wou toelaat dat Angelique se nuwe vriend, Lawrence, die nag daar moes oorbly nie. In die rusie het Dawn haar dogter onder andere beskuldig van hoerery. Hierdie was blykbaar ‘n laaste strooi, gesien die feit dat daar meermale rusie tussen die twee was oor Angelique se betrokkenheid by heksery.  Angelique was woedend.

Die volgende oggend het Angelique ‘n swaar braaipan uit die kombuis gaan haal en ‘n klere-reling saamgebring. Die twee het na die slapende Dawn se kamer gesluip. Terwyl Angelique haar herhaaldelik met die braaipan oor die kop slaan het, het Lawrence haar keel toegedruk met die reling. Toe die twee sien dat Dawn nog nie dood is nie, het hulle probeer om haar polse te sny. Daarna het hulle haar na die badkamer gesleep en probeer om haar in die bad te verdrink.  Lawrence het ‘n gat buite in die tuin gegrawe. Hulle het ‘n plastieksak oor haar kop vasgemaak, haar uitgesleep en in die tuin begrawe – haar hande en voete met sykouse vasgemaak en toegedraai in ‘n groen kombers. Hierna het hulle die kamer skoongemaak en die beddegoed en mat gewas. Met hulle eie bloed-besmeerde klere in ‘n sak is hulle per bus stad toe waar hulle van die klere

ontslae geraak het. Later keer hulle terug en lui die deurklokkie lank sodat die bure hulle kan sien huistoe kom.

Vir die moord is Angelique gevonnis tot elf jaar gevangenisstraf en Lawrence tot agt jaar.

**Evaluering:**

Die geval van Angelique Orsö en Lawrence van Blerk vertoon duidelike ooreenkomste met diè van Frans du Toit en Theunis Kruger.

- Angelique het opgesien na Lawrence en is deur hom beïnvloed, net soos in die geval van Theunis en Frans.

- Angelique was, nes Theunis Kruger, die slagoffer van 'n afwesige vaderfiguur. Sy was 'n blote kind toe haar ouers geskei is en wou absoluut niks met haar vader, Emanio, te doen hê nie. (Karsten, 2007(a): 10)

- Vir die eerste sewe belangrike jare van haar lewe is sy deur haar ouma grootgemaak. Sy het dus – soos Theunis – nie veel liefde, en veral nie

veel geleentheid tot hegting van moederskant ervaar nie.

- Angelique is op jeugdige ouderdom deur een van haar moeder se vriende seksueel gemolesteer.

- Net soos Theunis gepoog het om beheer in sy lewe te verkry met behulp van demoniese magte het Angelique, met dieselfde doel voor oë, reeds van haar tiende jaar begin belangstel in heksery.

**Geval H. <u>Theuns Christiaan Olivier (alias Raymond Sinclair, alias Bryan Shannon):</u>**

Wanneer regter Essa Moosa vir Theuns Olivier tot lewenslange gevangenisstraf vonnis vir die moord op die sesjarige Steven Siebert, veertien jaar vir onsedelike aanranding en tien jaar vir ontvoering, dan sê hy (die regter) aan hom: 'Jy is 'n patologiese leuenaar!"

Theuns Olivier was van geboorte 'n Zimbabwiër (Rhodesiër) wat die land in 2000 onwettig binnegekom het. Hier het hy 'n swerwersbestaan gevoer en oorleef

deur teëls te lê.

"Aan twee psigiaters, prof. Sean Kaliski en dr. Larissa Panieri-Peter, skets Olivier 'n treurige prentjie van sy agtergrond:

- Hy is in Harare gebore, die naasjongste van nege kinders.

- Op vyfjarige ouderdom is hy in pleegsorg geplaas nadat sy ouers geskei is.

- Sy familie het hom van vroeg af by Satanisme betrek en hy het sy hele kinderlewe in die geheim aan rituele van seksuele mishandeling deelgeneem.

- In 'n skoolkoshuis het maats hom mishandel en hy het ook ander seuns begin molesteer.

- Hy is op 17 uit die skool en het drie jaar in die destydse Rhodesiese weermag gedien waar hy by die skiet van kinders betrokke was." (Karsten,  2008(a): 71)

- Olivier het ‘n lang geskiedenis van pedofilie gehad. Uit sy eie getuienis het hy oor ‘n tydperk van 20 jaar tot dertig kinders gemolesteer – meestal seuns tussen die ouderdomme van 3 en 14 jaar oud.

- In die regsgeneeskundige verslag meld die patoloog dat die slagoffer, Steven, hom waarskynlik huilend teëgesit het. Skaafmerke aan die agterkant en weerskante van Stevie se nek dui daarop dat Theuns waarskynlik sy keel met sy hande toegedruk het.

**Evaluering:**

Hoewel betroubare gegewens omtrent Theuns Olivier maar karig is, staan enkeles tog uit:

- Die verlies van ouersorg op die ouderdom van vyf jaar moes ook in hierdie geval onberekenbare skade aangerig het.

- Indien die getuienis van Olivier aanvaar kan word dat hy tot dertig kinders tussen drie en veertien jaar oud gemolesteer het, gee dit

‘n aanduiding van die tydperk in sy eie lewe waarin hy ontspoor het.

- Hy beweer egter dat hy nie een van hulle beseer het nie. Hierteenoor het hy die huilende sesjarige Steven met sy hande verwurg. Hierdie is na alle waarskynlikheid nog ‘n geval waar die oortreder drasties moes optree uit vrees dat hy beheer gaan verloor oor die situasie nie. Dieselfde vrees het hom laat verklaar: “If I didn’t kill him, he would be a witness against me in a court of law.... I am a kind, loving and generous person.” ( Karsten, 2008(a): 69)

**Geval I. <u>Cèzanne “Advokaat Barbie” Visser en Dirk Prinsloo</u>:**

Oor die kinderdae van Cèzanne Visser en veral oor Dirk Prinsloo is daar nie veel gegewens beskikbaar nie. Tog is daar belangrike inligting te vinde in die verloop van die gebeure.

**Cèzanne** was die buite-egtelike kind van Susan en Johan Visser – Susan ‘n skrale negentien, Visser slegs twee-en-twintig jaar oud. Maar die probleme in

Cèzanne se lewe het reeds hul oorsprong lank voor haar geboorte:

- Haar moeder, Susan, het grootgeword in 'n huis van gesinsgeweld. Hoewel Pa die joviale een is, verander hy heeltemal wanneer hy 'n paar whiskies in het. "Dit is nie lekker wanneer Pa se aggressiewe kant na vore kom nie, dan maak hy my bang. Wanneer hy in 'n donker bui is, irriteer die geringste dingetjie hom. Partykeer lyk dit asof hy iets sòèk wat hom kan irriteer. Dan moet Ma dit ontgeld. Eers het hy haar verkleineer. Later het hy haar rondgestamp, en toe begin hy klappe uitdeel. ... Dan is daar die gewillige skelmpies, tot Ma se groot verdriet." (Lemmer,  2011: 15)

- Toe Susan nege jaar oud is, is haar ouers geskei en sy bly in die sorg van haar moeder. Maar die saad van 'n dissosiatiewe reaksie is reeds by haar gesaai. "Hoe sou ek toe kon weet dat al hierdie dinge wat my gevorm het, eendag so 'n geweldige impak op mý kind sou hê? (Lemmer,  2011: 17.)

- Met Susan se swangerskap is sy, op aandrang van haar ouers, met Visser getroud. "Nog 'n gevaarlig wat 'n mens waarsku dat die

verhouding vorentoe kan skeefloop, is geweld of die dreigement van geweld, met of sonder die gebruik van alkohol. Ons vroue is partykeer onoplettend of ons hou ons doof en blind en hoop maar stilletjies dat dit 'later' beter sal gaan." (Lemmer, 2011: 27) "Nes haar oupa, het Cèzanne se pa ook 'n swakheid vir vroue. En dit sou regdeur ons getroude lewe aanhou. Die ergste is as hy by die huis kom met grimering aan sy klere. Of die soet reuk van 'n ander vrou se parfuum." (Lemmer, 2011: 32.)

- By Susan vind daar tog by tye 'n reaksiewisseling (sien p. 244) plaas wanneer die 'dissosiatiewe' vrou tekens van geweld toon. "As die pyn te veel word vir my, gryp ek hom aan die bors. 'Wat is verkeerd met jou?' vra ek terwyl die trane oor my wange loop. 'Hoekom doen jy dit aan my? Is ek dan nie goed genoeg vir jou nie?" (Lemmer, 2011: 32.)

- Soos in haar ouerhuis duur dit nie lank voor geweld ook in haar eie huis voorkom nie. "Ek staan hulpeloos voor my klerekas. Ek probeer om 'n ligte langmouhemp uit te haal, maar my lyf is so seer dat ek skaars my arms kan optel. Die kneusplekke op my arms en bene is amper pikswart en ek sal iets moet dra om dit te verberg, al is dit in

die middel van die somer." En dit net omdat hy die vorige aand nie tevrede was met die aandete nie. "Sy oë is swart toe hy op my afstorm en my deur die gesig klap. Ek val op die vloer, en hy skop my. Ek rol weg, spring op en hardloop met die trappe op om weg te kom, maar hy kom agter my aan. Toe ek bo is, gryp hy my en stamp my van die trap af dat ek tot onder op die teëlvloer val. Cèzanne is histeries aan die huil en hou haar oortjies vas. My arme dogtertjie, sy is skaars agt jaar oud." (Lemmer, 2011: 38 - 39.)

- Visser het egter èèn stap verder gegaan as sy skoonpa: Hy het by sy werk, by Nasionale Intelligensie, die bedrag van R40 000 gesteel. Alleen die feit dat vir die regering 'n verleentheid sou bring, het hom van die gevangenis gered. In hierdie draaikolk van gesinsgeweld en ontrouheid in die huis van beide haar grootouers en haar eie ouers is Cèzanne gebore. En dieselfde dissosiatiewe reaksiepatroon wat by haar ouma en moeder voorgekom het,sou sy ook later self openbaar. Kinders leer deur die mag van die voorbeeld!

**Dirk Prinsloo** se kinderdae is onbekend. Na 'n polisie-klopjag op sy huis in Pretoria in Desember 2002 het die duister lewe van die voormalige advokaat

aan die lig gekom. Nadat hy en Cèzanne aangekla is vir kinderpornografie en seksuele wandade met minderjarige meisies, is beide op borgtog vrygelaat. Prinsloo het egter sy borgvoorwaardes verbreek deur uit te wyk Rusland toe. Hier in Belarus is hy gevangenisstraf van 13 jaar opgelê vir 'n mislukte bankroof. Luitenant-Kolonel Mikhail Starikovich, hoof van Interpol se Nasionale Sentrale Buro het gesê: 'There were several episodes connected with sexual crimes, probably (allegedly) committed by Prinsloo in Minsk. He was nabbed by Interpol in Belarus in June this year after a failed bank robbery." (Mail and Guardian: Sept. 08, 2009.) Klagtes van seksuele misdrywe is ook teen hom aanhangig gemaak.

Uit die misdrywe gepleeg deur Prinsloo blyk die volgende:

- Prinsloo was sosiaal gewetenloos. Die wyse waarop hy vir

  Cèzanne afgetakel het en weer 'opgebou' het tot dìt wat hy wou hê sy moes wees, is duidelik in ooreenstemming met die proses van breinspoeling soos in Hoofstuk 4 (sien bls 167 ) bespreek. Om hierdie doel te bereik, moes hy haar afsonder van die invloed van veral haar moeder. Daarom was hy selfs bereid om'n interdik teen haar moeder te verkry en haar daarna probeer laat gevange neem vir die verbreking van interdikvoorwaardes. Dit was ook belangrik om Cèzanne se voorkoms te verander onder die dekmantel dat hy van haar 'n 'seksbom' wil maak. Doodsdreigemente het haar verhoed om vir

haarself te dink. Hierdeur het hy haar omskep tot ‘n ‘redelose’ wese wat selfs vir hom prostitute en minderjarige meisies reël. In hierdie proses was sy selfs bereid om ‘n kinderhuis te bedrieg deur voor te gee dat hulle getroud is – net om jong meisies in hul sorg geplaas te kry.

- Die belangrikheid van afsondering vir suksesvolle breinspoeling blyk uit die volgende getuienis: Visser het verklaar dat sy eers die moed gehad het om Prinsloo te verlaat in ongeveer 2005 toe sy ‘n vaste werk en blyplek en weer ‘n ondersteuningstruktuur gehad het. Toe het sy sy doodsdreigemente geïgnoreer. (Mail and Guardian: 09 Maart 2009.)

- Prinsloo het ‘n patologiese beheptheid met seks. In haar getuienis namens Cèzanne het Dr. Micki Pistorius verklaar: Sy was verlief op hom. Sy kon nie (vooraf) weet dat daar perverse seks sou wees soos seks met diere, sadomasochisme en seks waarby ontlasting en urine betrokke is nie. (Mail and Guardian: 11 Februarie 2010.)

- In die hof word getuienis gelei hoedat lede van die forensiese laboratorium van die polisie beslag gelê het op sekere dwelmmiddels wat reeds in 2002 vir Prinsloo voorgeskryf is. Hieronder was 30

tablette Rolab-Flunitraz (die generiese weergawe van Rohypnol) en vier Viagra-pille. Rohypnol, bekend as die verkragtingsdwelm, “en sy generiese weergawe word gewoonlik vir die korttermynbehandeling van slaaploosheid voorgeskryf.” (Beeld: 29 Januarie 2005.) Dit kan egter geheueverlies as newe-effek hê.

“Toe ons laterig die middag by die huis aankom, gaan ek en

Cèzanne onder die bome langs die helderblou swembad sit terwyl Dirk vir ons drankies skink in die huis. Dirk kom terug met drie glasies likeur. Hy hou sommer dadelik een glasie na my toe uit.’Wat is dit?’ vra ek met ‘n effense frons. ‘Dit lyk dan na so ‘n mengelmoes’. ‘Nee wat, die drankie bestaan uit verskillende lae likeurs,’ verduidelik hy, ‘maar dit het per ongeluk deurmekaar geraak. Maar dis baie lekker, diè kan

ek jou verseker.’ Ek sluk aan die drankie en gesels verder met Cèzanne. Toe begin ek sleg voel.”

“Kom lê hier op ons bed tot Mamma beter voel,’ sê sy en neem my na hulle slaapkamer.” Toe ek wakker word, is dit pikdonker buite, en ek het nie ‘n draad klere aan my lyf nie. Al my klere lê rondom die bed verspreid. Wanneer het ek dan aan die slaap geraak? En wat het hier gebeur?” ( Lemmer,  2011: 59-60)

- “Hy is ‘n sadis teenoor ander mense, maar ‘n lafaard op homself”.

So het Prof. A.B. van der Merwe, hoogleraar aan die Departement Sielkunde van die Stellenbosse Universiteit in ‘n klaslesing in 1962 die psigopaat beskryf. En hierin is die beskrywing van Dirk Prinsloo opgesom.

- Die interdik teen Cèzanne se moeder was net vir nege maande geldig. Sy het besluit om die aansoek om hernuwing teen te staan. Tydens die poging om ‘n skikking te bereik, raak Dirk aggressief teenoor Susan se prokureur, Ren Oosthuizen. “Daar spring Dirk uit sy stoel op, hardloop soos ‘n wafferse cowboy om die tafel, ruk en pluk aan Ren en stamp hom rond. En toe stamp Ren terug. ‘Jy is mal, man. Jy moet ‘n sielkundige gaan sien.’ Toe draai Ren na my toe. ‘Kom ons loop, Susan. Waar’s my lêer?” Dirk spring op. ‘Nee, nee nee! Skree hy. Moenie loop nie. Ek belowe ek sal my gedra.’ *Waar is die kapok-haantjie nou?”* (Lemmer,  2011: 80-81).

Hierdie is ‘n klassieke voorbeeld van reaksiewisseling soos bespreek op bls 244. Dirk gaan oor tot aggressie (die hiperreaktiewe kontinuum), maar wanneer hy deur teenstand bedreig word, loop hy gevaar om sy vermeende beheer oor die situasie te verloor. Dan skakel hy dadelik oor na ‘n dissosiatiewe (vries-en-oorgee) reaksie.

### 7.4. <u>Samevatting:</u>

In hierdie hoofstuk is eerstens aandag gegee aan die ses basiese lewensvaardighede noodsaaklik vir gesonde emosionele ontwikkeling, tw. hegting, selfregulering, affiliëring, bewustheid, verdraagsaamheid en respek . Dieselfde ses basiese vaardighede is sover moontlik aangewend as maatstaf vir die evaluering van die bespreekte gevalle.

Die volgende gevolgtrekkings is van Penologiese belang en moet uit die bespreekte gevalle gemaak word:

- Die rol van die vaderfiguur is van kardinale belang in die lewe van die jong kind. Wanneer die vaderfiguur ontbreek of daar ‘n swak verhouding met die vader bestaan, kan dit ‘n onomkeerbare negatiewe effek op die emosionele ontwikkeling van die jong kind hê.

- Gebrekkige hegting met die moeder lei onbetwisbaar tot latere swak menseverhoudings.

- Die effek van onverwerkte trauma uit die vroeë kinderjare is ‘n tydbom waarvan die tydstip en intensiteit van die ontploffing onvoorspelbaar is.

- Alle vorms van trauma het te doen met die verlies (of ontbreking) van beheer deur die slagoffer oor homself en/of oor sy omstandighede.

- Daar is ‘n duidelik-herkenbare verband tussen die aard van die trauma en die latere kompenserende gedrag van die indiwidu. Opmerklik is dat in die geval van die seun seksuele molestering maklik lei tot seksuele wangedrag van sy kant, terwyl sodanige molestering in die geval van ‘n dogter veel eerder lei tot gewelddadige vergelding.

- Vergeldende gedrag kom nie slegs voor in volwassenheid nie – dit kan dikwels reeds in die kinderjare in die vorm van afknouery manifesteer. Wanneer dit egter nie vroegtydig herken word nie, of indien remediërende ingryping agterweë gelaat word , kan dit later as persoonlikheidstrek vestig en tot uiting kom in die vorm van gewelddadige gedrag.

- Dit blyk dat daar ‘n duidelike korrelasie bestaan tussen die aard van die trauma uit die kinderdae en die aard van die misdaadvoorkeur in die latere lewe. Kinders wat geweld moes verduur neig tot gewelds-

misdaad  eerder as bv. ekonomiese misdaad.  Seksueel-gemolesteerde seuns verval eerder in seksuele misdade as in geweld.

*     *     *     *

**<u>BRONNELYS</u>:**

**Beeld:** *“Verkrag-dwelm in ‘adv. Barbie’-huis.”*Johannesburg Finaal. Saterdag 29 Januarie 2005.

**Grille, R. (2003):** *“What your Child Remenbers: New Discoveries about Early Memory and how it affects us.”* in: <u>Sydney’s Child</u>, Vol. 14, No 4. (May 2003).

**Karsten, C. (2007a):** “*Bad Kids. South African youngsters who rob and kill.”* Human en Rousseau, Kaapstad.

**Karsten, C. (2008a):** *“Boos en Bisar: Wrede Suid-Afrikaanse Misdade met ‘n Kinkel”* Human en Rousseau, Kaapstad.

**Karsten, C. (2008b):** *“Suid-Afrikaanse Geweldenaars sonder genade”.*Human en Rousseau, Kaapstad.

**Lemmer, S. (2011):** “*Ek wil hê jy moet weet .... sy is steeds my kind.”* Carpe Diem Media, Vanderbijlpark.

**Louw, D.A., van Ede, D.M. en Louw, A.E. (1998):** *“The Neonatal Phase and Infancy”* in D.A.Louw, D.M.van Ede & A.E. Louw(Eds): *Human Development* (2deUitgawe, pp 149-230) Kagisho Uitgewers, Pretoria.

**Mail and Guardian:** *"Prinsloo faces sex charges in Belarus." 08* September 2009. Johannesburg.

**Perry B.D. en Szalavitz M. 2008**: "*The Boy who was Raised as a Dog."* Uitgegee deur Basic Books, New York.

**Perry, B.D. Ongedateerd:** *"Keep it cool in School".* Artikels vir "Keep it Cool in School: a Scholastic Campaign against Violence and Verbal Abuse" op *http://teacher.scholastic.com/professional/bruceperry/cool.htm*

**Pistorius, M. (2002):** *"Catch me a Killer".* Penguin Books, Sandton.

**Szalavitz, M. & Perry, B.D. (2010):** *"Born for Love". (1st Ed.)* Harper & Collins Publishers, New York.

**Sithole: Wikipedia:** *en.wikipedia.org/wiki/Moses_Sithole*

**WFRV, 2011**: Aangehaal op *www.wfrv.com/.../Brillion-police-chief-reflects-on-child-abuse-case.html* -

**Zasca, 110:** S v Van Niekerk (84/91) (1991) ZASCA 110 (20 September 1991)

***    *    *    ***

# HOOFSTUK 8:

# RESIDIWISME en BESTUUR VAN VERANDERING (REHABILITASIE):

## 8.1. INLEIDING.

In hierdie hoofstuk word die verskynsels van Residiwisme en Bestuur van verandering (rehabilitasie) onder die vergrootglas geplaas. Wat word bedoel met hierdie terme? Wanneer word die terugkeer tot die gevangenis gereken tot residiwisme? Is residiwisme nie die bewys dat die pogings tot bestuur van verandering nie geslaag het nie? Kan bestuur van verandering residiwisme bekamp of selfs net verminder?

Die antwoorde op hierdie en soortgelyke vrae is van die uiterste Penologiese belang. Daarom word die verskynsel van residiwisme eerste bespreek; so ook die faktore wat daartoe bydra.

Hierop volg ‘n bespreking van bestuur van verandering (rehabilitasie), die omskrywing asook die noodsaaklikheid daarvan, gesien vanuit Penologiese oogpunt, aan die hand van die Witskrif van die Departement van Korrektiewe Dienste. In antwoord op hierdie noodsaaklikheid word die Neuro-opvolgende Terapeutiese Metode (NMT), soos ontwikkel deur die Child Trauma Academy in Houston, Texas bespreek. Dit is die oorwoë mening van die navorser dat in die bestudering en aanwending van hierdie beginsels veel heil opgesluit mag wees.

## 8.2. WAT IS RESIDIWISME?

Die begrip ‘residiwisme’ ontleen sy oorsprong aan die Latynse *recidivus wat ‘terugval’* beteken. Die Merriam-Webster Collegiate Dictionary omskryf die verskynsel as “a tendency to relapse into a previous condition or mode of behavior, esp: relapse into criminal behavior”. (Merriam-Webster, (2008): 1038) Dus verwys die term ‘residiwisme’ na die ongelukkige verskynsel dat ‘n gevangene na vrylating na sy ou weë terugkeer en terugval in misdaad.

> “Onderhewig aan sekere kwalifikasies word ‘n gevangene as ‘n residivis beskou indien hy minstens een maal tevore ‘n vonnis van gevangenisstraf van langer as ‘n maand uitgedien het en na sy laaste vrylating weereens tot ‘n termyn van aanhouding veroordeel word.” (Venter, 1972: 152)

Om die ware omvang van residiwisme te bepaal, is haas onmoontlik, omrede nòg die polisie, nòg die hofstelsel nòg Korrektiewe Dienste enige poging aanwend tot rekordhouding. Beskikbare gegewens berus op blote gissings. So vermeld Sekhonyane van die Instituut vir Sekerheidsstudies dat van ‘duisende’ mense wat ‘n termyn in die gevangenisstelsel deurgebring het verwag word dat hul kort na ontslag terug mag keer tot misdaad.. Later in dieselfde artikel stel hy dit ewe vaag as hy verwys na “our apparently high recidivism rate”. (Sekhonyane, 2004). Hierteenoor skrywe Wright : Volgens statisiteke is daar slegs 35% van gevangenes wat nie na vrylating na die gevangenis terugkeer nie (Wright, 2007). Dit beteken ‘n reuse 65%

terugval in misdaad! Ander stel dit tussen 50% en 95%. (Muntingh, . 2001: 6)

Venter onderskei onder andere die volgende faktore wat betrekking het op die terugval in misdaad.

- Ouderdom: "Die meerderheid residiviste is jonger as 45 jaar met die grootste konsentrasie in die leeftydsgroep 19 tot 29 jaar." "Diegene onder die ouderdom van 30 jaar maak hulle veral skuldig aan diefstal, inbraak, motordiefstal en, gedurende die jeugjare, aan fietsdiefstal...." (Venter, 1972: 154)

- Liggaamlike Gesteldheid: "Liggaamsgebreke, langdurige siekte, epilepsie, verstandelike subnormaliteit en ernstige geestesafwykings het by die vaders en moeders van residiviste 'n aansienlike omvang." (Venter, 1972: 155)

- Onderwyspeil en Lewenshouding: Hier word verwys na die implikasies van 'n swak skoolopleiding en skoolvertraging in die betekenis van druiping. "Langs die weg van die ontstaan van gevoelens van mislukking, frustrasie en minderwaardigheid lei soiets tot misdadige gedrag as 'n vorm van kompensasie." (Venter, 1972: 157) "Die verregaande verswakking van die godsdienstige lewe by die gevangenes, dikwels reeds gedurende hul kinder- en jeugjare, is

besonder opvallend." (Venter, 1972: 158)

- Die ouerhuis: "Die huise waaruit die residiviste kom, word grotendeels deur onvolwaardigheid gekenmerk. Onvolwaardigheid lei tot verwaarlosing wat op sy beurt weer die persoonlikheids-ontwikkeling benadeel." (Venter, 1972: 158)

- Gesinslewe van die getroude residivis: "Net so chaoties soos hul huislike agtergrond is die huwelikslewe van daardie residiviste wat getroud is of was. .... Die huwelike kan feitlik deurgaans as ongelukkig bestempel word." (Venter, 1972: 160)

- Beroepsbeoefening en ekonomiese posisie: Uit hoofde van hul swak maatskaplike agtergrond en die ekonomiese onvolwaardigheid van hul ouers het die residiviste vroeg in die lewe begin werk. 'n Swak verdienste werk daartoe mee dat die persoon makliker in misdaad verval. (Venter, 1972: 160-161)

Van meer belang is egter om die verskynsel per se van nader te bestudeer.

Waarom kan misdadigers nie uit die gevangenis-ervaring leer nie? Waarom word die goeie voornemens van soveel paroolwaardiges agter die gevangenisdeure vergeet? Die ervaring van die navorser het hom daartoe gelei om te glo dat die antwoord hierop gewoonlik te vinde is in mislukte pogings tot bestuur van verandering  In verskeie ongestruktureerde onderhoude en gewone gesprekke het gevangenes meermale 'n frustrasie getoon ten opsigte van bestuur van verandering  deur opmerkings soos: "Niemand het ooit eers belanggestel in die probleem waarmee ek worstel nie, maar ek moes gereeld hoor: 'Besef jy wat jy die oorledene se familie en jou eie mense aangedoen het'"

In die voorafgaande studie het dit reeds aan die lig gekom dat die magteloosheid wat die getraumatiseerde kind ervaar, kan lei tot 'n 'veg-of-vlug'-reaksie. Dit impliseer reeds 'n mate van aggressie waarmee die kind grootword. Wanneer die gevangene die gevangenis op parool verlaat, neem hy die woede wat hom in die eerste plek daar laat beland het, weer saam met hom. Dan raak die 'General Aggression Model'  van Anderson ( soos aangehaal deur Baron, R.A. et al) betekenisvol: Volgens hierdie teorie kan 'n reeks gebeurtenisse, wat  uiteindelik kan lei tot overte aggressie, deur twee hooftipe veranderlikes veroorsaak word.:

- Faktore wat verband hou met die huidige omstandigheid, d.w.s. omstandigheidsfaktore, en
- Faktore wat verband hou met  persone wat betrokke is, d.w.s.

persoonlike faktore.

Veranderlikes in die eerste kategorie sluit in frustrasie, een of ander vorm van aanval deur ‘n ander persoon (bv. ‘n belediging), blootstelling aan aggressiewe optrede deur ander, hetsy in persoon of in gewelddadige rolprente of speletjies, en in bykans enigiets wat persone in ongemak kan plaas.

Die tweede kategorie veranderlikes omvat karaktertrekke wat die indiwidu vatbaar maak vir aggressie, soos irriteerbaarheid, sekere oortuigings en houdings omtrent geweld (soos dat dit aanvaarbaar en selfs gewens kan wees), ‘n geneigdheid om vyandigheid in ander se optrede te lees, en spesifieke vermoëns wat verband hou met aggressie, soos vaardigheid met die hande en met wapens.

Volgens die “General Aggression Model” kan hierdie omstandigheids- en indiwiduele veranderlikes aanleiding gee tot overte aggressie deur ‘n impak op drie basiese prosesse.

**OPWEKKING:** Fisiologiese opwekking of ‘opgewondenheid’ mag hierdeur vergroot word.

**AFFEKTIEWE TOESTANDE**: Vyandiggesindheid en tekens daarvan (soos kwaai gesigsuitdrukkings) kan opgewek word.

**WAARNEMINGS:** Dit kan indiwidue opsweep of aggressiewe oortuigings en

houdings na vore bring. (Baron, et al: 424)

Dit is opvallend dat die bewuswording van ‘n verlies aan beheer in al drie hierdie prosesse sterk op die voorgrond tree.

## 8.3. WAT IS BESTUUR VAN VERANDERING (REHABILITASIE)?

Die Kompakte Afrikaanse Woordeboek omskryf ‘rehabilitasie’ as: ‘iemand se goeie naam teruggee’. (Kompakte Afrikaanse Woordeboek: 334) Direk in lyn hiermee omskryf die Merriam-Webster Collegiate Dictionary ‘rehabilitate’ as: ‘to restore to good repute’. (Merriam-Webster: 11th Ed.: 1049) Dus beteken dit om iemand terug te bring tot ‘n vroeëre en beter posisie.

Deur die loop van jare het die besinning oor die proses van bestuur van verandering van gevangenes interessante perspektiewe opgelewer. Vanselfsprekend was daar die negatiewe perspektief. Hier is die algemene mening dat, terwyl navorsing ten opsigte van bestuur van verandering en residiwisme voortgaan, pogings tot bestuur van verandering geen noemenswaardige invloed op die koers van residiwisme kan uitoefen nie. (Myfundi. Ongedateerd). ‘n Time-artikel gedurende laat-1982 verwys kortliks na die oorspronklike doelstelling van gevangenisse in die V.S.A. as om nie alleen te straf nie, maar ook om oortreders vanaf leeglêers en skurke te hervorm tot voorbeeldige en produktiewe burgers, maar kom tot die gevolgtrekking dat geen ander land vir so lank mislei was deur so ‘n ambisieuse grondwet nie. Die naakte waarheid

is dat gevangenisse toe nie gewerk het soos beoog nie.  Elders het ‘n Amerikaanse regter gesê: ‘The guiding faith of corrections – rehabilitation – has been declared a false god’.” (Myfundi. Ongedateerd).

Gevangenisse is nie ‘n towermiddel vir sosiale ongesteldhede nie; inteendeel, gevangenisse vererger die probleme waarmee oortreders moet worstel na vrylating. Die moderne gevangenis het ‘n verskeidenheid rolle vervul, soos gevangesetting, straf, afskrikking, hervorming en bestuur van verandering .Nogtans kon hierdie doelstellings dikwels nie sinkroniseer nie, en afhangend van die politieke druk van die dag het een of meer van die doelstellings die ander oorheers. As voorbeeld hiervan het die oortuiging in bestuur van verandering  die 1950’s en 1960’s gedomineer.   (Wahidin & Cain,  2006: 187)

## <u>8.4. HERSTELLENDE GEREGTIGHEID</u>

In die jongste tyd het die konsep van  Herstellende Geregtigheid (Restorative Justice) al meer aandag begin kry. Maar wat word verstaan onder **Herstellende Geregtigheid?**

Dit is ‘n geregtigheidsbeginsel gebaseer op die behoeftes van beide die slagoffer en die oortreder in plaas van die bevrediging van abstrakte legalistiese beginsels of die toemeting van straf aan die oortreder.  Herstellende geregtigheid kan gesien word as ‘n balans tussen ‘n verskeidenheid spanninge:

- ‘n Balans tussen die terapeutiese en vergeldende beskouing van die reg.
- ‘n Balans tussen die regte van die oortreder en die behoeftes van die slagoffers.
- ‘n Balans tussen die behoefte om die oortreder te rehabiliteer en die plig om die gemeenskap te beskerm. (Liebmann, (2007): 33)

### **8.4.1. Die Agtergrond van Herstellende Geregtigheid:**

Die gedagte van ‘n herstellende benadering tot misdaad is geensins nuut nie.

- Alreeds in die Pentateug word restitusie vir bepaalde misdrywe vasgestel. Die antieke Hebreeuse reg was ingestel op die herstel van eensgesindheid. Restitusie het ‘n belangrike onderdeel hiervan gevorm maar was geen doel op sigself nie. Dit word aangedui deur die Hebreeuse woord vir ‘restitusie’ –*shillum - ,* wat afgelei is van dieselfde stam as die woord *shalōm* (vrede) en ook die herstelling van gemeenskapsvrede impliseer. Tesame met die gedagte van restitusie het die konsep van regverdiging van die slagoffer en van die wet self gekom. Hierdie konsep was saamgevat in ‘n ander woord wat afgelei was van dieselfde stam as beide *shalōm* en *shillum – Shillem.* *Shillem* kan vertaal word as ‘retribusie’ of ‘regstelling’, maar nie in die sin van ‘weerwraak’ nie. (Roche,

2004: 140)

- So kom restituwe bepalings voor vir sekere geweldsmisdrywe in die Kode van Ur-Nammu uit die tyd van die Hetitiese Ryk (ongeveer 2060 v.C.) asook in die Kode van Hammurabi van Babilon (ongeveer 1700 v.C.).

- In die na-Christelike era is voorbeelde hiervan te vinde in die Romeinse 'Twaalf Tafels' (449 n.C.), die Ierse 'Brehon Wette', in Duitsland in die wette van koning Clovis die Eerste (496 n.C.), en in Engeland in die Wette van Ethelbert van Kent (600 n.C.).

- Dit was eers teen die einde van die 11de eeu dat daar 'n aksent-verskuiwing in die misdaadbeskouing plaasgevind het. Nou is misdaad nie meer gesien as 'n handeling gemik teen die indiwidu nie, maar eerder gerig teen die staat.

**8.4.2. <u>Toepassing van Herstellende Geregtigheid:</u>**

Misdaad belas die indirekte slagoffers op drieërlei wyses:

- Eerstens is daar die voorkomingskostes wat aangegaan moet word deur enigeen wat stappe neem om nie die volgende direkte slagoffer te word nie.  In hierdie kategorie val handelinge soos die installering van slotte en diefwering, alarmstelsels asook die vermyding van onveilige gebiede en die betaling vir polisiebeskerming en wagte.

- Indirekte slagoffers moet ook die koste aangaan vir versekering  -  ‘n koste wat styg namate misdaad in die omgewing toeneem.

- Uiteindelik moet die indirekte slagoffer,  namate misdaad lei tot ‘n verhoging in vrees, onsekerheid en sosiale verdeeldheid, die prys van die gesindheid ten opsigte van misdaad betaal.  (Roche,  2004:  149)

In hierdie verband word die benadering van die Departement van Korrektiewe Dienste in die Witskrif as volg beskryf:

‘Die Departement is ook daartoe verbind om, waar van toepassing,  die herstel van verhoudings tussen oortreder en slagoffer te bevorder. Onderstaande beginsels van herstellende geregtigheid sal as gids dien in hierdie geval:

➢ Die erkenning van elke indiwidu se menseregte.

- Erkenning dat misdaad dikwels ‘n skending van een persoon deur ‘n ander inhou, waarby die staat ‘n tussengangerrol vertolk.

- Erkenning dat die herintegrasie van die gerehabiliteerde oortreder in die gemeenskap ook die herstel van burgerskap impliseer.

Die Departement erken dat die herstel van verhoudings tussen oortreder en die slagoffer van misdaad belangrik is vir die voorkoming van residiwisme.’ (Witskrif 2005: hf. 5.2.3)

In kriminele sake kan die slagoffers getuig aangaande die impak van die oortreding op hul persoonlike lewens, antwoorde kry op die vrae rakende die insident en deelname verkry in die proses van verantwoording deur die oortreder. Die oortreder word in die posisie geplaas om te verduidelik waarom die oortreding plaasgevind het, en die impak daarvan op sy lewe. Herstellende geregtigheid bied dan ook die geleentheid tot direkte kompensasie insoverre dit moontlik is. Dit kan die vorm aanneem van finansiële vergoeding, gemeenskapsdiens in die algemeen of met betrekking tot die misdaad en/of opvoeding gerig op die voorkoming van residiwisme.

### 8.4.3. Kommentaar:

Herstellende Geregtigheid het die gonswoord in Korrektiewe kringe geword – en met goeie rede. Daarom is die volgende kommentaar nie bedoel om afbreuk te doen aan die waarde daarvan nie, maar veel eerder om groter perspektief daaraan te verleen.

Dat Herstellende Geregtigheid poog om die aksent te verskuif vanaf die oortreder na die slagoffer, is lofwaardig. Tè lank is die implikasies van misdaad gesien as ‘n vergryp teen die staat terwyl niemand gevra het na die implikasies daarvan vir die slagoffer nie. Dit is egter noodsaaklik om te waarsku teen die gevaar van denk-akrobatiek. Tè dikwels word die verwagting uitgespreek dat Herstellende Geregtigheid selfs kan lei tot ‘n afname in residiwisme, terwyl dit bloot ‘n “moontlikheid” is – ‘n spekulasie. Met die karige beskikbare gegewens rondom residiwisme – daar bestaan nie eers betroubare statistiek hieromtrent nie! – is sodanige voorspellings ongegrond. In ‘n ongepubliseerde proefskrif bespreek B.M. van der Westhuizen die moontlike effek van Herstellende Geregtigheid op residiwisme. Hy verwys na die leemte wat gelaat word deurdat die oortreder nie die geleentheid gegun word om dit wat hy verbrou het, reg te stel nie. Dan kom hy tot ‘n teenstrydige gevolgtrekking wanneer hy verklaar: “Herstellende Geregtigheid wil juis hierdie leemte aanspreek ten einde voorkomend op te tree en sodoende residiwisme te bevorder”. (Van der Westhuizen, 2009: 347). Hy verwys verder na die belang van steunstelsels vir die gevangene wanneer hy vrygelaat word en kom tot ‘n ewe teenstrydige gevolgtrekking: “Dit kan

residiwisme bevorder en ook oorbevolking van gevangenisse bekamp”. (Van der Westhuizen, 2009: 355.)

Voorts bestaan die moontlikheid dat ons ons kan skuldig maak aan ‘pendulum-denke’, met ander woorde: Soos die horlosie se pendulum swaai van die een uiterste na die ander, verskuif die aksent in ons denke van ‘n eensydige beklemtoning van misdaad as ‘n vergryp teenoor die staat na ‘n oorbeklemtoning van die implikasies van misdaad vir die slagoffer, terwyl niemand vra na die trauma wat die gevangene se lewe (dikwels reeds in die vroeë kinderdae!) ontspoor het nie. Verwysend na die gebeure in Zeerust gedurende 2007 waar ‘n skynbaar-normale tiener na willekeur op die swart gemeenskap losgebrand en vier onskuldige mense gedood het, skryf Plaatjies: “ ... Dis alleen ‘n kwessie van tyd voordat kinders wat aan geweld blootgestel was, self daardie geweld wat hul ervaar het , begin uitleef. Ander sal weer tekens van slaaploosheid en gebrekkige konsentrasie op skool toon. Dit is die oortuiging dat oortreders wat die geleentheid gegun was om hul kant van die saak te stel in ‘n herstellende situasie, sal – insoverre as dit toepaslik is – ook verwys na hierdie invloede en pynlike ervarings. (Plaatjies, 2008: 288)

Gedurende jarelange ondervinding as pastor het die navorser tydens terapeutiese gesprekke geleer dat gemelde invloede en ervarings op sò ‘n wyse deur die brein onderdruk word dat dit geheel-en-al uit die bewussyn geweer word. Met verloop van tyd word hierdie ervarings en traumas herhaaldelik deur verskeie sielkundige ontvlugtingsmeganismes, soos kompensasie en projeksie, sodanig onderdruk dat die

indiwidu dit self nie meer kan identifiseer nie. Daarom het die deursnee gevangene ‘n meester manipuleerder geword. Hy sal met enigiets saamspeel – selfs ‘berou’ toon – solank dit net die moontlikheid van persoonlike voordeel inhou. Dit het die navorser in sy diensjare in die Korrektiewe opset ook herhaaldelik gesien en beleef.

Ook as leraar in die N.G.Kerk het die navorser vir etlike jare met drankverslaafdes gewerk; in gemeentes en ook as pastor in die destydse Cornelius Bekker-kliniek vir drank- en dwelmverslaafdes te Klerksdorp. Hier het hy besef dat die verslaafde telkens terugval in drankmisbruik indien, tydens sy behandeling, daar nie deurgedring word tot die kern van sy probleem nie. Dieselfde geld vir die oortreder. Hiervoor moet dus voorsiening gemaak word in enige pogings tot Herstellende Geregtigheid.

Ook die waarde van **onderwys en opleiding** in bestuur van verandering word tereg beklemtoon. Wright meen dat daar ‘n goeie rede skyn te wees waarom sommige oud- gevangenes nie terugkeer na die gevangenis nie. Dit wil voorkom asof hul tyd in die gevangenis produktief bestee was, waardeur sommige aspekte van hul lewens ‘n verandering ondergaan het. Een van die wyses waarop hierdie verandering plaasgevind het, was deur opvoeding. Opvoeding funksioneer op twee vlakke om die oortreder suksesvol te rehabiliteer. Op die makro-vlak word die gemeenskap as geheel opgevoed tot onderhouding van die wet terwyl daar terselfdertyd verseker word dat diskriminasie teenoor vroeëre gevangenes verminder. Hierdeur word verseker dat die geneigdheid vir oud-gevangenes om terug te val in ‘n lewe van misdaad verminder deurdat hulle, na ontslag, poste kan bekom.Opvoeding binne die gevangenis stel die gevangene ook in staat om op hoogte te kom met die veranderende gemeenskap daarbuite. Deur

kriminele bestuur van verandering  word die gevangene in staat gestel om sy kennisbasis te verbreed.  (Wright,  2007)

Hier moet egter rekening gehou word met die feit dat elke mens deur onderwys bemagtig word – in die geval van die gevangene word hy in die posisie geplaas dat hy op tenminste èèn vlak van sy lewe kompeterend raak en dus beheer verkry. Deur onderwys word sy selfbeeld versterk. Dus weereens die verkryging van beheer – al is dit dan net gedeeltelik – in sy lewe.

Dat 'n herbesinning oor die proses van bestuur van verandering  dringend nodig is, behoef geen betoog. Uit die Witskrif van die Departement van Korrektiewe Dienste blyk dit ook dat 'n houdingsverandering nodig is. Die Witskrif beklemtoon die feit dat bestuur van verandering  en die voorkoming van residiwisme ten beste bereik kan word deur korreksie en ontwikkeling eerder as deur straf en behandeling. Die Departement  is van mening dat bestuur van verandering  die regstelling van  onaanvaarbare gedrag, menslike ontwikkeling en die bevordering van sosiale verantwoordelikheid en positiewe waardes vereis.

Voorts beklemtoon  die Witskrif die volgende aspekte:

- Die regstelling van kriminele gedrag.
- Ontwikkeling van die oortreder.
- Veiligheid vir beide die oortreder en die korrektiewe beampte.
- Sorg vir die oortreder op fisiese sowel as psigologiese vlak.
- Nasorg in terme van ondersteuning ten opsigte van reïntegrasie na

ontslag. (Sekhonyane:  2004)

In ‘n sirkelredenasie voer Sekhonyane aan dat alternatiewe strawwe kan dien as ‘n beginpunt vir suksesvolle bestuur van verandering . Ons hoë voorkoms van residiwisme in ag genome kan dit geredeneer word dat, indien minder oortreders gevangenisstraf opgelê word, die waarskynlikheid bestaan dat hulle in misdaad sal terugval as gevolg van die gevangeniservaring, sal verminder. Uiteindelik sal dit neerkom op ‘n vermindering in die getal gevangenes .

‘n Versigtiger oplegging van gevangenisstraf sal beteken dat die Departement van Korrektiewe Dienste meer tyd en middele tot hul beskikking sal hê om veilige en menswaardige aanhouding te verseker, en dus ‘n groter vermoë om oortreders te rehabiliteer. Dis alleen onder sulke omstandighede dat realisties gedink kan word aangaande bestuur van verandering .  (Sekhonyane  2004)

Maar is die rede vir residiwisme werklik geleë in die gevangenis-ervaring?

Ten einde die vrae rondom bestuur van verandering  te kan beantwoord is dit noodsaaklik om kennis te neem van die navorsingswerk van die Child Trauma Academy van Dr. Bruce Perry oor die afgelope twee dekades.  “In order to understand an individual one needs to understand his or her history.” (Perry,  ea. 2008: 40)

Uit die voorafgaande hoofstukke moet ons aflei dat elke mens ‘n bepaalde reaksiepatroon vertoon. Mens neig om op ‘n spesifieke wyse te reageer op inkomende prikkels. As voorbeeld: Wanneer mens sy vinger raakslaan, sal die een reageer deur te

vloek, die ander sal sy humeur verloor en die hamer wegsmyt. Daardeur kan hy groter skade aanrig deur miskien ‘n venster te breek. ‘n Derde sal gaan sit en homself bejammer. Hierdie reaksiepatroon is impulsief en refleksief – dus georkestreer deur die laere breinstrukture (breinstam en diënsefalon). Maar dit wil nie sê dat alles verlore is as gevolg van die invloed van ‘n gevestigde reaksiepatroon nie! Daar is wel lig aan die einde van die tonnel ! Met die ontwikkeling van die korteks kan beheer verkry word oor die laere breinfunksies deur ‘n verskynsel bekend as Kortikale Modulering. (Sien ook Bylae 2: Kortikale Moduleringsverhouding op bls 405.) Mens kan dus bewus raak van sy unieke reaksiepatroon. Daardeur kan hy sy gedrag onder bepaalde omstandighede antisipeer – en beheer.

Ter illustrasie: ‘n Man wat bekend is vir sy onbeheersde padwoede sal, wanneer hy in die teenwoordigheid is van ‘n meisie wie hy graag wil beïndruk, sy humeur maklik in toom kan hou. Hierdie reaksiepatroon het sy ontstaan gewoonlik in die kinderdae waar die persoon in situasies verkeer het waaroor hy geen beheer gehad het nie. Sonder ‘n begrip van die basiese beginsels van breinontwikkeling en neurale veranderings is dit onmoontlik om effektiewe ingrypings te ontwerp en uit te voer. Goed-bedoelde pogings mag misluk as gevolg van ‘n wanbegrip van die ontwikkelings-prosesse. “It is the hope, for example, that some therapy typically provided for 45 minutes, once a week, will reverse ten years of abuse, neglect, humiliation, degradation, chaos, threat and fear. This is an unrealistic hope”. (Perry, ea. 2008: 39)

Die neurale sisteme wat deur ontwikkelingstrauma gewysig is, soos daardie sisteme wat neuropsigiatriese simptome beheer, is gevorm deur jare se blootstelling

aan honderdduisende herhalings. Tradisionele terapieë is  beperk deur tyd en tydsduur as gevolg van vele faktore (soos bv. die medies-ekonomiese), en kan hoogstens ‘n fraksie van die insette lewer wat nodig is vir betekenisvolle en volgehoue verandering. (Perry, ea.. 2008: 39)

### 8.5. <u>Terapeutiese Ingryping:</u>

In die afgelope twee dekades het die neurologiese personeel van die Child Trauma Academy in Houston, Texas die Neuro-opvolgende Terapeutiese Model (‘Neurosequential Model of Therapy’, oftewel NMT.) ontwikkel. Hieromtrent skryf Dr. Perry:  “Die Neuro-opvolgende Model van Terapie is geen spesifieke terapeutiese tegniek of ingryping nie. Dis ‘n ontwikkelingssensitiewe, neuro-biologies gebaseerde benadering tot kliniese werk. Die NMT integreer verskeie kernbeginsels van neuro-ontwikkeling en traumatologie in ‘n omvattende benadering van die kind, familie en hul breër gemeenskap.”  (Perry, ea. 2008: 39)

Die terapeutiese prosedures gevolg deur NMT omvat drie sleutel stadia:

**Stadium 1: <u>Historiese evaluering</u>**: *Waar **<u>was</u>** die indiwidu?*

Soos gesien in Hoofstuk 5 ontwikkel die brein op funksionele wyse vanaf die breinstam, via die diënsefalon en die limbiese sisteem na die korteks. Die grootste gedeelte van breinorganisasie vind plaas in die eerste vier lewensjare. Omrede dit die tydperk is waarin die brein die oorgrote meerderheid van sy primêre assosiasies vorm,

het vroeë ontwikkelingstrauma ‘n oneweredige impak op breinorganisasie en latere breinfunksionering. (Perry, ea. 2008:  40)

Funksionele bates (en disfunksionele laste) by kinders hou verband met die aard, tyd, patroon en duur van hul ontwikkelings-ervarings. In die geval van ‘n kind wat chroniese bedreigings moes verduur, is die resultaat ‘n brein wat in ‘n voortdurende vreestoestand verkeer. Hierdie herhalende wysigings as gevolg van  trauma skep ‘n oorsensitiewe stresreaksie, oorreaktief en disfunksioneel. (Perry, ea. 2008:  40)

Primitiewe reaksies soos dissosiasie en hiperreaktiwiteit was wel in werking tydens die aanwesigheid van die stressor. Met verloop van tyd is dit egter vasgelê in die breinstam en diënsefalon as wanaangepaste geheuebeelde wat rigtinggewend word vir die kind se gevoelens, gedagtes en handelinge. Ter illustrasie: Voorgeboortelike traumas soos alkohol of latere ontwrigtings in versorging (soos ‘n belangelose versorger) sal lei tot ‘n versteuring van die norepinefrien-, serotonien- en dopamiensisteme van die breinstam en diënsefalon , wat juis in hierdie tyd georganiseer word. Op hulle beurt sal hierdie vroeë versteurings lei tot ‘n vloedgolf van probleme in die verskillende breinareas wat deur hierdie sisteme ondersteun word. (Perry ea. 2008:  40)

**Stadium 2: <u>Funksionele Evaluering:</u>** *Waar **<u>is</u>** die indiwidu?*

Die tweede komponent van die NMT proses is ‘n omvattende evaluering van die wyse waarop die indiwidu huidiglik funksioneer. Dit verskaf ‘n beeld of ‘kaart’ van watter neurale sisteme en breinareas betrokke is by die verskillende sleutelsterktes en neuropsigiatriese simptome by die indiwidu. Hierdie beeld gee ‘n basiese insig in die ontwikkelingsstatus van die verskillende vlakke van funksionering. So mag ‘n tienjarige byvoorbeeld die spraak- en taalvermoë van ‘n agtjarige toon, die sosiale vaardighede van ‘n vyfjarige en die selfregulerende vermoëns van ‘n tweejarige. Sodanige beeld is nie alleen waardevol in die peiling van trauma en breinontwikkeling nie, maar kan ook waardevol wees in die bepaling van vordering. (Perry, ea. 2008: 40)

**Stadium 3: <u>Toekomsgerigte Evaluering</u>:** ***<u>Waarheen</u>*** *met die indiwidu?*

Alhoewel verskeie tekortkominge by ‘n enkele indiwidu aanwesig mag wees, is die volgorde waarin aandag hieraan gegee word, van die uiterste belang. Alhoewel Perry se werk gerig is op kinders, is die beginsels daarin vervat ook van belang in die geval van die ontspoorde volwassene, en by name die gevangene: Hoe meer daar in die terapeutiese proses rekening gehou word met die normale neuro-opvolgende ontwikkelingsproses, hoe doeltreffender die ingryping. Eenvoudig gestel kom dit daarop neer dat daar begin word met die eenvoudigste (in die brein) onderontwikkelde of abnormaal funksionerende stel probleme. Namate vordering gesien word, word daar ordelik opwaarts beweeg in die brein. Dit mag beteken dat daar gefokus moet word

op ‘n swak georganiseerde breinstam/diënsefalon en die verwante self-regulering, aandag, opwekking en impulsiwiteit deur gebruik te maak van ‘n verskeidenheid geordende, herhalende somatosensoriese aktiwiteite soos musiek, beweging, joga (asemhalingsoefeninge) , ritmiese trommel met die vingers of terapeutiese massering. Hierdie aktiwiteite voorsien die betrokke breinareas van ‘n ritmiese neurale aktiwiteit wat noodsaaklik is vir herorganisering.

Wanneer vordering in selfregulering gemaak is, verskuif die terapeutiese werk na meer verhoudingsverwante probleme (limbiese sisteem) deur gebruik te maak van tradisionele spel of kunsterapieë , en uiteindelik wanneer onderlinge verhoudings-vaardighede verbeter het, kan die terapeutiese tegnieke meer verbaal en insig-georiënteerd word deur gebruik te maak van ‘n verskeidenheid kognitiewe gedragsterapieë of psigo-dinamiese benaderings. (Perry, ea. 2008: 42)

Eenvoudig gestel beteken dit dat die NMT-proses van terapie drie sleutelstadia omvat:

- Eerstens is dit essensieel om vas te stel op watter stadium van sy ontwikkeling die betrokke indiwidu die beheer oor sy lewe en omstandighede verloor het? Hierdie is ‘n sleutelvraag omrede geen terapie wat ingestel is op die rede van die volwassene kan slaag in die geval van ‘n indiwidu wat reeds in sy kleuterjare ontspoor het nie. Die bekende uitspraak “Mens kan nie dìt verander wat jy nie erken nie” is ‘n halwe waarheid. Feit is dat mens nie dit kan erken wat jy nie HERKEN

nie!

- Watter gedragspatrone, fisiese en emosionele eienskappe vertoon die indiwidu? Vertoon die persoon enige tekens van agterstand in sosiale of emosionele vaardighede, taalvermoëns, ens?

- Wat was die ware effek van hierdie ontsporing op die latere lewe van die spesifieke indiwidu? Dit is ‘n erkende feit dat geen twee mense dieselfde trauma op dieselfde wyse verwerk nie. Wat behoort gedoen te word ten einde die indiwidu te ondersteun op die weg van bestuur van verandering?

## 8.6 Samevatting:

Residiwisme en bestuur van verandering – per definisie twee pole wat mekaar uitsluit! Die voorkoms van die verskynsel van residiwisme is die bewys van bestuur van verandering wat nie geslaag het nie. Omgekeerd word residiwisme bykans onmoontlik gemaak deur suksesvolle bestuur van verandering .

Hierdie hoofstuk is gerig op die verskynsels van residiwisme en bestuur van

verandering (rehabilitasie). Eerstens is aandag gegee aan residiwisme. Die verskynsel is omskryf asook die faktore wat daarop betrekking het. Dis egter van Penologiese belang om vas te stel waarom gevangenes nie uit die gevangeniservaring leer nie. Hier blyk mislukte pogings tot bestuur van verandering ook 'n rol te speel. Daarom word hierdie twee verskynsels van residiwisme en bestuur van verandering dan ook onder een opskrif saamgevat.

Vervolgens word aandag gegee aan wat bestuur van verandering is. Die verskynsel was nie altyd in 'n positiewe lig beskou nie. Daar was selfs die beskouing dat bestuur van verandering geen noemenswaardige invloed het op residiwisme nie. In die jongste tyd het die konsep van Herstellende Geregtigheid sterk op die voorgrond getree. Hierdie benadering word bespreek, die agtergrond daarvan geskets, asook die toepassing daarvan binne die korrektiewe opset.

Die Witskrif van die Departement van Korrektiewe Dienste onderstreep die noodsaaklikheid van 'n nuwe besinning oor bestuur van verandering. In lyn hiermee word die terapeutiese model van die Child Trauma Academy, aangedui as die Neuro-opvolgende Terapeutiese Model (NMT) in besonderhede bespreek. Hierdie is van besondere Penologiese belang aangesien die verskillende prosesse van breinontwikkeling (sien hoofstuk 5, 200 vv.) en die traumas rondom die verskynsel van abnormale breinontwikkeling by die kind (sien hoofstuk 6, 235 vv.) aangewend word om die verskynsel van verval in misdaad toe te lig. Die Neuro-opvolgende Metode van Terapie word bespreek in drie stadia:

- ‘**Waar was** die oortreder?  (Historiese evaluering.)
- **Waar is** die oortreder?  (Funksionele evaluering.)
- **Waarheen met** die oortreder? (Toekomsgerigte evaluering)

Met die oog op die suksesvolle rehabilitering van gevangenes is dit dus van kardinale belang dat aandag gegee sal word aan hierdie terapeutiese perspektief.

***    *    *    ***

# BRONNELYS:

**Baron, R.A, Byrne, D. & Branscombe, N.R. (2009):** *Social Psychology, 11th Ed.*Allyn & Bacon: Boston.

**Kompakte Afrikaanse Woordeboek:** M.S.B. Kritzinger. Uitgegee deur J.L. van Schaik, Pretoria. 1968.

**Liebmann, M. (2007).** *Restorative Justice: How it Works*. p 33.

Jessica Kingsley Publishers, London.

**Merriam-Webster Collegiate Dictionary, 11th Ed. (2008):** Merriam- Webster Inc. Springfield, Massachusetts.

**Muntingh, L.M. (2001):** *"After Prison: The Case for Offender Reintegration."* Instituut vir Sekerheidsstudies, Pretoria.

**Myfundi (ongedateerd):** *"Rehabilitasie van Oortreders en Gemeenskapsdiens* Artikel aangehaal op *myfundi.co.za.*

**Perry, B.D. ea. (2008):** B.D.Perry en E.R.Hambrick: *The Neurosequential Model of Therapeutics* in 'Reclaiming Children and Youth' op www.reclaiming.com

**Plaatjies, M.F., 2008:** *"A Model for Implementation of Restorative Justice in the South African Correctional System."* Ongepubliseerde D.Litt et Phil. proefskrif. Unisa, Pretoria.

**Roche, D. (ed) (2004)**: "*Restorative Justice"* in die reeks: The International Library of Essays in Law and Legal Theory (2nd series). Series editor: Tom D. Campbell. Uitgegee deur Dartmouth Publishing Company, Ashgate, Dartmouth.

**Sabinet, 30/06/2011:** *"Correctional Services 'Unsuitable' for Supporting Policy Objectives of 2005 White Paper." A*angehaal op *www.sabinetlaw.co.za › Defence and Security › Articles*

**Sekhonyane, M:** *"Rehabilitation starts with Alternatives to Prison"* in Crime Quarterly No.7 (2004).

**Van der Westhuizen, B. M. (2009):** *Die Uitwerking van Oorbevolking binne Suid-Afrikaanse Gevangenisse op die rehabilitasie van Oortreders.* Ongepubliseerde D. Litt et Phil-proefskrif aangehaal op

*Uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/2518/13chapter10.pdf*

**Venter, H. (1972):** *Kriminologie. 'n Handleiding vir Studente in die Kriminologie.* Uitgegee deur Herman Venter, Universiteit van Pretoria. Gedruk

deur Wallachs Drukkery Edms. Bpk., Pretoria.

**Wahidin, A & Cain, M. (ed.):** (2006): *"Ageing, Crime and Society."* Willan Publishing. Devon, UK.

**Wright, M**. **2007:** *"Criminal Rehabilitation – Working Towards A Better Life For Inmates And Their Families"* in *ezinearticles.com/News and Society/Crime.*

# HOOFSTUK NEGE:

# SAMEVATTING EN AANBEVELINGS:

## 9.1. INLEIDING:

Enige studie van hierdie aard is blootgestel aan die moontlike gevaar van die ‘Switserse Kaas’-teorie, naamlik dat ‘n sekere hoeveelheid inligting deur die ‘gate’ mag val. Tog is die inligting wat wél die ‘wande’ tref, juis die inligting wat saak maak. In Hoofstuk 1: “Terreinverkenning” is ‘n vooruitskouing gegee van die beoogde studieveld en die wyse waarop die aanbieding daarvan beplan word. Hierdie hoofstuk bied ‘n terugblik op die ganse studie om daardeur vas te stel of die studie wel beantwoord aan die beoogde doelwitte.

## 9.2. SAMEVATTING:

Daar is geen lid van die gemeenskap omtrent wie daar meer miskonsepsies en verwronge denkbeelde bestaan as juis die gevangene nie. In die oog van die publiek het die gevangene iemand geword wat nie meer as ’n straf vir sy misdade vir ‘n bepaalde tyd uit die samelewing verwyder word nie. Die beeld van die gevangene as die ‘geseënde” wat ‘n ereplek in die Staat se ‘Vyfster-hotel’ gevind het, is welbekend. Selfs in verskeie studies rondom die gonswoord “Herstellende Geregtigheid” word die gevangene uitgebeeld as die vername rolspeler in die proses van herstelling, terwyl

daar weinig begrip getoon word vir die ‘mens agter die misdaad’ en sỳ probleme. Om hierdie rede word hierdie studie aangebied as ‘n **profielstudie** gebaseer op ‘n drieledige vertrekpunt, wat ooreenstem met die drie-punt benadering van die Child Trauma Academy soos aangedui in Hoofstuk Agt.

**9.2.1. <u>Waar IS die gevangene?</u>**

- In die studies van Goffman, Clemmer en Haney, soos vervat in Hoofstuk 3 van hierdie navorsing, is groot klem gelê op die implikasies van gevangesetting vir die oortreder. Hier word hy, met opname ‘nn selfstandige volwassene, gestroop van alle selfstandigheid deur ‘n proses van verlaging van eiewaarde.

- In die gevangenis-opset bevind die gevangene homself vasgevang in ‘n netwerk wat deur Goffman as ‘n **Instituut** getipeer word. (Sien blss. 135, 144.) In die geval van die gevangenis is dit ‘n instelling wat behoort te funksioneer volgens die voorskrifte van die Wet op Korrektiewe Dienste.

- In hierdie studie is ‘n verdere onderskeid getref, nl. diè van die gevangenis as **Organisme**. (Sien bls.147 vv.) Hierdeur word ook die rol wat deur subkulture in die gevangenis vervul word, erken. Die gevangene word dus tussen twee

pole geplaas omrede daar ook vanuit hierdie oord eise aan hom gestel word. En hierdeur het die gevangene beheer oor sy lewe verloor. Veel van die trauma van gevangesetting is hierheen terug te voer.

- Dit is belangrik om weereens te aksentueer dat alle vorms van trauma die gevolg is van **verlies aan beheer** deur die indiwidu – ongeag die situasie!

Twee vorms van trauma kan onderskei word, tw. Omstandigheidstrauma en Ontwikkelingstrauma soos uiteengesit in Hoofstuk 4, bls. 156 vv.

- **Omstandigheidstrauma** het te doen met faktore en invloede uit die omgewing wat op die indiwidu inwerk, en waaroor hy geen **beheer** het nie. Die verband tussen hierdie invloede en die mens se behoeftesisteem (soos geìdentifiseer deur A.H.Maslow) aksentueer die belang van hierdie verlies aan beheer. Omstandigheidstrauma vind dus sy oorsprong in die gevangenis as **Organisme** waar die invloed van die gevangenissubkulture onmiskenbaar dui op ‘n proses van breinspoeling, met gevolglike verlies aan beheer oor die self.
- Hierteenoor het o**ntwikkelingstrauma** te doen met die oorgang van een faset van die lewe na ‘n ander, soos tydens die sterwensproses, egskeiding, gevangesetting, ens. Die oorsprong hiervan is dus te vind in die gevangenis

as **Instituut**, waardeur die indiwidu deur die proses van gevangesetting meteens gestroop word van alle selfstandigheid.

- Die gevolglike reaksie op gemelde trauma vind sy uitdrukking in geweld. Hiertoe kan alle vorms van gevangenisgeweld teruggevoer word, hetsy fisiese geweld soos die afbrand van gevangenisselle, aanvalle op personeel en ander bendelede, of versetsgeweld soos eetstakings, gevaarlike persoonlike blootstelling, gyselaars-dramas, ens. Gevangenisgeweld is telkens ‘n desperate poging deur òf die enkeling òf ‘n groep uit die gevangenispopulasie om verlore **beheer** te herwin.

Dit is die mening van die navorser dat hy hierdeur die spesifieke doelstelling om meer lig te werp op die omstandighede van die gevangene bereik het.

### 9.2.2. Waar WAS die gevangene?

Die mens vorm onmiskenbaar deel van die groter skeppingsgeheel. Net soos die plant en dier is die mens ook onderworpe aan sekere unieke wetmatighede waardeur sy ontstaan, groei, ontwikkeling en handelinge bepaal word. So het elke plantsoort sekere eienskappe soos byvoorbeeld ‘n bepaalde groeiwyse. Pampoene rank terwyl wortels onder geen omstandighede sal rank nie. En wanneer daar ‘n versteuring van hierdie groeiwyse plaasvind, vind abnormale groei plaas. ‘n

Voorbeeld hiervan is die verdwergde groei van bonzai.

Maar eie aan sy soort het elke skepsel ook sekere unieke voorkeure. Elke plantsoort het voorkeure ten opsigte van bv, grondtipe, pH, gronddiepte, blootstelling aan sonlig, ens. Dit beteken bloot dat ‘n plant wat byvoorbeeld ‘n bepaalde grondsoort verkies, beter presteer in daardie grondsoort en nie dat dit nie kan groei in ‘n ander tipe grond nie. Op sy beurt verkies die springbok oop grasveld bo beboste gebiede, maar kan wel in laasgenoemde oorleef. Die voorkeur is hoofsaaklik om veiligheidsredes.

Wanneer abnormaliteite in hierdie voorkeure voorkom, vertoon sekere simptome wat roep om regstellende ingryping, soos die toediening van kunsmis, plaagdoders, ens.

Om die “mens agter die misdaad” te kan begryp, is dit noodsaaklik om op enkele wetmatighede uit die voorafgaande hoofstukke, veral Hoofstukke 5, 6 en 7, te let:

- Die impak van fisiese gesondheid op verstandswelsyn is gedurende die kinderdae van veel groter belang as op enige ander tydstip in die latere lewe. Psigoanalise (Freud) en indiwiduele psigologie (Adler) het meer lig gewerp op die belangrikheid van die vroegste episodes van menslike bestaan en hul invloed op die welsyn sowel as die psigo-patologiese vorming van karakter en persoonlikheid. Selfs ‘n pasgeborene wat bykans heeltemal bestaan in ‘n voorbewustelike staat beskik oor ‘n bewuswording wat ‘n groot impak op sy gesondheid het. (Wolman, (1965): 1095)

- Daar moet rekening gehou word met die bestaan van ‘kritieke’ tye sowel as ‘sensitiewe’ tye in die breinontwikkeling van die kind. Ontvang die brein gedurende hierdie tye nie die nodige stimulering nie, vind abnormale breinontwikkeling dikwels plaas met ‘n blywende impak op die persoon.

- By geboorte is die brein 90% van die volwasse grootte. Teen ses jaar het die brein sy volle grootte bereik. Dit wil egter nie sê dat die brein volledig ontwikkel is nie. Die korteks bereik volle ontwikkeling eers teen die laat adolessente jare en selfs in die vroeë twintigs.

- Breinontwikkeling geskied op ‘n neuro-opvolgende wyse: Eerstens die breinstam, dan die diënsefalon, gevolg deur die limbiese sisteem en uiteindelik die neokorteks.

- Alle stimuli word eerstens na die breinstam en diënsefalon herlei. Die breinstam reageer daarop deur geheuebeelde (templates) te skep. Daaropvolgende stimuli word deur die breinstam gemeet aan die reeds bestaande geheuebeelde. Indien dit onbekend voorkom of korrespondeer met die geheuebeelde van vroeëre bedreigings, sal die breinstam

refleksief daarop reageer met ‘n verdedigende reaksie.

Indien dit egter korrespondeer met die geheuebeelde van vroeëre aangename ervarings, sal die breinstam dienooreenkomstig daarop reageer. Nuwe stimuli lei tot die vorming van nuwe geheuebeelde. Dit word dan herlei na die hoëre breinvlakke soos die limbiese  sisteem en uiteindelik na die neokorteks.

- In die geval van bedreigings sal die breinstam reageer deur een van twee reaksies te inisieer: die hiper-reaktiewe “veg-of-vlug”-reaksie of die dissosiatiewe “vries-of-oorgee”- reaksie.

- Hierdie twee reaksiepatrone vorm egter nie twee losstaande kontinuums nie. ‘n Mate van oorvleueling kom wel voor. ‘n Persoon kan dus vanuit die dissosiatiewe reaksie oorgaan tot byvoorbeeld ‘n aggressiewe optrede, wat kenmerkend is van die “veg-of-vlug-reaksie,  en omgekeerd. Hierdie verskynsel, wat as ‘n ‘reaksiewisseling’ getipeer kan word, verklaar waarom  dit gebeur dat die sagmoedige persoon meteens onder druk kan oorgaan tot ‘n onverwagse aggressie.

- In die geval van oormatige bedreiging kan die kind in ‘n toestand van

hipersensitiwiteit verval. Die gevolg daarvan is dat ‘n uiters geringe (of selfs verkeerdelik-geïnterpreteerde!) stimulus dieselfde heftige reaksie kan veroorsaak as die oorspronklike stimulus.

- Om traumatiese ervarings in die kinderdae te kan begryp, is dit belangrik om te onthou dat die meerderheid ‘nuwe’ ervarings by die volwassene reeds vroeër ervaar is – en dus nie ‘nuut’ is nie. Hoe jonger die kind, hoe groter is die impak van dieselfde ervaring – hoe intenser die geheuebeeld!

- Geheuebeelde word nie alleen vasgelê deur bedreigende of nie-bedreigende stimuli nie, maar ook deur toegewyde sorg deur, en fisiese kontak met die ouer(s). Hierin is die kiem van hegting tussen ouer en kind opgesluit – die grondstof vir die latere ontwikkeling van inter-persoonlike verhoudinge.

- Die kind leer ook deur die mag van die voorbeeld. So leer die kind ook – in negatiewe sin – van die aggressiewe vader dat die man altyd sy sin kan kry deur geweld.

- Dit is uit hierdie ervarings uit die vroeë kinderjare dat reaksie-patrone

ontwikkel wat gedrag vir die res van die lewe sal bepaal, tensy dit deur daadwerklike ingrype beheer word.

- Die verhouding tussen die laer, meer primitiewe dele van die brein se opwekkende (stimulerende) aktiwiteit en die meer kalmerende aktiwiteit van die hoëre kortikale en sub-kortikale dele van die brein (die sg. Kortikale Moduleringsverhouding) bepaal tot welke mate impulsiwiteit en aggressie beheer kan word.

- Uit die bespreekte gevallestudies in Hoofstuk 7 (bls. 273 vv.) het dit telkemale aan die lig gekom dat die verlies van die vaderfiguur op kritieke tye (hetsy deur die dood, egskeiding of andersinds) ‘n bykans ongeneeslike effek op die kind gehad het, veral wanneer daar nie ‘n positiewe ingryping is waardeur die kind tot aanvaarding en verwerking van die trauma gelei word nie.

- Verder mag die belangrikheid van die vaderfiguur op die lewe van die kind nooit onderskat word nie. Dit is juis aan die hand van die optrede en sorg van die vader teenoor sy gesin dat die kind sy Godsbegrip vorm. Daarom dat die Bybel dit duidelik stel in 1 Tim. 5:8: “Maar iemand wat vir sy eie

mense, en <u>veral</u> (Grieks: '***malista'***) sy huisgenote nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige".

- Ewe belangrik is die rol van die moeder as primêre versorger. Wanneer die kind die liefde en toewyding van die moeder moet ontbeer, kan hegting met die moeder nie plaasvind nie. Van besondere belang hier is die liefdevolle aanraking/liefkosing van die moeder – die ontbering waarvan deur Perry getipeer word as "skin hunger". Hierdeur verbeur die kind grootliks die vermoë om later gesonde emosionele verhoudings aan te gaan en in stand te hou.

- Verder blyk uit die gemelde gevallestudies dat die gebrek aan beheer oor sy eie omstandighede reeds die kern van elke traumatiese ervaring by die kind uitmaak. Maar 'n sleutelvraag ten opsigte van die bestuur van verandering (rehabilitasie) van die gevangene is: Het die gevangene ooit die stadium bereik waar hý wel daardie beheer verkry het? Of het die 'kind' in hom nooit die geleentheid gehad om groot te word nie?

- In die bespreking van die trauma van gevangesetting in Hoofstuk 4 is

verwys na wat Sykes tipeer as die ‘pains of imprisonment’. Die kern-element van hierdie trauma is opgesluit in die gevangene se gebrek aan beheer oor sy eie omstandighede. In ‘n persoonlike skrywe aan die navorser het een gevangene dit as volg uitgedruk: “*Die alewige gesukkel is regtig ‘n groot probleem vir ons hier. ‘n Mens moet sukkel met alles en nog wat. Ek wens regtig dat dinge beter sal word sodat ‘n mens net ‘n normale lewe kan hê. ‘n Mens vra nie luxury nie, nie eers spesiale voorregte nie, net 100% van die basiese goed sodat ‘n mens sonder probleme jou tyd kan verby laat gaan”.*

- Dat daar wel ‘n verband bestaan tussen die aard van die trauma en die latere kompenserende gedrag van die indiwidu kan nie betwyfel word nie.

- Vergeldende gedrag kom nie alleen voor in volwassenheid nie. Dit kom ook meermale voor in die kinderjare. Voorbeelde hiervan is breedvoerig bespreek onder die gevallestudies in Hoofstuk 7.

Hierdie ontwikkelingstekortkominge by die gevangene kan nie vanself ‘regkom’ nie. Dit vereis doelgerigte en beplande ingrypings waarsonder die ideaal van ‘n

‘terugkeer na die samelewing as ‘n nuttige burger” eenvoudig nie moontlik is nie. Weereens word dit bewys deur die hoë voorkoms van residiwisme onder oortreders. Daarom is die volgende afdeling – die WAARHEEN met die gevangene – gebiedend noodsaaklik.

### 9.2.3. WAARHEEN MET die gevangene?

**AANBEVELINGS:**

Dit is die oortuiging van die navorser dat die bestuur van verandering (rehabilitasie) van die medemens – en by name die gevangene – nie ‘n politieke modegril is nie, maar ‘n Godgegewe opdrag soos in Spreuke 24:11 en 12: “Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou *hulle* tog terug! As jy sê: ‘Kyk, ons het dit nie geweet nie! – sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En Hy wat let op jou siel, Hy kom dit te wete. En Hy vergeld die mens na sy werk.”

In die Witskrif van die Departement van Korrektiewe Dienste (Maart 2005) word die ideaal van bestuur van verandering omskryf as nie maar net ‘n strategie waardeur misdaad voorkom kan word nie, maar veel eerder as ‘n holistiese verskynsel wat die volgende insluit.

- Maatskaplike verantwoordelikheid.
- Maatskaplike geregtigheid.
- Aktiewe deelname aan demokratiese aktiwiteite.

- Bemagtiging met lewens- en ander relevante vaardighede.
- Lewer ‘n bydrae om die land ‘n beter plek te maak.

(Witskrif 2005, hf. 4.2.2.)

Die effektiewe regstelling van kriminele gedrag kan alleen bereik word indien die Departement daarin slaag om:

- maatskaplike verantwoordelikheid te bevorder;
- te verseker dat oortreders sal besef dat hul optrede onaanvaarbaar was;
- te verseker dat oortreders sal verstaan waarom die gemeenskap hul optrede as onaanvaarbaar beskou; en
- te verseker dat oortreders die impak wat hul optrede gehad het op die slagoffers en die gemeenskap as ‘n geheel sal besef. (Witskrif 2005: Executive Summary. 15.)

Hieruit volg dan dat bestuur van verandering bereik kan word deur die lewering van sleuteldienste aan oortreders met inbegrip van beide die regstelling van misdadige gedrag en die ontwikkeling van die betrokke indiwidu. Hierdie twee sleuteldienste is afsonderlike, dog aaneengeskakelde verantwoordelikhede. Bestuur van verandering word bemoontlik deur ingrypings om houdings, gedrag en maatskaplike omstandighede te wysig. Die gewenste eindresultaat is rehabilitasie en die bevordering van

maatskaplike waardes en verantwoordelikhede. (Witskrif 2005, hf.4.2.3.)

Dan gaan die Witskrif voort en konkludeer dat binne die raamwerk van die Departement kan bestuur van verandering ten beste bevorder word deur ‘n proses van holistiese vonnisbeplanning wat die oortreders op alle vlakke betrek – maatskaplik, moreel, geestelik, fisies, werk, opvoedkundig, intellektueel en verstandelik. Dit berus op die veronderstelling dat elke mens tot verandering en hervorming in staat is indien hy die geleentheid en toerusting gebied word. (Witskrif 2005, hf. 4.2.4.)

Dit is duidelik dat die beginsels van Herstellende Geregtigheid ‘n kern-element uitmaak in die Witskrif se benadering tot bestuur van verandering. Dit moet erken word dat verskeie oortreders self slagoffers was van ongeregtighede, onmenslike en antisosiale gedrag. Derhalwe begryp die Departement dat die proses waardeur oortreders hulself leer ken as die produkte van hul eie maatskaplike agtergrond en hul persoonlike ondervindings mag beteken dat hulle moet leer om hulself te herken as die slagoffer van oortredings wat teen hulle begaan is. Hierdie proses moet ‘n sentrale plek inneem in die bestuur van verandering van daardie oortreders wat sodanige benadelings ervaar het. (Witskrif 2005: hf. 5.2.4.)

Gedurende die verloop van hierdie studie het die navorser diep onder die besef gekom hoe nou hierdie studie aansluit by die doelstellings van Herstellende Geregtigheid, sonder dat die een deur die ander verswelg word. Dit is egter die oortuiging van die navorser dat daar te veel in die denke oor die regstelling van

afwykende gedrag van die oortreder verwag word om ‘n soort van ‘supermens’ te wees. In die afsluitingsfase van die verhoor word tè dikwels gehoor: “Gedurende die verloop van die verhoor het die beskuldigde geen tekens van berou getoon nie.” Hoe is dit moontlik dat ‘n persoon wat reeds sedert sy vroegste kinderdae geen berou ontvang het nie, berou kan toon? In die aanhaling uit die Witskrif hierbo word verwys na die feit dat die oortreder dikwels self die slagoffer van geweld en onreg was, maar van hom word verwag om ‘n sekere vlak van vergifnis te bereik. Is dit menslik om te verwag dat die kind, wat van kleinsaf buitensporig gestraf en selfs aangerand is oor geringe oortredings – en dikwels was daar nie eers ‘n oortreding nie – die vergrype teen hom sal vergewe, terwyl teenoor hom geen vergifnis getoon is nie? In die gesprek oor herstellende geregtigheid word vry algemeen van die oortreder verwag om die slagoffer van sy misdaad te ontmoet en sodoende die vrede te herstel – tussen hom en die slagoffer, maar ook tussen hom en die gemeenskap wie hy deur sy optrede benadeel het. Daarom bied die navorser die volgende aanbevelings aan ter bevordering van die ideaal van die regstelling van kriminele gedrag en die ontwikkeling van die oortreder tot ‘n verantwoordelike lid van die samelewing:

- Dit is voor alles noodsaaklik dat daar besef sal word dat alle pogings tot die regstelling van misdadige gedrag en die bestuur van verandering van die oortreder ‘n geroep in die wind is solank daar nie erns gemaak word met rekordhouding ten opsigte van residiwisme nie. Dit is reeds vroeër gemeld dat residiwisme en bestuur van verandering twee pole is wat mekaar uitsluit. Doeltreffende rekordhouding ten opsigte van

residiwisme lewer die bewys of die pogings tot bestuur van verandering geslaag of misluk het.

- Daar moet voorts besef word dat die doelstellings van Herstellende Geregtigheid alleen bereik kan word indien dit voorafgegaan word deur suksesvolle bestuur van verandering. Om van ‘n ongerehabiliteerde oortreder te verwag om sinvol in gesprek te tree met die slagoffer van sy misdaad kan alleen lei tot toneelspel waardeur die oortreder hoop om voordeel uit die situasie te behaal. Die navorser het by herhaling gesien hoe opportunisties gevangenes kan wees wanneer daar ‘n moontlikheid van persoonlike voordeel bestaan.

- Dit is noodsaaklik dat daar gewaak sal word teen ‘n eensydige oorbeklemtoning van die behoeftes van die slagoffer van misdaad ten koste van die behoeftes van die oortreder. So toon Plaatjies min begrip vir die oortreder wanneer sy meld dat “Herstellende Geregtigheid moet plaasvind … omdat dit die ‘regte ding’ is om te doen”. Die behoeftes van slagoffers moet aangespreek word, oortreders moet aangemoedig word om die verantwoordelikheid te aanvaar, en diegene wat deur die oortreding geraak word moet in die proses betrek word “regardless of whether offenders catch on and reduce their offending.” (Plaatjies, 2008: 325)

- Om suksesvol te wees vereis bestuur van verandering, net soos Herstellende Geregtigheid, ‘n gesindheidsverandering onder Korrektiewe personeel. In Hoofstuk 3 verwys Plaatjies na die beginsels van Herstellende Geregtigheid en verklaar dat indien die Departement die beginsels van die Witskrif ‘n werklikheid wil maak daar ‘n kentering moet kom in die wyse waarop oortreders in sy sorg hanteer word. Die sisteem, en daarom ook die beamptes, moet die oortreders begin sien en waardeer as mense en nie as ‘n klomp gevangenes nie. In die beoordeling van hierdie indiwidue moet rekening gehou word met die familie-agtergrond en alle relevante faktore wat hul gedrag beïnvloed. (Plaatjies, 2008: 116)

- Dit is te verwagte dat daar verskillende benaderings ten opsigte van bestuur van verandering en die regstelling van misdadige optrede sal bestaan omrede die personeel van Korrektiewe Dienste verskillende vak-dissiplines verteenwoordig. Beroepslui moet waak teen die versoeking om hul vakdissipline te wil verdedig. Bestaande verskille behoort eerder gerespekteer as beveg te word. (Plaatjies, 2008: 299) Samewerking tussen die verskillende vakdissiplines kan lei tot ‘n kaleidoskoop van rehabilitasiemoontlikhede.

- Voortspruitend hieruit is dit belangrik dat al die betrokke dissiplines betrek sal word in die proses van beleidmaking. Dit is veral belangrik

dat die personeel op grondvlak ook by hierdie proses betrek sal word, aangesien dit juis hùlle is wat 'die oor op die grond' het.

- In die bepaling van beleid ten opsigte van bestuur van verandering moet deeglik rekening gehou word met die feit dat enige trauma – en derhalwe ook die trauma in die lewe van die oortreder – ten diepste terug te voer is na 'n gebrek of verlies aan persoonlike **beheer**.

- Die huidige stand van residiwisme – alhoewel dit nie op wetenskaplike feite berus nie – roep om 'n her-evaluering van die bestaande beskouings oor die rehabilitasie van oortreders. Veelal word die indruk in literatuur geskep dat suksesvolle bestuur van verandering berus op die oortreder se onderwerping aan sekere voorgeskrewe programme terwyl daar weinig (indien enige) aandag gegee word aan die persoonlike agtergrond, die omstandighede van die vroeë kinderdae en die effek van traumatiese gebeure in die lewe van die oortreder. Op vrae in hierdie verband tydens gestruktureerde onderhoude het meer as een oortreder teenoor die navorser opgemerk dat niemand tydens sy straftydperk enigsins belanggestel het in hierdie aspekte van sy lewe nie. So het een oortreder opgemerk: "Nie eers met my opname na vonnisoplegging is daar enige poging aangewend om hierdie soort van evaluering te doen nie."

- Dit is die navorser se oorwoë mening dat dit dringend noodsaaklik geword het om in die besinning oor bestuur van verandering kennis te neem van die buitengewone werk wat deur die Child Trauma Academy van Dr. Bruce Perry in Texas gedoen word. Dit is reeds breedvoerig bespreek in Hoofstuk 8,bls. 366 vv.

- Die 'Neuro-sequential Model of Therapeutics', soos gevolg deur die Child Trauma Academy, word nie aangebied as 'n revolusionêre terapeutiese 'tegniek' nie, maar eerder as 'n 'benadering'. En alhoewel hierdie benadering deur CTA toegepas word in die rehabilitasie van ontspoorde kinders, is dit ewe toepaslik in die geval van die ontspoorde volwassene, en by name die oortreder.

- Om gebruik te maak van 'n hoogs gekompliseerde proses soos N.M.T. sal voor alles vereis dat daarvan 'n diepgaande studie gemaak sal word vanuit die oogpunte van al die ondersteunende vakdissiplines (soos Sielsorg, Psigologie, Maatskaplike Dienste, Teologie, Geneeskunde, ens.) binne die raamwerk van Korrektiewe Dienste. Hierdeur word 'n wye ruimte vir navorsing en verdere studie geskep.

- Ook by die implementering van N.M.T. sal 'n multi-dissiplinêre spanpoging gebiedend noodsaaklik wees. Selfs die bewaarder – al is hy nie direk by die proses betrokke nie – sal 'n basiese opleiding moet

ondergaan om sodoende ‘n ondersteunende rol te vervul.

- Die beskikbare personeel sal opgelei moet word in mense-verhoudings. Die navorser was by verskeie geleenthede getuie hoedat gevangenes op onmenslike wyses deur personeel behandel (en selfs sonder aanleiding gevloek) word. Hier is ‘n verandering in gesindhede dringend nodig. Geen mens kan ‘n ander rehabiliteer indien hyself nie gerehabiliteer is nie! ‘n Ketting is per slot van rekening net so sterk as sy swakste skakel.

- Daar sal moet rekening gehou word met die feit dat plaaslike omstandighede totaal verskillend is van diè in die Verenigde State. Net so is daar ‘n wêreldse verskil tussen die tipe gevangene hier en in Amerika! (Vergelyk hiervoor: Weyers, 2009: 113.) Dus sal daar spesifieke aandag gegee moet word aan ‘n proses van ‘verinheemsing’ van die beginsels van N.M.T.

- Die implementering van sodanige benadering skep ook sy eie problematiek: Waar en hoe moet dit ingestel word? Dis tog onprakties om dit selfs in net èèn gevangenis meteens onder alle gevangenes in werking te stel. Dit is die mening van die navorser dat ‘n sinvolle vertrekpunt sal wees om te begin deur N.M.T in sekere gevangenisse onder pas-gevonniste eerste oortreders in te stel. Die rede hiervoor is enersyds dat hulle (hopelik) nog nie blootgestel is aan die negatiewe

invloed van die subkulture nie, en andersyds dat hulle – as gevolg van die skok van gevangesetting – op hierdie stadium nog redelik ontvanklik sal wees.

- Die belang van ondersteuningsgroepe, veral na vrylating, kan nie oorbeklemtoon word nie. Wanneer die gevangene na ‘n lang termyn van gevangesetting terugkeer na die samelewing, betree hy ‘n wêreld wat totaal vreemd is van die een wat hy jare tevore verlaat het. Alledaagse items soos rekenaars en die verkeersstruktuur is vir hom absoluut onbekend. Dit maak die oortreder op parool ‘n maklike teiken vir uitbuiting. Daarom is dit die oortuiging van die navorser dat paroolbeamptes ook ‘n wakende oog moet hou oor die betrokke ondersteuningsgroepe. Die navorser het saam met ‘n pastoor van ‘n bekende denominasie die ondersteuningsgroep van ‘n oortreder, wat geen naby-familie gehad het nie, uitgemaak. Hy moes uitvind dat die betrokke pastoor op Sondae die oortreder ‘vir kerk’ kom oplaai, net om hom tydens die diens buite te laat om in die kerktuin te werk. ‘n Soortgelyke geval is aan Korrektiewe Dienste gerapporteer waar die betrokke pastoor van ‘n ander denominasie oortreders in sy sorg op straat plaas met kollektelyste om namens sy kerk donasies in te samel.

- Rekordhouding op beide die persoonlike en die globale vlak tydens gevangesetting en na vrylating sal noodsaaklik wees ten einde die

vordering te moniteer en die gevaar van ‘n dreigende terugval in misdaad betyds te identifiseer.

*    *    *    *

## BRONNELYS:


**Die Naslaanbybel.** Bybelgenootskap van Suid Afrika. 1963 uitgawe.

**Plaatjies, M.F. (2008):** *"A Model for Implementation of Restorative Justice in the South African Correctional System."* Ongepubliseerde D.Litt et Phil. proefskrif. Unisa, Pretoria.

**Spr. 24:11 en 12:** *Die Naslaanbybel in Afrikaans.* Bybelgenootskap van Suid Afrika. Tweede druk. 1963 uitgawe.

**Weyers, A.P. (2009):** *"'n Penologiese Ontleding van Gevangenisbendes as Internasionale Verskynsel".* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Unisa, Pretoria.

**Witskrif, 2005:** Chapter Four: "Objectives of the South African Correctional System".

**Wolman, B, B. (Ed.). (1965):** *Handbook of Clinical Psychology*. McGraw-Hill Book Co. New York.

# BYLAES.

## BYLAE 1: Mediese Terminologie.

Die volgende bylae het ten doel om die mediese terminologie wat in die teks gebruik word te omskryf maar terselfdertyd teksruimte te bespaar en verwarring uit te skakel.

| Term | Betekenis |
|---|---|
| **Akson** | ‘n Klein weefselagtige verlenging van die neuron weg van die selliggaam na ander teikenselle (neurone, spiere, kliere). |
| **Amigdala** | “Amandelvormig”. ‘n Struktuur in die voorbrein. Dit vorm deel van die Limbiese Sisteem. Dit speel ‘n rol in die emosionele ‘geheue’ en in die reaksie op bedreiging. |
| **Astrosiet** | ‘n Groot stervormige sel van die glia. |
| **Corpus callosum** | Die liggaam wat die twee hemisfere van die brein met mekaar verbind. |
| **Dopamien** | ‘n Monoamien $C_8H_{11}NO_2$ wat optree as neuro-oordraer in die brein. |

| | |
|---|---|
| **Epinefrien** | ‘n Hormoon $C_9H_{13}NO_3$. Dis die primêre hormoon wat bloeddruk verhoog en word afgeskei deur die adrenale medulla. Ook bekend as **adrenalien.** |
| **Frontale lob** | Die anterior gebied van elke serebrale hemisfeer. |
| **Ganglion** | Uit die Grieks – ‘knoop’. ‘n ‘Kern’ in ‘n senuwee wat die punt vorm waarvandaan verskillende senuvesels uitstraal. Geleë buite die sentrale senustelsel. (Term ook soms gebruik om ‘n swelling op die sening in die gewrig aan te dui.) |
| **Glia**<br>**of: Neuroglia** | Gespesialiseerde selle wat die aktiwiteit van neurone in die brein onderhou, ondersteun en komplementeer. |
| **Globus Pallidus** | Inkomende weefsel vanaf Putamen en uitgaande na Thalamus, Hipothalamus, Subthalamus en Retikulêre (“net-agtige”) Formasie. |
| **Hippokampus** | ‘n Dun struktuur in die subkorteks, gevorm soos ‘n seeperdjie. ‘n Belangrike deel van die Limbiese Sisteem. Speel ‘n groot rol in die leerproses, geheue en emosionele beheer. |

| | |
|---|---|
| **Hipothalamus** | ‘n Groep belangrike nukleï (kerne) geleë by die basis van die brein.Betrokke by die regulering van verskeie inwendige organe d.m.v. hormonale kommunikasie. Te doen met stress reaksie. |
| **Humor** | Lat. humores = ‘n vloeistof’. Verwys na verskeie vloeibare substanse in die liggaam. |
| **Koudaat Nukleus** | Die mees sentrale van vier basale ganglia in elke serebrale hemisfeer. |
| **Limbiese Sisteem** | ‘n Groep strukture in die brein, waaronder die amigdala, singulate korteks, hippokampus, septum en basale ganglia. Betrokke by regulering van emosie, geheue en die prosessering van komplekse sosio-emosionele kommunikasie. |
| **Locus Coerulus** | Lett. ‘*Blou plek*’. ‘n Groep van duisende neurone in die vierde breinventrikel. Vorm ‘n belangrike deel van die norepinefrien-weg in die sentrale senustelsel. |
| **Medulla Oblongata** | “Verlengde rugmurg”. Dit beheer onwillekeurige handelings soos ritmiese asemhaling, bloedsirkulasie, sluk en vomering. |
| **Neurochemie** | Die chemiese samestelling van verskillende komponente van die senustelsel, bv. die neuro-oordraers. |
| **Neuron.** | ‘n Gespesialiseerde senuwee-sel vir die ontvangs/ uitsending van informasie. |

| | |
|---|---|
| **Norepinefrien** | ‘n Monoamien $C_8H_{11}NO_3$. Dis ‘n neuro-oordraer in postganglioniese neurone van die simpatiese senustelsel en dele van die sentrale senustelsel. Dis ‘n vasopressor hormoon van die adrenale medulla. Ook bekend as **noradrenalien.** |
| **Oksipitale lob** | Die posterior lob van elk van die serebrale hemisfere wat die visuele korteks bevat. Dit het die vorm van ‘n driesydige piramied. |
| **Oligodendroglia** | Klein ondersteunende selle in die senuweestelsel, tussen due senuweevesels en langs die bloedvate,met klein kerne en lang uitsteeksels |
| **Oligodendrosiete** | ‘n Glion wat ‘n astrosiet verteenwoordig, maar kleiner en met minder vertakkings. |
| **Outonome senustelsel** | Die deel van die senustelsel verantwoordelik vir die regulering van die funksies van ander organe soos vel, spiere, spysvertering, ens. |
| **Pariëtale lob** | Die middelste gedeelte van elke serebrale hemisfeer wat betrokke is by liggaamlike sensasies. |
| **Putamen** | Inkomende weefsel vanaf korteks en uitgaande na Globus Pallidus |

| | |
|---|---|
| **Retikulêre Formasie** | Groep neurone geleë tussen die groter nukleus massas van die breinstam en rondom grysstof van die rugmurg. Stimulering lei tot kortikale aktiwiteit (‘arousal’) en waaksaamheid (‘wakefulness’). |
| **Septum** | Membraan wat dien as ‘skeidsmuur’tussen twee organe. |
| **Serebellum** | Kleinharsings. Die blomkoolagtige struktuur bokant die breinstam. Belangrik in motoriese beweging en motor-vestibulêre geheue en leerproses. |
| **Serebrale korteks** | Die buitenste laag van die serebrale hemisfere van die brein. Dit bemiddel alle bewuste aktiwiteite insluitende beplanning, probleemoplossing, taalgebruik en spraak. Ook betrokke by persepsie en willekeurige motoriese handeling. |
| **Serebrum** | Grootharsings. Die setel van intelligensie, geheue en oordeelsvermoë. |
| **Serotonien** | ‘n Neuro-oordraer $N_{10}H_{12}N_2O$. Dis ‘n kragtige vaso-konstriktor en word gevind in die brein, bloedserum en maagslymvlies. |
| **Sinaps** | Die gespesialiseerde ‘opening’ tussen twee neurone. |
| **Singulaat** | L. *cingulum* = gordel. Bevattende ‘n sone of gordel, dikwels met transversale merke. |
| **Sitoargitektuur** | Die organisasie van selle in die struktuur van ‘n orgaan of weefsel, en veral in die serebrale korteks. |


| | |
|---|---|
| **Temporale lob** | ‘n Groot lob van elke serebrale hemisfeer. Dit is geleë voor die oksipitale lob en bevat ‘n sensoriese gebied wat met die gehoor geassosieer word |
| **Thalamus** | Uit die Grieks:  “binnekamer”. ‘n Gekoppelde struktuur bestaande uit twee klein, eiervormige struktuurtjies in die diënsefalon Belangrik vir die integrering en organisering van inligting wat die brein bereik. |
| **Vagale Reaksie** *(Vagal response)* | Lat: *vagus* = “dwalend”. Verskillende fisiese oorsake kan lei tot prikkeling van die Nervus Vagus wat ‘n skielike verlaging in die bloeddruk veroorsaak, gevolg deur ‘n sinkopee of floute |

## BYLAE 2: Kortikale Moduleringsverhoudings.

(Die volgende figure word ingevoeg as 'n bylae ter verduideliking van die proses waardeur die hoëre breinsisteme die laere sisteme kan oorheers, en sodoende gedragsverandering kan teweegbring.)

### BYLAE 2a.

### Optimale Ontwikkelingservaring.





**Figuur 1.**

Die figuur stel die ideale (volwasse) verhouding tussen die hoëre en die laere breinsisteme voor. Dit illustreer die relatiewe 'mag' van die ontwikkelende/ontwikkelde brein oor die meer primitiewe en refleksiewe reaksies van die laere breinstam en die midbrein. Enige ontwrigting van die ontwikkelingsproses 'oor-ontwikkel' die laere breinsisteme en versteur sodoende die kortikale moduleringsverhouding soos in die volgende figure aangetoon. Dit gee aanleiding tot impulsiwiteit en aggressiewe optrede.

## BYLAE 2b.

## Verwaarlosing.





**Figuur 2.**

Verwaarlosing lei tot 'n swak modulering van impulsiwiteit, herhaaldelike 'primitiewe' onvolwasse emosionele optrede en gedragsprobleme. Die figuur suggereer dat die laere breinsisteme normaal is teenoor 'n onderontwikkeling in die hoëre breinsisteme. Dit verskraal die moduleringsverhouding tot 1.6.

# BYLAE 2c.

## Ontwikkelingstrauma.





**Figuur 3.**

‘ n Kind wat grootword in ‘n omgewing van voortdurende trauma (fisiese misbruik, gesinsgeweld, ens.) ontwikkel meermale ‘n volhardende vreesreaksie en is derhalwe voortdurend in ‘n waaktoestand. Vergeleke met Figuur 4 toon die laere breinsisteme ‘n oorontwikkeling terwyl die hoëre sisteme relatief normaal voorkom.

## BYLAE 2d.

## Verwaarlosing en Trauma.




**Figuur 4.**

Verwaarlosing en trauma – die kwaadaardigste kombinasie. Dit lei tot ‘n dramatiese wysiging in die kortikale moduleringsverhouding. Die laere breinsisteme oor-ontwikkel met ‘n gepaardgaande onderontwikkeling van die hoëre sisteme. Let op hoe die laere sisteme in die skets ‘buite’ die lyne ontwikkel teenoor die hoëre sisteme wat verklein het. Die ideale modulerings-verhouding het afgeneem tot ‘n skrale 1.1.

‘n Kind wat grootword in ‘n omgewing van voortdurende trauma (fisiese misbruik, gesinsgeweld, ens.) ontwikkel meermale ‘n volhardende vreesreaksie en is derhalwe voortdurend in ‘n waaktoestand. Vergeleke met Figuur 3 toon die laere breinsisteme ‘n oorontwikkeling terwyl die hoëre sisteme relatief normaal voorkom. (**Perry, BD**. **1997** : “*Incubated in Terror: Neurodevelopmental Factors in the Cycle of Violence” in:* Children, Youth and Violence: The Search for Solutions. (J.Osofsky, Ed.). Guilford Press, New York. p 124-148.)

* * * * *

# **BYLAE 3: Hiperskakels/ Sakelys.**

(Omrede hiperskakels alleen van waarde is in elektroniese afskrifte van ‘n dokument, word hierdie lys aangevul met die betrokke bladsynommers om te dien as ‘n sakeregister.)

Belydeniskultus 170

Fase_3_Heropbou_van_Self 176
Figuur_1_Bentham_Panopticon 54
Figuur_2_Millbank_gevangenis 54
Figuur_3_Legkaart_eenheidsbestuur 68
Figuur_4_Insiatiewe_gevallebestuur 81
Fiksasie_van_Behoeftes 163
Fisiologiese_behoeftes 159
Foto_Een_Breinskandering 253

Institusialisering 153

Institusionalisering_Haney 140